

**'n Teoretiese en Praktiese Onderzoek na 'n Betroubare en Toepaslike**

**Boedelbeplanningsmodel**

deur

Frederik Johannes Pretorius



Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van

Magister in die Regsgeleerdheid

aan die Universiteit van Stellenbosch

Studieleier: Prof M J de Waal

Desember 2004

### **Verklaring**

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.



## **SUMMARY**

This study deals with a theoretical and practical investigation of the subject discipline of estate planning in order to identify a reliable and appropriate estate planning model. For purposes of this study, the investigation is restricted to the development of such a model in respect of a person within the niche of an average salary earner with the focus on an appropriate financial planning in respect of his death.

An investigation is conducted into the basis from which the subject emerged and developed. It is determined that this basis is the method of succession and that it also forms an integral part of any proposed estate planning. Relevant principles and the methods of succession which were in force in the Roman, Roman-Dutch and English law of succession are analysed. Through the historic development, against the background of these systems, a link is made to the South African law of succession and the position in terms of the South African law is determined. The theoretical basis of the subject discipline is also laid down. The different role players involved are identified in the process and the proposed estate planning process is identified and described.

The administration of estates process within the context of the English law is compared with the same process in the context of the South African law through a comparative study. This investigation is limited to those aspects of the administration of estates process important for purposes of estate planning, especially in view of the

influence that the rules of the English law had on the South African law in respect of this process.

Practical problems currently experienced by trust companies in respect of the administration of estates are also identified and analysed. These problems also indicate the need for the identification of a reliable and appropriate estate planning model.

The identification of an appropriate estate analysis model is identified as an essential control mechanism for the proposed estate planning model. This model is furthermore expanded in order to point out the problem areas in respect of different scenarios with a determined conventional family construction as the basis for the analysis.

Available estate planning instruments and techniques are identified as aids in order to facilitate the testator's estate plan by virtue of the proposed estate planning model. Testamentary mechanisms are distinguished from *inter vivos* mechanisms and applicable legislation is discussed.

A reliable and appropriate estate planning model is identified, bearing in mind the results of the research conducted.

This study is concluded with an adjudication and consolidation of the results of the research with a special reference to the implementation phase of an estate plan and the frequent revision thereof.



## **OPSOMMING**

Hierdie studie handel oor 'n teoretiese en praktiese ondersoek van die vakdissipline boedelbeplanning met die oog daarop om 'n betroubare en toepaslike boedelbeplanningsmodel te identifiseer. Die ondersoek word vir doeleindes van hierdie studie beperk en afgebaken tot die ontwikkeling van so 'n model vir 'n persoon wat homself in die nis van die gemiddelde salaristrekker bevind met die fokus op 'n toepaslike finansiële beplanning vir die intrede van dié se dood.

Daar word ondersoek ingestel na die basis waaruit dié vakdissipline ontstaan en ontwikkel het. Daar is gevind dat die metode van erfopvolging daardie basis uitmaak en ook 'n integrale deel vorm van enige boedelbeplanning wat onderneem word. Relevante beginsels en die metodes van erfopvolging soos dit in die Romeinse, Romeins-Hollandse en Engelse erfreg gegeld het, word ontleed. Met die historiese ontwikkeling in hierdie stelsels as agtergrond, word daar by die Suid-Afrikaanse erfreg aangesluit en die posisie volgens die Suid-Afrikaanse reg bepaal. Die teoretiese grondslag van die vakdissipline word ook vasgelê. Die verskillende rolspelers betrokke by die voorgestelde boedelbeplanningsproses word geïdentifiseer en die voorgestelde boedelbeplanningsproses word beskryf.

Die boedelberedderingsproses word ook binne die konteks van die Engelse reg met dié proses binne die konteks van die Suid-Afrikaanse reg deur 'n regsvergelykende studie vergelyk. Hierdie ondersoek word ook beperk tot daardie aspekte van die



beredderingsproses wat vir doeleindes van boedelbeplanning van belang is, juis in die lig van die invloed van die Engelsregtelike reëls op die Suid-Afrikaanse reg ten aansien van gemelde proses.

Praktiese probleme wat tans tydens die beredderingsproses van bestorwe boedels deur trustmaatskappye ervaar word, word ook geïdentifiseer en ontleed. Hierdie probleme ondersteun ook die behoefte aan die identifisering van 'n betroubare en toepaslike boedelbeplanningsmodel.

Die identifisering van 'n toepaslike boedelontledingsmodel word aangetoon as 'n onontbeerlike kontrolemeganisme van die voorgestelde boedelbeplanningsmodel. Hierdie ontledingsmodel word ook uitgebrei om probleemareas ten aansien van verskillende scenario's uit te wys met 'n bepaalde konvensionele gesinskonstruksie as die basis vir die ontledingsmodel.

Beskikbare boedelbeplanningsinstrumente en –tegnieke word geïdentifiseer as hulpmiddels om die erflater se toepaslike boedelplan ingevolge die struktuur van die voorgestelde boedelbeplanningsmodel te fasiliteer. Testamentêre meganismes word van *inter vivos* meganismes onderskei en toepaslike wetgewing word ook bespreek.

Na aanleiding van die resultate van hierdie navorsing word 'n betroubare en toepaslike boedelbeplanningsmodel geïdentifiseer.

Die studie word afgesluit met 'n beoordeling en samevatting van die resultate van die navorsing met 'n spesifieke verwysing na die

implementeringsfase van 'n boedelplan en die gereelde hersiening daarvan.



## **Bedankings**

Ek spreek graag besondere waardering en dank uit teenoor my studieleier Professor Marius de Waal vir die geleentheid wat hy my gebied het om hierdie studie te onderneem, vir die uitdagings wat hy gestel het en vir sy besondere leiding en ondersteuning met die studie; ook teenoor die eksaminatore Professor Francois du Toit en Kruger van der Walt vir hul gewaardeerde insette; my kollegas Advokaat Lood la Grange, Doktor Sagie Nadasen, Hein Daffue en Leon Atterbury vir hul voorstelle en verwysings; Doktor Philip van der Walt, Hennie Kriek en Hennie Jordaan van 'n bekende lewensversekaar vir hul aanmoediging en voorstelle; die personeel by twee bekende trustmaatskappye Marius Vorster, Elmarene Erasmus, en Lourens Pretorius wat hul ervaringe met my gedeel het vir doeleindes van hierdie studie; en teenoor my vrou Hester Pretorius vir haar eindelose geduld en hulp met die tik en proeflees van die tesis.



**INHOUDSOPGAWE**

<b>HOOFSTUK 1</b>	<b>INLEIDING EN STUDIETERREIN</b>	1
<b>HOOFSTUK 2</b>	<b>DIE BASIS EN TEORETIESE GRONDSLAG VAN DIE VAKDISSIPLINE</b>	
	<b>BOEDELBEPLANNING</b>	8
2.1	Basis waaruit die vakdissipline boedelbeplanning ontwikkel het	8
2.1.1	Die posisie volgens die Romeinse reg	10
2.1.2	Die posisie volgens die Romeins-Hollandse reg	14
2.1.3	Die posisie volgens die Engelse reg	18
2.1.3.1	<i>Die residuary legatee</i>	19
2.1.3.2	<i>Die personal representative of the deceased</i>	20
2.1.3.3	<i>Die President of the Family Division of the High Court</i>	23
2.1.3.4	Basiese verskille tussen die Romeins-Hollandse en Engelse erfreg	24
2.1.4	Die posisie volgens die Suid-Afrikaanse reg	25
2.2	Die teoretiese grondslag van die begrip boedelbeplanning	31
2.2.1	Agtergrond	31
2.2.2	Die omskrywing van die begrip "boedel"	33
2.2.3	Die omskrywing van die begrip "beplanning"	35
2.2.4	Die begrip "boedelbeplanning"	39
2.3	Die verskillende rolspelers betrokke by die boedelbeplanningsproses	45
2.3.1	Die boedelbeplanner (of boedelbeplanningspan)	45
2.3.2	Die erflater (boedeleienaar)	48
2.3.3	Ander kundiges en spesialiste	49
2.3.3.1	Die prokureur	49
2.3.3.2	Die rekenmeester	50
2.3.3.3	Die finansiële adviseur	50

2.3.4	Die erfgename	52
2.4	Die boedelbeplanningsproses	53
2.4.1	Eerste fase: eksterne waardering	54
2.4.2	Tweede fase: interne waardering	54
2.4.3	Derde fase: identifisering van die behoeftes, wense en doelstellings van die erflater	55
2.4.4	Vierde fase: proefberedding van die boedel	56
2.4.5	Vyfde fase: identifisering van probleemareas	57
2.4.6	Sesde fase: oorbrugging van die strategiese gaping deur beskikbare boedelbeplanningstegnieke en -instrumente	57
2.4.7	Sewende fase: die boedelplan	58
2.4.8	Die herwaardering van die beplanning en implementering daarvan	59
2.5	Samevatting	59
<b>HOOFSTUK 3</b>	<b>DIE BOEDELBEREDDERINGSPROSES: 'N REGSVERGELYKENDE OORSIG</b>	<b>62</b>
3.1	Die posisie volgens die Engelse reg	63
3.1.1	Inleiding	63
3.1.2	Toepaslike wetgewing	63
3.1.3	Die boedelberedderingsproses: aspekte van belang vir boedelbeplanning	65
3.1.3.1	Eerste fase: aanstelling van <i>personal representative</i> en <i>probate</i>	65
3.1.3.2	Tweede fase: invorderings asook beheer en bestuur van die bestorwe boedel	72
3.1.3.3	Derde fase: betaling van skulde, belastings, heffings, fooie en uitgawes	77
3.1.3.4	Vierde fase: verdeling en afhandeling van die boedel	88
3.2	Die posisie volgens die Suid-Afrikaanse reg	96
3.2.1	Inleiding	96



3.2.2	Toepaslike wetgewing	96
3.2.3	Die boedelberedderingsproses: aspekte van belang vir boedelbeplanning	98
3.2.3.1	Eerste fase: aanstelling van eksekuteur en aanvaarding van testament	99
3.2.3.2	Tweede fase: beheer oor die bestorwe boedel en oorweging van 'n gepaste metode van likwidasië	104
3.2.3.3	Derde fase: finalisering van die likwidasië- en distribusierekening volgens die toepaslike metode van likwidasië, vereffening van skulde en verpligtinge en verdeling van boedelbates	118
3.2.3.4	Vierde fase: afhandeling van die boedel	121
3.3	Samevattende vergelyking	121
3.3.1	Verskille tussen die Engelse reg en die Suid-Afrikaanse reg	121
3.3.2	Ooreenkomste tussen die Engelse reg en die Suid-Afrikaanse reg	124
3.3.3	Gevolgtrekking	126
<b>HOOFSTUK 4</b>	<b>PRAKTIESE PROBLEEMGEVALLE TYDENS DIE BEREDDERINGSPROSES</b>	<b>133</b>
4.1	Inleiding	133
4.2	Geval A: praktiese probleme met die bereddering van 'n intestate boedel	135
4.2.1	Kernfeite en probleemarea	135
4.2.2	Oorsaak van probleem	136
4.3	Geval B: onkundigheid ten aansien van die bevoegdheid van die testamentêre begunstigde om te erf	137
4.3.1	Kernfeite en probleemarea	137
4.3.2	Oorsaak van probleem	138
4.4	Geval C: duplisering van bemaking	142
4.4.1	Kernfeite en probleemarea	142
4.4.2	Oorsaak van probleem	144



4.5	Geval D: wesenlike foute met betrekking tot die omskrywing van bates in die testament opgelos deur 'n herverdelingsooreenkoms	145
4.5.1	Kernfeite en probleemarea	145
4.5.2	Oorsaak van probleem	148
4.6	Geval E: kwantifisering van restantbemaking sonder gereelde hersiening van testament	149
4.6.1	Kernfeite en probleemarea	149
4.6.2	Oorsaak van probleem	152
4.7	Geval F: onvoldoende finansiële voorsiening vir die vereffening van laste en boedeluitgawes	153
4.7.1	Kernfeite en probleemarea	153
4.7.2	Oorsaak van probleem	154
4.8	Samevatting	155
<b>HOOFSTUK 5</b>	<b>DIE IDENTIFISERING VAN 'N BOEDELONTLEDINGSMODEL</b>	159
5.1	Inleiding	159
5.2	Die voorgestelde boedelontledingsmodel	165
5.2.1	Persoonlike inligting en gegewens van die testateur en die testatrise	174
5.2.2	Opsomming van die testateur en die testatrise se testamentêre wense	176
5.2.3	Opgawe van die testateur se bates en laste	179
5.2.4	Testateur eerssterwende: boedeluitgawes, belastings en ander eise	183
5.2.5	Testateur eerssterwende: likiditeitstoets	189
5.2.6	Opgawe van die testatrise se bates en laste	191
5.2.7	Testatrise eerssterwende: boedeluitgawes, belastings en ander eise	193
5.2.8	Testatrise eerssterwende: likiditeitstoets	196

5.2.9	Voorsiening vir die versorging van die gesin na afhandeling van die eerssterwende gade se boedel	198
5.2.10	Boedeluitgawes, belastings en ander eise in die geval van die afsterwe van die langslewende gade	201
5.2.11	Likiditeitstoets in die geval van die afsterwe van die langslewende gade	203
5.2.12	Boedeluitgawes, belastings en ander eise in die geval van die gelyktydige afsterwe van beide gades	207
5.2.13	Likiditeitstoets in die geval van die gelyktydige afsterwe van beide gades	208
5.2.14	Voorsiening vir die versorging van die minderjarige afhanklikes na afhandeling van beide gades se boedels in die geval van hul gelyktydige afsterwe	211
5.2.15	Testamentêre wense van die testateur en die testatriese in die geval van gesinsuitwissing	212
5.2.16	Gesinsuitwissing: boedeluitgawes, belastings en ander eise	213
5.2.17	Gesinsuitwissing: likiditeitstoets	214
5.2.18	Kommentaar oor die praktiese uitvoerbaarheid van die testamentêre wense van die testateur en die testatriese	216
5.2.19	Kommentaar ten opsigte van probleemareas	217
5.2.20	Aanbevelings met die uitwysing van die voor- en nadele daarvan	222
5.3	Variasies op die ontledingstema	223
5.3.1	Die rol van die huweliksgoederebedeling	223
5.3.2	Huwelike binne gemeenskap van goedere	223
5.3.3	Huwelike buite gemeenskap van goedere met uitsluiting van die aanwasbedeling	224
5.4	Herwaarderingsreël ten aansien van die ontledingsproses	224
5.5	Kontrolelys van die boedelbeplanner	225
5.6	Samevatting	225



<b>HOOFSTUK 6</b>	<b>DIE IDENTIFISERING VAN BOEDELBEPLANNINGSTEGNIEKE</b>	
	<b>EN –INSTRUMENTE</b>	228
6.1	Inleiding	228
6.2	Meganismes om boedelgroei, boedeluitgawes en potensiële belasting-aanspreeklikheid te beperk: boedelbeplanningstegnieke en –instrumente	232
6.2.1	Testamentêre meganismes	233
6.2.1.1	Artikel 4A korting	233
6.2.1.2	Bemakings aan gade	235
6.2.1.3	<i>Donatio mortis causa</i>	239
6.2.1.4	Vruggebruik	240
6.2.1.5	<i>Fideicommissum</i>	243
6.2.1.6	Jaargelde	246
6.2.1.7	Boedelsamesmelting	250
6.2.1.8	Trust <i>mortis causa</i>	252
6.2.1.8.1	Bemakings aan 'n testamêre trust met vruggebruik aan gade	258
6.2.1.8.2	Bemakings aan 'n testamentêre trust onderhewig aan die skepping van 'n leningsrekening ten gunste van die langsliewende gade	260
6.2.1.8.3	Boedelsamesmelting met 'n bemaking aan 'n testamentêre trust	261
6.2.2	<i>Inter vivos</i> meganismes	263
6.2.2.1	<i>Inter vivos</i> trust	264
6.2.2.2	Die opsie om bates na 'n <i>inter vivos</i> trust oor te dra	265
6.2.2.3	Lewensversekering	267
6.2.2.4	Die gebruik van lenings om die waarde van boedelbates vas te pen	269



6.2.2.5	Verminder potensiële belastingaanspreeklikheid deur skenkings in kombinasie met 'n kooptransaksie te benut	271
6.2.2.6	Verminder potensiële belastingaanspreeklikheid deur skenkings in kombinasie met 'n <i>inter vivos</i> trust te benut	272
6.2.2.7	Skenkings	274
6.2.2.8	Voorhuwelikse kontrakte	276
6.2.2.9	Verkoop van boedelbates	277
6.2.2.10	Maatskappye en beslote korporasies	277
6.3	Relevante wetgewing: kontrolefunksies	280
6.3.1	Die Inkomstebelastingwet 58 van 1962	281
6.3.2	Die Boedelbelastingwet 45 van 1955	296
6.3.3	Die Boedelwet 66 van 1965	297
6.3.4	Die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984	297
6.3.5	Die Wet op Testamente 7 van 1953	298
6.3.6	Die Wet op Intestate Erfopvolging 81 van 1987	299
6.3.7	Die Wet op die Opheffing of Wysiging van Beperkinge op Onroerende Goed 94 van 1965	299
6.3.8	Die Wet op die Onderverdeling van Landbougrond 70 van 1970	300
6.3.9	Die Wet op die Beheer oor Trustgoed 57 van 1988	303
6.3.10	Die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangersdienste 37 van 2002	304
6.3.11	Die Wet op Pensioenfondse 24 van 1956	307
6.3.12	Die Wet op Egskeiding 70 van 1979	308
6.3.13	Die Maatskappywet 61 van 1973	309
6.3.14	Die Wet op Beslote Korporasies 69 van 1984	310
6.4	Kontrolelys	310

6.5	Aanbevelings met die uitwysing van die voor- en nadele daarvan	312
6.5.1	Aanbevelings	312
6.5.1.1	Testateur eerssterwende	312
6.5.1.2	Testatrise eerssterwende	314
6.5.1.3	Langslewende gade se afsterwe	314
6.5.1.4	Gelyktydige afsterwe van beide gades	315
6.5.1.5	Gesinsuitwissing	315
6.5.2	Die voordele	315
6.5.3	Die moontlike nadele	317
6.6	Samevatting	318
<b>HOOFSTUK 7</b>	<b>BOEDELBEPLANNING: DIE VOORGESTELDE MODEL</b>	322
7.1	Inleiding	322
7.2	Die voorgestelde boedelbeplanningsmodel	326
7.2.1	Bespreking van die voorgestelde model vir boedelbeplanning	328
7.3	Samevatting	336
<b>HOOFSTUK 8</b>	<b>BEOORDELING EN SAMEVATTENDE OPMERKINGS</b>	338
8.1	Historiese oorsig en teoretiese grondslag	338
8.2	Die boedelberedderingsproses: 'n regsvergelykende oorsig	339
8.3	Die boedelbeplanningsproses	342
8.4	Die geïdentifiseerde boedelontledingsmodel	344
8.5	Boedelbeplanningsmetodes, -tegnieke en -instrumente	345
8.6	Die voorgestelde boedelbeplanningsmodel	347
8.7	Buigsaamheid van die voorgestelde boedelbeplanningsmodel	347
8.8	Slotopmerkings en gevolgtrekking	348
8.8.1	Opmerkings oor boedelbeplanning	348



8.8.2	Opmerkings oor die voorgestelde boedelontledingsmodel	351
8.8.3	Opmerkings oor die voorgestelde boedelbeplanningsmodel	351
8.8.4	Opmerkings oor die implementering van die finale boedelplan	352
8.8.5	Gevolgtrekking	354
<b>BRONNELYS</b>		<b>355</b>

## HOOFSTUK 1

### 1 INLEIDING EN STUDIETERREIN

Menige eksekuteurs van bestorwe boedels kan getuig van 'n verskeidenheid probleme wat dikwels ervaar word tydens die beredderingsproses van bestorwe boedels. Gemelde eksekuteurs word dan onder geweldige druk geplaas om binne 'n relatiewe kort tydperk sodanige probleme die hoof te bied en dikwels bly die wense van die erflater in die slag. Sodanige probleme tydens die bereddering van 'n betrokke bestorwe boedel getuig van 'n onbehoorlike of swak voorafbeplanning of soms selfs van 'n gebrek aan enige beplanning ten opsigte van die intrede van die erflater se afsterwe. Gesprekke met betrokkenes by bekende trustmaatskappye het aangetoon dat daar tans steeds 'n noemenswaardige persentasie van sulke probleemgevalle volgens die maatskappye se statistieke voorkom.

Die meeste erflaters beskik nie oor die kundigheid en ervaring om self 'n behoorlike en toepaslike boedelbeplanning te doen nie en gaan dikwels onverantwoordelik te werk deur bloot instruksies aan iemand, gewoonlik 'n toepaslike professioneel gekwalifiseerde persoon, te verleen om 'n testament vir die betrokke erflater aan die hand van sy wense op te stel. 'n Testament behoort egter eers nadat 'n behoorlike en toepaslike boedelbeplanning gedoen is, opgestel te word.



Dit kan beskou word as die finale stap in die beplanningsproses en geld dan as instrument ter implementering van die voorafbeplanning.<sup>1</sup> Alhoewel 'n testament as 'n instrument beskou kan word waardeur 'n behoorlike en toepaslike boedelbeplanning geïmplementeer kan word, is dit vanweë die aard, inhoud en omvang daarvan nie noodwendig 'n gedetailleerde dokumentering van die voorafgaande boedelbeplanning nie. Dit is waarskynlik raadsaam en meer doeltreffend om benewens 'n testament ook 'n afsonderlike dokument waarin 'n behoorlike voorafbeplanning van die boedel geboekstaaf word tot beskikking van die eksekuteur te stel. Die doel hiermee is om aan hom insae te bied in gemelde voorafbeplanning sodat hy die bereddering van die boedel in ooreenstemming met die boedelbeplanning kan finaliseer.

Gemelde probleme is dan ook aanduidend van 'n behoefte om boedelbeplanning in 'n nog groter mate as 'n selfstandige vakdisipline te beskou en te ontwikkel. Dit word trouens tans deur 'n verskeidenheid professionele persone en instansies, ondermeer praktiserende prokureurs, rekenmeesters, trustafdelings van handelsbanke en trustmaatskappye, finansiële adviseurs en onafhanklike finansiële makelaars as sodanig beskou, aanvaar en erken.

---

<sup>1</sup> Stuart & Olivier *Testamente en Boedelbeplanning* 1; Jordaan *Saamboerdery en Erfopvolging in die Landbou* 8; Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 19 en 23; Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* hfst 1; Abrie & Graham *Boedels – Beplanning en Bereddering* 2, 28 ev; Barker *Drafting of Wills* 19 – 25; Uys *Secrets of Making your Will* 1–2; Pinkerton *Drafting of Wills* 65.



Die *Financial Planning Institute* (FPI) van Suid-Afrika – voorheen bekend as die Instituut vir Lewens- en Pensioen Adviseurs (ILPA) – het dan ook die weg gebaan met die ontwerp van 'n spesifieke module oor boedelbeplanning,<sup>2</sup> waarin daar professionele eksamens afgelê kon word. Hierdie module is egter later geïntegreer met die module wat handel oor persoonlike finansiële beplanning.<sup>3</sup>

Die enkele pogings tot dusver om 'n boedelbeplanningsmodel binne die konteks van die Suid-Afrikaanse erfreg te identifiseer is ongelukkig meestal gebonde aan die tydperk waartydens die model ontwikkel is. Verder is gemelde modelle ongelukkig ook nie werklik doeltreffend vanuit 'n praktiese oogpunt nie. Bestaande modelle bevat skematiese voorstellings en teoretiese verduidelikings. Die rede hiervoor kan waarskynlik daarin gevind word dat sekere skrywers vanweë die interdisiplinêre aard van die vakdisipline gepoog het om alle fasette daarvan in een model aan te raak. Gevolglik het sulke modelle praktiese doeltreffendheid ingeboet. Die ideale model behoort egter so gestruktureer te wees dat dit prakties gerig en buigsaam is ten einde 'n byna tydlose riglyn te vestig.

Die probleem is dus dat 'n betroubare en prakties doeltreffende boedelbeplanningsmodel nog nie na behore geïdentifiseer is nie. Die doelstelling met hierdie studie is om deur 'n toepaslike ondersoek te poog om sodanige model te identifiseer.

---

<sup>2</sup> Troost *Boedelbeplanning: Module van die Instituut van Lewens- en Pensioenadviseurs* hfst 1.

<sup>3</sup> Botha, Geach, Goodall & Rossini *South African Financial Planning Handbook 2004* hfst 10.



Vir doeleindes van die studie sal die ondersoek beperk word tot 'n beplanningsmodel gerig en gefokus op 'n finansiële beplanning vir die intrede van die erflater se dood. Daar sal ook gepoog word om die model sodanig te identifiseer dat dit ook buigsaam is om tred te hou met die veranderinge wat normaalweg van tyd tot tyd binne die konteks van die Suid-Afrikaanse reg geantisipeer word. Sodanige model behoort dan 'n riglyn en hulpmiddel vir professionele beplanners te bied om hulle in staat te stel om erflaters van betroubare en toepaslike advies te bedien in 'n omgewing waar daar alreeds *ex lege*<sup>4</sup> vereis word dat sodanige advies aan die kliënt verleen word.

Dit is egter van belang vir doeleindes van hierdie studie om aanvanklik die basis waaruit die vakdissipline ontwikkel het te ondersoek. Vir hierdie doel sal daar in die eerste plek kortliks verwys word na die beginsels en metodes van erfopvolging soos dit in die Romeinse, Romeins-Hollandse en Engelse erfreg gegeld het. Met die historiese ontwikkeling in hierdie stelsels as agtergrond, sal dan by die Suid-Afrikaanse erfreg aangesluit word. Verder is dit noodsaaklik vir 'n goeie begrip van die vakdissipline boedelbeplanning om die teoretiese grondslag daarvan te bepaal, die verskillende rolspelers in die proses te identifiseer en die ideale boedelbeplanningsproses te beskryf. Bobbert<sup>5</sup> het reeds in 1976 daarop gewys dat daar eers vanaf 'n baie laat stadium aan die beplanningselement by boedelbeplanning aandag gegee is.

---

<sup>4</sup> Wet op Finansiële Advies- en Tussengangersdienste 37 van 2002.

<sup>5</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 1.

Hy meld voorts dat boedelbeplanning 'n hele nuwe onderzoekveld verteenwoordig waaraan nog heelwat wetenskaplike navorsing bestee sal moet word ten einde dit tot 'n volwaardige en selfstandige spesialiteitsveld te laat ontwikkel. Hierdie studie sal egter voorts ook aantoon dat die vakdissipline boedelbeplanning sodanig ontwikkel het dat dit tans veel verder strek as bloot die terrein van die erfreg binne die konteks van die Suid-Afrikaanse reg.

Vir doeleindes van hierdie studie sal ook 'n regsvergelende ondersoek gedoen word deur die boedelberedderingsproses binne die konteks van die Engelse reg met die gemelde proses binne die konteks van die Suid-Afrikaanse reg te vergelyk. Die regsvergelende ondersoek sal beperk word tot die aspekte van die beredderingsproses wat vir doeleindes van boedelbeplanning van belang is, juis in die lig van die invloed van die Engelsregtelike reëls op die Suid-Afrikaanse erfreg ten aansien van gemelde proses.

Dit sal ook duidelik uit hierdie studie na vore kom dat 'n persoon wat as 'n suksesvolle boedelbeplanner wil funksioneer onder andere oor 'n behoorlike en weldeurdagte kennis van die volgende moet beskik:<sup>6</sup>

- (a) die metodologiese eise van beplanning;
- (b) die metode van erfopvolging en die reëls van die Suid-Afrikaanse erfreg;

---

<sup>6</sup> Sien *infra* 2.4.



- (c) die proses van strategiese en finansiële beplanning;
- (d) die finansiële posisie van die betrokke boedeleienaar;
- (e) die behoeftes, wense en doelstellings van die betrokke boedeleienaar;
- (f) die rol en funksie van beskikbare boedelbeplanningsinstrumente en -tegnieke;
- (g) die rol en funksie van verskillende soorte beleggings;
- (h) die implikasies van toepaslike belasting- en ander relevante wetgewing;
- (i) die rol en funksie van korttermyn- en langtermynversekering;
- (j) rekeningkundige beginsels en die wyse waarop finansiële state ontleed word; en
- (k) die boedelberedderingsproses.

Praktiese probleme tydens die beredderingsproses van bestorwe boedels wat deur 'n trustmaatskappy ervaar is, behoort verdere waarde tot die studie toe te voeg. Dit ondersteun ook verder die behoefte aan die identifisering van 'n prakties doeltreffende beplanningsmodel wat met die studie beoog word.

'n Doeltreffende kontrolemeganisme sal uiteraard 'n belangrike kenmerk van die beoogde beplanningsmodel moet wees. Derhalwe sal daar ook op die identifisering van 'n effektiewe boedelontledingsmodel as 'n onontbeerlike kontrole meganisme van die voorgestelde boedelbeplanningsmodel klem gelê word.

Verder sal daar op die identifisering van beskikbare boedelbeplanningsinstrumente en -tegnieke gefokus word en relevante wetgewing sal ook geïdentifiseer word.

Gemelde aspekte behoort dan uit te loop op die uiteindelijke identifisering van 'n betroubare en toepaslike boedelbeplanningsmodel.

Aangesien boedelbeplanning verskeie ander vakdissiplines aanraak en betrek ten einde 'n selfstandige vakdissipline te vorm, en dit daarom 'n wye area van spesialiteite beslaan, sou 'n teoretiese en praktiese ondersoek van dié vakdissipline in 'n wyer sin heeltetal te omvangryk vir die doel van hierdie studie wees. Gevolglik is dit noodsaaklik om die ondersoek vir doeleindes van hierdie studie aansienlik te beperk en af te baken. Die studie word dus beperk tot die ontwikkeling van 'n toepaslike en effektiewe boedelbeplanningsmodel vir 'n persoon wat homself in die nis van die gemiddelde salaristrekker bevind.

Die studie sal dan afgesluit word met 'n toepaslike bondige samevatting<sup>7</sup> met 'n verwysing na die implementeringsfase van 'n boedelbeplanning as die finale stap.

---

<sup>7</sup> Sien *infra* hfst 8.



## **HOOFSTUK 2**

### **2 DIE BASIS EN TEORETIESE GRONDSLAG VAN DIE VAK-DISSIPLINE BOEDELBEPLANNING**

#### **2.1 Basis waaruit die vakdissipline boedelbeplanning ontwikkel het**

Ten einde die vakdissipline boedelbeplanning behoorlik in perspektief te beskou, asook vir doeleindes van 'n goeie begrip van die reëls en raamwerk waarbinne enige beplanning gedoen moet word, is dit van belang om kortliks aan die historiese metode van erfopvolging volgens die Romeinse, Romeins-Hollandse en Engelse reg aandag te gee. Dit sal dan ook daaruit blyk dat enige beplanningsmoontlikhede van 'n persoon se boedelsake in daardie stelsels beperk was vanweë die betrokke erfopvolgingsreëls wat gegeld het. Dit is ook van belang om hiervan kennis te neem ten einde begrip te hê vir die impak van enige toekomstige wysiging van die betrokke erfopvolgingsreëls, van tyd tot tyd, op 'n betrokke boedelplan.

Dit is ook redelik voor die hand liggend dat 'n weldeurdagte kennis van die metode van erfopvolging onontbeerlik is vir enige boedelbeplanning wat beoog word. Voorts is die erflater ook gedurende die beplanningsproses daaraan gebonde om die beplanning in ooreenstemming met die metode van erfopvolging te doen.

Dit is voorts hoogs argumenteerbaar en ook my suggestie dat die metode van erfopvolging as die basis en vertrekpunt vir die eerste fase van 'n boedelbeplanning moet dien. Dit vorm immers die raamwerk waarbinne die beoogde beplanning gedoen moet word.

Die Amerikaanse skrywer Casner<sup>1</sup> beskou die geval waar 'n erflater te sterwe kom sonder om 'n testament na te laat as boedelbeplanning deur regswerking en hy verskaf die volgende samevatting daarvan wat egter universeel toegepas kan word:<sup>2</sup>

"If a deceased has not taken advantage of the methods available to direct the disposition of his accumulated wealth on his death, in other words, if he dies intestate, the law has established an orderly process for the distribution of his estate among the living. The plan thus established by the law is the estate plan created by operation of law. It should be obvious that any statutory scheme for the distribution of the deceased's estate must follow a rather fixed and rigid pattern. It would be impossible to draft a statute which would give appropriate effect

---

<sup>1</sup> Casner *Estate Planning* 9 – 10.

<sup>2</sup> Sien ook Chatterton *Wills* 1: "This introductory chapter is intended to explain why a will is necessary and the reasons why you should advise a client to make a professionally prepared will rather than leave the devolution of his estate on death to the law of intestacy – the legal rules which the law imputes as being the intentions of a dead person where he has failed to make a will – setting out and clarifying his wishes as to the disposition of his property when he dies." Sien ook Borkowski *Textbook on Succession* 7 en 59; Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* hfst 2.



to the infinite variety of factors which may be presented in connection with the family situation of different deceaseds. In other words, when a person elects to have his own estate plan, he can adjust it to meet peculiarities of his own family situation; but when he allows the estate plan created by operation of law to control the devolution of his estate, he is accepting an assembly line product that pours everyone into the same mold.”

Voorts is insae in die historiese ontwikkeling van die metode van erfopvolging van belang, ten einde die beoogde ondersoek na behore te doen en om ook begrip te hê vir die verdere toekomstige ontwikkeling van die vakdissipline boedelbeplanning, na gelang van die eise van verskillende tye.

#### 2.1.1 Die posisie volgens die Romeinse reg

Gedurende die Romeinse klassieke tydperk<sup>3</sup> is erfopvolging sodanig gereël dat die *heres* (naamlik die erfgenaam) sowel bates as laste van die erflater geërf het en sodoende laasgenoemde vermoënsregtelik geheel en al opgevolg het. Al die vererfbare regte en verpligtinge van die erflater is op hierdie wyse hanteer.<sup>4</sup> In die geval van meerdere erfgename het dit daarop neergekom dat sogenaamde breukdele van die nalatenskap aldus op die erfgename oorgegaan het.

---

<sup>3</sup> Van der Merwe & Rowland *Suid-Afrikaanse Erfreg* 1 – 3; Van Zyl *Universele Opvolging* 8.

<sup>4</sup> Schulz *Classical Roman Law* 211. Sien ook Van Zyl *Universele Opvolging* 8.

'n Uitsondering was die legat wat direk op een of meer legatarisse oorgegaan het.<sup>5</sup> Sekere bates en laste van die erflater kon voorts ook deur *confusio* uitgewis word.<sup>6</sup> Van Zyl<sup>7</sup> meld dus tereg dat die erfgenaam in die klassieke Romeinse reg 'n universele opvolger van die erflater was.

Erfopvolging ten opsigte van die *sui heredes*<sup>8</sup> het in die klassieke tydperk van regsweë plaasgevind. Hierteenoor was aanvaarding van die erfenis deur die erfgenaam 'n vereiste vir erfopvolging met betrekking tot die *heredes voluntarii*.<sup>9</sup>

Gemelde reëls ten opsigte van erfopvolging rakende die *sui heredes* het egter nie in die na-klassieke tydperk gegeld nie.<sup>10</sup> In die na-klassieke tydperk was aanvaarding van die erfenis ook ten opsigte van die *sui heredes* (net soos die posisie ten opsigte van die *heredes voluntarii*) ook 'n vereiste vir erfopvolging.<sup>11</sup>

---

<sup>5</sup> Schulz *Classical Roman Law* 323. Sien ook Van Zyl *Universele Opvolging* 8 – 12.

<sup>6</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 28.

<sup>7</sup> *Ibid.*

<sup>8</sup> Die *sui heredes* was 'n besondere groep erfgename in die Romeinse reg tov wie erfopvolging van regsweë plaasgevind het sonder enige handeling van hulself, selfs sonder dat hulle daarvan bewus was en soms ook selfs teen hul sin. Sien Van Zyl *Universele Opvolging* 13; Schulz *Classical Roman Law* 220 – 221, 281 en 287; Kaser *Das Römische Privatrecht* 672 – 676; Watson *Succession in the Later Roman Republic* 1 – 7.

<sup>9</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 13: "Die *heredes voluntarii* was alle erfgename wat nie (as vry persone) ten tye van die erflater se dood onder sy gesag (*patria potestas* of *manus*) gestaan het nie en wat gedurende sy lewe ook nie sy slawe gewees het en in sy testament vrygelaat en as erfgename ingestel is nie." Sien ook Schulz *Classical Roman Law* 220 – 221, 281 en 287; Kaser *Das Römische Privatrecht* 672 - 676; Watson *Succession in the Later Roman Republic* 1 – 7.

<sup>10</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 14.

<sup>11</sup> *Ibid.*



Volgens beskikbare literatuur<sup>12</sup> blyk dit ook dat in die na-klassieke reg die erfgenaam steeds 'n universele erfopvolger van die erflater was. Van Zyl<sup>13</sup> voer aan dat die erfgenaam steeds nie een of ander amp, soos byvoorbeeld dié van eksekuteur, beklee het nie maar dat hy in sy persoonlike hoedanigheid in die nagelate regte en verpligtinge opgevolg het. Die resultaat was dus:<sup>14</sup>

"dat erfopvolging tot gevolg gehad het dat die vermoë van die erfgenaam en die nalatenskap (of 'n breukdeel van die nalatenskap in geval van meerdere erfgename) tot een vermoë saamgesmelt het, al sou die stoflike regsobjekte fisies geskei bly. Hieruit volg dat wanneer die erfgenaam vorderings in wat vroeër aan die erflater behoort het (hierna 'boedelvorderings' genoem) hy sy eie vorderings in en in sy eie naam handel; net so betaal hy sy eie skulde, wanneer hy skulde wat hy deur erfopvolging verkry het (hierna 'boekskulde' genoem) betaal."

Die amp van die eksekuteur het dus nie in die Romeinse reg bestaan nie.

Soos reeds vermeld, het die boedelverpligtinge deur erfopvolging op die erfgenaam oorgegaan het gevolglik was sy aanspreeklikheid in

---

<sup>12</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 9; De Villiers *Romeinse Erfreg* 1 – 2; Van der Merwe & Rowland *Suid-Afrikaanse Erfreg* 1 – 2; Kaser *Das Römische Privatrecht* 470.

<sup>13</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 8 – 12.

<sup>14</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 10 – 11.

dié verband nie beperk tot die waarde van die geërfde bates nie.<sup>15</sup>

Daar was enkele uitsonderings hierop waarvan die volgende belangrik was:

- (a) *beneficium separationis creditorum*;<sup>16</sup> en
- (b) *beneficium inventarii*.<sup>17</sup>

Dus, vir boedelbeplanningsdoeleindes, is minstens die volgende gevolg van die gemelde samesmelting van die erfgenaam se vermoë met dié van die erflater van belang:

- (a) Die erfgenaam is in presies dieselfde hoedanigheid as die erflater geplaas teenoor die persone wat deur sodanige erfopvolging sy skuldeisers geword het, behoudens vermelde uitsonderings.<sup>18</sup>
- (b) Skuldverhoudings wat tussen die erflater en die erfgenaam onderling bestaan het, is as gevolg van erfopvolging deur *confusio* uitgewis.

---

<sup>15</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 16.

<sup>16</sup> Indien die erfgenaam voor erfopvolging insolvent was, kon boedelskuldeisers vanweë die samesmelting van die erfgenaam se vermoë met dié van die erflater by die dood van die erflater benadeel word. Ten einde die boedelskuldeisers te beskerm teen die ander skuldeisers van die erfgenaam tov die geërfde bates, kon die *praetor* op hul versoek die *beneficium separationis creditorum* aan hulle verleen. Die gevolg daarvan was dat slegs boedelskuldeisers vorderings op die geërfde bates kon verhaal. Sien Schulz *Classical Roman Law* 303; Van Zyl *Universele Opvolging* 16.

<sup>17</sup> Die voorreg van boedelbeskrywing het kortliks behels dat die erfgenaam wat daarvan gebruik wou maak binne 'n bepaalde tydperk in die teenwoordigheid van 'n notaris, getuies, skuldeisers en legatarisse 'n inventaris moes opstel van die bates wat die erflater ten tye van sy dood gehad het. In sodanige geval is sy aanspreeklikheid teenoor die skuldeisers tot die omvang van die nalatenskap volgens die inventaris beperk. Sien ook Van der Burght *Pitlo Erfrecht* 279 – 300.

<sup>18</sup> Schulz *Classical Roman Law* 303; "... the creditors of the *de cuius* are now the creditors of the heir on equal terms with those creditors of the heir who already existed before the acquisition of the estate. Both groups of creditors compete and can secure execution upon the estate as the other property of the heir."



- (c) Enige laste wat nie op die datum van die dood van die erflater afgelos is nie het saam met sy bates vererf.

Enige boedelbeplanning van die erflater in hierdie tyd sou dus in geheel, na gelang van die finansiële posisie van die erflater (hetsy positief of negatief) op die voornemende erfgenaam 'n impak gehad het. Daar was natuurlik ook nie sprake van lewensversekeringspolisse as hulpmiddels en instrumente om laste by die dood van die erflaters af te los nie.

#### 2.1.2 Die posisie volgens die Romeins-Hollandse reg

Soortgelyk aan die posisie in die Romeinse reg het erfopvolging in die Romeins-Hollandse reg daaruit bestaan dat die erfgenaam (of erfgename) opgevolg het in alle vererfbare regte en verpligtinge van die erflater.<sup>19</sup> Ook hier het sekere uitsonderings gegeld:<sup>20</sup>

- (a) sekere bates het direk op een of meerdere legatarisse oorgegaan; en
- (b) sekere bates en laste is deur *confusio* uitgewis.

---

<sup>19</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 29 – 30. Sien ook *supra* 2.1.1.

<sup>20</sup> Van der Burght *Pitlo Erfrecht* 279 – 300.

Dit volg dus dat die bestorwe boedel (of die toepaslike *pro rata* - gedeelte daarvan in die geval van meerdere erfgename) met die vermoë van die erfgenaam (of erfgename) saamgesmelt het ten einde een geheel te vorm. Die erfgenaam was dus die subjek van 'n vergrote saamgesmelte vermoë.<sup>21</sup>

Uit 'n boedelbeplanningsoogpunt is dit van belang om daarop te let dat as uitvloeisel van gemelde boedelsamesmelting die aanspreeklikheid van die erfgenaam ten opsigte van geërfde skulde nie tot die omvang van die geërfde bates beperk was nie. Voorts is dit ook van belang om daarop te let dat die vorderingsregte wat tussen die erflater en die erfgenaam bestaan het, soos vermeld, deur *confusio* uitgewis is. Hierbenewens kon die erfgenaam se ander skuldeisers ook op die geërfde bates beslag lê.<sup>22</sup>

Die *sui heredes*<sup>23</sup> het egter nie in die Romeins-Hollandse reg as 'n besondere groep erfgename voorgekom nie.<sup>24</sup>

---

<sup>21</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 29 – 30.

<sup>22</sup> Van der Merwe & Rowland *Suid-Afrikaanse Erfreg* 1 – 2; Van Zyl *Universele Opvolging* 30 – 31; De Villiers *Romeinse Erfreg* 2.

<sup>23</sup> Sien *supra* vn 8.

<sup>24</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 30 – 31.



'n Vereiste vir erfopvolging met betrekking tot die *heredes voluntarii*<sup>25</sup> was egter aanvaarding van die erfenis deur die erfgenaam, soortgelyk aan die posisie volgens die Romeinse reg. Vererwing het dus plaasgevind wanneer die erfgenaam aanvaar het, waarskynlik met terugwerkende krag tot by die erflater se dood.<sup>26</sup>

Van Zyl<sup>27</sup> voer aan dat daar geen aanduiding in die kenbronne van die Romeins-Hollandse reg bestaan dat die erfgenaam wat met die "voorreg van boedelbeskrywing"<sup>28</sup> die erfenis aanvaar het, in 'n sogenaamde ampshoedanigheid as subjek van die nalatenskap gestaan het nie, of dat die erflater in sy persoonlike hoedanigheid slegs 'n vorderingsreg vir die lewering van die netto-restant van die nalatenskap verkry het nie.

Volgens beskikbare literatuur blyk dit dat die amp van eksekuteur in die Germaanse reg ontwikkel het uit die saaklikgeregtigde tussenpersoon, bekend as vertrouensman of *Treuhänder*, waarvan daar blykbaar soms sedert die agtste eeu gebruik gemaak is by skenkings aan die kerk ten behoeve van die siel.<sup>29</sup> Aangesien die amp van eksekuteur dus sy wortels in die Germaanse reg gehad het, meld Van Zyl dat dit verstaanbaar is dat

---

<sup>25</sup> Sien *supra* vn 9.

<sup>26</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 29 – 30.

<sup>27</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 39.

<sup>28</sup> Sien *supra* vn 16.

<sup>29</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 39 – 41.

die middeleeuse Romaniste probleme ervaar het om die eksekuteur se regsposisie Romeinsregtelik te konstrueer.<sup>30</sup>

In die Romeins-Hollandse reg is 'n bestorwe boedel egter onder bepaalde omstandighede deur 'n eksekuteur (nie 'n subjek van die boedel nie, maar as *quasi-procurator* van die erfgenaam) beredder.<sup>31</sup>

Dit blyk ook dat die amp van eksekuteur met verloop van tyd sekere veranderinge ondergaan het. Die eksekuteur in Wes-Europa, gedurende die middeleeue, het die boedel onder sy beheer gehad en solank die legatêre nog nie uitbetaal is nie, was die eksekuteur geregtig op die vrugte van die boedelgoedere.<sup>32</sup> In gevalle waar hy bates aan ander persone vervreem het, was hy blykbaar ook vrywaringspligtig.<sup>33</sup> Voorts kon die biskop 'n eksekuteur in sekere omstandighede ontslaan.<sup>34</sup> Volgens Van Zyl<sup>35</sup> was die belangrikste bevoegdhede en pligte wat testamentêr aan 'n eksekuteur opgedra is, kortliks die volgende:

- (a) betaling van die *forefacta*;<sup>36</sup>
- (b) betaling van die skulde;
- (c) verhaling van invorderings;

---

<sup>30</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 42.

<sup>31</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 45. Sien ook Pitlo *De Ontwikkeling der Executeele* 113 ev.

<sup>32</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 40.

<sup>33</sup> *Ibid.*

<sup>34</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 41.

<sup>35</sup> *Ibid.*

<sup>36</sup> Pitlo *De Ontwikkeling der Executeele* 99 – 100 verduidelik soos volg: "Daaronder verstonde men uit onbehoorlike daden ontstane schulden, ook de niet in rechte vorderbare, die voldaan moesten worden om de ziel van den overledene te redden ..."



- (d) uitkering van legate;
- (e) diskresie ten aansien van die vermindering of vergroting van legate;
- (f) uitleg van die testament;
- (g) vervreemding van boedelgoedere ten einde boedelskulde te betaal;
- (h) die oprigting van stigtings; en
- (i) soms is die bevoegdheid ook aan die eksekuteur verleen om in eie diskresie oor die restant van die nalatenskap te beskik.

Met die latere invoering van die *testamentum in dispositionem alterius*,<sup>37</sup> het die eksekuteurs se bevoegdhede byna onbeperk geword.<sup>38</sup>

### 2.1.3 Die posisie volgens die Engelse reg

Die invloed wat vanuit die Engelse erfreg uitgegaan het, het met verloop van tyd in Suid-Afrika 'n netwerk van reëls daargestel waarin daar vir die fundamentele metode van erfopvolging volgens sowel die Romeinse as die Romeins-Hollandse erfreg, naamlik dat die erfgenaam 'n universele erfopvolger is, geen ruimte was nie.<sup>39</sup> Ten einde die metode van erfopvolging volgens die Engelse erfreg goed te begryp en om ook te bepaal in watter opsigte die Engelse reg weer

---

<sup>37</sup> 'n Testament waarvolgens die erflater sy boedel sonder enige verdere voorskrifte aan sy eksekuteurs bemaak. Sien Van Zyl *Universele Opvolging* 41.

<sup>38</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 41.

<sup>39</sup> Sien *infra* 2.1.4.

die Suid-Afrikaanse erfreg beïnvloed het, is dit van belang om kortliks stil te staan by die historiese agtergrond van die reëls wat die metode van erfopvolging in die Engelse reg gereguleer het.

Vanweë die feit dat die Engelse erfreg histories beskou geweldig ingewikkeld is, sal dit egter nie vir doeleindes van hierdie studie moontlik wees om in diepte daarmee te handel en die ontwikkeling daarvan volledig te skets nie. Daar sal dus bloot kortliks gefokus word op enkele aspekte van die Engelse erfreg wat met verloop van tyd 'n uiters belangrike rol ten opsigte van die metode van erfopvolging vir die erfgenaam in die Suid-Afrikaanse erfreg gespeel het.

#### 2.1.3.1 Die *residuary legatee*

In die Engelse erfreg is daar sedert die 13de eeu nie meer sprake van universele erfopvolging ten opsigte van die bevoordeelde nie.<sup>40</sup> Die *residuary legatee* kan kortliks beskryf word as die Engelsregtelike bevoordeelde aan wie die restant van die *personal property* (na betaling van die skulde en legate) bemaak is.<sup>41</sup> Hy is egter nie die subjek van die nagelate regte en verpligtinge terwyl die boedel beredder word nie maar hy beskik hoogstens oor 'n toepaslike vorderingsreg teen die *personal representative*.<sup>42</sup> Selfs indien hy voor of gedurende die bereddering van die boedel aandui dat hy die

---

<sup>40</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 55.

<sup>41</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 399 – 400; Van Zyl *Universele Opvolging* 55. Sien ook *Greville v Browne* (1859) 7 H.L.C. 689; *Elliot v Dearsly* (1881) 16 Ch. D. 322.



bevoordeling aanvaar, het dit nie die gevolg van enige samesmelting van sy boedel met dié van die erflater s'n nie.<sup>43</sup>

### 2.1.3.2 Die *personal representative of the deceased*

Anders as in die Romeinse en Romeins-Hollandse erfreg word 'n bestorwe boedel in Engeland deur 'n beampte wat bekend staan as 'n *executor* of as 'n *administrator* beredder. Die uitsondering is die *executor de son tort*, wat egter nie vir doeleindes van hierdie studie bespreek word nie.<sup>44</sup> Gemelde eksekuteur is aanvanklik beskou as die *plaasvervanger van die oorledene*, in teenstelling met *persoonlike verteenwoordiger van die oorledene*, met betrekking tot die *personal property*.<sup>45</sup> Tans word hy egter nie meer as sodanig beskou nie maar is 'n *personal representative of the deceased* bloot 'n algemene benaming vir die *executor* en die *administrator* van 'n bestorwe boedel.<sup>46</sup>

*Executor* en *administrator* kan soos volg van mekaar onderskei word:<sup>47</sup>

---

<sup>42</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 420 – 422. Sien ook Van Zyl *Universele Opvolging* 55.

<sup>43</sup> *Ibid.*

<sup>44</sup> Vickery *Law and Accounts of Executors, Administrators and Trustees* 51: "Any person who interferes with the property of a deceased person by performing duties which are normally those of a personal representative, and who has not been expressly or impliedly appointed executor by the will or who has not obtained letters of administration, becomes an executor DE SON TORT, or an executor by his own wrong."

<sup>45</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 56.

<sup>46</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 385. Sien ook Van Zyl *Universele Opvolging* 56.

<sup>47</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 385 en 398. Sien ook Van Zyl *Universele Opvolging* 57.

- (a) *Executors* word normaalweg deur die erflater aangestel maar sy aanstelling moet egter deur die *High Court of Justice* bekragtig word, welke bekragtiging *probate* genoem word. Dit is egter toelaatbaar vir hom om met die boedelberedding te begin alvorens die *probate* plaasgevind het.
- (b) *Administrators* is boedelberedderaars wat deur middel van *letters of administration*, in die afwesigheid van *executors*, deur die hof aangestel word.

Gemelde hof kan voorts gelas dat 'n *personal representative* 'n inventaris van die boedelgoedere en 'n verslag van sy beredding moet inlewer.<sup>48</sup> Dit dui daarop dat daar sprake is van 'n mate van owerheidstoedig in navolging van die posisie gedurende die middeleeue toe die kerklike howe toedig oor die bereddingsproses gehou het.<sup>49</sup>

Vervolgens is dit van belang om die regsposisie van die *personal representative* ten aansien van die vermoë onder sy beheer te bepaal. Die *property* van 'n erflater kan egter verdeel word in twee kategorië, naamlik *real property*<sup>50</sup> (*realty*) en *personal property*<sup>51</sup> (*personalty*).

<sup>48</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 476. Sien ook Van Zyl *Universele Opvolging* 57.

<sup>49</sup> *Ibid.*

<sup>50</sup> Vickery *Law and Accounts of Executors, Administrators and Trustees* 2: "Real estate consists mainly of freehold land and buildings." Sien ook Clark *Theobald on Wills* hfst 1.

<sup>51</sup> Vickery *Law and Accounts of Executors, Administrators and Trustees* 2: "Personal estate consists of all movable articles or chattels, e.g., furniture, trade stock, etc., money, private business, share in partnership, securities, and leasehold interests, i.e., the right to have the use of land or buildings for a number of years in return for a periodic rental." Sien ook Clark *Theobald on Wills* hfst 1.



Dit blyk dat die *personal property* van die erflater by sy dood na die *executor* oorgegaan het.<sup>52</sup> Sou daar geen *executor* wees nie, het dit egter na die *administrator* oorgegaan sodra laasgenoemde aangestel is.<sup>53</sup>

*Real property* het egter volgens die *common law* na die *intestate heir* of die testamentêre *devisee*<sup>54</sup> oorgegaan.<sup>55</sup>

Dit blyk dat die *personal representative* nie in sy eie reg nie, maar in sy verteenwoordigende hoedigheid, die subjek van die bestorwe boedel word.<sup>56</sup> Engelse juriste lys die volgende belangrike praktiese implikasies van gemelde opvatting:<sup>57</sup>

- (a) In die geval van die insolvensie van die *personal representative* val die boedelbates nie in sy insolvente boedel nie en is dit ook nie vatbaar vir beslaglegging deur die *personal representative* se persoonlike skuldeisers nie.
- (b) Bestaande regsverhoudings tussen die erflater en die *personal representative* in verband met grond word nie deur *confusio* uitgewis nie.

<sup>52</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 420.

<sup>53</sup> *Ibid.*

<sup>54</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 217 – 221 en 505. Hierdie skrywer verduidelik die begrip soos volg: "A specific devise is a gift by will of specified real estate..." Sien ook Van Zyl *Universele Opvolging* 57.

<sup>55</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 220 en 505. Sien ook Van Zyl *Universele Opvolging* 57.

<sup>56</sup> Miller *The Machinery of Succession* 1 – 2; Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 385 – 408; Van Zyl *Universele Opvolging* 57.

<sup>57</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 57 – 60; Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 467 – 503 en 505 – 546; Miller *The Machinery of Succession* 97 – 102.

Van Zyl<sup>58</sup> voer aan dat Engelse juriste, wanneer hulle verklaar dat die *personal representative* in sy verteenwoordigende hoedanigheid die subjek van die bestorwe boedel is, in werklikheid 'n amptelike regsobjektiwiteit aan hom toeskryf.

Hieruit volg dan volgens hom dat, benewens die *personal representative* se persoonlike regsobjektiwiteit, hy net soveel amptelike regsobjektiwiteite sal hê as die aantal boedels waarvan hy die beredderaar is. Volgens die Engelse erfreg bestaan die opvatting dus dat die *personal representative* in sy verteenwoordigende hoedanigheid die subjek van die vermoë onder sy beheer is.<sup>59</sup>

### 2.1.3.3 Die *President of the Family Division of the High Court*

Dit blyk uit die destydse bepalings van die *Administration of Estates Act*<sup>60</sup> dat 'n persoon se *real* en *personal estate* in die *President of the Family Division of the High Court* gevestig het indien hy intestaat te sterwe gekom het totdat 'n *administrator* aangestel is. Hiervolgens bestaan daar dus 'n opvatting dat 'n *amptenaar van die hof* in die nalatenskap van 'n oorledene kan opvolg.<sup>61</sup> Dit sal egter slegs ter sprake kom in die afwesigheid van 'n *executor* en bloot totdat 'n *administrator* ten opsigte van die bestorwe boedel aangestel is.

<sup>58</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 58 – 61; Miller *The Machinery of Succession* 101 – 103; Vickery *Law and Accounts of Executors, Administrators and Trustees* 73 – 74.

<sup>59</sup> *Ibid.*

<sup>60</sup> Sien art 9 en 55(1)(xv) van *Administration of Estates Act* 1925 soos gewysig deur *Administration of Justice Act* 1970.

<sup>61</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 420 – 421; Van Zyl *Universele Opvolging* 62.



#### 2.1.3.4 Basiese verskille tussen die Romeins-Hollandse en Engelse erfreg

Dit is duidelik uit die voorafgaande dat die Romeins-Hollandse en Engelse regstelsels, ten aansien van die erfreg, fundamenteel van mekaar verskil.

Gevolglik sou daar vanuit 'n boedelbeplanningsoogpunt sprake van verskillende uitgangspunte en benaderings wees. Ook sou daar op verskillende aspekte klem gelê word. Van Zyl<sup>62</sup> identifiseer tereg die volgende basiese verskille tussen die Romeins-Hollandse en Engelse stelsels van erfreg:

- (a) Daar is nie sprake van 'n bevoordeelde in die Engelse erfreg wat universeel in die nalatenskap opvolg nie terwyl dit wel in die Romeins-Hollandse reg die regsposisie is.
- (b) Daar vind nie boedelsamesmelting in die Engelse erfreg plaas indien die *residuary legatee* of ander Engelsregtelike bevoordeelde te kenne gee dat hy sy bevoordeling aanvaar nie terwyl dit wel die posisie in die Romeins-Hollandse reg is indien en wanneer die erfgenaam die erfenis aanvaar.
- (c) Die *personal representative* volg in sy amptelike hoedanigheid in die nalatenskap op volgens Engelsregtelike opvattinge terwyl 'n eksekuteur volgens die Romeins-Hollandse reg (wat normaalweg eers by die aanvaarding van die nalatenskap deur die erfgenaam

---

<sup>62</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 63.

die bevoegdheid verwerf het om te begin met die boedelberedderingsproses) slegs beheer oor 'n onderdeel van die vermoë van die erfgenaam uitgevoer het.

- (d) In bepaalde omstandighede kan 'n amptenaar van die hof volgens Engelsregtelike opvattinge in 'n oorledene se nalatenskap opvolg terwyl daar geen aanduiding hiervan in die Romeins-Hollandse regsbronne gevind kan word nie.

#### 2.1.4 Die posisie volgens die Suid-Afrikaanse reg

Daar is reeds aangetoon dat die Romeins-Hollandse en Engelse regstelsels ten aansien van die erfreg fundamenteel van mekaar verskil. Dit sou dus uiters moeilik wees, indien nie onmoontlik nie, om twee sulke uiteenlopende stelsels met mekaar te versoen. Hierdie twee stelsels ten aansien van die erfreg in Suid-Afrika het in konflik met mekaar gekom.<sup>63</sup>

Dit is gemene saak dat die Romeins-Hollandse reg aan die Kaap gedurende die Nederlandse bewind gegeld het. Dit volg dus dat die erfgenaam se regsposisie gedurende daardie tydperk deur die beginsels van die Romeins-Hollandse erfreg gereguleer is, waarvolgens die erfgenaam 'n universele erfopvolger was.<sup>64</sup>

---

<sup>63</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 63; Van der Westhuizen *Erfopvolging by Versterf in Suid-Afrika* 61 – 87.

<sup>64</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 64; Van der Westhuizen *Erfopvolging by Versterf in Suid-Afrika* 61 – 67.



Hierdie posisie word ook gestaaf deurdat daar in statutêre geskrifte aan die Kaap van die voorreg van boedelbeskrywing melding gemaak is, welke regsinstelling slegs bestaanbaar is in 'n regstelsel waarin die erfgenaam die universele erfopvolger is.<sup>65</sup> Voorts is hierdie standpunt destyds aanvanklik deur die Kaapse Hooggeregshof en die Transvaalse Republikeinse Hof gehandhaaf.<sup>66</sup>

Die wetgewer het egter gedurende die Britse bewind aan die Kaap wetgewing in die Kaapkolonie ingevoer wat deur Engelsregtelike beginsels geïnspireer was.<sup>67</sup> Alhoewel die Romeins-Hollandse reël dat die erfgenaam 'n universele erfopvolger is nóg uitdruklik, nóg deur wetsaanduiding herroep is, is gemelde reël geheel en al in hierdie wetgewing genegeer.<sup>68</sup> Die betrokke wetgewing het ingepas by 'n stelsel, soortgelyk aan die Engelse erfreg, waarvolgens elke bestorwe boedel as 'n afsonderlike vermoë met 'n eie subjek deur 'n beampte onder owerheidstoedig beredder moet word.

Daar is dus deur die Kaapse wetgewer 'n raamwerk geskep waarbinne 'n praktyk met verloop van tyd kon ontwikkel dat 'n bestorwe boedel in die algemeen as 'n afsonderlike vermoë met 'n eie subjek beskou en hanteer is en waarvolgens die erfgenaam nie meer

---

<sup>65</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 64. Sien ook in besonder Van Zyl se verwysing na art 9 van 'n resoluëie van die politieke raad van 7 Februarie tot 2 Maart 1772 *Kaapse Plakkaatboek* IV 81 ev.

<sup>66</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 65.

<sup>67</sup> Van der Merwe & Rowland *Suid-Afrikaanse Erfreg* 1 – 20; Van Zyl *Universele Opvolging* 65.

<sup>68</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 65. Sien ook ord 64 van 1829 en ord 104 van 1833.

as universele erfopvolger van die oorledene beskou en hanteer is nie.<sup>69</sup> Van Zyl<sup>70</sup> som die rede vir die totstandkoming van hierdie praktyk soos volg op:

“Die rede vir die totstandkoming van hierdie praktyk moet veral gesoek word in die omstandigheid dat persone wat met die regspleging belas was, deur die wetgewer se versuim om die erfgenaam se gemeenregtelike posisie uitdruklik te erken, die geleentheid gebied is om met ’n Engelsregtelik-gekleurde bril die gemelde wetgewing te lees en dit dan in ooreenstemming met Engelsregtelike grondbeginsels (naamlik dat ’n bestorwe boedel, ongeag die aanwesigheid van bevoorreedes, ’n afsonderlike vermoë met ’n eie subjek is) toe te pas.”

Die beginsels soos vervat in gemelde wetgewing is in alle wesenlike opsigte met verloop van tyd oorgeneem in die Transvaal, Natal en Oranje- Vrystaat.<sup>71</sup> Met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika is dieselfde beginsels in die Unie en later die Republiek se wetgewing opgeneem.<sup>72</sup>

’n Gevolg van voormelde is dat die Kaapse praktyk met betrekking tot die boedelberedderingsproses reg oor Suid-Afrika versprei het en met verloop van tyd tot ’n gevestigde praktyk

---

<sup>69</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 65 – 66.

<sup>70</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 65.

<sup>71</sup> *Ibid.*

<sup>72</sup> *Ibid.* Sien ook Van der Westhuizen *Erfopvolging by Versterf in Suid-Afrika* 61 – 87.



ontwikkel het. Deur die vormende krag van gewoonte het die erfgenaam dus die posisie verloor wat hy gemeenregtelik beklee het.<sup>73</sup>

Die basis vir gemelde praktyk was die volgende Ordonnansies van die Kaapse wetgewer:<sup>74</sup>

- (a) Ordonnansie 64 van 1829, soos vervang deur Ordonnansie 6 van 1843, wat vir die sekwestrasie van bestorwe boedels voorsiening gemaak het; en
- (b) Ordonnansie 104 van 1833 wat die beredderingsproses van boedels gereguleer het.

Ordonnansie 6 van 1843 is later deur die Insolventiewet<sup>75</sup> vervang. Ordonnansie 104 van 1833 is op sy beurt deur die Boedelwet<sup>76</sup> vervang.

Gemelde Ordonnansies het die grondslag vir latere Uniewette gevorm, welke wette weer die basis van die huidige wette met betrekking tot die sekwestrasie van boedels en bereddering van bestorwe boedels, naamlik onderskeidelik die Insolvensiewet van 1936<sup>77</sup> en die Boedelwet van 1965,<sup>78</sup> gevorm het.

---

<sup>73</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 66.

<sup>74</sup> Van der Westhuizen *Erfopvolging by Versterf in Suid-Afrika* 61 – 87; Van Zyl *Universele Opvolging* 64 – 68.

<sup>75</sup> Insolventiewet 32 van 1916.

<sup>76</sup> Boedelwet 24 van 1913.

<sup>77</sup> Wet 24 van 1936.

<sup>78</sup> Wet 66 van 1965.

Van Zyl<sup>79</sup> som die regsposisie in die Suid-Afrikaanse erfreg van 1828 tot 1913 soos volg op:

- “(i) Die gemeenregtelike posisie van die erfgenaam is tot 1858 geëerbiedig.
- (ii) Na 1858 het sommige regters die erfgenaam se gemeenregtelike posisie misken, omdat hulle, beïnvloed deur Engelsregtelike denkbeelde, nie die aard van erfopvolging in die Romeinse en Romeins-Hollandse reg goed begryp het nie.
- (iii) Met ’n ongegronde beroep op Ordonnansie 104 van 1833 het sommige regters in ooreenstemming met die Engelse reg die eksekuteur as die subjek van die bestorwe boedel beskou en aan die erfgenaam die posisie van ’n sogenaamde *residuary legatee* toegeken.
- (iv) Ten spyte van die standpunt wat in sommige gewysdes ingeneem is, naamlik dat ’n bestorwe boedel op die eksekuteur sou oorgaan en dat die erfgenaam die posisie van ’n *residuary legatee* sou bekleed, was daar ook ’n neiging om Romeins-Hollandse reg ten opsigte van die regsposisie van die erfgenaam toe te pas. Die gevolg was dat die gewysdes mekaar weerspreek sonder dat daar in die

---

<sup>79</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 131.



uitsprake aanduidings is dat die regters besef het dat hulle uitsprake onversoenbaar is.

- (v) 'n Mens tref ook *dicta* aan waarvolgens die boedel self aan die regsverkeer sou deelneem.
- (vi) Sedert 1890 is die erfgenaam nie meer as 'n opvolger in die boedelverpligtinge beskou en behandel nie met die gevolg dat die erfgenaam nie meer deur die boedelskuldeisers op grond van die oorspronklike gedingsgrond aangespreek kon word nie, maar slegs met die *condictio indebiti*.
- (vii) Ten spyte daarvan dat die erfgenaam nie na 1890 meer as 'n opvolger in die verpligtinge behandel is nie, is hy na daardie datum in verskeie uitsprake steeds as 'n *ipso jure*-opvolger in die boedelbates beskou."

Van Zyl<sup>80</sup> kom dan tot die gevolgtrekking dat daar tans in die Suid-Afrikaanse erfreg nie meer sprake is van universele erfopvolging deur die erfgenaam nie.

Dit is duidelik uit die voorafgaande dat die metode van erfopvolging in werklikheid die basis vir enige boedelbeplanning uitmaak. Vanweë die historiese ontwikkeling van die metode van erfopvolging is dit duidelik dat boedelbeplanning, binne die konteks van die Suid-Afrikaanse reg, eers na uitkristallisering van die

---

<sup>80</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 257.

regsposisie ten aansien van die metode van erfopvolging teoreties gefundeer kon word ten einde daarvandaan verder te ontwikkel.

## **2.2 Die teoretiese grondslag van die begrip boedelbeplanning**

### **2.2.1 Agtergrond**

Alhoewel daar in die Suid-Afrikaanse regsliteratuur relatief min aandag aan die onderwerp van boedelbeplanning bestee word, is dit nogtans vir doeleindes van hierdie studie belangrik om die vakdissipline se teoretiese grondslag te probeer bepaal. Bobbert<sup>81</sup> skryf die belangrikste probleem vir die Suid-Afrikaanse juris in dié verband daaraan toe dat die interdisiplinêre aard van boedelbeplanning nie behoorlik verreken word nie. Verder meld hy dat boedelbeplanning veelal beskou word as 'n aspek van belastingvermyding.

Beskikbare literatuur oor die onderwerp van boedelbeplanning ondersteun gemelde stellings van Bobbert. Van die literatuur handel dan ook hoofsaaklik oor sekere praktiese aspekte van boedelbeplanning. In ander literatuur word daar weer dikwels losweg na boedelbeplanning as bloot boedelbelastingbeplanning verwys.<sup>82</sup> Gevolglik het die teorie van boedelbeplanning tot dusver ongelukkig nog nie die aandag ontvang wat dit verdien nie.

---

<sup>81</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 3.

<sup>82</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 3 – 5.



Farr<sup>83</sup> bied egter die volgende nuttige aanknopingspunt vir die uitbouing van boedelbeplanning as selfstandige vakdissipline:

“As endless in its facets as mankind in its characteristics and peculiarities, and exactly as interesting, the estate plan is far too worthwhile as an intellectual exercise to be made dependent upon tax quirks and loopholes; and it deserves to be conjoined with a motive far more noble than mere tax economics. The philosophical approach of the draftsman and adviser is all important. His first task is to make certain of his philosophy and of his fundamental respect for his own creation.”

Bobbert<sup>84</sup> dui dan ook aan dat boedelbeplanning deur wetenskaplike navorsing wel tot 'n volwaardige en selfstandige spesialiteitsveld kan ontwikkel.

---

<sup>83</sup> Farr *An Estate Planner's Handbook* 13 – 14.

<sup>84</sup> Bobbert “Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning” 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 10.

Hy bevestig dat wye regskenis en vaardighede onontbeerlik is vir die juris wat boedelbeplanning beoefen maar dui ook aan dat 'n boedelbeplanning verder vanuit die oogpunt van strategiese sakebeplanning beskou behoort te word.

### 2.2.2 Die omskrywing van die begrip "boedel"

Bobbert<sup>85</sup> toon tereg aan dat die Engelsregtelike eweknie van die woord "boedel", naamlik *estate*, 'n feodale herkoms het en dat grond in daardie tyd juridies aan die Koning behoort het met slegs beperkte gebruiksregte ten gunste van die burgers. Sodanige beperkte reg het dan as *estate* bekend gestaan.

Olivier<sup>86</sup> wy 'n hoofstuk van sy studie, in navolging van Bobbert, aan die grondlyne van boedelbeplanning en onderskei ook tussen die begrippe "boedel" en "beplanning". Hy skaar hom dan by Van der Merwe en Rowland<sup>87</sup> se verduideliking van die begrip boedel:

"Hoewel soms verklaar word dat die boedel van 'n oorledene vererf, gaan so 'n stelling, wat ons hedendaagse Suid-Afrikaanse erfreg betref, nie op nie. 'n Boedel bestaan trouens uit bates en laste. Volgens moderne erfopvolging gaan 'n oorledene se laste nie op die bevoorreedes oor nie – slegs sy bates."

---

<sup>85</sup> *Ibid.*

<sup>86</sup> Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 7.

<sup>87</sup> Van der Merwe & Rowland *Die Suid-Afrikaanse Erfreg* 1. Sien ook Cooke *Estate and Succession Duties* 5.



Volgens die Suid-Afrikaanse erfreg bestaan 'n persoon se boedel dus uit al sy bates en laste. Die begrip bates en laste word egter in besonder verder deur wetgewing gekwalifiseer. Benewens die feit dat 'n persoon se bates al die eiendom uitmaak waarvoor hy beskik, word eiendom in die Boedelbelastingwet<sup>88</sup> omskryf as enige reg op goed, hetsy roerend of onroerend, liggaamlik of onliggaamlik. Gevolglik sluit dit ook 'n fidusiêre reg, vruggebruik of ander soortgelyke reg of eiendom in.<sup>89</sup> Artikel 3(3) van die Boedelbelastingwet<sup>90</sup> maak voorts ook voorsiening vir sekere bates wat geag word die eiendom van die oorledene te gewees het, welke bates ook sekere soorte langtermynversekeringspolis, uittredingannuïteite, fondsvoordele en skenkings insluit. Vir beplanningsdoeleindes is dit ook van belang om daarop te let dat artikel 7(7)(a) van die Wet op Egskeiding<sup>91</sup> ook voorsiening maak dat 'n persoon se pensioenbelang, soos gedefinieer in wetgewing, vir doeleindes van 'n egskeidingsgeding geag word 'n bate van sy boedel te wees in geval van sekere huweliksgoederebedelings.

---

<sup>88</sup> Wet 45 van 1955.

<sup>89</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 10.

<sup>90</sup> Wet 45 van 1955.

<sup>91</sup> Wet 70 van 1979.

Vanuit 'n boedelbeplanningsoogpunt is dit van belang om in gedagte te hou dat die reëls wat op die boedelberedderingsproses van toepassing is, vereis dat die oorledene se skulde eers betaal moet word alvorens die bates onder sy erfgename verdeel word.<sup>92</sup>

### 2.2.3 Die omskrywing van die begrip "beplanning"

Alhoewel die begrip "beplanning" al op verskeie wyses gedefinieer is, kom dit volgens Bobbert<sup>93</sup> hoofsaaklik daarop neer dat dit die proses is waardeur daar na die toekoms gekyk word en verskillende moontlike alternatiewe handelswyses ontdek word. Hy voer dan ook aan dat dit 'n besondere manier is waarop besluite geneem word.

Die *Financial Planning Institute* (FPI) van Suid-Afrika omskryf boedelbeplanning soos volg:

"The purpose of succession planning is to ensure that a client realises his or her wishes to benefit his dependants, progeny and/or other chosen beneficiaries in a manner that is in accordance with his or her intentions. Estate planning, which embraces succession planning, is directed at planning around the death of the client and seeks to ensure that succession takes place in a way that minimises taxes and costs, and adequately protects the assets being passed on."<sup>94</sup>

---

<sup>92</sup> Boedelwet 66 van 1965.

<sup>93</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 10.

<sup>94</sup> Botha, Geach, Goodall & Rossini *South African Financial Planning Handbook 2004* 531 – 532.



Volgens die FPI bestaan die finansiële beplanningsproses uit die volgende ses stappe:<sup>95</sup>

- (a) "establishing and defining a professional relationship;
- (b) gathering data, including goals;
- (c) analysing and evaluating your financial status;
- (d) developing and presenting financial planning recommendations and alternatives;
- (e) implementing the financial planning recommendations;
- (f) monitoring the financial planning recommendations."

Koontz en O'Donnell<sup>96</sup> omskryf beplanning soos volg:

"Planning is deciding in advance what to do, how to do it, when to do it, and who is to do it. Planning bridges the gap from where we are to where we want to go. It makes it possible for things to occur which would not otherwise happen. Although the exact future can seldom be predicted and factors beyond control may interfere with the best-laid plans, without planning, events are left to chance. Planning is an intellectual process, the conscious determination of courses of action, the basing of decisions on purpose, facts and considered estimates."

---

<sup>95</sup> [www.fpi.co.za](http://www.fpi.co.za). Sien ook [www.fpi.co.za/advice/introduction/planning\\_process.htm](http://www.fpi.co.za/advice/introduction/planning_process.htm)

<sup>96</sup> Koontz & O'Donnell *Management – Assistance and Contingency Analysis of Managerial Functions* 129.

Volgens Stuart en Olivier<sup>97</sup> is 'n beplanning 'n vooraf besinning wat die implementering van enige aktiwiteit voorafgaan. Hulle voer aan dat 'n persoon by boedelbeplanning besin oor iets wat vorentoe met sy boedel moet gebeur.

Thierauf, Geeding & Klekamp<sup>98</sup> se omskrywing van beplanning lui:

“Planning is an analytical process which encompasses an assessment of the future, the determination of desired objectives in the context of the future, the development of alternative courses of action to achieve such objectives and the selection of a course or courses of action from among these alternatives.”

Olivier<sup>99</sup>, in navolging van Bobbert, onderskei tereg tussen taktiese en strategiese beplanning deur te vermeld dat die aard van taktiese beplanning eenmalig is, terwyl strategiese beplanning meer deurlopend van aard is. Met betrekking tot strategiese beplanning verdien die volgende opsomming van Bobbert<sup>100</sup> egter vermelding:

- “1. 'n *Eksterne waardasie*, dit wil sê al die moontlikhede, beperkings en bedreigings wat reeds bestaan of wat voorsien mag word, word geëvalueer. Dit val buite die

---

<sup>97</sup> Stuart & Olivier *Testamente en Boedelbeplanning* hfst 1; Jordaan *Saamboerdery en Erfopvolging in die Landbou* 8; Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 19 en 23; Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 5 – 6.

<sup>98</sup> Thierauf, Geeding & Klekamp *Management Principles and Practices: A Contingency and Questionnaire Approach* 206.

<sup>99</sup> Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 5.

<sup>100</sup> Bobbert “Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning” 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 14.



onderneming, maar binne die omgewing waarin die onderneming funksioneer.

2. *Interne waardasie*, wat weer betrekking het op die onderneming self. Die sterktes en swakhede van die firma ten opsigte van prestasies van die verlede en ook op die huidige, word geëvalueer.
3. Hierna is daar 'n *identifikasie van doelstellings*, waardes en ondernemingspersoonlikheid. Dit toon wat die onderneming wil bereik en dui ook aan die riglyne van bestuursvoorkeur en waardes.
4. Die *formulering van die geleentheidsruimte*, roeping, domein of begrip van die onderneming, en die strategiese plan wat punte 1,2 en 3 hierbo in aanmerking neem. Hier word die breë strategiese plan geformuleer.
5. Die verskillende *aanvullende planne* word nou in meer detail opgestel. Daar word aangedui hoedat dit in *werking gestel* moet word en hoedat die resultate *gemeet* kan word.
6. Die finale stap is 'n *herwaardering*, wat impliseer dat die proses as geheel of gedeeltelik, voortdurend,

periodiek of op 'n kritieke stadium heroorweeg en op datum gebring word."

Bobbert<sup>101</sup> is die mening toegedaan dat die boedelbeplanningsproses op dieselfde wyse ingekleur behoort te word, met 'n variasie op die inhoud van die ses stappe ten aansien van die boedelbeplanningsproses aangesien die aard daarvan effens anders as die algemeen bedryfsmatigbeplande beplanningsproses is.

#### 2.2.4 Die begrip "boedelbeplanning"

Sommige skrywers het die weg wat Bobbert met sy gemelde artikel gebaan het, gevolg met verdere nuttige bydraes in regstydskrifte. Ook enkele handboeke oor die onderwerp het daarna die lig gesien.<sup>102</sup>

Dit blyk hieruit dat die begrip boedelbeplanning op verskillende wyses deur skrywers uitgelê word en dat verskillende definisies van die begrip gegee word. Ten einde die begrip vir doeleindes van hierdie studie na behore uit te lê, is dit belangrik om die verskillende beskouings daarvan te ontleed.

Volgens De Kock, King, Ondendaal, Victor en Whitehead<sup>103</sup> word daar tereg 'n onderskeid tussen boedelbeplanning in 'n enger sin en

---

<sup>101</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 15.

<sup>102</sup> Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning*; De Villiers, Henning, Gardener, Van Wyk & Swart *Trusts en Boedelbeplanning*; Schoeman, Swart, Van Gass, Van der Spuy, Van der Westhuizen & Van Dyk *Boedels – Beplanning en Bereddering*; Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning*; Davis & Urquhart *South African Estate Planning*; Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning*; De Kock, King, Ondendaal, Victor & Whitehead *Momentum Law and Estate Planning Easyguide*.

<sup>103</sup> De Kock, King, Odendaal, Victor & Whitehead *Momentum Law and Estate Planning Easyguide* 4 – 5.



boedelbeplanning in 'n wyer sin getref. Hulle omskryf boedelbeplanning in 'n enger sin as die beplanning van 'n erflater se boedel met die fokus op die gebeurlikheid van die persoon se dood. In 'n wyer sin is dit volgens hulle die beplanning van 'n persoon se boedel ten opsigte van sy hele leeftyd, insluitende die gebeurlikheid van sy dood.

Meyerowitz<sup>104</sup> definieer boedelbeplanning soos volg:

“The arrangement, management and securement and disposition of a person’s estate so that he, his family and other beneficiaries may enjoy and continue to enjoy the maximum from his estate and his assets during his lifetime and after his death, no matter when death may occur.”

Van der Westhuizen<sup>105</sup> verskaf die volgende raak omskrywing van boedelbeplanning:

“Estate planning is the process through which the juridical, financial, economical, social, psychological and other needs of a person (the estate owner) with regard to his estate and in relation to himself, his family and beneficiaries during his lifetime and in contemplation of death is determined and planned, which involves the deciding in advance by the estate owner of what to do with his assets and liabilities (determining the *inter vivos* and

---

<sup>104</sup> Meyerowitz “Estate and Tax Planning” *The Taxpayer* XIV 1 1.

<sup>105</sup> Van der Westhuizen *The Right Tool makes all the Difference* 2.

*mortis causa* needs referred to above and setting the goals), how to do it (namely, which estate planning tools are to be used), when to do it (for example upon marriage when selecting a matrimonial property system) and who to do it (namely which member/s of the estate planning team is to render assistance)."

Dit is dus duidelik dat Van der Westhuizen 'n holistiese beskouing het van die begrip boedelbeplanning in 'n wyer sin.

Soos vermeld, onderskei Olivier<sup>106</sup> ook tussen die begrippe "boedel", "beplanning" en dan die gekombineerde begrip "boedelbeplanning", ten einde aan te toon wat onder boedelbeplanning verstaan behoort te word. Hy meld dan ook dat alhoewel boedelbeplanning 'n praktiese begrip is, dit wel teoreties verklaar kan word. Dit is egter belangrik dat die teorie in die praktyk uitkristalliseer. Hy beskou boedelbeplanning as 'n afdeling van die regs wetenskap wat aangehak kan word by toegepaste regs wetenskap. Ter opsomming meld hy dat boedelbeplanning betrekking het op die bymekaarmaak, die benutting en die verdeling van bates na 'n persoon se dood:<sup>107</sup>

"Dit behels 'n evaluering van die bestaande toedrag van sake wat tydens die lewe van die boedeleienaar geld ten einde te

---

<sup>106</sup> Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* hfst 1.

<sup>107</sup> Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 14.



verseker dat die bymeekaarmaak en genieting op 'n ordelike en verantwoordelike wyse geskied:

- 'n evaluering van die toekoms, ten einde te verseker dat die verdere uitbouing van die boedelbates eweneens ordelik verloop;
- 'n evaluering van die posisie wat na die boedeleienaar se dood sal intree, gekoppel aan 'n finale beskikkingsplan wat ordelik en sonder onnodige probleme in werking gestel kan word".

Hy is ook van mening dat boedelbeplanning 'n werksveld is wat oor verskeie vakrigtings strek. Hierby voeg hy dat dit nie 'n suiwer juridiese aangeleentheid is nie maar dat dit tog meer om die lyf het as net 'n terloopse kennis van verskeie fasette van die reg. Hy meld tereg dat dit nie moontlik is om werklik met insig 'n boedelbeplanning te onderneem sonder dat die beplanner ten minste behoorlik in die reg onderlê is nie.<sup>108</sup>

Dit is voorts ook duidelik dat menslike en sielkundige faktore vir elke boedeleienaar van wesenlike belang is.<sup>109</sup> Dit is dan ook belangrik om daarop te let dat die erflater 'n unieke individu met spesifieke behoeftes is wat in ag geneem behoort te word tydens die

---

<sup>108</sup> Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 9.

<sup>109</sup> Van der Westhuizen *The Right Tool makes all the Difference* 7; Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 18

boedelbeplanningsproses. Van der Westhuizen<sup>110</sup> voer aan dat die boedelbeplanner, benewens kennis van die regsbeginsels van die toepaslike vakgebiede, ook van die ekonomiese, finansiële, sosiale en psigologiese wetenskappe kennis moet neem. Volgens hom moet al hierdie fasette gekombineer word in 'n proses wat as beplanning bekend staan. Indien hierdie proses strategies uitgevoer word, kan dit inderdaad as 'n wetenskap in eie reg beskou word.

Bobbert<sup>111</sup> meld dat, vir doeleindes van boedelbeplanning, die verskillende vakonderwerpe nie in isolasie gesien behoort te word nie. Die sisteembegrip moet toegepas word sodat die wyer doel van boedelbeplanning meer effektief bewerkstellig kan word as wat moontlik sou wees indien die komponente in isolasie beskou sou word. Hy voer aan dat die verskillende komponente as 'n geheel dan boedelbeplanning uitmaak. Volgens hom vereis die sisteembenadering van boedelbeplanning die oorweging van die boedel as 'n inskakeling van 'n verskeidenheid besluitnemingssubsteme. Ten einde 'n strategiese sisteembenadering bekend te stel, gee hy aandag aan vrae soos wie die boedelbeplanning moet doen, presies wat daaronder verstaan word asook wat die proses behels. Die antwoorde op gemelde vrae sal noodwendig ook binne die konteks van hierdie studie na vore kom.

---

<sup>110</sup> Van der Westhuizen *The Right Tool makes all the Difference* 7.



Indien die begrippe "boedel" en "beplanning" eers afsonderlik beskou sou word (met die oog op 'n latere kombinasie ten einde 'n holistiese beeld daarvan te vorm), dan blyk dit dat die begrip "boedel" binne die vakdissipline van die erfreg val en ook verwante vakgebiede aanraak.<sup>112</sup> Die begrip "beplanning" behoort dan binne die vakdissipline van strategiese beplanning<sup>113</sup> geplaas te word en dit sal noodwendig ook verwante vakgebiede soos finansiële beplanning<sup>114</sup> aanraak.

Die daaropvolgende kombinasie van die begrippe "boedel" en "beplanning" ten einde die begrip "boedelbeplanning" te vorm, sal dus 'n ondersoek noop na die toepaslike grondbeginsels en metode van erfopvolging asook die toepaslike reëls van die Suid-Afrikaanse erfreg en die grondbeginsels van strategiese beplanning en die toepaslike reëls van die vakgebied van finansiële beplanning. Aangesien hierdie begrippe egter nie beperk is tot gemelde vakdissiplines nie, sal die ondersoek vir doeleindes van hierdie studie noodwendig ook wyer

---

<sup>111</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 17 – 19.

<sup>112</sup> Van der Westhuizen *The Right Tool makes all the Difference* 1 – 7.

<sup>113</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 13 – 17; Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 7.

<sup>114</sup> Botha, Geach, Goodall & Rossini *South African Financial Planning Handbook 2004* 351 – 881.

uitkring na sekere van die ander vakdissiplines, in soverre dit toepaslik sou wees.<sup>115</sup>

### **2.3 Die verskillende rolspelers betrokke by die boedelbeplanningsproses**

In aansluiting by die strategiese sisteembenadering en met inagneming van die multidissiplinêre aard van die vakdissipline boedelbeplanning, word daar vervolgens aandag geskenk aan die verskillende rolspelers wat by die boedelbeplanningsproses betrokke behoort te wees.

#### 2.3.1 Die boedelbeplanner (of boedelbeplanningspan)

Die juris wat homself as 'n geskikte kandidaat vir die rol van 'n boedelbeplanner beskou, behoort oor 'n intieme kennis van minstens die volgende vakgebiede te beskik:<sup>116</sup>

- (a) die metode van erfopvolging en die reëls van die Suid-Afrikaanse erfreg, insluitende die boedelberedderingsproses en die wetgewing wat die proses reguleer;
- (b) die belastingreg, waarby inbegrepe toepaslike wetgewing ten aansien van inkomstebelasting, boedelbelasting, skenkingsbelasting en kapitaalwinsbelasting;

---

<sup>115</sup> Sien *infra* hfst 3 – 8.

<sup>116</sup> Van der Westhuizen *The Right Tool makes all the Difference* 2 – 7.



- (c) die reg ten aansien van verskillende ondernemingsvorme, waarby inbegrepe maatskappye, beslote korporasies en vennootskappe;
- (d) die persone- en familiereg, waarby inbegrepe toepaslike wetgewing ten aansien van huweliksgoederebedelings, egskedings en onderhoudsaangeleenthede;
- (e) die sakereg;
- (f) die kontraktereg;
- (g) die trustreg;
- (h) die versekeringsreg en kennis van beleggings en versekeringsmoontlikhede;
- (i) rekeningkundige vaardighede en die vermoë om finansiële state te ontleed;
- (j) die insolvensiereg;
- (k) strategiese sakebeplanningsvaardighede; en
- (l) finansiële beplanningsvaardighede.

Alhoewel 'n regspraktisyn<sup>117</sup> met 'n akademiese agtergrond en

---

<sup>117</sup> Sien *infra* 2.3.3.1.

praktiese ervaring (veral met betrekking tot die Suid-Afrikaanse erfreg) waarskynlik die ideale kandidaat behoort te wees om as boedelbeplanner op te tree, sal sodanige praktisyn sy bestaande kennis en kundigheidsvlak egter verder moet uitbrei, soos aangetoon. In die tussenperiode kan sodanige praktisyn ander kundiges en spesialiste by 'n betrokke boedel-beplanningsproses betrek tot tyd en wyl sy kennis sodanig uitgebrei het dat hy in staat is om die gemelde proses op sy eie te onderneem.

Skrywers<sup>118</sup> betoog meestal vir die aanstelling van 'n span deskundiges en spesialiste ten einde 'n boedelbeplanning vir 'n betrokke erflater doeltreffend te onderneem. Daar word dikwels in die praktyk gebruik gemaak van 'n boedelbeplanningspan. Ten einde effektief in sodanige spanverband te kan funksioneer, behoort daar 'n behoorlike en toepaslike rolverdeling ten opsigte van die verskillende kundiges en spesialiste te wees, na gelang van elk se kundigheidsveld.

In dié verband word die volgende geldige opmerking deur Mortimer<sup>119</sup> gemaak:

"To this writer it seems self-evident that the public is best served if the accountant, the banker and the life insurance salesman are permitted to give general recommendations in the area of estate

---

<sup>118</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 3; Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 11; Van der Westhuizen *The Right Tool makes all the Difference* 3.

<sup>119</sup> Mortimer *Estate Planning: Whose Sacred Domain?* 18.



planning so as to motivate the client to consult with his attorney with respect to these problems in order to arrive at a final resolution and to execute the necessary documents which, of course, must be prepared by the client's attorney in order to effectuate the solution to these problems."

### 2.3.2 Die erflater (boedeleienaar)

Die erflater is die boedeleienaar en indien die persoon binne gemeenskap van goedere getroud is, dan sluit dit ook sy gade as mede-eienaar van die gemeenskaplike boedel in. Die erflater se behoeftes, wense en doelstellings is die primêre uitgangspunt vir enige beplanning wat onderneem word.<sup>120</sup> Die kundiges en spesialiste moet die erflater deurentyd wys op die impak van sy behoeftes, wense en doelstellings binne die raamwerk van die reëls van die Suid-Afrikaanse erfreg en die verwante vakgebiede wat ter sprake is.<sup>121</sup>

Die erflater is die sleutelfiguur in die beplanningsproses, afgesien van die tegniese leiding ter sprake. Soos vermeld, loop die boedelbeplanningsproses eventueel uit op 'n testament as instrument om die erflater se finale boedelplan met betrekking tot sy boedelbates te dokumenteer vir latere implementering.<sup>122</sup>

---

<sup>120</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 5.

<sup>121</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 3 – 10.

<sup>122</sup> Stuart & Olivier *Testamente en Boedelbeplanning* 1; Jordaan *Saamboerdery en Erfopvolging in die Landbou* 8; Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 1 en 19.

### 2.3.3 Ander kundiges en spesialiste

#### 2.3.3.1 Die prokureur

Die erflater se prokureur is die sleutelpersoon in hierdie proses en indien hy boonop oor die verlangde kundigheid beskik wat van hom vereis word, veral met betrekking tot die vermelde vakdisipline van boedelbeplanning, is hy waarskynlik die kandidaat wat die beste toegerus is om die beplanning te onderneem en/of te koördineer.<sup>123</sup>

In die besonder moet hy onder andere die bestaande situasie analiseer, aanbevelings vir verbeterings en veranderings doen, planne oorweeg ten aansien van skenkings en verkooptransaksies sowel as ander take soos die herorganisasie van ondernemings, die opstel van aandeelhouders- en vennootskapsooreenkomste asook skenkingsaktes en verkoopkontrakte verrig.<sup>124</sup>

Hy is dan ook die geskikte kandidaat om uiteindelik die boedelplan saam te stel en dit te implementeer deur die erflater se wense na aanleiding van die boedelplan in 'n regsgeldige testament te vergestalt, toepaslike trustaktes op te stel en in die algemeen boedel- en belastingverwante advies te verleen. Die prokureur se tegniese taalvaardighede is ook van belang ten einde die toepaslike dokumentasie so te verwoord dat dit aan juridiese vereistes

---

<sup>123</sup> Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 12.

<sup>124</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 7.



voldoen.<sup>125</sup> Hy sal ook verskeie elemente moet koördineer en noodwendig deels staatmaak op die raad en advies van ander kundiges en spesialiste in die span.

#### 2.3.3.2 Die rekenmeester

Aangesien die rekenmeester normaalweg die erflater se finansiële posisie jaarliks oudit en inkomstebelastingopgawes op grond van gemelde analise vir hom voorberei, is hy 'n kenner van die finansiële posisie van die erflater.<sup>126</sup> Die rekenmeester is voorts 'n kundige op die gebied van finansiële beplanning en gevolglik kan sy insette waardevol wees gedurende die boedelbeplanningsproses. Prokureurs is nie noodwendig kundiges op die gebied van die ontleding van finansiële state nie. Dus sou kruisbestuiwing<sup>127</sup> vanaf die rekenmeester waarskynlik waardevol wees.

Die vele regskwessies wat in die boedelbeplanningsproses ter sprake kom, maak die betrokkenheid van die prokureur egter steeds onontbeerlik.

#### 2.3.3.3 Die finansiële adviseur

Die Wet op Finansiële Adviseurs en Tussengangersdienste<sup>128</sup> vereis tans dat finansiële adviseurs hulself bekwaam deur opleiding te ondergaan en eksamens af te lê ten aansien van 'n

---

<sup>125</sup> *Ibid.*

<sup>126</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 8.

<sup>127</sup> Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 12.

<sup>128</sup> Wet 37 van 2002.

lisensiëringsprogram, ten einde na behore gekwalifiseer<sup>129</sup> te wees en dienooreenkomstig te registreer by die owerheid om kliënte van toepaslike en betroubare finansiële advies te voorsien.<sup>130</sup> Die *Financial Planning Institute* (FPI) van Suid-Afrika, 'n organisasie wat internasionaal geaffilieerd is met die *Financial Planning Institute of the United States of America*, bied dan ook professionele eksamens op onder andere die terrein van finansiële beplanning en langtermyn lewensversekering aan. Indien 'n finansiële adviseur hierdie eksamens slaag en aan die gemelde instituut se vereistes en praktykskodes voldoen, word sodanige finansiële adviseur deur die instituut as 'n *Certified Financial Planner* (CFP) gesertifiseer.<sup>131</sup>

Die finansiële adviseur kan dan as 'n kundige op die gebied van finansiële beplanning beskou word en sy rol en funksie is onder andere om bestaande polisse te ontleed, behoeftes en leemtes te identifiseer en wysigings aan die bestaande versekeringsportefeulje van die kliënt te oorweeg en die kliënt dan van toepaslike en betroubare advies met betrekking tot lewensversekeringsprodukte te bedien. Die betrokke finansiële adviseur moet verkieslik ook 'n beleggingskundige wees ten einde die toepaslike behoeftebepalings

---

<sup>129</sup> Sien die webruimte [www.inseta.org.za](http://www.inseta.org.za) vir doeleindes van die klassifisering van finansiële adviseurs se kwalifikasies.

<sup>130</sup> Art 13 van die Wet op Finansiële Adviseurs en Tussengangersdienste 37 van 2002. Sien ook Oosthuizen W "The Makings of a 'Fit and Proper' Industry" 2004 *FPI Blue Chip Journal* 8 70.

<sup>131</sup> [www.fpi.co.za](http://www.fpi.co.za).



vir die kliënt te kan doen en hom dus ook van toepaslike en betroubare beleggingsadvies te kan bedien.<sup>132</sup>

Die rol van langtermyn lewensversekering is van wesenlike belang by die boedelbeplanningsproses.<sup>133</sup> Lewensversekering is 'n goedkoop en doeltreffende metode om 'n likiditeitsprobleem uit die weg te ruim en ook om voorsiening te maak vir die beskikbaarstelling van fondse vir die versorging van die gesin by die afsterwe van die erflater. In die besonder kan lewensversekeringsprodukte ook fondse beskikbaar stel vir eksekuteursvergoeding, boedeluitgawes, boedelskulde, boedel-belastingheffings, kapitaalwinsbelasting en legaatbemakings (indien toepaslik). Die finansiële adviseur kan ook as 'n kundige ten aansien van die aard, omvang en werking van lewensversekeringsprodukte beskou word. Gevolglik behoort sy insette tydens die beplanningsproses ook waardevol te wees.

#### 2.3.4 Die erfgename

Indien die erflater daartoe toestem, kan dit ook sinvol wees om die erflater se erfregtelike begunstigdes by die boedelbeplanningsproses

---

<sup>132</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 9.

<sup>133</sup> Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 12 – 13. Sien ook Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 8.

te betrek of om minstens sekere aspekte van die beplanning met hulle te bespreek. Sodanige voorafkennis sou die implementering van die boedelplan in sekere omstandighede aansienlik vergemaklik, byvoorbeeld in gevalle waar die bevoordeling aan 'n verpligting vir die betrokke erfgenaam gekoppel word. Sommige erflaters verkies egter om die boedelplan geheim te hou, in welke geval die erfgename nie vooraf betrek sal kan word nie.

## **2.4 Die boedelbeplanningsproses**

Hierdie studie sal duidelik aantoon dat, alhoewel boedelbeplanning op 'n gegewe tydstip vir 'n erflater gedoen word, dit inderwaarheid 'n voortdurende proses is. 'n Bepaalde plan moet naamlik deurlopend hersien word met inagneming van wysigings in die reëls van die erfreg, die erflater se behoeftes, wense en doelstellings asook sy finansiële posisie.<sup>134</sup>

Boedelbeplanning bestaan dus nie uit geïsoleerde en onverwante optredes nie.<sup>135</sup> Die volgende uiteensetting konstateer myns insiens die ideale boedelbeplanningsproses.

---

<sup>134</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 17 – 20. Sien ook Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 13 – 15; Dawson *Estate Planning Guide* 1.

<sup>135</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 17.



#### 2.4.1 Eerste fase: eksterne waardering

'n Besondere multidissiplinêre voorafkennis van die boedelbeplanner (of boedelbeplanningspan) word ten aansien van hierdie fase vereis.<sup>136</sup> Bobbert<sup>137</sup> vermeld in dié verband dat die owerheid met die aanname van nuwe wetgewing van tyd tot tyd die belangrikste deel van die omgewing beïnvloed wat op die erflater betrekking het. Dit veronderstel dat die boedelbeplanner (of boedelbeplanningspan) voortdurend op hoogte moet wees met betrekking tot wetswysigings ten einde die maksimum voordeel deurentyd aan die erflater te laat toekom. Voorts moet die algemene finansiële klimaat uiteraard ook nie uit die oog verloor word nie.<sup>138</sup> Hierdie kan dus as 'n voorbereidingsfase beskou word.

#### 2.4.2 Tweede fase: interne waardering

Hierdie fase behels 'n behoorlike analise van die erflater se bates en laste in persoonlike verband sowel as in gesinsverband.<sup>139</sup> Benewens die bates soos per balansstaat, is daar ook geagte bates wat kragtes wetgewing in ag geneem moet word.<sup>140</sup> Voorts moet die aard, omvang, struktuur en betalingswyses van aftree-, pensioen-, voorsorg-, en bewarings-fondsvoordele asook groepskemavordele,

---

<sup>136</sup> Sien *supra* 2.3.1.

<sup>137</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 17.

<sup>138</sup> *Ibid.*

<sup>139</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 17. Sien ook Olivier *Praktiese Boedelbeplanning* 5 en 15 – 23; Dawson *Estate Planning Guide* 33 – 71.

<sup>140</sup> *Ibid.*

insluitende belasting-implikasies,<sup>141</sup> vir hierdie doel in ag geneem word. Voormelde veronderstel dat 'n volledige inventaris van die erflater se boedel, verkieslik na oorlegpleging met 'n rekenmeester, verkry behoort te word.

#### 2.4.3 Derde fase: identifisering van die behoeftes, wense en doelstellings van die erflater

Vervolgens moet die behoeftes, wense en doelstellings van die erflater bepaal word. Dit is immers die primêre uitgangspunt vir enige beplanning.<sup>142</sup>

Besparings is inderdaad sekondêr van aard. In navolging van Bobbert se siening, word aan die hand gedoen dat die volgende doelstellings uiteraard 'n rol in hierdie verband speel:<sup>143</sup>

- (a) die beskikbaarstelling van fondse ten einde 'n inkomste aan die gesin en afhanklikes te voorsien by dood van die erflater;
- (b) vermyding van twis en ontevredenheid in die familiegroep en onder erfgename;

---

<sup>141</sup> Inkomstebelastingwet 58 van 1962.

<sup>142</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 5.

<sup>143</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 17. Sien ook Dawson *Estate Planning Guide* 33 – 71.



- (c) die beskikbaarstelling van voldoende fondse om die boedel likied te hou (dus om aan al die verpligtinge en uitgawes te voldoen sodat daar uitvoering aan die erflater se wense verleen kan word);
- (d) die fasilitering van kontinuïteit in die erflater se sakeonderneming (sou daar een wees);
- (e) die vermyding van die fragmentasie van die boedel;
- (f) belastingbesparing vir die erflater asook sy erfopvolgers;
- (g) besparing van verdere boedelbelasting in die boedel van langslewendes; en
- (h) beskerming en bewaring van fondse en beleggings ten opsigte van minderjariges.

Die individuele persoonlikheid van die erflater moet uiteraard in ag geneem word en sy behoeftes, wense en doelstelling moet te alle tye verreken word.<sup>144</sup>

#### 2.4.4 Vierdie fase: proefberedding van die boedel

Die enigste doeltreffende wyse waarop die bestaande voorsienings en aanvanklike boedelplan na aanleiding van die behoeftes, wense en doelstellings van die erflater getoets kan word, is deur 'n proefberedding van die boedel met inagneming van die reëls van die

---

<sup>144</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 18. Sien ook Dawson *Estate Planning Guide* 31 – 32; Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 15 – 23; Van der Westhuizen *The Right Tool makes all the Difference* 2 – 7.

Suid-Afrikaanse erfreg en die impak van belasting- en verwante wetgewing.<sup>145</sup> Hierdie kontrole is onontbeerlik vir enige boedelbeplanning en dit is van wesenlike belang dat die ontledingsmodel betroubaar en akkuraat gestruktureer is.

#### 2.4.5 Vyfde fase: identifisering van probleemareas

Gemelde proefberedding behoort duidelik die probleemareas (indien enige) ten opsigte van die boedelplan uit te wys. Indien die feite en omstandighede van so 'n aard is dat die behoeftes, wense en doelstellings van die erflater nie haalbaar is nie, behoort dit heronderhandel te word met die erflater, nadat die oorsake van die probleemareas aan die erflater uitgewys is. Daarna sal die hele proses herhaal moet word.<sup>146</sup>

#### 2.4.6 Sesde fase: oorbrugging van die strategiese gaping deur beskikbare boedelbeplanningstegnieke en -instrumente

Gedurende hierdie fase moet die erflater se huidige posisie bepaal word met inagneming van die resultaat van die proefberedding na aanleiding van fases een tot vier. Die verskil tussen die erflater se huidige posisie en die posisie waarin hy hom wil bevind, is die sogenaamde strategiese gaping.<sup>147</sup> Vervolgens behoort daar in oorleg

---

<sup>145</sup> Sien *infra* hfst 5.

<sup>146</sup> Sien *infra* hfst 5 – 7.

<sup>147</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 18



met die erflater 'n toepaslike boedelplan uitgewerk te word ten einde die gaping te oorbrug.<sup>148</sup>

#### 2.4.7 Sewende fase: die boedelplan

Sodra die gaping bepaal is, kan daar voortgegaan word met strategiese en finansiële beplanning.<sup>149</sup> Die beoogde boedelbeplanning word dan gedoen met die oog op die intrede van die dood asook ten aansien van die voortgesette nadoodse doelwitte soos die beskikbaarstelling van fondse ter versorging van die gesin.

Uiteraard sluit voordoodse beplanning handelinge *inter vivos*<sup>150</sup> en *mortis causa*<sup>151</sup> in.<sup>152</sup> Daar sal ook in die loop van hierdie studie stilgestaan word by die verskillende vorme wat hierdie planne kan aanneem.<sup>153</sup> Gedurende hierdie fase behoort finansiële aspekte ten aansien van alternatiewe planne ook getoets te word aan die hand van die erflater se wense en doelstellings. Voorts behoort die gebeurlikhede verreken te word en die impak daarvan behoort ook aan die erflater uitgewys te word.

<sup>148</sup> *Ibid.* Sien ook *infra* hfst 7.

<sup>149</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 18 – 19. Sien ook *infra* hfst 8.

<sup>150</sup> Die erflater kan sekere handelinge tydens sy lewe reeds verrig met die oog op 'n bepaalde voordeel ingeval van sy dood, bv die oprigting van 'n *inter vivos* trust, met die oog daarop om sekere van die erflater se boedelbates met 'n potensiaal vir vinnige groei gedurende die erflater se lewe oor te dra na die trust ten einde boedelgroei vas te pen en boedelbelasting daarop te bespaar.

<sup>151</sup> Die erflater kan sekere instrumente benut, soos bv 'n testamentêre trust en dan testamentêr 'n kontantlegaas aan sodanige trust bemaak vir die versorging van sy minderjarige kinders by sy dood.

<sup>152</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 19.

<sup>153</sup> Sien *infra* hfst 6.

2.4.8 Die herwaardering van die beplanning en implementering daarvan  
Herwaardering is die finale stap in enige beplanningsproses.<sup>154</sup> Enige veranderinge in die interne en eksterne omgewings sal noodwendig 'n rimpel-effek op die boedelplan meebring. Uiteraard sal enige veranderinge ten aansien van die behoeftes, wense en doelstellings van die erflater op 'n soortgelyke wyse op die boedelplan impakteer.

Aangesien erflaters se omstandighede en ook die toepaslike wetgewing van tyd tot tyd verander, volg dit noodwendig dat dit belangrik is om die boedelplan voortdurend te hersien met die oog op verdere toekomstige aanpassings aan die boedelplan.<sup>155</sup> Indien 'n volledige boedelplan eers gedokumenteer is, behoort dit die voortdurende herwaardering van die beplanning aansienlik te vergemaklik en te bespoedig.

## 2.5 Samevatting

Die belangrikste bevindinge in hierdie hoofstuk kan soos volg saamgevat word:

- (a) Die metode van erfopvolging is die basis waaruit en vertrekpunt waarvandaan die vakdissipline boedelbeplanning ontwikkel het. Die erfgenaam ingevolge die Romeinse en Romeins-Hollandse erfreg was 'n universele erfopvolger en erfopvolging het 'n samesmelting van boedels met bepaalde gevolge teweeggebring.

---

<sup>154</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 19.

<sup>155</sup> Sien *infra* hfst 5 – 8.



Volgens die reëls van die Engelse erfreg word 'n bestorwe boedel gedurende die beredderingsproses as 'n afsonderlike vermoë met 'n eie subjek beskou. Alhoewel die Romeins-Hollandse erfopvolgingsreëls aanvanklik in Suid-Afrika geresipieër is, het die Engelse erfopvolgingsreëls met verloop van tyd 'n merkbare invloed op die denke van Suid-Afrikaanse juriste ten aansien van die metode van erfopvolging gehad. Dit het gelei tot 'n mate van verwarring in die Suid-Afrikaanse regspraak oor die regsposisie met betrekking tot die metode van erfopvolging. Verskillende wetgewers in Suid-Afrika het met verloop van tyd die erfgenaam se gemeenregtelike posisie genegeer. Daar is tans in die Suid-Afrikaanse erfreg nie meer sprake van universele erfopvolging deur die erfgenaam nie.<sup>156</sup>

- (b) Alhoewel boedelbeplanning 'n praktiese begrip is, kan dit wel teoreties verklaar word - maar die teorie kristalliseer in effek later weer in die praktyk uit. Voorts betaan daar sowel aanknopingspunte as 'n behoefte vir die uitbouing van boedelbeplanning as 'n selfstandige vakdissipline.<sup>157</sup>
- (c) Die vakdissipline boedelbeplanning is multidissiplinêr van aard.<sup>158</sup>

---

<sup>156</sup> Sien *supra* 1 – 1.4.

<sup>157</sup> Sien *supra* 2 – 2.4.

<sup>158</sup> Sien *supra* 2.4.

- (d) Daar is verskillende rolspelers betrokke by die beplanningsproses en elkeen verrig 'n bepaalde funksie.<sup>159</sup>
- (e) Die boedelbeplanningsproses bestaan uit 'n hele aantal fases en dit is 'n voortdurende proses.<sup>160</sup>
- (f) In aansluiting by die bevindige in hierdie hoofstuk, maar ook ter vooruitskouing van wat in die verdere hoofstukke volg, kan die volgende opmerking van Dawson<sup>161</sup> in gedagte gehou word:

“Estate planning is an inexact science; in fact it is not a science at all. It is more like a journey of exploration, where the traveller has a map with certain salient points clearly marked, but the territory to be traversed is strange and mysterious, the means of transportation unclear and the final destination speculative. As with the intrepid explorer, informed assumptions are the order of the day for the estate planner: assumptions as to the longevity of the subject, the order of death of his family, the durability of current legislation, the performance of the economy and specific sectors thereof, and many others, are the shifting sands that must be negotiated before an estate plan can take form.”

---

<sup>159</sup> Sien *supra* 3 – 3.4.

<sup>160</sup> Sien *supra* 4.1 – 4.8.

<sup>161</sup> Dawson *Estate Planning Guide* 1.



### HOOFSTUK 3

#### 3 DIE BOEDELBEREDDERINGSPROSES: 'N REGSVERGELYKEN- DE OORSIG

Soos reeds vermeld, word daar vir doeleindes van hierdie hoofstuk bloot stilgestaan by daardie basiese aspekte van die boedelberedderingsproses wat vir doeleindes van boedelbeplanning (binne die konteks van hierdie studie) van belang is, soos dit in sowel die Engelse as die Suid-Afrikaanse regstelsels voorkom. Die boedelberedderingsproses is immers die praktiese uitvoering van die boedelplan, hetsy dit die boedelplan van die erflater is of die boedelplan wat deur die reëls van intestate erfreg neergelê word.<sup>1</sup> Kennis van die boedelberedderingsproses is gevolglik onontbeerlik om die boedelbeplanningsproses suksesvol deur te voer.<sup>2</sup> Ten einde hierdie stelling doeltreffend te illustreer, is dit van belang om die beredderingsproses te beoordeel aan die hand van ooreenkomste en verskille tussen die beredderingsproses volgens die Engelse en Suid-Afrikaanse regstelsels, juis vanweë die feit dat die Engelse regstelsel

---

<sup>1</sup> Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 1-1 tot 1-3. Sien ook Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 19 en 23; Abrie, Graham, Schoeman & Van der Spuy *Estates: Planning and Administration* 139 en 170; Abrie, Graham, Schoeman-Malan & Van der Spuy *Deceased Estates* 1 – 3; Bouwer *Die Beredderingsproses van Bestorwe Boedels* hfst 1 en 18; Borkowski *Textbook on Succession* 1 – 37; Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* hfst 2. Sien ook *supra* 2.1.

<sup>2</sup> Sien ook Troost "Drafting Errors in Wills: Part 1" 2003 *Insurance and Tax* 18 2 25.

'n belangrike invloed op die Suid-Afrikaanse regstelsel in hierdie verband gehad het.<sup>3</sup>

### **3.1 Die posisie volgens die Engelse reg**

#### **3.1.1 Inleiding**

Die boedelberedderingsproses volgens die Engelse reg is redelik gekompliseerd en dit bevat 'n magdom van tegniese reëls en prosedures wat te omvangryk is om volledig en in detail in hierdie hoofstuk te hanteer.<sup>4</sup> Dit is egter wel vir doeleindes van hierdie studie van belang om minstens die relevante wetgewing wat op die boedelberedderingsproses betrekking het te identifiseer en om enkele basiese aspekte van die beredderingsproses wat vir doeleindes van boedelbeplanning van belang is te ondersoek.

#### **3.1.2 Toepaslike wetgewing**

Die *Wills Act*<sup>5</sup> en die *Administration of Estates Act*<sup>6</sup> is wetgewing wat van wesenlike belang vir doeleindes van die boedelberedderingsproses is. Eersgenoemde bevat belangrike bepalinge en reëls rakende die formaliteitsvereistes vir die opstel van

---

<sup>3</sup> Sien *supra* 2.1.4.

<sup>4</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 331; Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* hfst 20 – 24; Ker *Wills, Probate and Administration* hfst 13.

<sup>5</sup> 1837.

<sup>6</sup> 1925. Hierdie wet is gewysig deur die volgende wette: *Intestate's Estate Act* 1952; *Family Provision Act* 1966; *Family Reform Act* 1969; *Administration of Justice Act* 1970; *Administration of Justice Act* 1977; *Family Reform Act* 1987; *Law Reform (Succession) Act* 1995 en die *Trust of Land and Appointment of Trustees Act* 1996.



'n regsgeldige testament,<sup>7</sup> synde die instrument waardeur die erflater sy boedelplan implementeer.<sup>8</sup>

Laasgenoemde bevat belangrike bepalinge en reëls waarvolgens die beredderingsproses moet geskied. Sedert die inwerkingtreding daarvan is die *Administration of Estates Act*<sup>9</sup> in sekere belangrike opsigte gewysig.<sup>10</sup>

Hierbenewens bevat die *Finance Act*<sup>11</sup> en die *Inheritance Tax Act*<sup>12</sup> belangrike bepalinge met betrekking tot relevante belastingtipes, soos byvoorbeeld *capital gains tax*, *capital transfer tax* en *inheritance tax*.

Die boedelbeplanner en die boedelberedderaar behoort ook deeglike voorafkennis te verwerf van die bepalinge van 'n veeltal ander wette wat hier 'n invloed mag hê.<sup>13</sup>

<sup>7</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 39 – 59. Sien ook Clark *Theobald on Wills* hfst 4.  
<sup>8</sup> Chatterton *Wills* 3. Sien ook Finch, Hayes, Mason, Masson & Wallis *Wills, Inheritance and Families* 43 – 50.

<sup>9</sup> 1925.

<sup>10</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 6.

<sup>11</sup> 1975.

<sup>12</sup> 1984.

<sup>13</sup> Sien oa die *Land Transfer Act* 1897; *Trustee Act* 1925; *Law of Property Act* 1925; *Law Reform (Miscellaneous Provisions) Act* 1934; *Married Women's Act* 1949; *Intestates' Estates Act* 1952; *Trustee Investments Act* 1961; *Matrimonial Causes Act* 1965; *Family Law Reform Act* 1969; *Matrimonial Proceedings and Property Act* 1970; *Taxes Management Act* 1970; *Administration of Justice Act* 1970; *Inheritance (Provision for Family and Dependents) Act* 1975; *Supreme Court Act* 1981; *Insolvency Act* 1986; *Administration of Insolvent Estates of Deceased Persons Order* 1986; *Law Reform (Succession) Act* 1995; *Trust of Land and Appointment of Trustees Act* 1996; *Trustee Act* 2000; ens.

### 3.1.3 Die boedelberedderingsproses: aspekte van belang vir boedelbeplanning

Die erflater bepaal in sy testament watter persone by sy dood geregtig word op sy *real* en *personal property* (volgens sy boedelplan). Indien die erflater intestaat sterf, bepaal die reëls van intestate vererwing die bestemming van sy bates (boedelplan deur regswerking).<sup>14</sup> In terme van die Engelse reg vestig eiendomsreg egter nie outomaties in die aangewese begunstigdes nie.

Die bates moet eers deur die hande van die erflater se *personal representative* beweeg. Laasgenoemde is onderhewig aan die toesig van die hof, verantwoordelik vir die bereddering van die bestorwe boedel.<sup>15</sup> In beginsel vestig 'n testateur se *estate* by sy dood in sy *executor*, terwyl 'n *intestate estate* in die *public trustee* vestig totdat 'n *administrator* kragtens 'n *grant of administration* aangestel is.<sup>16</sup>

#### 3.1.3.1 Eerste fase: aanstelling van *personal representative* en *probate*

##### (1) Aanstelling van 'n *personal representative*

Ten einde die beredderingsproses te inisieer, na aanmelding van die sterfgeval, moet daar 'n *personal representative* aangestel word om die boedel te beredder.<sup>17</sup> Soos reeds vermeld, kan die *personal*

<sup>14</sup> Sien *supra* 2.1 en 2.1.3. Sien ook *Part III* en *IV* van die *Administration of Estates Act 1925*.

<sup>15</sup> Sien *supra* 2.1.3.

<sup>16</sup> *Kerridge Parry & Clark: Law of Succession* 420 – 422. Sien ook Borkowski *Textbook on Succession* 341.

<sup>17</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 331. Sien *supra* 2.1.3.2.



*representative* óf 'n *executor* (testamentêr aangewys) óf 'n *administrator* (deur hof aangestel) wees.<sup>18</sup>

## (2) *Executor*

Die basiese reël is dat die testateur enige persoon kan aanstel as *executor*, maar *probate*<sup>19</sup> sal egter nie toegestaan word aan 'n minderjarige of 'n persoon wat vanweë 'n geestesongesteldheid nie in staat is om sy eie sake te behartig nie.<sup>20</sup> In die algemeen kan 'n korporasie (uitgesonder 'n trustkorporasie) nie sodanig handel nie, behalwe deur 'n genomineerde, behoorlik daartoe gemagtig.<sup>21</sup> 'n Trustkorporasie kan egter wel handel as 'n *executor* in eie naam.<sup>22</sup> Indien 'n vennootskap aangestel word as *executor*, dan word dit beskou asof die individuele vennote aangestel is.<sup>23</sup> 'n *Executor* kan die aanstelling aanvaar of repudieer.<sup>24</sup> Indien 'n *executor* sodanige

<sup>18</sup> Sien *supra* 2.1.3.2. Sien ook Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 385 – 408; Borkowski *Textbook on Succession* 10; Van Zyl *Universele Opvolging* 57.

<sup>19</sup> Alvorens enige aanstelling kragtens die bepalings van 'n testament gedoen kan word, moet die testament eers geldig verklaar word. Daar word na die proses waarkragtens 'n testament geldig verklaar word verwys as die vekryging van *probate*. Sien Borkowski *Textbook on Succession* 343 – 348.

<sup>20</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 334; Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 392. Sien ook *Evans v Tyler* (1849) 2 Rob. 128 en *In the Goods of Galbraith* [1951] P. 422.

<sup>21</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 334; Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 392 – 393.

<sup>22</sup> Artikel 115(1) *Supreme Court Act* 1981. Sien ook *In the Goods of Haynes* (1842) 3 Curt. 75.

<sup>23</sup> In *Re Horgan* [1971] P. 50 het die hof 'n klousule goedgekeur waarkragtens die vennote van die betrokke firma aangestel word soos op die tydstip van die dood van die testateur of die betrokke opvolgers in titel. Daarna word verwys as die *Horgan*-klousule.

<sup>24</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 394 ev.

aanstelling van die hand wys, moet dit skriftelik geskied en dit moet in terme van die eksekuteurskap in geheel wees.<sup>25</sup>

Aanvaarding van die amp van *executor* kan op enige van die volgende wyses geskied:

- (a) deur te handel en op te tree as *executor*,<sup>26</sup> of
  - (b) deur *probate* te bekom.<sup>27</sup>
- (3) *Administrator*

'n *Administrator* is 'n persoon aan wie die hof *letters of administration* ten aansien van die bestorwe boedel uitgereik het.<sup>28</sup> Dieselfde reëls as vir *executors* geld ten aansien van die bevoegdheids van persone/entiteite om te kwalifiseer vir aanstelling as *administrator*.<sup>29</sup> Alhoewel 'n *administrator* slegs deur die hof aangestel kan word en dus nie voor sodanige aanstelling aldus kan handel nie, kan sekere handeling deur 'n *administrator* voor sy aanstelling egter as geldig beskou word met terugwerkende krag vanaf die datum van die dood van die erflater vanweë die sogenaamde *doctrine of relation back*.<sup>30</sup>

<sup>25</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 335; Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 396 – 397. Sien ook artikel 5 van die *Administration of Estates Act* 1925.

<sup>26</sup> Hy kan dus sodanig begin optree selfs alvorens hy deur die hof aangestel is.

<sup>27</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 335. Sien ook *Long and Feaver v Symes and Hannam* (1932) 3 Hagg Ecc 771; 162 ER 1339.

<sup>28</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 398 – 399; Borkowski *Textbook on Succession* 337.

<sup>29</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 385 – 398 en 425.

<sup>30</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 421; Borkowski *Textbook on Succession* 342.



(4) *Grant of probate*

Voordat aanstellings ingevolge 'n testament gedoen kan word, moet die testament eers geldig verklaar word. Daar word na gemelde proses as *obtaining probate* verwys.<sup>31</sup> 'n Onderskeidende kenmerk van *probate* is dat dit die geldigheid van 'n spesifieke testament bepaal en vaslê ten einde persone daardeur te bind.<sup>32</sup> 'n Testament kan op twee wyses bewys en geldig verklaar word, naamlik *in solemn form* of *in common form*.<sup>33</sup> Borkowski<sup>34</sup> verduidelik gemelde wyses soos volg:

"A will is proved in solemn form if its validity is contested in a probate action and the court pronounces on it. If a will is admitted to probate without the court pronouncing on its validity, it is said to have been proved in common form."

Laasgenoemde metode is normaalweg die roete wat gevolg word en die proses behels 'n skriftelike aansoek, wat bloot as 'n formaliteit beskou kan word.<sup>35</sup>

<sup>31</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 416 – 418; Borkowski *Textbook on Succession* 343 – 348.

<sup>32</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 346; Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 416 – 418. Sien ook *Re Barraclough* [1967] P. 11 en *Re Sunnicks* (1987) 137 N.L.J. 721.

<sup>33</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 416 – 418; Borkowski *Textbook on Succession* 346.

<sup>34</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 346.

<sup>35</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 416; Borkowski *Textbook on Succession* 346.

'n *Personal representative* kan egter nie verplig word om die boedel te verdeel voor die verstryking van een jaar vanaf die datum van die dood van die erflater nie, welke jaar ook bekend staan as die *executor's year*.<sup>36</sup>

(5) Magte en verpligtinge van die *personal representative*

Die *personal representative* beskik oor wye magte om met die betrokke *real* en *personal property* van die oorledene te handel vir doeleindes van die beredderingsproses.<sup>37</sup> Nadat die aanstelling van 'n *personal representative* dus gefinaliseer is en daar aan die voorvereistes vir 'n *grant of probate* of *administration* voldoen is, moet die *personal representative* minstens ook die volgende handeling verrig:<sup>38</sup>

- (a) begrafnisreëlings tref (indien dit nie reeds gefinaliseer is nie);
- (b) die erflater se bates identifiseer (volledige inventaris);
- (c) verkryging van die boedelbates en invordering daarvan (in soverre toepaslik) behartig;

---

<sup>36</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 341. Sien ook art 44 van die *Administration of Estates Act* 1925.

<sup>37</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 351. Sien ook *Part I of the Trusts of Land and Appointment of Trustees Act* 1996; Art 39(1)(ii) van die *Administration of Estates Act* 1925, soos gewysig deur skedule 3 par 6(2) van die 1996 Wet.

<sup>38</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 352 – 372; Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 476 – 503 en 507 – 515.



- (d) beheer neem van alle kontant en waardevolle artikels van die erflater;
- (e) reëlings tref vir die waardasie van die bates;
- (f) boedelbates voldoende beskerm (in soverre toepaslik en nodig);
- (g) die erflater se relevante dokumentasie nagaan;
- (h) alle huurgeld en skulde invorder;
- (i) die erflater se bates verseker (in soverre toepaslik en nodig);
- (j) afskrif van die erflater se laaste inkomstebelastingopgawe bekom;
- (k) die bankiers van die erflater in kennis stel van sy afsterwe;
- (l) bepaal watter tjeks deur erflater getrek is en nog nie gewissel is;
- (m) bankstate van die erflater verkry asook 'n lys van sekuriteite wat deur die bank gehou word;
- (n) die erflater se skulde betaal; en
- (o) die betrokke boedelbates van die erflater toepaslik verdeel ooreenkomstig die oorledene se testamentêre wense (in soverre uitvoerbaar), alternatiewelik ooreenkomstig die reëls van die intestate erfreg.

'n *Personal representative* is voorts onder 'n statutêre verpligting om onder eed 'n volledige inventaris van die boedel te openbaar en om 'n

boedelrekening aan die hof te lewer, maar slegs wanneer dit deur die hof van hom vereis word.<sup>39</sup>

Indien daar probleme of selfs 'n dispuut tydens die beredderingsproses sou ontstaan, kan die *personal representative* of enige ander belanghebbende die *Chancery Division* van die hof nader met die oog daarop om die probleem die hoof te bied of om 'n bevel te bekom dat die boedel kragtens die opdragte van die hof beredder moet word, indien toepaslik.<sup>40</sup>

Die volgende aspekte van die Engelse reg kan dus beklemtoon word en dit is voorts van belang om daarvan kennis te neem soos beskou vanuit die oogpunt van boedelbeplanning:<sup>41</sup>

- (a) Daar is sekere formaliteite waaraan voldoen moet word wanneer 'n erflater te sterwe kom alvorens die boedelberedderingsproses 'n aanvang neem.

---

<sup>39</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 351; Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 476 en 606.

<sup>40</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 614 – 619; Borkowski *Textbook on Succession* 374. Sien ook *Re Herwin* [1953] Ch 701, 708 – 709 en 714 – 715.

<sup>41</sup> Vickery *Law and Accounts of Executors, Administrators and Trustees* hfst VI.



- (b) Dit is die *personal representative* se verantwoordelikheid om die bestorwe boedel te bereedder en voormelde take te verrig.
- (c) Benewens die feit dat daar wye magte en bevoegdhede aan die *personal representative* verleen word vir gemelde doel, vestig die erflater se *property* in werklikheid boonop in die *personal representative* vir die tydperk van die beredderingsproses.
- (d) In effek handel die *personal representative* onder toesig van die hof, alhoewel die omvang van gemelde toesig in die praktyk redelik beperk is.

3.1.3.2 Tweede fase: invorderings asook beheer en bestuur van die bestorwe boedel

Artikel 25 van die *Administration of Estates Act* <sup>42</sup> bepaal onder andere dat dit die plig van die *personal representative* is:

“to collect and get in the real and personal estate of the deceased and administer it according to law”.

Daar word dus van die *personal representative* verwag om beheer te

---

<sup>42</sup> 1925.

neem oor die boedelbates, asook om dit te bewaar en te bestuur, met die oog daarop om alle boedelskulde te betaal en die netto boedelbates dan in ooreenstemming met die bepalings van die oorledene se testament of die reëls van die intestate erfreg te verdeel.

(1) Oorgang van eiendomsreg

Soos vermeld, vestig die boedelbates van die erflater in sy *personal representative*.<sup>43</sup> Artikel 1 van die *Administration of Estates Act*<sup>44</sup> maak dan ook voorsiening daarvoor dat *real estate*<sup>45</sup> waarop die erflater geregtig was en welke belang ten tye van sy dood steeds bestaan het,<sup>46</sup> op die erflater se *personal representative* oorgaan. Skuldoorsake gevestig in die erflater by sy dood bestaan voort tot voordeel van die boedel vanweë die bepalings van artikel 1 van die *Law Reform (Miscellaneous Provisions) Act*.<sup>47</sup> Kontrakte deur die erflater gesluit, kan in die algemeen deur en teen die boedel

---

<sup>43</sup> Sien *supra* 3.1.3.

<sup>44</sup> 1925.

<sup>45</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 588 – 593; Borkowski *Textbook on Succession* 350. *Real Estate* sluit dus ook *leaseholds* in.

<sup>46</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 350.

<sup>47</sup> 1934.



(uiteeraard met die uitsluiting van kontrakte vir persoonlike dienste) afgedwing word.<sup>48</sup>

(2) Invordering en bewaring van bates

Borkowski<sup>49</sup> omskryf hierdie plig van die *personal representative* soos volg:

“Personal representatives have a duty – which must be exercised with due care – to take control of and preserve the assets of the estate. They will be liable for loss caused to the estate by their failure to do so.”

In besonder moet 'n *personal representative* alle skulde aan die betrokke boedel verskuldig invorder en hy beskik oor wye magte in terme van die bepalings van die *Trustee Act*<sup>50</sup> om te:

“compromise, compound, abandon, submit to arbitration, or otherwise settle any debt”.

Die uitvoering van gemelde magte is egter tans onderhewig aan 'n sorgsaamheidsplig wat deur die *Trustee Act*<sup>51</sup> geskep is.

---

<sup>48</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 350.

<sup>49</sup> *Ibid.*

<sup>50</sup> 1925.

<sup>51</sup> 2000.

Die *personal representative* het voorts kragtens die bepaling van artikel 34 van die *Trustee Act*<sup>52</sup> die reg om die boedelbates te verseker, tensy die testateur dit in die testament uitsluit.

(3) Beheer en bestuur van boedel

Wye bestuursbevoegdhede en magte word statutêr aan *personal representatives* ten opsigte van boedelbates verleen.<sup>53</sup>

Met betrekking tot *trusts of land* beskik *personal representatives* oor alle magte wat kragtens *Part I* van die *Trusts of Land and Appointment of Trustees Act*<sup>54</sup> aan hulle opgedra is.

Hiervolgens verkry *personal representatives* 'n wye diskresie en vir die uitoefening van hul funksies beskik hulle oor "all the powers of an absolute owner" met betrekking tot die *land* onderhewig aan die *trust*.<sup>55</sup>

---

<sup>52</sup> 2000.

<sup>53</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 476 – 500; Vickery *Law and Accounts of Executors, Administrators and Trustees* 73 – 74. Sien ook art 32 van die *Administration of Estates Act* 1925.

<sup>54</sup> *Trusts of Land and Appointment of Trustees Act* 1996. Sien ook Borkowski *Textbook on Succession* 351.

<sup>55</sup> Art 6 van die *Trusts of Land and Appointment of Trustees Act* 1996.



Met betrekking tot beleggingsbevoegdheids het die *Trustee Investments Act*<sup>56</sup> dieselfde bevoegdheids aan *personal representatives* verleen as die bevoegdheids verleen aan trustees, naamlik om te investeer in sekere gemagtigde beleggings vir doeleindes van die bereddering van die boedel asook om toepaslike advies van 'n bevoegde kundige vir daardie doel te bekom. Die gemelde *Trustee Act*<sup>57</sup> het hierdie bevoegdheids om fondse in sekere gemagtigde beleggings te belê in 'n breë sin uitgebrei, maar die uitvoering van die bevoegdheids aan 'n strenger sorgsaamheidsplig gekoppel.

In die algemeen is die bevoegdheids om die boedel te beheer en te bestuur dan ook tot handelinge vir doeleindes van die bereddering van die boedel beperk.<sup>58</sup>

#### (4) Bedryf van 'n besigheid

Enige besigheid van die erflater gaan oor op die *personal representative* as deel van die boedelbates.<sup>59</sup>

*Personal representatives* het geen algemene magtiging om die besigheid voort te sit nie maar kan dit voortsit vir die beperkte doel

---

<sup>56</sup> 1961.

<sup>57</sup> 2000.

<sup>58</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 352.

<sup>59</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 353. Sien ook *Kirkman v Booth* (1848) 11 Beav 273; 50 ER 821, op 824.

om die boedel na behore te gelde te maak.<sup>60</sup> Dit kan ook die instandhouding van die besigheid meebring bloot ten einde die besigheid as 'n *going concern* te verkoop.<sup>61</sup> Indien die testateur egter in sy testament uitdruklik vermeld het dat die besigheid voortgesit word, kan die *personal representative* dit wel doen.<sup>62</sup> Enige winste of bates wat in die voortsetting van die besigheid verkry is, sal die bestorwe boedel toeval.<sup>63</sup> Enige verpligtinge of laste wat sodanig ontstaan het, is van die *personal representative* persoonlik verhaalbaar.<sup>64</sup>

Die *personal representative* beskik oor die bevoegdhede verleen kragtens die bepalinge van die *Trustee Act*<sup>65</sup> in die voortsetting van die besigheid, maar onderhewig aan die vermelde sorgsaamheidsplig.<sup>66</sup>

### 3.1.3.3 Derde fase: betaling van skulde, belastings, heffings, foie en uitgawes

Die algemene reël is dat die *personal representative* verantwoordelik is om die skulde van die boedel tot die omvang van die boedelbates

<sup>60</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 484 – 488; Borkowski *Textbook on Succession* 353. Sien ook *Barker v Parker* (1786) 1 T.R. 287, 295 en *Kirkman v Booth* (1848) 11 Beav. 273; 50 ER 821.

<sup>61</sup> *Ibid.*

<sup>62</sup> *Ibid.*

<sup>63</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 353. Sien ook *Mosely v Rendell* (1871) LR 6QB 338.

<sup>64</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 353. Sien ook *Ex parte Garland* (1804) 10 Ves 110; 32 ER 786.

<sup>65</sup> 2000.

<sup>66</sup> Art 1 van die *Trustee Act* 2000.



te betaal.<sup>67</sup> Indien die boedel insolvent is, is daar 'n bepaalde rangorde ten opsigte van skulde waarvolgens die *personal representative* moet bepaal watter skulde betaal word.<sup>68</sup> Indien die boedel egter solvent is, kan daar moontlik genoeg boedelbates wees om die boedelskulde te betaal maar onvoldoende boedelbates om uitvoering aan die legaatbemaakings te gee. In sodanige geval is dit noodwendig nodig om te bepaal op welke wyse die skuldias deur die bates gedra moet word.<sup>69</sup> Indien daar enige twyfel sou bestaan of die boedel solvent is, behoort die boedel beredder te word asof dit insolvent is, totdat alle skulde betaal is.<sup>70</sup> In die praktyk sal die *personal representative* meestal alle skulde binne die sogenaamde *executor's year* betaal.<sup>71</sup>

Die *personal representative* moet onder andere voorsiening maak vir die betaling van begrafnis-, testamentêre en boedelberedderingsuitgawes, asook vir uitstaande inkomstebelasting

---

<sup>67</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 511 – 513; Borkowski *Textbook on Succession* 354. Sien ook art 34(3) van die *Administration of Estates Act* 1925.

<sup>68</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 538 – 540 en 542 – 545; Borkowski *Textbook on Succession* 356 – 359.

<sup>69</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 519 – 527; Borkowski *Textbook on Succession* 354.

<sup>70</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 354; Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 538 – 545.

<sup>71</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 354.

van die oorledene, *inheritance tax*, *capital transfer tax* en *capital gains tax*, in soverre toepaslik.<sup>72</sup> Dit is dus belangrik dat daar tydens 'n boedelbeplanning vroegtydig voorsorg getref word vir die beskikbaarstelling van voldoende fondse vir betaling van voormelde in soverre dit toepaslik sou wees.

In die beslissing *Re Tankard*<sup>73</sup> word die *executor* se pligte soos volg uiteengesit:

"...it is the duty of the executors as a matter of the due administration of the estate to pay the debts of their testator with due diligence having regard to the assets in their hands which are properly applicable for that purpose, and, in determining whether due diligence has been shown, regard must be had to all the circumstances of the case ...The duty is owed, not only to creditors, but also to beneficiaries, for the ultimate object of administration of an estate is to place the beneficiaries in possession of their interest, and that object cannot be fully achieved unless all the debts are satisfied."

---

<sup>72</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 372 – 384, 505 – 511 en 533 – 537. Sekere van hierdie toepaslike belastingheffings soos *estate duty* en *capital gains tax* is egter intussen deur die *Inheritance Act* 1984 gekonsolideer en staan voortaan bekend as *inheritance tax*. Sien ook Miller *The Machinery of Succession* 73 – 89.

<sup>73</sup> [1941] 3 All ER 458 op 463.



Die *personal representative* neem alle skulde en verpligtinge van die erflater op wat geïdentifiseer is by sy dood.<sup>74</sup> Vervolgens moet die *personal representative* enige eis betwis ten opsigte waarvan daar 'n geldige en toepaslike verweer bestaan.<sup>75</sup> Hierdie taak kan uiteraard vergemaklik word indien die erflater 'n boedelplan sou nalaat waarin gemelde skulde akkuraat geboekstaaf word. By gebrek aan 'n akkurate opgawe van bates en laste kan die *personal representative* homself teen aanspreeklikheid teenoor skuldeisers van die boedel beskerm deur enige van die volgende roetes te volg:<sup>76</sup>

- (a) Hy kan 'n toepaslike advertensie kragtens die bepalinge van artikel 27 van die *Trustee Act*<sup>77</sup> in die *London Gazette* en 'n plaaslike koerant in die betrokke omgewing te plaas.
  - (b) In die alternatief kan hy die hof nader om verlof te verleen om die boedel te verdeel asof alle skulde vereffen is.<sup>78</sup>
- (5) Oorweging van die beginsels *family provision* en *testamentary freedom*

Die *personal representative* moet ook daarmee rekening hou dat

---

<sup>74</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 354 – 355. Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 513 – 518.

<sup>75</sup> *Ibid.*

<sup>76</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 513 – 518.

<sup>77</sup> 1925.

<sup>78</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 355.

volgens die bepalings van die *Inheritance (Provision for Family and Dependants) Act*,<sup>79</sup> sekere persone aansoek kan doen vir die verskaffing van finansiële middele vanuit die bestorwe boedel op grond daarvan dat die testateur se testament of die reëls van die intestate erfreg (of selfs 'n kombinasie van die twee) nie redelike finansiële voorsorg vir sodanige aansoeker verskaf nie.<sup>80</sup> Persone wat geregtig is om sodanige aansoek te bring, is die oorledene se oorlewende gade, vorige gades wat nie hertrou het nie, kinders, afhanklikes en sogenaamde *cohabitants*.<sup>81</sup> Hierdie wet<sup>82</sup> bevat ook sekere teenvermydingsmaatreëls<sup>83</sup> ten einde te voorkom dat 'n erflater gemelde persone nie vanweë enige ongegronde rede bloot testamentêr kan verhoed om 'n eis teen die boedel in te stel nie. Die kwessie van die impak hiervan op testeervryheid is al dikwels in die Engelse regspraak onder die loep geneem.<sup>84</sup>

Volgens Borkowski<sup>85</sup> blyk dit dat argumente ten gunste van die inkorting van testeervryheid in hierdie opsig meer oortuigend is.

---

<sup>79</sup> 1975.

<sup>80</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 252 – 259.

<sup>81</sup> Art 1 van die *Inheritance (Provision for Family and Dependants) Act* 1975.

<sup>82</sup> *Ibid.*

<sup>83</sup> Art 10 en 11 van die *Inheritance (Provision for Family and Dependants) Act* 1975.

<sup>84</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 253 – 259.

<sup>85</sup> *Ibid.*



Dit is belangrik om in gedagte te hou dat indien die testateur 'n poging wil aanwend om te verhoed dat sodanige eise die verdeling van sy boedel volgens sy testament negatief beïnvloed, behoort hy in sy testament te motiveer waarom hy nie sodanige voorsiening vir sodanige persone gemaak het nie.<sup>86</sup>

Indien daar egter geen boedelbeplanning vooraf gedoen is nie of indien enige voorafbeplanning onvoldoende blyk te wees, en daar 'n likiditeitstekort sou ontstaan, is dit van belang dat die *personal representative* ook let op die bepalinge van artikel 32 van die *Administration of Estates Act*.<sup>87</sup> Ingevolge hierdie wet vorm die *real* en *personal estate* van 'n erflater bates wat vir doeleindes van die betaling van die oorledene se skulde en verpligtinge aangewend kan word. Aangesien al die gemelde bates beskikbaar is vir tegeldemaking ten einde die likiditeitstekort in die boedel aan te vul, sal die *personal representative* dus deur 'n gedeeltelike uitverkoop daarvan in staat wees om die beredderingsproses te finaliseer mits die bates genoegsaam sou wees om die kontanttekort in die boedel uit die weg te ruim.

---

<sup>86</sup> Chatterton *Wills* 2 – 3. Vlg Chatterton sal die hof sodanige motivering van die testateur wel in ag neem by die beoordeling van 'n aansoek deur enige van die kwalifiserende persone om die verskaffing van finansiële middele vanuit die boedel.

<sup>87</sup> 1925.

Die *personal representative* sal dan ook in staat wees om steeds aan enige legaatbemaakings gevolg te verleen.<sup>88</sup>

Ten einde die boedelbates, soos bedoel in artikel 32,<sup>89</sup> te identifiseer, sou dit weer eens voordelig gewees het indien daar 'n boedelplan bestaan het waarin gemelde boedelbates behoorlik geboekstaaf is.

In die geval van 'n solvente boedel sal alle skuldeisers natuurlik betaal word. Artikel 34(3) van die *Administration of Estates Act*<sup>90</sup> bepaal egter die rangorde waarvolgens bates aangewend moet word om skulde te betaal.<sup>91</sup> Indien 'n skuld egter verseker is, vind 'n spesiale reël aanwending kragtens die bepalings van artikel 35 van gemelde wet.<sup>92</sup>

Dus, benewens die moontlike toepaslikheid van artikel 35, die betaling van begrafnis-, testamentêre, en boedelberedderingsuitgawes, is die statutêre rangorde vir die

---

<sup>88</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 365.

<sup>89</sup> *Administration of Estates Act* 1925.

<sup>90</sup> *Ibid.*

<sup>91</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 519 – 520.

<sup>92</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 359: "According to s. 35(1), if a testator by his will disposes of an interest in property, which at the time of his death is charged with the payment of money, that interest shall be primarily liable for the payment of the charge. The most common scenario is where the deceased's estate includes a mortgaged house: the effect of s. 35(1) is that the devisee of the house will be liable for the repayment of the mortgage. Where the outstanding mortgage exceeds the value of the house – 'negative equity' – the devisee stands to lose the house, and the creditor may prove for the balance of the mortgage (as an ordinary debt). For s. 35(1) to apply the property must be charged with the debt at the deceased's death."



tegeldemaking van boedelbates vir die vereffening van skulde en verpligtinge kragtens die bepalings van artikel 34(3) die volgende:<sup>93</sup>

- “1. Property of the deceased undisposed of by will, subject to the retention thereof of a fund sufficient to meet any pecuniary legacies.
2. Property of the deceased not specifically devised or bequeathed but included (either by a specific or general description) in a residuary gift, subject to the retention out of such property of a fund sufficient to meet any pecuniary legacies, so far as not provided for as aforesaid.
3. Property of the deceased specifically appropriated or devised or bequeathed (either by a specific or general description) for the payment of debts.
4. Property of the deceased charged with, or devised or bequeathed (either by a specific or general description) subject to a charge for the payment of debts.
5. The fund, if any, retained to meet pecuniary legacies.
6. Property specifically devised or bequeathed, rateable according to value.

---

<sup>93</sup> *Administration of Estates Act* 1925. Sien ook Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 519 – 520.

7. Property appointed by will under a general power, including the statutory power to dispose of entailed interests, rateable according to value.
8. The following provisions shall also apply –
  - (a) The order of application may be varied by the will of the deceased ...”

Indien 'n betrokke boedelbate in meer as een van hierdie kategorieë val, word dit hanteer asof dit in rangorde in die eerste van die betrokke kategorieë (soos omskryf in artikel 34) val.<sup>94</sup>

Die *personal representative* is volgens die algemene reël<sup>95</sup> nie geregtig op vergoeding vir die uitvoering van sy verpligting as *personal representative* nie. Daar word van die *personal representative* verwag om *labour of love* te verskaf en vergoeding kan slegs ten opsigte van alle redelike uitgawes en onkoste geëis word.<sup>96</sup>

Daar is egter 'n hele paar uitsonderings op hierdie algemene reël, waarvan die volgende die belangrikste is:<sup>97</sup>

- (a) Indien die testateur uitdruklik magtiging in die testament aan die *executor* verleen (*charging clause*) om vergoeding te eis vir sodanige dienste gelewer.

---

<sup>94</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 360.

<sup>95</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 372.

<sup>96</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 500 – 501.

<sup>97</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 372; Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 500 – 503. Sien ook *Cradock v Piper* (1850) 1 Mac. G. 664.



- (b) Kragtens die bepalings van artikel 28(2) van die *Trustee Act*<sup>98</sup> is 'n *personal representative* of trustee wat in 'n professionele hoedanigheid optree wel geregtig om fooie te hef vir dienste gelewer selfs al is dit dienste wat deur 'n *lay trustee* verrig kon word.<sup>99</sup>
- (c) Personal representatives is geregtig om vergoeding te eis indien daartoe gemagtig uit hoofde van 'n ooreenkoms met die beneficiaries.
- (d) Die hof kan voorts in besondere omstandighede ook gelas dat die *personal representative* vergoeding kan eis (byvoorbeeld indien daar bates van die oorledene in die buiteland sou wees of in terme van sekere toepaslike wetgewing).

Indien enige skulde na verdeling van die boedel deur skuldeisers geëis word, kan die bates aldus verdeel aan die betrokke begunstigdes steeds opgevolg en teruggeëis word.<sup>100</sup>

Indien die betrokke bestorwe boedel wat beredder word insolvent is,<sup>101</sup> kan die boedel op enige van drie verskillende wyses beredder word.

---

<sup>98</sup> 2000.

<sup>99</sup> Hierdie bepaling is onderhewig aan enige bepaling tot die teendeel in die testament.

<sup>100</sup> Vickery *Law and Accounts of Executors, Administrators and Trustees* 92.

<sup>101</sup> Vickery *Law and Accounts of Executors, Administrators and Trustees* 95; Borkowski *Textbook on Succession* 360; Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 538 – 540.

Volgens die *Insolvency Act*<sup>102</sup> en die *Administration of Insolvent Estates of Deceased Persons Order*<sup>103</sup> is die posisie in dié verband soos volg:

“An insolvent estate can be administered in three ways:

- (a) by the personal representative out of court;
- (b) by the Chancery Division following an administration action;
- or
- (c) in bankruptcy, following an insolvency administration order, in which case the estate is administered by the trustee in bankruptcy.”

Ongeag die wyse van beredding in die geval van insolvensie bly die rangorde van voorkeureise dieselfde, naamlik:<sup>104</sup>

- (a) versekerde skuldeisers;
- (b) spesiale voorkeurskulde volgens wetgewing;
- (c) insolvensie uitgawes;
- (d) begrafnis-, testamentêre en boedelberedderingsuitgawes;
- (e) ander voorkeurskulde kragtens die bepalinge van die *Insolvency Act*,<sup>105</sup>

---

<sup>102</sup> 1986.

<sup>103</sup> 1986.

<sup>104</sup> *Administration of Insolvent Estates of Deceased Persons Order* 1986. Sien ook Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 542 – 546.

<sup>105</sup> 1986.



- (f) gewone skulde;
- (g) rente op voorkeur- en gewone skulde; en
- (h) uitgestelde skulde.

#### 3.1.3.4 Vierde fase: verdeling en afhandeling van die boedel

Die verdeling van die boedelbates (na betaling van skulde) onder die begunstigdes wat daarop geregtig is uit hoofde van die testamentêre bepaling of kragtens die reëls van die intestate erfreg, is dikwels die laaste hoofsaak van die *personal representative*.<sup>106</sup> Alhoewel 'n *personal representative* nie daaraan gebonde is om die betrokke verdeling te bewerkstellig voor verstryking van die tydperk van een jaar na die dood van die erflater nie, gebeur dit dikwels binne gemelde periode. Dit sou die geval wees indien die beredderingsproses normaal verloop in navolging van 'n behoorlike boedelplan en die likiditeitsposisie van die boedel gesond is.<sup>107</sup>

##### (1) Identifisering van die begunstigdes

Die *personal representative* moet die betrokke begunstigdes identifiseer.<sup>108</sup> Die begunstigdes blyk gewoonlik duidelik uit die testament van die testateur maar in die geval van 'n intestate boedel sal 'n toepaslike ondersoek egter geloods moet word.

---

<sup>106</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 363.

<sup>107</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 363 – 364.

<sup>108</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 364. Sien ook Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 574.

Die belangrikheid van 'n behoorlike en toepaslike boedelplan, opgevolg deur 'n regsgeldige testament waarin die betrokke begunstigdes na behore geïdentifiseer word, kan dus weer eens beklemtoon word.

(2) *Power of appropriation*

Borkowski<sup>109</sup> omskryf die bevoegdheid wat artikel 41 van die *Administration of Estates Act*<sup>110</sup> aan die *personal representative* verleen soos volg:

“the power to appropriate any part of the estate in or towards satisfaction of any legacy bequeathed by the deceased, or of any interest or share in his property, as may seem just and reasonable to them, according to the respective rights of the persons interested in the property of the deceased.”

Met betrekking tot algemene kontant legaatbemaakings kan die *personal representative* dus met die legataris ooreenkom om 'n spesifieke bate te neem as volkome of gedeeltelike aanvaarding van die legaat.<sup>111</sup>

Beskou vanuit 'n beplanningsoogpunt is dit belangrik om vermelde bepaling in ag te neem en die testament noukeurig te

---

<sup>109</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 365. Sien ook Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 481 – 484.

<sup>110</sup> 1925.

<sup>111</sup> Vickery *Law and Accounts of Executors, Administrators and Trustees* 83; Borkowski *Textbook on Succession* 365.



bewoord ten einde hierdie taak van die *personal representative* te vergemaklik.

(3) *Assent*

Volgens die beslissing *Re King's WT*<sup>112</sup> word *assent* soos volg omskryf:

"An assent is the instrument or act whereby a personal representative effectuates a testamentary disposition by transferring the subject-matter of the disposition to the person entitled to it."

Soos vermeld, gaan die betrokke boedelbates van die erflater by sy afsterwe oor op sy *personal representative* voor die verdeling daarvan onder die begunstigdes.<sup>113</sup> *Assent* is die metode waardeur die erflater se *property* vestig in die begunstigdes in terme van die bepaling van die testament of kragtens die reëls van die intestate erfreg.<sup>114</sup>

Die begunstigdes het tot op daardie tydstip nog nie enige vorderingsreg ten opsigte van die boedelbates nie maar bloot 'n reg om op die behoorlike bereddering van die boedel aan te dring.<sup>115</sup>

---

<sup>112</sup> [1964] Ch 542 op 547.

<sup>113</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 584 – 593.

<sup>114</sup> *Ibid.*

<sup>115</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 584 – 593.

Die posisie met betrekking tot *assents* verskil na gelang van die aard van die *property*. *Property* kan vir doeleindes van *assent* breedweg in twee kategorieë verdeel word, naamlik:

- (a) *personalty*,<sup>116</sup> en
- (b) *land*.<sup>117</sup>

Indien die *property* ter sprake *personalty* is, geld die Engelse *common law*-regsreëls maar indien die *property* egter *land*<sup>118</sup> is, vind die bepaling van artikel 36 van die *Administration of Estates Act*<sup>119</sup> aanwending.<sup>120</sup> Vir doeleindes van hierdie studie word daar egter nie verder hierop ingegaan nie.<sup>121</sup>

(4) Posisie van die begunstigdes gedurende die beredderingsproses  
Volgens die beslissing *Re Hayes's WT*<sup>122</sup> word die posisie van die begunstigdes soos volg geskets:

"It is well established that the estate being administered by a personal representative is the personal representative's property

<sup>116</sup> Vickery *Law and Accounts of Executors, Administrators and Trustees 2*: "Personal estate consists of all movable articles or chattels, e.g., furniture, trade stock, etc., money, private business, share in partnership, securities, and leasehold interests, i.e., the right to have the use of land or buildings for a number of years in return for a periodic rental." Sien ook Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 505 en 588 – 593; Clark *Theobald on Wills* hfst 1.

<sup>117</sup> *Land* vorm deel van *real estate*. Sien Vickery *Law and Accounts of Executors, Administrators and Trustees 2*: "Real estate consists mainly of freehold land and buildings." Sien ook Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 505 en 588 – 593; Clark *Theobald on Wills* hfst 1.

<sup>118</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 586 – 593.

<sup>119</sup> 1925.

<sup>120</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 366 – 367; Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 588 – 593.

<sup>121</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 365.

<sup>122</sup> [1971] 2 All ER 341 op 347.



... no legatee, devisee or next-of-kin has any beneficial interests in the assets being administered.”

Die begunstigdes het dus bloot 'n reg om aan te dring op die behoorlike beredding van die boedel tot tyd en wyl die *personal representative assent* verleen.

(5) Minderjariges

Die algemene reël is dat die *personal representative* nie 'n geldige kwitansie van 'n minderjarige kan verkry ten opsigte van betalings waarop die minderjarige uit die bestorwe boedel geregtig is nie.<sup>123</sup>

Voorts kan die meerderjarige gade, ouers of wettige voog van die minderjarige ook nie 'n bindende kwitansie namens die minderjarige uitreik nie.<sup>124</sup>

Die *personal representative* bly dus in die algemeen aanspreeklik vir bates in sy hande totdat 'n geldige ontslag verkry is en dit oorbetaal is aan die begunstigde met dié se meerderjarigwording.<sup>125</sup>

Die volgende uitsonderings ten opsigte van die reël geld:<sup>126</sup>

(a) Die testateur kan in die testament uitdruklik bepaal dat betalings aan minderjariges direk aan die betrokke minderjarige of aan dié se ouers of voogde kan geskied.<sup>127</sup>

---

<sup>123</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 579 – 581; Borkowski *Textbook on Succession* 367.

<sup>124</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 367.

<sup>125</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 367. Sien ook *Harvell v Foster* [1954] 2 All ER 736, CA.

<sup>126</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 367.

<sup>127</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 579 – 581.

(b) 'n Getroude minderjarige kan wel 'n geldige kwitansie verskaf (artikel 21 van die *Law of Property Act*).<sup>128</sup>

(c) Die *personal representative* kan twee tot vier trustees of selfs 'n trustkorporasie aanstel om die betrokke bate vir die minderjarige te bewaar.<sup>129</sup>

(6) Inkomste, verdeling en rente

Dit is die algemene beskouing dat spesifieke testamentêre *gifts* ook inkomste of winste vanaf die datum van die dood van die erflater teweegbring, waarmee die *personal representative* ook moet handel.<sup>130</sup>

Die testateur kan egter in sy testament bepaal dat daar geag moet word dat die testamentêre *gifts* nie inkomste of winste aldus teweegbring nie.<sup>131</sup>

Daar bestaan ook sekere *rules of apportionment* vir die geval waar meerdere begunstigdes deur erfopvolging geregtig sou wees op dieselfde boedelbates. Volgens Borkowski<sup>132</sup> is die doel met hierdie reëls prysenswaardig maar vanweë die kompleksiteit daarvan en die feit dat die doel nie altyd daardeur bereik word nie word dit tans in professioneel opgestelde testamente uitgesluit. Dit is dus belangrik

---

<sup>128</sup> 1925.

<sup>129</sup> Art 42(1) van die *Administration of Estates Act* 1925.

<sup>130</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 367; Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 559 – 572. Sien ook art 175 van die *Law of Property Act* 1925.

<sup>131</sup> *Ibid.*

<sup>132</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 368.



dat daar moeite gedoen word met die boedelplan sodat sodanige scenario verhoed word.

In terme van die *common law*-regsreëls is algemene<sup>133</sup> en aanwysende<sup>134</sup> legate rentedraend teen ses persent per jaar vanaf die datum waarop dit betaalbaar geword het, onderhewig aan enige aanduiding tot die teendeel in die testament.<sup>135</sup> 'n Legaat is normaalweg betaalbaar aan die einde van die *executor's year* indien dit 'n onvoorwaardelike legaat is. Indien die betrokke bemaking egter gekoppel is aan die vervulling van 'n voorwaarde is dit eers betaalbaar sodra daardie voorwaarde vervul.<sup>136</sup>

#### (7) Betaling van legate

Dit is van belang om kennis te neem dat daar sprake kan wees van drie verskillende soorte legate, naamlik *specific legacies*,<sup>137</sup> *general legacies*<sup>138</sup> en *demonstrative legacies*.<sup>139</sup> 'n *Specific legacy* verval

<sup>133</sup> Sien *infra* vn 138 vir 'n verduideliking van 'n algemene legaat.

<sup>134</sup> Sien *infra* vn 139 vir 'n verduideliking van 'n aanwysende legaat.

<sup>135</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 559 – 572; Borkowski *Textbook on Succession* 368 – 369.

<sup>136</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 369; Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 559 – 572.

<sup>137</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 218: "A specific legacy is a gift by will of specified personal estate ..." Sien ook art 55(1)(x) van die *Administration of Estates Act* 1925.

<sup>138</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 219: "A general legacy, or general bequest, is a gift, not of any particular thing, but of something which is to be provided out of the testator's general estate."

<sup>139</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 220: "A demonstrative legacy is a hybrid, somewhere between a specific legacy and a general legacy. It is a gift which is in its nature a general legacy, but which is directed to be satisfied primarily out of a specific fund or specified part of the testator's property."

egter indien die onderwerp ten aansien waarvan die bemaking geskied het by die erflater se dood nie meer bestaan nie.

Die posisie is nie dieselfde ten aansien van *general* en *demonstrative legacies* nie.<sup>140</sup> Die *Administration of Estates Act*<sup>141</sup> verwys ook breedweg na 'n sogenaamde *pecuniary legacy*.<sup>142</sup> Die begrip *pecuniary legacy* (binne die konteks van die betaling van 'n kontantlegaat) is egter tans 'n omstrede onderwerp in die Engelse reg.<sup>143</sup>

Vir beplanningsdoeleindes is dit belangrik om daarop te let dat indien die erflater beoog om kontantlegate aan begunstigdes te bemaak daar seker gemaak moet word dat daar voldoende kontant in die boedel beskikbaar is vir betaling van alle skulde en verpligtinge.<sup>144</sup>

#### (8) Die boedelrekening

Soos vermeld, kan 'n *personal representative* deur 'n hof gelas word om 'n inventaris en boedelrekening ten opsigte van die bereddering van die boedel te lewer.<sup>145</sup> Die *personal representative* moet dus te alle tye akkurate rekords hou van alle ontvangstes en betalings.<sup>146</sup>

<sup>140</sup> *Roberts v Walker* (1830) 1 R. & My. 752; *Allan v Gott* (1872) L.R. Ch. App. 439.  
<sup>141</sup> 1925.

<sup>142</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 525. Vlg Parry & Clark is 'n *pecuniary legacy* 'n sogenaamde *legacy of money* en dit kan die vorm aanneem van 'n *specific, general of demonstrative legacy*, na gelang die omskrywing daarvan in die testament. Sien ook art 55(1)(ix) van die *Administration of Estates Act* 1925.

<sup>143</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 369 – 372.

<sup>144</sup> *Re Spencer Cooper* [1908] 1 Ch. 130.

<sup>145</sup> Kerridge *Parry & Clark: Law of Succession* 476 en 606.

<sup>146</sup> Borkowski *Textbook on Succession* 374.



Persone met 'n belang by 'n bestorwe boedel is geregtig op insae in die betrokke boedelrekening en rekords.<sup>147</sup> Behoorlike boekhouding is dus 'n belangrike gedeelte van die *personal representative* se pligte.<sup>148</sup>

## **3.2 Die posisie volgens die Suid-Afrikaanse reg**

### **3.2.1 Inleiding**

Die boedelberedderingsproses volgens die Suid-Afrikaanse reg is eweneens gekompliseerd en dit bevat ook 'n magdom van tegniese reëls en prosedures.<sup>149</sup>

Gevolgtik word daar ook vir doeleindes van hierdie hoofstuk bloot gefokus op die identifikasie van relevante wetgewing asook enkele basiese aspekte van die beredderingsproses wat vir doeleindes van boedelbeplanning van belang is.

### **3.2.2 Toepaslike wetgewing**

Die Boedelwet<sup>150</sup> kan beskou word as die omvattende regsbron wat die bereddering, aanwending en verdeling van boedelbates reguleer. Die wet bevat onder andere ook bepalings ten opsigte van die goedere van minderjariges en persone onder kuratele, verlate boedels

<sup>147</sup> *Ibid.* Sien ook *Re Bosworth* (1889) 58 L.J. Ch. 432.

<sup>148</sup> Vickery *Law and Accounts of Executors, Administrators and Trustees* 337 en 350; Borkowski *Textbook on Succession* 374.

<sup>149</sup> Corbett, Hofmeyr & Kahn *Law of Succession in South Africa* 1 – 3. Sien ook Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 1-3; Geach *Handbook for Executors, Trustees and Curators* hfst 1.

<sup>150</sup> Wet 66 van 1965.

en die regulering van die regte van begunstigdes kragtens gesamentlike testamente.<sup>151</sup>

Die Wet op Testamente<sup>152</sup> bevat belangrike bepalings met betrekking tot die verlyding van regsgeldige testamente. Die Wet op Intestate Erfopvolging<sup>153</sup> reguleer intestate erfopvolging. Dit is ook van belang vir die boedelbeplanner om oor 'n behoorlike kennis van die relevante bepalings van die Wet op die Beheer oor Trustgoed,<sup>154</sup> die Boedelbelastingwet<sup>155</sup> en die Inkomstebelasting Wet<sup>156</sup> te beskik.

Daar sal later in hierdie studie meer besonderhede in hierdie verband verskaf word.<sup>157</sup>

Hierbenewens bestaan daar verskeie ander relevante wette<sup>158</sup> ten aansien waarvan die boedelbeplanner en boedelberedderaar homself moet vergewis.

<sup>151</sup> Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 1-3.

<sup>152</sup> Wet 7 van 1953.

<sup>153</sup> Wet 81 van 1987.

<sup>154</sup> Wet 57 van 1988.

<sup>155</sup> Wet 45 van 1955.

<sup>156</sup> Wet 58 van 1962.

<sup>157</sup> Sien *infra* hfst 7.

<sup>158</sup> Sien oa die Wet op Onderhoud van Langlewende Gades 27 van 1990; Insolvensiewet 24 van 1936; Registrasie van Aktes Wet 47 van 1937; Wet op die Opheffing of Wysiging van Beperinge op Onroerende Goed 94 van 1965; Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984; Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike 120 van 1998; Mineraalwet 50 van 1991; Swart Administrasie Wet 38 van 1927 saamgelees met die konstitusionele hofuitspraak *Moseneke v Master of the Supreme Court* 2001 2 SA 18 (CC); Langtermynversekeringswet 52 van 1998; Wet op Ontwikkelingsfasilitering 67 van 1995; Wet op die Herroeping van die Wet op die Onderverdeling van Landbougrond 64 van 1998; Wet op Grondhervorming (Huurarbeiders) 3 van 1996; Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg 62 van 1997; Wysigingswet op Grondherstel- en Grondhervormingswette 63 van 1997; Wet op die Voorkoming van Onwettige Uitsetting en Onregmatige Besetting van Grond 19 van 1998 ens.



### 3.2.3 Die boedelberedderingsproses: aspekte van belang vir boedelbeplanning

Ook in die Suid-Afrikaanse reg beskik die testateur oor testeervryheid.<sup>159</sup> Die testateur bepaal in sy testament wat met die boedelbates na sy afsterwe moet gebeur. Indien 'n persoon intestaat te sterwe kom, vererf sy bates volgens die reëls van die intestate erfreg.<sup>160</sup> Die vererwingsmoontlikhede in sodanige geval is maar beperk<sup>161</sup> en vererwing geskied streng in ooreenstemming met die bepalings van die Wet op Intestate Erfopvolging.<sup>162</sup>

Bestorwe boedels word deur 'n eksekuteur in ampshoedanigheid onder toesig van die meester van die Hoë Hof beredder.<sup>163</sup>

<sup>159</sup> De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 2 – 6; Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 5-7.

<sup>160</sup> Die reëls is vervat in die bepalings van die Wet op Intestate Erfopvolging 81 van 1987. Hierdie reëls bepaal wie die erfgename van die erflater is in soverre die erflater dit nie self by wyse van 'n testament gedoen het nie of in soverre daar nie uitvoering aan sy wense gegee kan word nie.

<sup>161</sup> Art 1(1)(a) – (f) van die Wet op Intestate Erfopvolging 81 van 1987.

<sup>162</sup> Wet 81 van 1987.

<sup>163</sup> In die geval van bestorwe boedels van Swart persone wat nie 'n testament nalaat nie het die landdros in die distrik waar die oorledene woonagtig was kragtens die bepalings van art 23(7) van die Swart Administrasie Wet 38 van 1927 magtiging en jurisdiksie gehad om 'n sogenaamde boedelvertegenwoordiger, kragtens reg 4(1) onder gemelde wet uitgereik aan te stel om die boedel op 'n informele wyse af te handel. Die uitspraak van die Konstitusionele Hof in *Moseneke v Master of the Supreme Court* 2001 2 SA 18 (CC) het egter die betrokke artikel van gemelde wet ongrondwetlik verklaar en 'n twee jaar vensterperiode geskep waartydens betrokkenes 'n keuse het om ook die meester van die Hoë Hof te nader om 'n eksekuteur aan te stel indien diegene begerig is om dit so te doen. Gemelde vensterperiode het op 5 Desember 2002 verstryk en voortaan word sodanige boedels ook onder toesig van die meester van die hoë hof deur 'n eksekuteur beredder. Landdroste het egter steeds die bevoegdheid om boedelvertegenwoordigers aan te stel in die geval van intestate boedels van Swart persone wat volgens stamgebruike vererf of waar die oorledene kragtens 'n gebruikelike verbintenis saamgewoon het met die langsliewende gade tot die verbintenis.



Die kwessie met betrekking tot die vestiging van boedelbates in die tydperk tussen die dood van die erflater en die oordrag van die boedelbates aan die bevoordeeldes is tans omstrede.<sup>164</sup> 'n Moontlikheid is dat die betrokke boedelbates in die eksekuteur (maar slegs in sy ampshoedanigheid) vestig en gevolglik neem hy beheer daarvoor vir doeleindes van die beredderingsproses.<sup>165</sup>

### 3.2.3.1 Eerste fase: aanstelling van eksekuteur en aanvaarding van testament

#### (1) Aanstelling van 'n eksekuteur

Daar moet aanvanklik aan sekere formaliteitsvereistes met betrekking tot die rapportering van die sterfgeval voldoen word alvorens die beredderingsproses 'n aanvang kan neem.<sup>166</sup> Wiechers en Vorster<sup>167</sup> omskryf die eksekuteur as die spil waarom die hele beredderingsproses van 'n bestorwe boedel draai.

Alhoewel die testateur 'n eksekuteur in sy testament kan aanwys, moet die meester van die Hoë Hof egter eers die betrokke

<sup>164</sup> De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 10 – 11. Sien ook Corbett, Hofmeyr & Kahn *Law of Succession in South Africa* hfst 12. Sien ook *Greenberg v Estate Greenberg* 1955 3 SA 361 (A) en *Commissioner, SARS v Executor, Frith's Estate* 2001 2 SA 261 (HHA) 270.

<sup>165</sup> Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 1-3; De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 10 – 11; Bouwer *Die Beredderingsproses van Bestorwe Boedels* 49 – 57. Sien ook *Ex parte Puppli* 1975 3 SA 461 (D); *Segal v Segal* 1976 2 SA 531 (K).

<sup>166</sup> Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 3-3 tot 3-7 lys die volgende stappe: rapportering van die sterfgeval; indiening van testament by meester; indiening van inventarisse; aanneming van eksekuteursamp en afhandeling van voorlopige werk.

<sup>167</sup> Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 2-1. Vlg Wiechers & Vorster is dit die eksekuteur wat die testament moet uitlê en die praktiese uitvoerbaarheid van die testamentêre wense moet kontroleer aan die hand van die samestelling van die boedelbates. Hy moet ook die belange van die erfgename behartig en enige dispuut wat tussen die erfgename mag opvlam probeer oplos. Voorts moet hy ook toesien dat die laste en skulde van die boedel vereffen word terwyl hy 'n wakende oog oor die bates hou.



aanstel alvorens hy as eksekuteur met die beredderingsproses kan begin.<sup>168</sup> Die meester kan ook onder sekere omstandighede 'n eksekuteur datief aanstel.<sup>169</sup> Die volgende persone word egter as onbevoeg beskou om as eksekuteur op te tree:<sup>170</sup>

- (a) minderjariges;
- (b) kranksinniges en verkwisters;
- (c) insolvente persone;
- (d) maatskappye;
- (e) die meester;<sup>171</sup>
- (f) vennootskappe;
- (g) persone buite die Republiek;
- (h) persone wat by die verlyding van die testament betrokke is;<sup>172</sup>  
en
- (i) persone wat nie ingevolge die bepalinge van artikel 13(2) van die Boedelwet<sup>173</sup> en die betrokke regulasie<sup>174</sup> bevoeg is om as eksekuteur aangestel te word nie.

---

<sup>168</sup> Bouwer *Die Beredderingsprosesse van Bestorwe Boedels* 49; Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 2-1.

<sup>169</sup> Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 2-5 tot 2-6.

<sup>170</sup> Bouwer *Die Beredderingsprosesse van Bestorwe Boedels* 31-33; Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 2-7.

<sup>171</sup> Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 2-7.

<sup>172</sup> Art 4A van die Wet op Testamente 7 van 1953.

<sup>173</sup> Wet 66 van 1965.

<sup>174</sup> *Staatskoerant* R910 van 22 Mei 1968.

(2) Registrasie en aanvaarding van die testament

Ingevolge artikel 8 van die Boedelwet<sup>175</sup> word daar 'n verpligting geplaas op enige persoon wat in besit is van 'n testament om sodanige testament aan die meester te oorhandig sodra die betrokke sterfgeval tot sy kennis kom. Die meester registreer 'n testament in die boedelregister in sy kantoor by ontvangs daarvan.<sup>176</sup> Indien die meester slegs een testament ontvang wat geldig blyk te wees, word sodanige testament deur die meester aanvaar.

Indien die meester egter van mening sou wees dat 'n testament ongeldig is, mag hy weier om die testament vir doeleindes van die Boedelwet te aanvaar totdat die geldigheid daarvan deur die hof uitgewys is, selfs al het die meester alreeds die testament in sy boedelregister geregistreer.<sup>177</sup>

(3) Stappe wat deur eksekuteur gedoen moet word

Wiechers en Vorster<sup>178</sup> meld dat spoed en akkuraatheid twee aspekte van wesenlike belang reg van die begin van die beredderingsproses is. Hulle omskryf die *magnum opus* van die eksekuteur as die eerste en finale likwidasië- en distribusierekening.<sup>179</sup>

---

<sup>175</sup> Wet 66 van 1965.

<sup>176</sup> Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 3-4. Sien ook art 18(3) van die Boedelwet 66 van 1965.

<sup>177</sup> Art 18(4) van die Boedelwet 66 van 1965. Sien ook Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 3-4.

<sup>178</sup> Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 4-3.

<sup>179</sup> Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 5-4.



Die eksekuteur moet binne ses maande nadat 'n eksekuteursbrief aan hom uitgereik is aan die meester 'n rekening van die bereddering en verdeling van die boedel voorlê.<sup>180</sup> Die eksekuteur moet minstens die volgende stappe doen na verkryging van die eksekuteursbrief ten einde die beredderingsproses te fasiliteer:<sup>181</sup>

- (a) toepaslike kennisgewing aan debiteure en krediteure van die oorledene gee;<sup>182</sup>
- (b) die finale inventaris indien;<sup>183</sup>
- (c) 'n bankrekening in die naam van die bestorwe boedel open;<sup>184</sup>
- (d) die solvensiestand van die bestorwe boedel bepaal;<sup>185</sup>
- (e) die waarde van boedelbates bepaal;
- (f) vasstelling van laste en verpligtinge van die boedel;
- (g) opstel en indiening van die boedelrekening;<sup>186</sup>
- (h) verkryging van toestemming van die meester om die boedelrekening te adverteer ter insae vir inspeksie;
- (i) betaling van skulde, laste, heffings, belastings en uitgawes van die bestorwe boedel asook die finale verdeling van die

---

<sup>180</sup> Art 35 van die Boedelwet 66 van 1965.

<sup>181</sup> Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 4-3 tot 4-11.

<sup>182</sup> Art 29 van die Boedelwet 66 van 1965.

<sup>183</sup> Art 27 van die Boedelwet 66 van 1965.

<sup>184</sup> Art 28 van die Boedelwet 66 van 1965.

<sup>185</sup> Art 34 van die Boedelwet 66 van 1965.

<sup>186</sup> Art 35 van die Boedelwet 66 van 1965.

boedelbates nadat die boedelrekening ter insae was en die meester dit goedgekeur het;<sup>187</sup> en

(j) finale vereistes en formaliteite vir afhandeling van die boedel.<sup>188</sup>

Indien die erflater 'n gedokumenteerde behoorlike uitvoerbare boedelplan gehad het, behoort gemelde stappe met gemak deur die eksekuteur gedoen te word.<sup>189</sup>

Dit is vir doeleindes van boedelbeplanning van belang om van die volgende aspekte van die beredderingsproses volgens die Suid-Afrikaanse reg kennis te neem:

- (a) Daar is sekere formaliteite waaraan voldoen moet word wanneer 'n erflater te sterwe kom alvorens die boedelberedderingsproses 'n aanvang kan neem.
- (b) Dit is die eksekuteur se verantwoordelikheid om die bestorwe boedel te beredder en vermeldde take te verrig. Die eksekuteur moet egter eers deur die meester aangestel word alvorens hy kan voortgaan met die bereddering van die bestorwe boedel.
- (c) Alhoewel die eksekuteur oor redelike wye bevoegdhede met betrekking tot die beredderingsproses beskik, tree hy bloot as

---

<sup>187</sup> Art 35 van die Boedelwet 66 van 1965.

<sup>188</sup> Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 11-3. Wiechers & Vorster lys die volgende items as finale dokumentasie: bewys van advertensie in nuusblad rakende rekening ter insae; kwitansie van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens rakende betaalde meestergelde; aktevervaardigersertifikaat rakende transport van onroerende eiendom; kwitansies van erfgename rakende ontvangs van hul erfposies; finale bankstaat; en bewys van oordrag van aandele en kwitansies van krediteure indien die meester dit verlang.

<sup>189</sup> Dit veronderstel uiteraard ook die beskikbaarstelling van voldoende kontant vir die beredderingsproses.



boedelverteenwoordiger op en neem hy beheer van die boedelbates vir gemelde doel.

- (d) In effek handel die eksekuteur onder toesig van die meester van die Hoë Hof.

### 3.2.3.2 Tweede fase: beheer oor die bestorwe boedel en oorweging van 'n gepaste metode van likwidasie

#### (1) Beheer oor bestorwe boedel

Vervolgens moet die aangestelde eksekuteur, met inagneming van die samestelling van die boedel, beheer neem oor die bestorwe boedel en in oorleg met die begunstigdes<sup>190</sup> op 'n gepaste metode van likwidasie<sup>191</sup> van die boedelbates besluit.<sup>192</sup>

Bouwer<sup>193</sup> is die mening toegedaan dat die belangrikste faktore wat die eksekuteur in ag moet neem wanneer daar op 'n geskikte metode van likwidasie besluit moet word die volgende is:

- (a) die skulde van die betrokke bestorwe boedel asook hoe dit vereffen gaan word;

---

<sup>190</sup> Sien Broome RP se waarskuwing in *Cradock's Estate v Cradock and Others* 1951 3 SA 51 (N): "A wise executor would no doubt always consult the beneficiaries."

<sup>191</sup> Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 5-4. Wiechers & Vorster omskryf die metode van likwidasie as die wyse waarop die boedel sogenaamd "voorberei" word, sodat dit in die vorm van aanvaarbare, prakties benutbare erfenisse aan die begunstigdes beskikbaar gestel en oorhandig kan word. Sien ook die regter se opmerking in *Hiddingh v De Villiers, Denysen and Others* (1887) 5 SC 298: "Liquidating the estate ... is achieved when it is reduced into possession, cleared of debts and other immediate outstandings and so left free for enjoyment by the heirs."

<sup>192</sup> Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 5-4.

<sup>193</sup> Bouwer *Die Beredderingsproses van Bestorwe Boedels* 98.

- (b) die bates asook hoe daarmee gehandel kan word;
- (c) wie die betrokke begunstigdes is;
- (d) die inhoud en bepalings van die testament, in soverre van toepassing (soos byvoorbeeld bepaalde voorskrifte of beperkings waaraan die eksekuteur gebonde is); en
- (e) watter betrokke metode van likwidasië in die geval van 'n besondere boedel prakties uitvoerbaar sal wees sonder om 'n onbehoorlike las op die begunstigdes te plaas.

Bouwer<sup>194</sup> onderskei dan tussen ses verskillende metodes van likwidasië wat afsonderlik of in kombinasie toepaslik kan wees:

- (a) toekenning in spesie;
- (b) gedeeltelike uitverkoop;
- (c) algehele uitverkoop;
- (d) oornome deur die langsliewende eggenoot kragtens die bepalings van artikel 38 van die Boedelwet;<sup>195</sup>
- (e) herverdeling kragtens ooreenkoms tussen begunstigdes (herverdelingsooreenkoms); en
- (f) bereddering van insolvente bestorwe boedels.<sup>196</sup>

---

<sup>194</sup> *Ibid.*

<sup>195</sup> Wet 66 van 1965.

<sup>196</sup> Art 34 van die Boedelwet 66 van 1965 saamgelees met die bepalings van die Insolvensiewet 24 van 1936.



Myns insiens is dit vir die boedelbeplanner van belang om kennis te verwerf met betrekking tot die impak van die verskillende metodes van likwidasië ten einde dit vooraf aan die erflater uit te wys. In besonder behoort die boedelbeplanner die erflater daarop te wys dat die ideale metode van likwidasië 'n sogenaamde toekenning van bates in spesie is. Indien daar voorsiening getref kan word om genoegsame kontant beskikbaar te stel by die dood van die erflater ten einde alle uitgawes en laste te delg asook kontantbemaakings uit te betaal, sou hierdie metode van likwidasië wel geïmplementeer kan word. Indien dit nie vir die erflater haalbaar sou wees om voldoende kontant by sy dood beskikbaar te stel nie sou 'n gedeeltelike of selfs 'n algehele uitverkoop van die boedelbates noodwendig moet plaasvind. Indien sodanige verkopings vir die erflater 'n realiteit sou wees, kan die boedelbeplanner die erflater steeds behulpsaam wees om 'n boedelplan daarvolgens saam te stel sodat die nadele verbonde aan hierdie metodes tot die minimum beperk word.

'n Oorname van die boedel deur die langsliewende gade en 'n herverdelingsooreenkoms sal grootliks verhoed kan word deur 'n behoorlike beplanning. Normaalweg sou die bereddering van 'n insolvente boedel die gevolg wees van 'n gebrek aan 'n behoorlike boedelbeplanning.

Vervolgens word hierdie verskillende metodes van likwidasië afsonderlik bespreek.

(a) Toekenning en oorhandiging in spesie

Indien 'n boedelbeplanning na behore, noukeurig en suksesvol gedoen is en die erflater ook genoegsame finansiële voorsiening gemaak het vir die vereffening van alle skulde, boedelonkoste, uitgawes en ander verpligtinge en die boedel likied is, kan die eksekuteur bloot die betrokke boedelplan navolg. Sodra die eksekuteur dan alle skulde, boedelonkoste, uitgawes en ander verpligtinge afgelos het, kan hy die betrokke boedelbates in spesie toeken en oorhandig aan die betrokke begunstigdes volgens die testament wat die boedelplan dokumenteer. Daarna behoort die beredderingsproses sonder enige probleme te verloop. In sodanige geval behoort die eksekuteur ook met gemak die betrokke boedel binne die ses maande-periode af te handel. Wiechers en Vorster<sup>197</sup> meen dat hierdie metode van likwidasië slegs gevolg kan word indien:

- i) daar voldoende kontant in 'n bestorwe boedel beskikbaar is om die boedelskulde en kontantlegate te betaal sodat die bates in dieselfde vorm aan die begunstigdes oorgedra kan word; of

---

<sup>197</sup> Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 5-4.



ii) die begunstigdes bereid is om die kontanttekort in die boedelrekening in te betaal ten einde die tegeldemaking van die boedelbates te vermy.

(b) Gedeeltelike uitverkoping

Die vorderingsreg van 'n begunstigde teenoor die eksekuteur ingevolge die testate en intestate erfreg ontstaan op die oomblik waarop die boedel van die oorlede erflater ten opsigte van dié begunstigde se bevoordeling oopval.<sup>198</sup> Hierdie vorderingsreg word egter eers afdwingbaar nadat die eksekuteur die laste en ander skulde van die bestorwe boedel vereffen het.<sup>199</sup> Indien daar dus nie enige kontant (of selfs onvoldoende kontant) beskikbaar sou wees om die laste en ander skulde van die boedel te vereffen nie, is dit 'n inherente funksie van die eksekuteur om boedelbates te realiseer ten einde op sodanige wyse fondse te bekom om die likiditeitstekort in die boedel aan te suiwer.<sup>200</sup> Die eksekuteur se bevoegdhede in hierdie verband strek so wyd dat hy selfs in stryd met die bepalings van die testament kan handel.<sup>201</sup>

---

<sup>198</sup> De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 7 – 8.

<sup>199</sup> Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 5-6.

<sup>200</sup> *Ibid.*

<sup>201</sup> *Ibid.*

Met betrekking tot die keuse van watter bates te gelde gemaak kan word in 'n geval waar daar 'n kontanttekort in 'n bestorwe boedel ervaar word, is die eksekuteur in die uitoefening van hierdie keuse nie gebind deur enige voorskrifte nie.<sup>202</sup> Dit sou egter vir 'n eksekuteur raadsaam wees om hom in hierdie verband deur die volgende te laat lei:

- i) die bepalings van die testateur se testament; en
- ii) die aard van die betrokke boedelbates.<sup>203</sup>

(c) Algehele uitverkoping

Hierdie metode van likwidasië behels die tegeldemaking van alle boedelbates om kontant beskikbaar te stel vir doeleindes van die beredderingsproses. Dit word volgens Wiechers en Vorster<sup>204</sup> slegs in uitsonderlike gevalle gevolg. Volgens hulle vind dit in die praktyk slegs in die volgende drie gevalle aanwending:

- i) indien daar 'n testamentêre opdrag tot algehele uitverkoping sou wees;
- ii) indien 'n algehele uitverkoping die enigste opsie sou wees vanweë noodsaaklikheid;<sup>205</sup> of
- iii) indien die begunstigdes dit sou versoek.

---

<sup>202</sup> *Ibid.*

<sup>203</sup> Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 5-6 tot 5-7.

<sup>204</sup> *Ibid.*

<sup>205</sup> Dit kan 'n noodsaaklikheid wees weens statutêre bepalings of om nadelige gevolge te voorkom vanweë die ondeelbaarheid van goed of vanweë onmoontlikheid of ontoelaatbaarheid van oordrag.



(d) Oomame deur die langsewende eggenoot kragtens die bepaling van artikel 38 van die Boedelwet

Artikel 38 van die Boedelwet<sup>206</sup> maak daarvoor voorsiening dat 'n langsewende eggenoot van 'n erflater onder sekere omstandighede die boedel van die erflater, of 'n gedeelte daarvan, kan oorneem teen betaling van 'n bedrag vir die goedere wat oorgeneem word. Die bedrag word bepaal deur 'n taksateur of 'n ander persoon wat die meester aanwys. Wiechers en Vorster<sup>207</sup> meld dat dit prakties daarop neerkom dat die langsewende gade eintlik die begunstigdes "uitkoop" deur die boedelgoedere teen die gewaardeerde bedrag oor te neem en dat die kontantopbrengs dan in die plek van die goedere in spesie onder die begunstigdes verdeel word. Daar bestaan 'n bepaalde administratiewe proses wat deur die langsewende gade en die eksekuteur gevolg moet word indien daar op hierdie metode van likwidasië besluit word.<sup>208</sup> Die meester stel in sodanige geval ook sekere vereistes waaraan daar voldoen moet word alvorens hierdie metode implementeer kan word.<sup>209</sup>

---

<sup>206</sup> Wet 66 van 1965.

<sup>207</sup> Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 5-13.

<sup>208</sup> Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 5-13 tot 5-15.

<sup>209</sup> Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 5-14 tot 5-15.

(e) Herverdelingsooreenkoms tussen begunstigdes

Hierdie metode van bereddering kom dikwels in die praktyk voor. Dit is noodsaaklik om van hierdie metode gebruik te maak in die meerderheid gevalle van intestate vererwing asook in heelwat testate boedels.<sup>210</sup> Volgens Wiechers en Vorster<sup>211</sup> wyk 'n herverdelingsooreenkoms af van die testament en die intestate erfreg in die sin dat die mede-eiendomsreg op die bates ontbind word en elke begunstigde geregtig word op die alleeneiendomsreg op daardie bates wat kragtens die herverdelingsooreenkoms aan hom toegewys is. Regter Dowling stel dit soos volg:<sup>212</sup>

"There is contemplated some sort of reshuffle of assets in the estate, which would in any case have passed to the heirs, in a way which departs in some respect from the actual disposition of the will or the normal course of devolution *ab intestato*."

Die doel van sodanige ooreenkoms moet te alle tye noodwendig 'n herverdeling van bates wees. Indien die begunstigdes almal meerderjarig is en die doel van die ooreenkoms bloot 'n herskommeling van bates is, behoort geen probleme ondervind te word om die meester se goedkeuring te bekom nie.

---

<sup>210</sup> *Ibid.*

<sup>211</sup> *Ibid.*

<sup>212</sup> *Klerck NO v Registrar of Deeds* 1950 1 SA 626 (T) 631.



Indien enige van die begunstigdes egter minderjarig sou wees, sal die meester egter meer noulettend aandag skenk aan die bepaalde gedeelte wat die minderjarige toekom. Indien sodanige gedeelte minder sou wees as die gedeeltes wat die ander begunstigdes sou toekom, sal die meester waarskynlik nie goedkeuring ten opsigte van die herverdelingsooreenkoms verleen nie.<sup>213</sup>

(f) Insolvente boedels

Indien die bestorwe boedel insolvent sou wees, kan die boedel na gelang van die keuse van die skuldeisers van die bestorwe boedel op een van twee wyses berekender word:

- i) kragtens die prosedure neergelê in die bepalings van artikel 34 van die Boedelwet;<sup>214</sup> of
- ii) ingevolge die bepalings van die Insolvensiewet.<sup>215</sup>

Vir doeleindes van hierdie studie word daar nie verder op hierdie metodes ingegaan het.

(2) Leerstuk van keuse

Hierdie leerstuk kom ter sprake by die oopval van 'n boedel.<sup>216</sup>

---

<sup>213</sup> Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 5-16.

<sup>214</sup> Wet 66 van 1965.

<sup>215</sup> Wet 24 van 1936.

<sup>216</sup> De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 180 – 181.

Die betrokke begunstigde kan dan besluit om die testamentêre bevoordeling te aanvaar of om daarvan afstand te doen.<sup>217</sup> Corbett, Hofmeyr en Kahn<sup>218</sup> omskryf dit soos volg:

“The only choice open to an heir in modern law is to accept (that is, adiate) or repudiate (renunciate). *Beneficium inventarii*, *spatium deliberandi* and *beneficium abstinendi* have gone the way of all flesh. In the vast majority of cases a beneficiary can only gain by adiating. If the estate is insolvent the worst that can happen to the heir is that he or she gets nothing, for even if the estate is insolvent an heir does not become personally liable for its debts.”

Aangesien adiasie dus nie werklik 'n risiko vir die begunstigde inhou nie is die moderne tendens om te aanvaar dat 'n begunstigde 'n erfregtelike voordeel aanvaar het tensy hy dit repudieer.<sup>219</sup>

Alhoewel 'n begunstigde normaalweg slegs voordele kragtens 'n testament ontvang, kan dit egter gebeur dat die testateur in die testament bepaal dat daar saam met die voordeel ook 'n las of verpligting op die begunstigde geplaas word.<sup>220</sup>

---

<sup>217</sup> *Ibid.*

<sup>218</sup> Corbett, Hofmeyr & Kahn *Law of Succession in South Africa* 17.

<sup>219</sup> Corbett, Hofmeyr & Kahn *Law of Succession in South Africa* 18; De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 181.

<sup>220</sup> De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 181; Corbett, Hofmeyr & Kahn *Law of Succession in South Africa* 18.



Die testateur kan selfs bepaal dat die begunstigde afstand van sekere van sy bates moet doen om die bepaalde voordeel te ontvang.<sup>221</sup>

Van der Merwe en Rowland<sup>222</sup> verskaf die volgende voorbeelde waar die leerstuk van keuse ter sprake kom:

“Daar word gewoonlik net na eleksie of keuse verwys in gevalle waar die testament ’n verpligting op die bevoordeelde gelê het. ’n Bepaling in ’n testament wat vir die bevoordeelde wat voor ’n keuse gestel word, onaanneemlik of onaantreklik is, kan verskillende vorme aanneem. Dit kan ’n bemaking wees van eiendom wat volgens die erflater se wete aan die bevoordeelde behoort het. Aan die ander kant kan dit ’n bepaling wees ingevolge waarvan die bevoordeelde iets moet doen of nie moet doen nie waartoe hy nie geneig voel nie, byvoorbeeld om ’n boek wat die erflater of iemand anders begin skryf het, te voltooi of om ’n bedrag aan ’n begunstigde wat in die testament genoem word, te betaal. Sodanige bepalings is effektief, tensy hulle onwettig, immoreel of teen die openbare beleid is.”

---

<sup>221</sup> Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 6-3 tot 6-4.

<sup>222</sup> Van der Merwe & Rowland *Suid-Afrikaanse Erfreg* 409.

Indien die begunstigde die bevoordeling onderhewig aan die testamentêre bepaling aanvaar, moet hy uitvoering daaraan gee. Indien die begunstigde weier, verbeur hy alle voordele in sy guns kragtens die testament.<sup>223</sup>

Gemelde keuse moet uitdruklik uitgeoefen word en sodra die begunstigde sy keuse uitgeoefen het, is dit finaal.<sup>224</sup> De Waal en Schoeman-Malan<sup>225</sup> toon aan dat 'n uitsondering hierop moontlik is indien aangetoon kan word dat die begunstigde se keuse "in excusable ignorance of his rights" uitgevoer is.<sup>226</sup>

### (3) Boedelsamesmelting

Twee of meer persone kan deur middel van 'n gesamentlike testament die geheel of 'n bepaalde gedeelte van hul boedels saamvoeg in een gekonsolideerde ekonomiese eenheid en daarna oor die hele saamgevoegde boedel of 'n gedeelte daarvan beskik.<sup>227</sup>

---

<sup>223</sup> *Ibid.*

<sup>224</sup> Bouwer *Die Beredderingsproses van Bestorwe Boedels* 464.

<sup>225</sup> De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 183. Sien ook Corbett, Hofmeyr & Kahn *Law of Succession in South Africa* 19.

<sup>226</sup> Sien ook *Oxenham v Oxenham's Executor* 1945 WLD 57.

<sup>227</sup> Corbett, Hofmeyr & Kahn *Law of Succession in South Africa* 436; De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 184. De Waal & Schoeman-Malan toon aan dat ten einde boedelsamesmelting tussen gades te implementeer dit nodig is dat die eerssterwende testateur oor sy bates (of minstens 'n gedeelte daarvan) sowel as oor die bates (of minstens 'n gedeelte daarvan) van sy langsliewende gade moet beskik.



De Waal en Schoeman-Malan<sup>228</sup> toon aan dat daar uit 'n gemeenregtelike oogpunt 'n noue verband tussen eleksie (leerstuk van keuse) en boedelsamesmelting bestaan en meld:

“Ten einde boedelsamesmelting te bewerkstellig sodat die langlewende testateur gebind is aan die testamentêre beskikking wat die eerssterwende testateur oor die saamgesmelte boedel gemaak het, is dit noodsaaklik dat die eerssterwende testateur 'n voordeel aan die langlewende ten aansien van die saamgesmelte boedels bemaak het en dat laasgenoemde sodanige voordeel by die dood van die eerssterwende aanvaar.”

Die skrywers<sup>229</sup> is dus die mening toegedaan dat daar sprake van twee stadiums by boedelsamesmelting is. Gedurende die eerste stadium word die testament opgestel met die oog op boedelsamesmelting.<sup>230</sup> Gedurende die tweede stadium (na dood van die eerssterwende) moet die langlewende 'n keuse ten aansien van die boedelsamesmelting uitoefen.<sup>231</sup>

'n Noodwendige gevolg van boedelsamesmelting is dus dat die begunstigde kragtens die bepaling van die testament bereid moet

---

<sup>228</sup> De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 185.

<sup>229</sup> *Ibid.*

<sup>230</sup> *Ibid.*

<sup>231</sup> *Ibid.*

wees om afstand te doen van sy eie bates ten einde 'n voordeel te bekom.<sup>232</sup>

Boedelsamesmelting word tans deur die wetgewer ingevolge die bepalings van artikel 37 van die Boedelwet<sup>233</sup> statutêr gereguleer.

Artikel 37 bepaal:

"Indien twee of meer persone by hul mutuele testament die hele of 'n bepaalde gedeelte van hul gesamentlike boedel saamgevoeg het en beskik het oor die saamgevoegde boedel of oor enige gedeelte daarvan na die dood van die langsliewende of oorlewendes of die plaasvind van 'n ander gebeurtenis na die dood van die eerssterwende, waarby aan die langsliewende of oorlewendes 'n beperkte reg ten opsigte van enige goed in die saamgevoegde boedel toegeken word, dan het, by oorlye van die eerssterwende na die inwerkingtreding van hierdie Wet, aanvaarding deur die langsliewende of oorlewendes tot gevolg dat die persone ten gunste van wie die beskikking gedoen is, ten opsigte van goed wat deel van die langsliewende of oorlewendes

---

<sup>232</sup> Corbett, Hofmeyr & Kahn *Law of Succession in South Africa* 440 – 443; De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 185.

<sup>233</sup> Wet 66 van 1965.



se aandeel in die saamgevoegde boedel uitmaak, die regte verkry wat hulle regtens ingevolge die testament sou besit het as daardie goed aan die eerssterwende behoort het; en die eksekuteur stel sy distribusierekening dienooreenkomstig op.”

Die boedelbeplanner behoort dus vanuit 'n beplanningsoogpunt aan die erflater te verduidelik wat onder boedelsamesmelting verstaan word.

Hy behoort ook aan die erflater uit te wys dat die aanwending van hierdie boedelbeplanningsinstrument net doeltreffend sou wees indien die langsewende die bemaakte beperkte reg sou adieer.

3.2.3.3 Derde fase: finalisering van die likwidasië- en distribusierekening volgens die toepaslike metode van likwidasië, vereffening van skulde en verpligtinge en verdeling van boedelbates

(1) Die likwidasië- en distribusierekening

Die eksekuteur moet na aanleiding van die toepaslike metode van likwidasië 'n likwidasië- en distribusierekening voorberei. Hierdie rekening bevat besonderhede van skulde, heffings, belastings en uitgawes van die boedel asook bewese eise teen die boedel en

besonderhede ten opsigte van die voorgestelde verdeling van boedelbates. Wiechers en Vorster<sup>234</sup> voer aan dat die likwidasië- en distribusierekening die fokuspunt van die beredderingsproses is in soverre dit die boedel van die oorledene in sy totaliteit weerspieël. Hierdie rekening reflekteer inderdaad die eindresultaat van die eksekuteur se werksaamhede.<sup>235</sup>

Met die finalisering van hierdie rekening is die eksekuteur se pligte weliswaar nog nie heeltemaal afgehandel nie maar verrig die eksekuteur sodoende sy basiese en belangrikste funksie.<sup>236</sup> Hierdie rekening het 'n bepaalde formaat en word by die meester ingedien ter insae vir 'n sekere tydperk.

Sodra die meester hierdie rekening goedgekeur het, is die oorblywende stappe ter finalisering van die boedel bloot administratiefregtelik van aard en 'n formaliteit.<sup>237</sup> Die eksekuteur gee dan uitvoering aan die rekening deur toepaslike uitbetalings en die verdeling van boedelbates.

## (2) Betaling van skulde, heffings, belastings, uitgawes

Die boedelbeplanner moet ook bewus daarvan wees dat die eksekuteur moet toesien dat alle legitieme skulde, heffings, belastings en ander boedeluittgawes vereffen word nadat die likwidasië- en

---

<sup>234</sup> Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 10-3.

<sup>235</sup> *Ibid.*

<sup>236</sup> *Ibid.*

<sup>237</sup> *Ibid.*



distribusierekening deur die meester goedgekeur is.<sup>238</sup> 'n Eksekuteur is geregtig om benewens boedeluitgawes ook 'n eksekuteursloon<sup>239</sup> plus belasting op toegevoegde waarde daarop met die afhandeling van die boedel te hef.<sup>240</sup> Besonderhede hiervan word ook in die vermelde likwidasië- en distribusierekening vervat.

Die eksekuteur word voorts deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens verantwoordelik gehou vir die indiening van die toepaslike en voorgeskrewe belastingopgawes ten opsigte van die belastingverpligtinge van die betrokke boedel.<sup>241</sup> Daar word egter later in hierdie studie in meer detail op hierdie aspekte gefokus.<sup>242</sup>

### (3) Eise teen die boedel

Alle eise teen 'n bestorwe boedel moet binne 'n sekere tydperk by die eksekuteur ingedien word en besonderhede daarvan moet ook in die likwidasië- en distribusierekening vervat word.<sup>243</sup> Die eksekuteur sal die eise wat teen 'n boedel ingedien word nagaan en besluit of daar genoegsame bewys is om die betrokke eise te erken al dan nie.<sup>244</sup> Die eksekuteur sal ook bewese eise teen die boedel, na goedkeuring van

<sup>238</sup> Boedelwet 66 van 1965.

<sup>239</sup> Die maksimum eksekuteursloon wat tans gehef kan word is 3,5% van die boedelbates.

<sup>240</sup> Reg 8(1)(a) en (b) uitgevaardig kragtens die bepalings van art 51(1)(b) van die Boedelwet 66 van 1965 saamgelees met art 4(c) van die Boedelbelastingwet 45 van 1955.

<sup>241</sup> Art 7(1) van die Boedelbelastingwet 45 van 1955 saamgelees met reg 5(1)(h) uitgevaardig kragtens die bepalings van art 103 van die Boedelwet 66 van 1965.

<sup>242</sup> Sien *infra* hfst 5 en 6.

<sup>243</sup> Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 8-6. Sien ook art 29 van die Boedelwet 66 van 1965.

<sup>244</sup> *Wood v Estate Thompson and Another* 1949 1 SA 607 (D) 614. Sien ook Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 8-6.

die likwidasië- en distribusierekening deur die meester, vereffen indien daar voldoende fondse in die boedel beskikbaar sou wees.

(4) Verdeling van die boedelbates

Nadat die eksekuteur in oorleg met die begunstigdes op 'n bepaalde en toepaslike metode van likwidasië besluit het, die likwidasië- en distribusierekening deur die meester goedgekeur is, die boedelskulde en verpligtinge nagekom is en die legatêre toegeken en oorhandig is, moet die oorblywende beskikbare boedelbates onder die toepaslike begunstigdes verdeel word.<sup>245</sup>

3.2.3.4 Vierde fase: afhandeling van die boedel

Soos vermeld, is die beredderingsproses hoofsaaklik afgehandel sodra die likwidasië- en distribusierekening deur die meester goedgekeur is. Die finale stappe ter finalisering van die boedel behels die indiening van sekere finale dokumentasie<sup>246</sup> by die meester wat uitloop op die uitreiking van 'n ontslagsertifikaat deur die meester.<sup>247</sup>

### 3.3 Samevattende vergelyking

3.3.1 Verskille tussen die Engelse reg en die Suid-Afrikaanse reg

Dit volg uit voormelde dat daar wel sekere verskille ten opsigte van die beredderingsproses tussen die Engelse en die Suid-Afrikaanse reg bestaan.

---

<sup>245</sup> Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 5-4.

<sup>246</sup> *Ibid.*

<sup>247</sup> Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 11-3.



Die volgende merkbare verskille verdien vermelding:

- (a) Die boedelberedderingsproses na aanmelding van die sterfgeval (insluitende - maar nie beperk nie tot - die proses ten opsigte van die aanstelling van 'n *personal representative* en aanvaarding van die testament) volgens die Engelse reg is 'n meer formele proses as wat die geval in die Suid-Afrikaanse reg is.<sup>248</sup>
- (b) 'n Toepaslike hof verleen *probate* wanneer 'n testament volgens die Engelse reg bewys en aanvaar word terwyl die meester van die Hoë Hof bloot 'n testament in sy boedelregister aanteken en aanvaar (tensy die meester twyfel oor die geldigheid daarvan of laasgenoemde in dispuut geplaas word).<sup>249</sup>
- (c) Boedelbates vestig in die *personal representative* volgens die Engelse reg terwyl die posisie met betrekking tot hierdie kwessie volgens die Suid-Afrikaanse reg onseker is. Daar heers tans 'n debat oor hierdie kwessie.<sup>250</sup>

---

<sup>248</sup> Sien *supra* 3.1.

<sup>249</sup> Sien *supra* 3.1 – 3.2.

<sup>250</sup> De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 11. De Waal & Schoeman-Malan toon drie moontlikhede aan, naamlik: eerstens geld universele erfopvolging nie meer in die Suid-Afrikaanse reg nie en dus word erfregtelike begunstigdes nie onmiddellik eienaars van die boedelbates by die dood van die erflater nie; tweedens bestaan die moontlikheid dat die boedelbates in die eksekuteur in sy ampshoedanigheid vestig; derdens is die teorie geopper dat die bestorwe boedel 'n regspersoon is wat self eienaar van die boedelbates is. Hulle voel dat die tweede moontlikheid waarskynlik die beste oplossing bied.

- (d) Die *executor's year* waarbinne die *executor* volgens die Engelse reg 'n bestorwe boedel moet afhandel, strek oor 'n periode van een jaar vanaf die datum van die dood van die erflater. Hierteenoor moet 'n eksekuteur in terme van die Suid-Afrikaanse reg binne ses maande na datum van die uitreiking van die eksekuteursbrief deur die meester, 'n boedelrekening aan die meester lewer.<sup>251</sup>
- (e) Die *personal representative* beredder 'n boedel in terme van die Engelse reg onder toesig van 'n toepaslike hof terwyl 'n eksekuteur 'n boedel in terme van die Suid-Afrikaanse reg onder toesig van die meester van die Hoë Hof beredder.<sup>252</sup>
- (f) Ingevolge die Engelse reg is dit slegs vir die *personal representative* nodig om 'n boedelrekening by die hof in te lewer indien hy daartoe gelas word terwyl 'n finale likwidasië- en distribusierekening vir doeleindes van die afhandeling van die boedel die norm volgens die Suid-Afrikaanse reg is.<sup>253</sup>

---

<sup>251</sup> Sien *supra* 3.1 – 3.2.

<sup>252</sup> Sien *supra* 3.1 – 3.2.

<sup>253</sup> Daar is egter enkele uitsonderings hierop volgens die Suid-Afrikaanse reg. Let op die bepalings van art 18(3) van die Boedelwet 66 van 1965. Neem ook kennis van die bepalings wat van toepassing is op intestate boedels van Swart persone wat volgens stamgebruike vererf en intestate boedels van Swart persone waar die oorledene kragtens 'n gebruikelike verbintenis saamgewoon het met die langlewende gade tot die verbintenis. Let ook op die bepalings van reg 3 en 4 uitgevaardig in *Staatskoerant* R200 van 7 Februarie 1987 ingevolge die Swart Administrasiewet 38 van 1927.



- (g) Die beredderingsproses volgens die Engelse reg is geneig om volgens 'n omvattende, gedetailleerde en behoorlik gedokumenteerde statutêre proses te verloop (wat min ruimte laat vir enige diskresie van die *executor*) terwyl die beredderingsproses volgens die Suid-Afrikaanse reg (alhoewel ook statutêr gereguleer) meer buigsaam is en die eksekuteur in 'n sekere mate oor 'n diskresie beskik met betrekking tot die oorweging van 'n geskikte metode van likwidasie.<sup>254</sup>
- (h) Ingevolge die Engelse reg is 'n *personal representative* nie geregtig op vergoeding vir sy dienste nie (benewens enkele uitsonderings), terwyl 'n eksekuteur ingevolge die Suid-Afrikaanse reg wel geregtig is op eksekuteursloon.

### 3.3.2 Ooreenkomste tussen die Engelse reg en die Suid-Afrikaanse reg

Uit die uiteensetting in hierdie hoofstuk blyk dit dat daar ten opsigte van die beredderingsproses egter ook heelwat ooreenkomste tussen die Engelse en die Suid-Afrikaanse reg bestaan. Dit is waarskynlik vanweë die bepalende invloed wat die Engelse erfreg histories op die Suid-Afrikaanse erfreg gehad het. Die volgende merkbare ooreenkomste verdien vermelding:

- (a) Daar is nie sprake van universele erfopvolging in óf die Engelse óf die Suid-Afrikaanse erfreg nie.<sup>255</sup>

---

<sup>254</sup> Sien *supra* hfst 2.

<sup>255</sup> Sien *supra* 3.1 – 3.2.

- (b) 'n Boedelverteenwoordiger neem volgens beide regstelsels beheer oor die oorlede erflater se boedelbates waarna dit beheer en bestuur word volgens die erflater se testamentêre wense of volgens die reëls van die intestate erfreg.<sup>256</sup>
- (c) In beide regstelsels is daar bepaalde formaliteitsvereistes waaraan boedelverteenwoordigers moet voldoen vandat die beredderings-proses 'n aanvang neem totdat dit afgehandel word.<sup>257</sup>
- (d) Bestorwe boedels moet volgens beide regstelsels binne 'n sekere tydperk (wat wel verskil) afgehandel word.<sup>258</sup>
- (e) Boedelverteenwoordigers in beide regstelsels beredder bestorwe boedels onder toesig van owerheidsliggame.<sup>259</sup>
- (f) Enige boedelbeplanning wat die datum van die dood van die erflater voorafgaan, sal groot waarde vir boedelverteenwoordigers van beide regstelsels inhou.
- (g) Dit is vir die boedelbeplanner in beide regstelsels van belang om kennis te neem van sekere aspekte van die boedelberedderingsproses en die impak daarvan ten einde daarvolgens vooraf 'n behoorlike en toepaslike boedelbeplanning te doen.

---

<sup>256</sup> Sien *supra* 3.1 – 3.2.

<sup>257</sup> Sien *supra* 3.1 – 3.2.

<sup>258</sup> Sien *supra* 3.1 – 3.2.

<sup>259</sup> Sien *supra* 3.1 – 3.2.



### 3.3.3 Gevolgtrekking

Daar is reeds in hierdie studie daarop gewys dat boedelbeplanning 'n multidissiplinêre vakgebied is.<sup>260</sup> Dit is my suggestie dat 'n behoorlike voorafkennis van die vakgebied van boedelberedding onontbeerlik vir enige boedelbeplanning is.

Abrie, Graham & Van der Linde<sup>261</sup> meld die volgende in hierdie opsig:

“It is not possible to do estate planning without a full understanding of the consequences it will have on the administration of a deceased estate.”

Wiechers en Vorster<sup>262</sup> meld dat wanneer ons met boedelberedding te doen kry 'n paar belangrike aspekte reeds afgehandel of nagelaat is, naamlik boedelbeplanning en die gepaardgaande opstel van die testament. Hulle toon ook aan dat die beredderingsproses problematies sal verloop indien daar nie na behore beplan is met inagneming van die impak van die beredderingsproses nie.<sup>263</sup> Dit kan selfs daartoe lei dat sekere van die erflater se boedelplanne nie uitgevoer kan word nie.

---

<sup>260</sup> Sien *supra* 2.2.4.

<sup>261</sup> Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* voorwoord.

<sup>262</sup> Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 1-3.

<sup>263</sup> *Ibid.*

Abrie, Graham & Van der Linde<sup>264</sup> identifiseer een van die doelwitte met die meeste boedelplanne soos volg:

“to ensure a smooth devolvment of the estate at death, to ensure that the correct beneficiaries obtain their inheritances without undue problems.”<sup>265</sup>

Swart, Graham, Van der Westhuizen & Abrie<sup>266</sup> meld die volgende:

“Die verpligte realisasie van bates met `n groeipotensiaal moet sover moontlik vermy word ... Behoorlike boedelbeplanning vereis die identifikasie en ontleding van sekere basiese parameters. Aandag moet aan al hierdie parameters gegee word om `n boedel behoorlik te kan beplan. Afhangende van die besondere behoefte van die persoon wie se boedel beplan word, sal daar groter gewig aan sekere parameters verleen word. Sinvolle boedebeplanning vereis nie net `n deeglike kennis van die Boedelbelastingwet nie, maar ook van die bepalings van ander wette wat baie nou saamhang met die waardering, oordrag, verdeling en beswaring van hierdie bates.”

---

<sup>264</sup> Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 6.

<sup>265</sup> Dit veronderstel dus `n behoorlike voorafkennis van die impak van die verskillende metodes van likwidasie wat vir die eksekuteur beskikbaar is, ten einde die beplanning met inagneming daarvan te onderneem. Sien ook *supra* 3.2.3.2.

<sup>266</sup> Swart, Graham, Van der Westhuizen & Abrie *Beplanning en Bereddering van Boedels* 234.



Abrie, Graham & Van der Linde<sup>267</sup> lys dan die volgende praktiese aspekte wat in ag geneem moet word by boedelbeplanning:

- (a) koste van beplanning;
- (b) omvang van die erflater se behoeftes;
- (c) omvang van die erflater se behoefte aan die beskerming van bates;
- (d) billikheid en pariteit ten opsigte van vererwing;
- (e) likiditeit;
- (f) beheer oor bates;
- (g) kontinuïteit; en
- (h) buigsaamheid van die boedelplan.

Sommige van hierdie aspekte veronderstel myns insiens noodwendig 'n behoorlike voorafkennis van die impak van die boedelberedderingsproses ten einde die boedelbeplanner in staat te stel om die boedelplan vooraf aan 'n toepaslike proefbereddering<sup>268</sup> te onderwerp om die strategiese gaping te identifiseer. Die beplanningsproses kan dan vandaar voortgesit word.

---

<sup>267</sup> Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 20 – 24.

<sup>268</sup> Sien *infra* hfst 5.

De Waal en Schoeman-Malan<sup>269</sup> omskryf die boedelberedderingsproses soos volg:

“...die proses waardeur 'n oorledene se skuld (laste) betaal word en die balans (bates wat vatbaar is vir verdeling) aan bevoorreedes toegeken en oorgedra word.”

Ten einde 'n behoorlike beplanning vir hierdie gebeurtenis te doen, moet die boedelbeplanner minstens weet wat die proses behels om te bepaal wat die impak van die proses op die boedelplan sou wees en ook of daar spesifieke addisionele finansiële voorsiening vir dié doel getref moet word.

Daar is ook reeds in die studie aangetoon dat die eerste fase van die boedelbeplanningsproses 'n eksterne waardering behels.<sup>270</sup>

Die boedelbeplanner (ten opsigte van sowel die Engelse as die Suid-Afrikaanse reg) moet dus ten opsigte van hierdie fase oor 'n behoorlike kennis van toepaslike wetgewing (insluitende wetgewing wat die beredderingsproses reguleer) beskik ten einde hierdie eerste fase van die boedelbeplanningsproses suksesvol te inisieer.<sup>271</sup>

Hierdie studie het ook aangetoon dat die Suid-Afrikaanse reg ten aansien van erfopvolging sterk deur Engelsregtelike beginsels beïnvloed is.

---

<sup>269</sup> De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 228.

<sup>270</sup> Sien *supra* 2.4.1.

<sup>271</sup> Sien *supra* 2.4.1.



Dit is dus belangrik om te identifiseer in watter opsigte die posisie volgens die Engelse reg van die Suid-Afrikaanse reg verskil asook watter ooreenkomste daar tussen hierdie stelsels bestaan. Verder bied 'n ontleding van die Engelse reg betreffende die boedelberedderingsproses aan die Suid-Afrikaanse boedelbeplanner 'n waardevolle insig in 'n stelsel wat die Suid-Afrikaanse reg op hierdie punt histories sterk beïnvloed het. Die resultate van hierdie vergelyking sal die boedelbeplanner help om 'n behoorlike boedelontleding te doen waarin daar onder andere gefokus word op die geïdentifiseerde aspekte van die beredderingsproses wat vir beplanningsdoeleindes van belang is. Die volgende raakpunte vir beplanningsdoeleindes kan genoem word:

- (a) die belangrikheid daaraan verbonde om die regte persoon as eksekuteur aan te stel om die boedel te beredder (inaggenome die bevoegdhede van 'n eksekuteur en presies wat sy verpligtinge behels);
- (b) die wyse waarop die boedel gestruktureer behoort te word ten einde die beredderingsproses so glad as moontlik te laat verloop en so gou as moontlik af te handel (dit impliseer ook die beperking van uitgawes tot die minimum);

- (c) die verdiskontering van die impak van uitgawes, belastings, heffings en eise teen die boedel gedurende die beredderingsproses op die boedelplan;
- (d) die identifisering, reeds gedurende die boedelbeplanningsproses, van die mees geskikte en gepaste metode van likwidasië vir 'n betrokke erflater ten einde die boedelplan met die oog daarop op te stel en aan te pas;
- (e) die impak van die tydsverloop verbonde aan die beredderingsproses op boedelbates (met inagneming van die aard en omvang van boedelbates soos byvoorbeeld sakebelange of besighede van die erflater); en
- (f) die belang daarvan om die aard en omvang van sekere erfregtelike leerstukke en meganismes te begryp ten einde dit korrek in die boedelplan aan te wend.

Behoorlike inagneming van hierdie aspekte sal die boedelbeplanner in staat stel om die impak van die beredderingsproses op die boedelplan behoorlik in ag te neem.

Dit sal ook aan die erflater die geleentheid bied om vooraf finansiële voorsiening te tref ten einde genoegsame kontant vir die



beredderingsproses beskikbaar te stel.<sup>272</sup> 'n Vooruitskouing van hoe die beredderingsproses sou verloop by die dood van die erflater is dus onontbeerlik sodat daar na behore vir dié gebeurtenis beplan kan word na gelang van die erflater se omstandighede en die samestelling van sy boedel.<sup>273</sup>

---

<sup>272</sup> Sien *infra* hfst 5.

<sup>273</sup> Sien *infra* hfst 5.

## HOOFSTUK 4

### 4 PRAKTIESE PROBLEEMGEVALLE TYDENS DIE BEREDDERINGS-PROSES

#### 4.1 Inleiding

As deel van hierdie studie is daar ook gesprekke met boedelberedderaars in die praktyk gevoer.<sup>1</sup> Dit het duidelik uit hierdie gesprekke na vore gekom dat daar verskeie probleme ervaar word in gevalle waar daar nie 'n behoorlike voorafbepanning gedoen is nie.

Dit is die opinie van hierdie boedelberedderaars dat beredderaars boedels ten aansien waarvan óf die beredderaar nie self die boedelplan en testament opgestel het nie óf daar nie minstens 'n behoorlike boedelplan en testament deur 'n ander kundige opgestel is nie, met omsigtigheid benader. Sulke boedels word deur hierdie beredderaars as sogenaamde "buite boedels" beskou en word normaalweg eers aan 'n sogenaamde lewensvatbaarheidstoets onderwerp ingevolge waarvan minstens die volgende gekontroleer word:<sup>2</sup>

- (a) die aard, omvang en samestelling van die boedelbates en -laste;
- (b) die likiditeitsposisie van die boedel;
- (c) die regsgeldigheid van die testament; en

---

<sup>1</sup> Sien *supra* hfst 1. Sien ook Troost "Drafting Errors in Wills: Part 1" 2003 *Insurance and Tax* 18 2 25.

<sup>2</sup> Hierdie kontroles is onder andere ook toepaslik by die aanwending van die voorgestelde ontledingsmodel. Sien *infra* hfst 5.



(d) die praktiese uitvoerbaarheid van die testateur se wense.

Die doel met hierdie vooraftoets is om te bepaal of daar enige praktiese probleme voorsien word wat daartoe sou lei dat dit nie vir die boedelberedderaar lonend sou wees om by die beredderingsproses van die betrokke boedel betrokke te raak nie.<sup>3</sup>

Ten spyte van hierdie lewensvatbaarheidstoets gebeur dit tog soms dat 'n boedelberedderaar wel betrokke raak by 'n sogenaamde "buite boedel" wat op sigwaarde nie problematies blyk te wees nie maar ten opsigte waarvan probleme dan later gedurende die beredderingsproses na vore kom. Hier volg 'n paar voorbeelde van werklike gevalle waarby bekende trustmaatskappye wel betrokke geraak het en daarna probleme ervaar het om die boedelberedderingsproses te finaliseer.

---

<sup>3</sup> Die maksimum eksekuteurloon wat tans kragtens wetgewing gehef kan word, is 3,5% van die totale boedelbates plus belasting op toegevoegde waarde daarop wat tans 14% is. Sien reg 8(1)(a) en (b) uitgevaardig kragtens die bepalings van art 51(1)(b) van die Boedelwet 66 van 1965 saamgelees met die bepalings van art 4(c) van die Boedelbelastingwet 45 van 1955.

## 4.2 Geval A: praktiese probleme met die beredding van 'n intestate boedel

### 4.2.1 Kernfeite en probleemarea

Die boedelwaarde in hierdie geval het ongeveer R231 000 beloop. Die boedel het bloot uit 'n residensiële woning (beswaar met 'n verband van R100 000) en die opbrengs van twee langtermyn lewensversekeringspolisse bestaan.<sup>4</sup> Daar is later tydens die bereddingsproses 'n verdere eis deur 'n krediteur ingedien, waarvan die trustmaatskappy nie aanvanklik bewus was nie.

Aangesien die erflater intestaat gesterf het, was die enigste erfgename die oorledene se moeder en vader.<sup>5</sup> Die huweliksverhouding van die erflater se moeder en vader het egter voor die datum van sy dood verbrokkel en hulle was ten tye van sy dood reeds van mekaar geskei. Ten einde uitvoering aan hierdie boedelplan<sup>6</sup> te verleen, moes die beredderaar toesien dat die verband afgelos word. Hierbenewens moes die boedeluittgawes asook die eis van die krediteur gedelg word in samewerking met die intestate erfgename alvorens die restant van die boedel (indien enige) verdeel kon word.

---

<sup>4</sup> Produkte wat ontwerp is in ooreenstemming met die bepalings van die Langtermyn-versekeringswet 52 van 1998.

<sup>5</sup> Ingevolge die bepalings van die Wet op Intestate Erfopvolging 81 van 1987.

<sup>6</sup> In aansluiting by Casner se beskouing, *supra* 2.1 vn 1, kan die geval waar 'n erflater te sterwe kom sonder om 'n testament na te laat gesien word as 'n boedelplan deur regswerking aan die hand van die bepalings van die Wet op Intestate Erfopvolging 81 van 1987. Sien Casner *Estate Planning* 9 – 10.



Die erflater se moeder en vader kon (met inagneming van hul verbrokkelde huweliksverhouding) nie tot 'n vergelyk met betrekking tot die woning kom nie. Die residensiële woning het boonop vir die erflater se moeder sentimentele waarde gehad.

Verskeie aanbiedinge ten aansien van die woning is gevolglik herhaaldelik deur een van die intestate erfgename van die hand gewys.

Na herhaalde pogings om 'n praktiese oplossing te vind, het die erflater se moeder besluit om self die woning te koop en die erflater se vader het uiteindelik besluit om toe te stem tot hierdie kooptransaksie. Die opbrengs van die verkoping is gevolglik deur die eksekuteur aangewend ter delging van die boedeluitgawes en boedelskuld waarna die restant (wat maar 'n karige R16 000 beloop het) tussen die twee intestate erfgename verdeel is.

#### 4.2.2 Oorsaak van probleem

Dit is duidelik dat die boedelplan deur regswerking<sup>7</sup> nie in hierdie geval prakties doeltreffend was nie.

Indien die erflater minstens 'n geldige testament nagelaat het waarin hy spesifieke opdragte aan die eksekuteur verskaf het met

---

<sup>7</sup> Sien *supra* vn 6 saamgelees met die bepalings van die Wet op Intestate Erfopvolging 81 van 1987.

betrekking tot die verkoop van die woning en die vereffening van skulde, sou die eksekuteur nie deurentyd op die toestemming en goedkeuring van die twee intestate erfgename aangewese gewees het nie.<sup>8</sup>

### **4.3 Geval B: onkunde ten aansien van die bevoegdheid van die testamentêre begunstigde om te erf**

#### 4.3.1 Kernfeite en probleemarea

Die bruto boedelwaarde het in hierdie geval ongeveer R343 000 beloop. Die erflater het besluit om die geheel van sy boedelbates aan een van sy dogters te bemaak. Hy het dit ook goed geag om sy boedelplan met die betrokke dogter te bespreek en om haar boonop aktief by die beplanningsproses en opstel van die testament te betrek.

Daar is van 'n *pro forma* gedrukte testament met die gebruikelike standaardstruktuur en basiese bewoording gebruik gemaak. Die ontbrekende gedeeltes van hierdie konsepdokument is bloot op die dokument in die oorspronklike formaat (nog met gedrukte kantnotas as hulpmiddel vir die testateur) ingevul. Die boedelplan in hierdie geval was bloot om by die afsterwe van die erflater al sy boedelbates (na vereffening van boedeluitgawes en boedelskulde) aan sy een dogter oor te dra.

---

<sup>8</sup> In sodanige geval sou die beredderingsproses tav hierdie boedel waarskynlik vinniger gefinaliseer kon word, deurdat die eksekuteur dan 'n gedwonge verkoping as die enigste metode van likwidasië dadelik in werking kon stel. Die beredderingsproses sou dan vinniger afgehandel kon word, wat ook tot groter koste-effektiwiteit sou gelei het.



Die betrokke dogter wat met die erfenis bevoordeel is, is egter (vermoedelik uit onkunde) versoek om die ontbrekende gedeeltes op die voorgestelde testament in haar handskrif te voltooi.<sup>9</sup> Die vermelde dogter is ook volgens die testament as eksekuteur aangestel. Hierbenewens het die testateur se ander dogter die testament as getuie onderteken.<sup>10</sup>

#### 4.3.2 Oorsaak van probleem

Nadat die testament (saam met die ander relevante dokumentasie) by die meester ingedien is,<sup>11</sup> het die meester die handgeskrewe voltooide gedeelte van die testament bevraagteken. Die beredderaar het op daardie stadium instruksies by die dogter wat met die erflating bevoordeel is geneem en aan die meester uitgewys dat dit haar handskrif was. Die meester het met ontvangs van hierdie inligting besluit om die testament soos volg te endosseer:

“Will dated 2.3.2000 registered and accepted. Any benefit to ...(die erfgenaam)<sup>12</sup> is subject to the restrictions of section 4(A) of Act 7/53”.<sup>13</sup>

<sup>9</sup> Ingevolge die bepalings van art 4A van die Wet op Testamente 7 van 1953 is iemand wat 'n testament of enige gedeelte daarvan in sy eie handskrif uitskryf, behoudens enkele uitsonderings wat in die teks in paragraaf 4.3.2 *infra* bespreek sal word, onbevoeg om enige voordeel uit daardie testament te ontvang.

<sup>10</sup> Indien hierdie dogter ook uit die erflater se testament bevoordeel sou word, sou sy ingevolge die bepalings van artikel 4A van die Wet op Testamente 7 van 1953 as iemand wat 'n testament as getuie attesteer en onderteken het, onbevoeg wees om enige voordeel uit daardie testament te ontvang. Soos vermeld, is daar ook enkele uitsonderings op hierdie reël wat in die teks in par 4.3.2 *infra* bespreek sal word.

<sup>11</sup> Sien *supra* hfst 3 vir 'n uiteensetting van die formaliteite wat by die aanmelding van die sterfgeval van toepassing is.

<sup>12</sup> My invoeging.

<sup>13</sup> Wet op Testamente 7 van 1953.

By verdere ondersoek is ontdek dat daar sewentien intestate erfgename is wat in aanmerking geneem moes word vir doeleindes van die verdeling van die boedelbates. Die meeste van hierdie erfgename was boonop in die buiteland woonagtig. Na verloop van verskeie jare en herhaalde onderhandelinge met die betrokkenes in die buiteland is die boedel uiteindelik onlangs gefinaliseer. Die betrokke erflater se boedel het dus uiteindelik op 'n heel ander wyse vererf as wat sy bedoeling was.

Indien die erflater daarvan bewus was dat die testamentêre begunstigde nie betrokke mag wees by die opstel van die testament nie<sup>14</sup> dan sou hierdie oënskynlik eenvoudige boedelplan volkome uitvoerbaar gewees het. Artikel 4A van die Wet op Testamente<sup>15</sup> bevat die volgende bepalings:

“(1) Iemand wat 'n testament as 'n getuie attesteer en onderteken, of wat 'n testament in die teenwoordigheid en in opdrag van die erflater onderteken, of wat die testament of enige gedeelte daarvan in sy eie handskrif uitskryf, en die persoon wat tydens die verlyding van die testament die gade van sodanige persoon is, is onbevoeg om enige voordeel uit daardie testament te ontvang.

---

<sup>14</sup> Hier is dus sprake van onkunde tav die bevoegdheid van die testamentêre begunstigde om te erf. Dit is voorts aanduidend van die belangrikheid van die gedeelte in hierdie studie waarin die eksterne waarderingsfase bespreek word: sien *supra* 2.4.1.

<sup>15</sup> Wet 7 van 1953.



Ondanks die bepalings van subartikel (1) –

- (a) kan 'n hof 'n persoon of sy gade bedoel in subartikel (1) bevoeg verklaar om 'n voordeel uit 'n testament te ontvang indien die hof oortuig is dat daardie persoon of sy gade nie die erflater by die verlyding van die testament bedrieg of onbehoorlik beïnvloed het nie;
- (b) is 'n persoon of sy gade wat ingevolge die reg insake intestate erfopvolging geregtig sou wees om van die erflater te erf indien daardie erflater intestaat gesterf het, nie aldus onbevoeg om 'n voordeel uit daardie testament te ontvang nie: Met dien verstande dat die waarde van die voordeel wat die betrokke persoon of sy gade ontvang, nie die waarde van die deel waarop daardie persoon of sy gade ingevolge die reg insake intestate erfopvolging geregtig sou wees, oorskry nie;
- (c) is 'n persoon of sy gade wat 'n testament as 'n getuie geattesteer en onderteken het nie aldus onbevoeg om 'n voordeel uit daardie testament te ontvang nie indien die betrokke testament ook deur minstens twee ander bevoegde getuies geattesteer en onderteken is wat geen voordeel uit die betrokke testament ontvang nie.

(3) Vir die doeleindes van subartikels (1), en (2)(a) en (c), word die benoeming in 'n testament van 'n persoon as eksekuteur, trustee of voog as 'n voordeel beskou wat deur sodanige persoon uit daardie testament ontvang word."

'n Persoon wat dus betrokke was soos aangedui in die artikel word gediskwalifiseer om uit die testament bevoordeel te word, behoudens die vermelde uitsonderings. Ten aansien van die vermelde uitsonderings kan daar 'n onderskeid getref word tussen die bevoegdheid van die hof<sup>16</sup> en die bevoegdheid van die meester<sup>17</sup> om die toepaslike uitsondering te sanksioneer.

In hierdie geval het dit aanvanklik vir die beredderaar voorgekom asof die beredderingsproses betreklik eenvoudig sou wees. Die beredderaar het egter op sigwaarde van die testament nie besef dat die erfgenaam betrokke was by die opstel van die testament nie. Voorts het die beredderaar ook nie voorsien dat die meester sou gelas dat die boedel as gevolg daarvan intestaat moes vererf nie.<sup>18</sup> Daar is gevolglik ook nie voorsien dat daar sprake van sewentien intestate erfgename sou wees nie en dat die meeste van hierdie erfgename in die buiteland woonagtig was nie.

---

<sup>16</sup> Art 4A(2)(a) van die Wet op Testamente 7 van 1953.

<sup>17</sup> Art 4A(2)(b) en (c) van die Wet op Testamente 7 van 1953.

<sup>18</sup> Sien die bepalinge van art 4A van die Wet op Testamente 7 van 1953.



Dit wil voorkom asof die beredderaar (moontlik vanweë kosteoorwegings en 'n gebrek aan volledige inligting) nie gepoog het om die probleem die hoof te bied deur die hof te nader met 'n aansoek (kragtens die uitsondering vervat in artikel 4A(2)(a) van die Wet op Testamente<sup>19</sup>) om die betrokke dogter as bevoeg te verklaar om wel die volle testamentêre beskikking uit die testament te ontvang nie.<sup>20</sup>

#### **4.4 Geval C: duplisering van bemaking**

##### 4.4.1 Kernfeite en probleemarea

In hierdie geval het die boedelwaarde (insluitende die opbrengs van 'n lewensversekeringspolis) in totaal ongeveer R260 000 beloop. Die erflater was begerig om 'n lewensversekeringspolis met 'n dekkingsvoordeel van R100 000 by sy dood aan sy seun te bemaak.

Op grond van die advies van 'n finansiële adviseur het hy reëlings met die betrokke lewensversekeraar getref om kragtens die konstruksie van 'n *stipulatio alteri*<sup>21</sup> 'n ooreenkoms met die lewensversekeraar te sluit om die polisvoordele by sy dood aan sy seun uit te betaal. Hy het voldoen aan die formaliteitsvereistes<sup>22</sup> wat die lewensversekeraar in hierdie verband gestel het.

---

<sup>19</sup> Wet 7 van 1953.

<sup>20</sup> Sien ook *Theron v Master of the High Court* [2001] 3 All SA 507 (NK).

<sup>21</sup> Beding tlv 'n derde.

<sup>22</sup> Skriftelike aanwysing van begunstigde met vermelding van die relevante inligting en onderhewig aan die voorwaardes wat deur die lewensversekeraar in hierdie verband opgelê is.

Kragtens hierdie ooreenkoms met die lewensversekeraar het hy sy seun as 'n begunstigde ten opsigte van die lewensversekeringspolis aangewys om die volle sterftevoordele wat die betrokke polis gebied het by sy dood te ontvang.

Die erflater het voorts (ook op aanbeveling van die finansiële adviseur) besluit om gemelde bemaking ook in sy testament te bevestig.<sup>23</sup> Die bewoording van die testament het egter bloot daarop gedui dat die erflater R100 000 aan sy seun bemaak sonder enige verwysing na die betrokke polis en die ooreenkoms wat die erflater in hierdie verband met die lewensversekeraar gesluit het. Die erflater het die restant van sy boedel aan sy dogter bemaak.

Die meester het die geval benader asof dit die bedoeling van die erflater was om die R100 000 polisvoordeel (wat binne twee weke na die datum van sy dood kragtens die ooreenkoms aan die seun uitbetaal is) sowel as 'n verdere R100 000 aan sy seun te bemaak. Die trustmaatskappy kon selfs deur middel van 'n eedsverklaring van die finansiële adviseur nie daarin slaag om die meester te oortuig dat dit die erflater se bedoeling was om slegs R100 000 in totaal aan sy seun te bemaak nie.

---

<sup>23</sup> Enige testamentêre bevestiging van 'n *stipulatio alteri* in die erflater se testament is oorbodig. Enige testamentêre herroeping van sodanige bevoordeling (kansellasië van die *stipulatio alteri* met die lewensversekeraar) wat nie ook volgens die kontraktuele voorskrifte van die lewensversekeraar geskied nie is 'n problematiese kwessie. Die toonaangewende (betsende) hofuitsprake tov hierdie kwessie is *Wolmarans v Du Plessis* 1991 3 SA 703 (T) en *Hees NO v Southern Life Association Ltd* [2000] 1 All SA 327 (W).



Aangesien daar nie genoegsame voorsiening in die boedel getref is om benewens die polisvoordele 'n verdere R100 000 aan die seun uit te betaal nie was daar uiteindelik na vereffening van die boedeluitgawes en boedelskuld nie enige restant oor waarmee die erflater se dogter bevoordeel kon word nie.<sup>24</sup>

#### 4.4.2 Oorsaak van probleem

Indien die erflater nie enige verdere bepaling in sy testament ten aansien van die R100 000 bemaking aan sy seun vervat het nie of minstens sy bedoeling met die bevestiging van sy wense meer duidelik in die testament verwoord het, sou daar gevolg gegee kon word aan sy ware bedoeling en sou sowel die seun as die dogter uit die boedel bevoordeel kon word. Dit is dus vir die erflater van belang om te bepaal presies watter implikasies elk van sy testamentêre wense vir sy bestorwe boedel teweeg sou bring. Die enigste doetreffende metode om dit te bepaal sou noodwendig 'n vooraf proefberedding van die boedel wees.<sup>25</sup>

---

<sup>24</sup> Hierdie dilemma is aanduidend van die belang om die boedelplan eers te toets dmv 'n toepaslike en betroubare boedelontledingsmodel alvorens daar voortgegaan word met die implementering van die boedelplan. Sien die voorgestelde boedelontledingsmodel soos uiteengesit *infra* in hfst 5.

<sup>25</sup> Sien die voorgestelde boedelontledingsmodel waarvolgens 'n proefberedding van die erflater se boedel gedoen word soos uiteengesit *infra* in hfst 5.

## **4.5 Geval D: wesenlike foute met betrekking tot die omskrywing van bates in die testament opgelos deur 'n herverdelingsooreenkoms**

### 4.5.1 Kernfeite en probleemarea

Die boedelwaarde het in hierdie geval ongeveer R830 000 beloop. Die erflater het oor onroerende bates beskik wat in die proses was om onderverdeel te word. Die erflater se twee seuns en sy dogter is ingevolge sy testament as erfgename aangewys.

Ten aansien van die bemaking aan die erflater se twee seuns het daar by die erflater egter 'n mate van verwarring ten opsigte van die numering van die bate volgens die betrokke deelplan ontstaan. Volgens die deelplan het een van die betrokke eenhede (vir doeleindes van die boedelplan) bestaan uit 'n motorhuis en 'n ander eenheid uit 'n woning. Uiteraard het die waarde van die eenhede ook drasties verskil. Die erflater se een seun was 'n motorwerktuigkundige en die erflater wou dus een van die eenhede bestaande uit 'n motorhuis aan hom bemaak. Die eenheid bestaande uit die woning moes dus aan sy ander seun bemaak word onderhewig daaraan dat die erfgenaam van hierdie eenheid 'n bemaaksom aan sy broer (wat die eenheid bestaande uit 'n motorhuis sou ontvang) oorbetaal.<sup>26</sup>

---

<sup>26</sup> Die testateur het dus die bemaking belas met 'n prestasieverpligting (*modus* of lasbepaling). Sien De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 130 – 133 vir 'n bespreking van 'n lasbepaling. Dit verdien vermelding dat die regte ten aansien van die bemaking gekoppel aan die betrokke lasbepaling vestig met die aanvaarding van die bemaking.



Die nommers van die betrokke eenhede volgens die deelplan is egter tydens die verlyding van die testament per abuis deur die erflater omgeruil en so aan die boedelbeplanner deurgegee. Gevolglik is dit foutiewelik in die testament gedokumenteer.<sup>27</sup>

Die effek hiervan was dat die testament (hoewel geldig en uitvoerbaar) nie aan die testateur se bedoeling gevolg verleen het nie. Die testateur het gepoog om die beginsel van gelyke vererwing toe te pas, maar hierdie doel is verrydel vanweë hierdie fout wat ingetree het in die lig van die verskil in waarde van die betrokke eenhede met inagneming van die besondere finansiële omstandighede van die betrokke testamentêre begunstigdes. Die beredderaar sou ten aansien van hierdie dilemma óf deur middel van 'n hofaansoek om rektifikasie óf deur middel van 'n herverdelingsooreenkoms<sup>28</sup> die probleem kon oplos.

Corbett, Hofmeyr en Kahn<sup>29</sup> verduidelik rektifikasie soos volg:

"...where due to a mistake, whether by the testator or the person who drafted it, the will does not correctly represent what the testator intended should be included in it, the courts may rectify the will ...Before a court will rectify a will, it will require proof (a)

---

<sup>27</sup> Dit beklemtoon die belang van 'n kontrolemeganisme tov die boedelplan.

<sup>28</sup> Sien *supra* 3.2.3.2 vir 'n bespreking van 'n herverdelingsooreenkoms.

<sup>29</sup> Corbett, Hofmeyr & Kahn *Law of Succession in South Africa* 497.

that the alleged discrepancy between intention and expression was due to a mistake and (b) of what the testator intended should form part of the will.”

Daar sal dus getuienis aangebied moet word oor die feit dat daar 'n fout in 'n testament is.<sup>30</sup> De Waal en Schoeman-Malan<sup>31</sup> toon aan dat 'n hof 'n testament kan rektifiseer deur een van drie dinge te doen:

- (a) gewone foute in die testament (soos tikfoute of verkeerde beskrywings) reg te stel;
- (b) woorde wat per abuis in die testament ingevoeg is te skrap; of
- (c) woorde wat per abuis uit die testament gelaat is in te voeg.

'n Verdere dilemma het ontstaan deurdat dit ook tydens die bereddering van die bestorwe boedel geblyk het dat een van die testamentêre begunstigdes die testament as getuie onderteken het. (Aangesien die ondertekening van die testament nie by die trustmaatskappy plaasgevind het nie is hierdie formaliteit vermoedelik nie aan die betrokkenes uitgewys nie.)<sup>32</sup> Hierdie kwessie illustreer 'n leemte wat gedurende die boedelbeplanningsproses kan ontstaan indien die erflater nie in die teenwoordigheid van die boedelbeplanner die testament sou onderteken nie.

---

<sup>30</sup> De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 221 ev.

<sup>31</sup> De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 222.

<sup>32</sup> Sien die bepaling van art 4A van die Wet op Testamente 7 van 1953.



Die meester het met die aanvaarding van die testament in hierdie geval gelas dat die begunstigde wat die testament as getuie onderteken het nie meer uit die bestorwe boedel kan erf as wat hy as intestate erfgenaam geregtig was nie.<sup>33</sup>

Die boedelberedderaar het moontlik vanweë koste-oorwegings nie die roete van 'n aansoek om rektifikasie gevolg nie maar na herhaalde pogings uiteindelik daarin geslaag om die boedel te finaliseer deur middel van 'n herverdelingsooreenkoms<sup>34</sup> wat deur die meester aanvaar is.

#### 4.5.2 Oorsaak van probleem

In hierdie geval het die boedelberedderaar nie persoonlik met die erflater gekonsulteer alvorens die testament opgestel is nie. Hy het bloot instruksies van 'n tussenganger ontvang, vergesel van 'n skriftelike dokument waarin besonderhede vervat is van die konsultasie wat die tussenganger met die erflater gevoer het.<sup>35</sup>

---

<sup>33</sup> Hierdie beslissing van die meester is in ooreenstemming met die bepalings van art 4A(2)(b) van die Wet op Testamente 7 van 1953.

<sup>34</sup> Ten einde 'n herverdelingsooreenkoms suksesvol tot bevrediging van die meester te implementeer, moet sodanige ooreenkoms as 'n reël deur alle erfgename met 'n belang by die boedel onderteken word. Sien ook die bespreking van 'n herverdelingsooreenkoms *supra* 3.2.3.2.

<sup>35</sup> Hierdie werkswyse is ongelukkig vanweë praktiese en besigheidsoorwegings 'n realiteit in die geval waar verteenwoordigers van 'n lewensversekeraar tydens die bemarking van produkte van die lewensversekeraar ook poog om dmv 'n boedelontleding en testament addisionele bemarkingsgeleenthede te identifiseer en te benut. Sodanige verteenwoordigers verskaf dan namens die erflater instruksies aan 'n boedelbeplanner om 'n testament vir die erflater op te stel en dikwels word die inligting nie akkuraat oorgedra of deur die boedelbeplanner en beredderaar vertolk nie. Hierdie verteenwoordigers neem dan weer die opgestelde testament na die erflater vir oorweging en ondertekening. Aangesien die boedelbeplanner en die erflater nie direk met mekaar kommunikeer nie kan daar dus maklik 'n misverstand mbt die erflater se bedoeling wees.

Hierdie werkswyse voorspel dikwels probleme met die latere beredderingsproses. Indien die erflater in hierdie geval die deelplan noukeurig bestudeer het en selfs die boedelberedderaar (wat in hierdie geval ook die testament opgestel het) betrek het by ontleding van die betrokke deelplan sou die inligting waarskynlik akkuraat in die testament opgeneem gewees het. In sodanige geval sou die erflater se betrokke boedelbates wel vererf het volgens sy wense soos vergestalt in sy testament.<sup>36</sup>

Indien die testament voorts by die trustmaatskappy onderteken is sou die dilemma ten opsigte van die ondertekening van die testament deur 'n begunstigde as 'n getuie verhoed kon gewees het aangesien die verteenwoordigers van die trustmaatskappy die betrokkenes op hierdie risiko sou gewys het.<sup>37</sup>

## **4.6 Geval E: kwantifisering van restantbemaking sonder gereelde hersiening van testament**

### **4.6.1 Kernfeite en probleemarea**

Die boedelwaarde het in hierdie geval ongeveer R4 500 000 beloop. Die erflater was 'n ongetroude vrou (mediese dokter van beroep) wat ook periodiek inkomste in die buiteland gegenereer het.

---

<sup>36</sup> Hierdie geval dui dus ook op die belang daarvan om die boedelbeplanner vroegtydig by die boedelbeplanningsproses te betrek en alle relevante inligting beskikbaar te stel.

<sup>37</sup> Sien in hierdie verband ook die bepaling van art 4A van die Wet op Testamente 7 van 1953.



Benewens legaatbemaakings van onroerende bates aan haar neef en R200 000 aan sekere instansies sonder winsoogmerk, het sy besluit om die restant van haar boedelbates in sodanige verhouding testamentêr te bemaak dat haar gemelde neef en drie niggies in gelyke mate uit haar boedelbates bevoordeel word (met inagneming van die legaatbemaakings aan die neef). Volgens 'n boedelontleding wat gedurende 1991 vir haar gedoen is, is die totale waarde van die boedelbates bereken. Daarna is die restant van die boedelbates (volgens haar testamentêre wense) bepaal en het 'n toekenning van die restant van die boedelbates in 'n persentasie aan elkeen van die restant-erfgename geskied. Die volgende toekennings is destyds testamentêr bewerkstellig:

- (a) 19 persent van die restant van die netto boedelbates is aan die neef toegeken sodat hierdie persentasie saam met die waarde van die legaatbemaakings wat aan hom toegeken is (op daardie stadium) 'n kwart van die totale boedelwaarde uitgemaak het;
- (b) 27 persent van die restant van die netto boedelbates is aan die een niggie toegeken sodat hierdie persentasie ook 'n kwart van die totale boedelwaarde uitgemaak het;
- (c) 27 persent van die restant van die netto boedelbates is aan die ander niggie toegeken sodat hierdie persentasie ook 'n kwart van die totale boedelwaarde uitgemaak het; en

- (d) 27 persent van die restant van die netto boedelbates (na aftrekking van alle legaatbemakings) is aan die oorblywende niggie toegeken sodat hierdie persentasie ook 'n kwart van die totale boedelwaarde uitgemaak het.

Die testatrise het egter nagelaat om haar testament gereeld te hersien en gevolglik het daar met verloop van tyd 'n toename in die waarde van haar boedelbates ontstaan.<sup>38</sup> Vanweë 'n drastiese toename in die waarde van die onroerende bates wat as legate aan die neef bemaak is (buite verhouding tot die toename in waarde van die ander bates), het die dilemma by die testatrise se dood ontstaan dat die legaatbemakings aan die neef tesame met die testamentêre toekenning van 19 persent van die restant van die netto boedelbates aan hom, in waarde meer beloop het as die *pro rata*- gedeelte van die restantvoordele wat aan die drie niggies toegeken is.

Die bepalings van die testament het dus vanweë veranderinge in die interne omgewing<sup>39</sup> van die erflater (sonder gereelde hersiening van die testament) nie ten tye van die testatrise se afsterwe gevolg verleen aan die bedoeling van die testatrise (dat die neef en die drie niggies in gelyke dele uit haar boedel bevoordeel moet word) nie. Die effek hiervan was dat die neef in totaal byna 10 persent meer in waarde uit die boedel sou ontvang as die voordeel wat aan elkeen van die niggies sou toeval.

---

<sup>38</sup> Sien *supra* 2.4.2, 2.4.8 en *infra* 7.2.1.

<sup>39</sup> Sien *supra* 2.4.2.



Die beredderaar het die geval ondersoek en die dilemma met die betrokke erfgename bespreek met die oog daarop om die probleem op te los deur 'n herverdelingsooreenkoms<sup>40</sup> tussen die betrokkenes. Die verdere dilemma is natuurlik dat enige afstanddoening van 'n gedeelte van die voordele deur enige van die partye ten gunste van die oorblywende partye beliggaam in 'n herverdelingsooreenkoms moontlik vir die afstanddoener aanspreeklikheid ten aansien van skenkingsbelasting teweeg kan bring.<sup>41</sup> Die aangeleentheid is tans nog nie opgelos nie en die beredderaar is steeds besig om alternatiewe opsies te ondersoek en om verdere samesprekings met die betrokke partye te voer.

#### 4.6.2 Oorsaak van probleem

Indien die erflater haar testament so bewoord het dat daar voorsiening gemaak is vir 'n toename in die waarde van die boedelbates en dat dit in ag geneem moes word wanneer die restant toegeken word sodat die neef en niggies in gelyke dele uit haar boedel bevoordeel kon word, sou daar aan haar bedoeling gevolg verleen kon word.<sup>42</sup> Die testatriese kon uiteraard ook gereeld haar testament laat hersien het ten einde tred te hou met 'n toename in die waarde van die boedelbates.<sup>43</sup>

---

<sup>40</sup> Sien *supra* 3.2.3.2.

<sup>41</sup> Sien die bepalings van art 54 – 64 van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962.

<sup>42</sup> Hierdie dilemma beklemtoon die waarde van die stelling dat 'n testament deur 'n kundige opgestel behoort te word of minstens deur 'n kundige tegnies versorg en gekontroleer te word.

<sup>43</sup> Sien *supra* 2.4.2, 2.4.8 en *infra* 7.2.1.

Behoorlike beplanning en die implementering van die boedelplan deur 'n korrek bewoorde testament sou verhoed het dat hierdie probleem ontstaan het. Onmin tussen die betrokke testamentêre begunstigdes en 'n verdere risiko ten aansien van skenkingsbelastingimplikasies sou dus vermy gewees het. Hierbenewens sou 'n behoorlike boedelontleding en 'n proefberedding wat periodiek hersien is, vroegtydig hierdie probleem aan die erflater uitgewys het.<sup>44</sup>

#### **4.7 Geval F: onvoldoende finansiële voorsiening vir die vereffening van laste en boedeluittgawes**

##### 4.7.1 Kernfeite en probleemarea

Dit het ook uit die gesprekke met die beredderaars na vore gekom dat hulle in die praktyk 'n verskeidenheid gevalle aantref waar daar geen boedelontleding en -beplanning vir erflaters gedoen is nie. In menige sulke gevalle word daar nie voldoende voorsiening gemaak vir die beskikbaarstelling van genoegsame kontant ten einde alle laste en boedeluittgawes van die bestorwe boedel aan te spreek nie.<sup>45</sup>

---

<sup>44</sup> Sien die voorgestelde boedelontledingsmodel soos uiteengesit *infra* in hfst 5. Sien ook die voorgestelde proses beskryf *infra* in 7.2.1.

<sup>45</sup> Sien *infra* 5.2.5, 5.2.8 en 5.2.13.



Die dilemma is dat erflaters (in die gevalle waar beide gades 'n inkomste genereer) soms nie daarmee rekening hou dat dit nodig sou wees om voorsiening te maak vir die beskikbaarstelling van voldoende kontant om alle uitstaande langtermynlaste by die afsterwe van die eerssterwende gade te vereffen nie.

Die realiteit is vervolgens dat die langsliewende gade in sodanige geval steeds verpligtinge kragtens langtermynlaste moet nakom maar sonder die voordeel van die inkomste van die eerssterwende gade. Die effek hiervan is dat die langsliewende gade dikwels onder dwang die residensiële woning moet verkoop en moet afskaal na goedkoper behuising wat opsigself 'n verdere traumatiese uitwerking op sodanige gade en die partye se afhanklike kinders teweeg kan bring.<sup>46</sup>

Onvoldoende voorsiening vir die betaling van boedeluitgawes kan daartoe lei dat sekere bates (wat vir testamentêre begunstigdes bestem is) te gelde gemaak moet word wat uiteraard veroorsaak dat daar nie gevolg verleen kan word aan die bedoeling van die erflater in daardie opsig nie.

#### 4.7.2 Oorsaak van probleem

Hierdie probleem kan hoofsaaklik aan 'n gebrek aan 'n behoorlike boedelontleding en daaropvolgende boedelbeplanning toegeskryf word.

---

<sup>46</sup> Hierdie is ook faktore wat by boedelbeplanning in ag geneem behoort te word vlg Van der Westhuizen *The Right Tool makes all the Difference* 2. Sien ook *supra* 2.2.4.

Indien daar 'n behoorlike boedelontleding en proefberedding vir sulke erflaters onderneem word, behoort die resultate daarvan hierdie probleem vroegtydig aan die erflaters uit te wys sodat hulle doeltreffend vir die gebeurtenis kan beplan en voldoende finansiële voorsiening kan tref om hierdie probleme die hoof te bied en daar gevolg verleen kan word aan sodanige erflaters se testamentêre wense.

#### **4.8 Samevatting**

Dit is my suggestie dat die beredderingsproses van 'n bestorwe boedel onder andere beskou kan word as die inwerkingstelling van die erflater se boedelplan soos beliggaam in sy testament. Dit is ook gedurende hierdie proses dat probleme vanweë 'n onvoldoende boedelbeplanning (of selfs 'n gebrek aan 'n boedelbeplanning) na vore kom. Dit blyk dat die volgende faktore 'n belangrike rol speel wanneer 'n boedelberedderaar versoek word om betrokke te raak by die beredderingsproses van 'n bestorwe boedel:

- (a) die aard, omvang en samestelling van die boedelbates en -laste;
- (b) die likiditeitsposisie van die boedel;
- (c) die regsgeldigheid van die testament; en
- (d) die praktiese uitvoerbaarheid van die testateur se wense.



Dit het duidelik uit die gesprekke met die boedelberedderaars by twee bekende trustmaatskappye na vore gekom dat die volgende probleme dikwels in die praktyk ervaar word:

- (a) dat die reëls van die intestate erfreg nie in alle gevalle (waar die erflater sterf sonder om 'n geldige testament na te laat) 'n doeltreffende en prakties uitvoerbare oplossing bied nie;<sup>47</sup>
- (b) dat onkunde ten aansien van die bevoegdheid van 'n testamentêre begunstigde om te erf daartoe kan lei dat die erflater se boedel op 'n ander wyse vererf as wat sy bedoeling was;<sup>48</sup>
- (c) dat dit betreklik maklik is om 'n bemaking te dupliseer sonder dat dit deur die erflater besef word indien die erflater se testament nie deur 'n kundige opgestel, tegnies versorg en gekontroleer is nie;<sup>49</sup>
- (d) dat indien bates nie akkuraat in 'n testament omskryf en korrek geïdentifiseer word nie dit wesenlike implikasies ten aansien van die vererwing van daardie bates teweeg kan bring;<sup>50</sup>
- (e) dat dit belangrik is dat die erflater sy boedelplan en testament gereeld hersien na gelang van veranderinge in sy interne omgewing;<sup>51</sup>

---

<sup>47</sup> Sien *supra* 4.2. Sien ook die bepalings van die Wet op Intestate Erfopvolging 81 van 1987. Sien ook Casner *Estate Planning* 9 – 10.

<sup>48</sup> Sien *supra* 4.3.

<sup>49</sup> Sien *supra* 4.4.

<sup>50</sup> Sien *supra* 4.5.

<sup>51</sup> Sien *supra* 4.6.

- (f) dat erflaters dikwels nie voldoende finansiële voorsiening maak vir die beskikbaarstelling van voldoende kontant om laste en boedeluitgawes te vereffen nie.<sup>52</sup>

Gemelde boedelberedderaars het ook aangetoon dat koste-oorwegings 'n belangrike rol speel indien daar 'n oplossing vir 'n praktiese probleem tydens die beredderingsproses gevind moet word. Dit blyk dat beredderaars vanweë koste-oorwegings eerder sal poog om 'n probleem op 'n praktiese wyse op te los as om sonder meer die hof te nader om gepaste regshulp.

Dit is my suggestie dat indien erflaters hul boedelplanne vooraf aan die hand van die voorgestelde boedelontledingsmodel<sup>53</sup> toets en 'n behoorlike beplanning onderneem (met die beskikbaarstelling van voldoende kontant ten einde likiditeitsprobleme te vermy)<sup>54</sup> die meeste praktiese probleme tydens die beredderingsproses (wanneer die boedelplan in werking tree) vermy sou kon word.

---

<sup>52</sup> Sien *supra* 4.7.

<sup>53</sup> Sien die voorgestelde boedelontledingsmodel geïdentifiseer *infra* in hfst 5.

<sup>54</sup> Sien *infra* 5.2.5, 5.2.8 en 5.2.13.



Dit blyk dat selfs 'n relatiewe klein boedel doeltreffend gestruktureer en beplan kan word indien daar vroegtydig 'n behoorlike boedelontleding en proefberedding gedoen is waarvolgens die probleemareas geïdentifiseer is.<sup>55</sup>

Daar sal in die volgende hoofstuk<sup>56</sup> gefokus word op die identifisering van 'n doeltreffende boedelontledingsmodel met die oog daarop om praktiese probleme tydens die beredderingsproses die hoof te bied.

---

<sup>55</sup> Sien die voorgestelde boedelontledingsmodel soos uiteengesit *infra* in hfst 5 asook *infra* 6.2.1.

<sup>56</sup> *Infra* hfst 5.

## HOOFSTUK 5

### 5 DIE IDENTIFISERING VAN 'N BOEDELONTLEDINGSMODEL

#### 5.1 Inleiding

Indien die besondere multidissiplinêre voorafkennis van die boedelbeplanner (of boedelbeplanningspan)<sup>1</sup> 'n gegewe is, kan die boedelbeplanner toegerus met hierdie kennis en vaardighede voortgaan met die volgende fase<sup>2</sup> in die boedelbeplanningsproses. Die definisie en omskrywing van boedelbeplanning<sup>3</sup> impliseer 'n behoorlike boedelontleding as 'n integrale gedeelte van die beplanningsproses. Dit is dus van belang om 'n behoorlike en doeltreffende boedelontledingsmodel vir hierdie doel te identifiseer.

Ten einde 'n doeltreffende boedelontledingsmodel te identifiseer, behoort daar myns insiens in besonder op die proses vervat in die tweede tot vyfde fases van die boedelbeplanningsproses gefokus te word.<sup>4</sup>

<sup>1</sup> Sien die eerste fase in die boedelbeplanningsproses geïdentifiseer as eksterne waardering *supra* 2.4.1. Die beslissing in *Pretorius en Andere v McCallum* 2002 (2) SA 423 (K) kan as 'n waarskuwing vir enige professionele testamentopsteller en boedelbeplanner dien. In hierdie saak was die testament ongeldig aangesien die prokureur wat die testament vir die testateur opgestel het nagelaat het om toe te sien tot die behoorlike verlyding van die testament. Gevolglik het die erflater intestaat te sterwe gekom. Die testamentêre begunstigdes het nou intestaat minder geërf as wat hulle ingevolge die testament sou erf. Die testamentêre begunstigdes het dus 'n vordering teen die prokureur ingestel ten einde hul skade te verhaal. Die vraag het ontstaan of daar 'n regsplig op die prokureur gerus het om te sorg dat die verwagtinge van 'n beoogde bevoordeelde bewaarheid word. Die hof het bepaal dat volgens die Suid-Afrikaanse reg daar 'n regsplig ontstaan uit 'n gebalanseerde beskouing van al die oorwegings wat in 'n bepaalde geval 'n remedie wenslik of onwenslik sou maak. Volgens die hof is daar nie enige beginselbeswaar in die Suid-Afrikaanse reg teen die ontvanklikheid van 'n vordering gegrond op 'n regsplig van 'n prokureur om te sorg dat 'n beoogde begunstigde se verwagtinge bewaarheid word nie. Dit beklemtoon dus die belangrikheid van die eerste fase in die boedelbeplanningsproses.

<sup>2</sup> Sien die tweede fase in die boedelbeplanningsproses geïdentifiseer as interne waardering *supra* 2.4.2.

<sup>3</sup> Sien *supra* 2.2.4.

<sup>4</sup> Sien *supra* 2.4.2 – 2.4.5.



Dit is voorts belangrik dat hierdie fases vir doeleindes van die identifisering van die ideale boedelontledingsmodel nie in isolasie beskou behoort te word nie. Die ideale boedelontledingsmodel behoort holisties beskou ook 'n proefberedding van die betrokke bestorwe boedel in te sluit waarvolgens die probleemareas duidelik uitgewys word.<sup>5</sup>

Olivier en Van den Berg<sup>6</sup> vind dit prakties om 'n boedeleienaar se sake aan die hand van 'n model te ontleed. Dit kom duidelik na vore uit hul opvatting dat 'n toepaslike ontledingsmodel onontbeerlik is vir enige boedelbeplanning wat onderneem word.<sup>7</sup>

Daar is reeds vermeld<sup>8</sup> dat Swart, Graham, Van der Westhuizen en Abrie<sup>9</sup> die mening toegedaan is dat 'n behoorlike boedelbeplanning die identifikasie en ontleding van sekere basiese parameters vereis. Hulle meld voorts dat aandag aan al hierdie parameters geskenk moet word om 'n boedel behoorlik te kan beplan. Derhalwe impliseer dit nie alleen dat 'n boedelontledingsmodel 'n vereiste is vir enige voorgenome boedelbeplanning nie maar dit bevestig ook dat dit in werklikheid 'n integrale deel van 'n beoogde boedelbeplanning uitmaak.

---

<sup>5</sup> Sien *supra* 2.4.4 en 2.4.5.

<sup>6</sup> Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 15 – 23.

<sup>7</sup> Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 15. Olivier & Van den Berg omskryf dit soos volg: " 'n Samevatting en evaluering van die bestaande toedrag van sake m.b.t. die mense, die goedere en die wyse waarop die goedere gehou en benut word en die indentifisering van probleme".

<sup>8</sup> Sien *supra* 3.3.3.

<sup>9</sup> Swart, Graham, Van der Westhuizen & Abrie *Beplanning en Beredding van Boedels* 231 – 232. Sien ook Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 2 – 10.

Dit blyk ook Dawson<sup>10</sup> se suggestie te wees dat 'n analise van die erflater se boedel die sleutel tot 'n suksesvolle boedelplan is.

Van der Westhuizen<sup>11</sup> maak die volgende opmerking in hierdie verband:

"The process of estate planning commences by determining the factual personal environment of the estate owner, his family and estate, his psychological and social environments, the latter which includes the cultural, political and religious environments as also the legal environment and economical/financial environment. After these environments have been properly determined, specific objectives can be set to which the estate planning should comply."

Myns insiens bevat die boedelontledingsmodelle wat tot dusver geïdentifiseer is wel nuttige kontrolemeganismes en praktiese wenke maar om die ideale praktiese ontledingmodel te identifiseer behoort die formaat van hierdie modelle verder uitgebrei te word ten einde vir meerdere gebeurtenisse voorsiening te maak. Daar is tot dusver deurgaans in hierdie studie na die boedel van die erflater binne die konteks van 'n toepaslike boedelbeplanning verwys. Die huweliksgoederebedeling waaraan die erflater se huwelik met sy gade onderhewig gestel is, is egter van belang by die ontleding van sy boedel vir doeleindes van 'n toepaslike beplanning.

---

<sup>10</sup> Dawson *Estate Planning Guide* hfst 3 en 4.

<sup>11</sup> Van der Westhuizen *The Right Tool makes all the Difference* 3.



Ten einde ook vir meerdere gebeurtenisse voorsiening te maak, is dit van belang om ook 'n toepaslike beplanning ten aansien van die boedel van die erflater se gade te doen. Uit wat tot dusver gesê is, sal afgelei word dat 'n bepaalde konvensionele gesinskonstruksie as die basis vir die voorgestelde model geneem word: dié naamlik van 'n getroude egpaar met afhanklike kinders. Die model is egter so ontwerp dat dit soepel genoeg is om met toepaslike verstellings by ander minder konvensionele konstruksies aangepas te word.

Met inagneming van verskeie bestaande ontledingsmodelle<sup>12</sup> word aan die hand gedoen dat die boedelbeplanner die boedelbeplanningsproses behoort te benader aan die hand van 'n boedelontledingsmodel minstens in die volgende formaat:

- (a) opgawe van persoonlike inligting en gegewens van die testateur en testatriese;<sup>13</sup>
- (b) opgawe van die testateur en testatriese se testamentêre wense;<sup>14</sup>
- (c) opgawe van die testateur se bates en laste;<sup>15</sup>

---

<sup>12</sup> Dawson *Estate Planning Guide* 73 – 89; Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 15 – 16; Davis & Urquhart *South African Estate Planning* 9-2 tot 9-8; Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* hfst 9; Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 27 – 28.

<sup>13</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 5 en 17.

<sup>14</sup> Dawson *Estate Planning Guide* 33 – 37.

<sup>15</sup> Van der Westhuizen *The Right Tool makes all the Difference* 3 en 5.

- (d) beoordeling van die situasie indien die testateur die eerssterwende sou wees: bepaling van die impak van boedeluitgawes, boedelskuld, boedelbelasting, kapitaalwinsbelasting (indien toepaslik), enige vorderingsregte vanweë enige aanwasbedeling ingevolge 'n huweliksvoorwaardekontrak asook enige eise van die langlewende gade;<sup>16</sup>
- (e) likiditeitstoets: die posisie indien die testateur die eerssterwende sou wees;<sup>17</sup>
- (f) opgawe van die testatrise se bates en laste;<sup>18</sup>
- (g) beoordeling van die situasie indien die testatrise die eerssterwende sou wees: bepaling van die impak van boedeluitgawes, boedelskuld, boedelbelasting, kapitaalwinsbelasting (indien toepaslik), enige vorderingsregte vanweë enige aanwasbedeling ingevolge 'n huweliksvoorwaardekontrak asook enige eise van langlewende gade;<sup>19</sup>
- (h) likiditeitstoets: die posisie indien die testatrise die eerssterwende sou wees;<sup>20</sup>

---

<sup>16</sup> Dawson *Estate Planning Guide* 55 en 83 – 87.

<sup>17</sup> Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 22 – 23; Dawson *Estate Planning Guide* 40 en 88.

<sup>18</sup> Van der Westhuizen *The Right Tool makes all the Difference* 3 en 5.

<sup>19</sup> Dawson *Estate Planning Guide* 55 en 83 – 87.

<sup>20</sup> Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 22 – 23; Dawson *Estate Planning Guide* 40 en 88.



- (i) voorsiening vir die versorging van die gesin na afhandeling van die eerssterwende gade se boedel;<sup>21</sup>
- (j) beoordeling van die situasie by die langsliewende gade se afsterwe: bepaling van die impak van boedeluitgawes, boedelskuld, boedelbelasting en kapitaalwinsbelasting (indien toepaslik);<sup>22</sup>
- (k) likiditeitstoets: die posisie by die langsliewende gade se afsterwe;<sup>23</sup>
- (l) beoordeling van die situasie indien beide gades gelyktydige te sterwe sou kom: die impak van boedelbelasting en kapitaalwinsbelasting (indien toepaslik) nadat boedeluitgawes en boedelskuld in ag geneem is;<sup>24</sup>
- (m) likiditeitstoets: die posisie by die gelyktydige afsterwe van beide gades;<sup>25</sup>
- (n) voorsiening vir die versorging van die minderjarige afhanklikes na afhandeling van beide gades se boedels indien hulle gelyktydig te sterwe sou kom;<sup>26</sup>
- (o) testamentêre wense van die testateur en die testatrise in die geval van gesinsuitwissing;<sup>27</sup>

---

<sup>21</sup> Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 1-7 en 3-7; Dawson *Estate Planning Guide* 41 en 89.

<sup>22</sup> Dawson *Estate Planning Guide* 84, 87 en 89.

<sup>23</sup> Dawson *Estate Planning Guide* 40 en 88.

<sup>24</sup> Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 165 – 166.

<sup>25</sup> Dawson *Estate Planning Guide* 40 en 88.

<sup>26</sup> Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 165 – 166.

<sup>27</sup> Oorweeg minstens die impak van die bepalings van die Wet op Intestate Erfopvolging 81 van 1987.

- (p) beoordeling van die situasie in die geval van gesinsuitwissing: die impak van boedelbelasting en kapitaalwinstbelasting (indien toepaslik) nadat boedeluitgawes en boedelskuld in ag geneem is;
- (q) likiditeitstoets: die posisie in die geval van gesinsuitwissing;
- (r) kommentaar oor die praktiese uitvoerbaarheid van die testamentêre wense van die testateur en testatrie;<sup>28</sup>
- (s) kommentaar ten opsigte van probleemareas;<sup>29</sup> en
- (t) aanbevelings met die uitwysing van die voor- en nadele daarvan.<sup>30</sup>

## 5.2 Die voorgestelde boedelontledingsmodel

In aansluiting by Van der Westhuizen<sup>31</sup> se opmerkings in hierdie verband word aan die hand gedoen dat dit belangrik is dat die boedelbeplanner persoonlik by die aanvanklike inligtingskonsultasie met die erflater en sy gade teenwoordig is.<sup>32</sup> Daar is reeds melding gemaak van probleme wat soms in die praktyk kan ontstaan indien die relevante inligting van die erflater en sy gade deur 'n tussenganger aan die boedelbeplanner oorgedra word aangesien daar in sodanige geval ruimte vir 'n misverstand kan wees.<sup>33</sup>

---

<sup>28</sup> Dawson *Estate Planning Guide* 70 – 71.

<sup>29</sup> *Ibid.*

<sup>30</sup> *Ibid.*

<sup>31</sup> Van der Westhuizen *The Right Tool makes all the Difference* 2 - 7.

<sup>32</sup> Sien *supra* 4.5.2.

<sup>33</sup> *Ibid.*



Tydens hierdie voorgestelde konsultasie moet die beplanner die relevante inligting wat vir doeleindes van die boedelontleding sowel as die daaropvolgende boedelbeplanning benodig word insamel en op 'n vertroulikheidsbasis verder hanteer.<sup>34</sup>

Hierdie voorgestelde konsultasie het verder ten doel om die boedelbeplanner in staat te stel om meer van die erflater te wete te kom.

Die voorgestelde ontledingsmodel kan waarskynlik ten beste aan die hand van die volgende voorbeeld prakties geïllustreer word:<sup>35</sup>

#### Voorbeeld

##### (1) Agtergrond

Die testateur meneer Daan Nel en mevrou Rina Nel is op 1 Januarie 1985 buite gemeenskap van goedere met insluiting van die aanwasbedeling getroud. Tydens die huweliksluiting het nie een van hierdie partye enige bates gehad nie. Daar is twee seuns en 'n dogter (ouderdomme 14, 16 en 18 onderskeidelik) uit meneer Nel (ouderdom 45) en mevrou Nel (ouderdom 43) se huweliksverhouding met mekaar gebore.

##### (2) Testateur se posisie

Meneer Nel is al die afgelope 10 jaar werksaam by 'n maatskappy wat lewensversekeringsprodukte bemark. Hy beklee tans die posisie van 'n junior bestuurder en verdien 'n jaarlikse inkomste van R180 000. Sy marginale belastingkoers is 38 persent en sy gemiddelde belastingkoers is 31 persent. Hy is R6 495 aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens ten opsigte van die afgelope jaar se inkomstebelastingaanslag verskuldig. Hy is ook lid van 'n voorsorgfonds wat een jaar se salaris by dood en ongeschiktheid uitbetaal.

<sup>34</sup> Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 9-3 tot 9-20.

<sup>35</sup> Hierdie is 'n fiktiewe voorbeeld bloot ter illustrasie van die geïdentifiseerde model.

Sy bates en laste is soos volg:

Bates		Laste	
Residensiële woning	R380 000	Verband	R300 000
Strandwoning	R260 000	Verband	R220 000
Motorvoertuig	R120 000	Bruikhuur	R100 000
Meublement	R190 000	Huurkoop	R65 000
Boot	R60 000	Lening	R20 000
Effektetrustbelegging	R20 000		
Persoonlike besittings	R10 000		

Aandele: Sanlam Lewensversekering Beperk – 300 aandele @ R7 elk

Ou Mutual Lewensversekering Beperk – 300 aandele @ R11 elk

Versekering: Hy besit 'n lewensversekeringspolis met 'n basiese dekkingsvoordeel ten bedrae van R500 000 (kontantwaarde R6 000) by sy afsterwe, welke polis aan 'n handelsbank gesedeer is as sekuriteit vir die verbande oor sy onroerende bates. Hy besit ook 'n verdere

lewensversekeringspolis met 'n basiese dekkingsvoordeel by afsterwe van R150 000

(kontantwaarde R2 800) ingevolge waarvan sy gade as begunstigde aangewys is. Hierbenewens besit hy 'n uitkeerpolis met 'n basiese dekkingsvoordeel van R60 000 by afsterwe. Hy besit voorts ook kredietversekering met 'n basiese dekkingsvoordeel van R120 000 by afsterwe.



### Testamentêre wense

Die testateur se testamentêre wense kan kortliks soos volg opgesom word:

- (a) alle laste moet betaal word;
  - (b) sy gade moet die volgende erf: die residensiële woning, meublement, sy effektetrustbelegging, vruggebruik van die strandwoning vir 20 jaar, sy aandele;
  - (c) sy gade moet benewens haar bestaande inkomste 'n addisionele inkomste van R60 000 per jaar ontvang, beskerm teen inflasie vir 'n tydperk van 20 jaar ter versorging van die gesin;
  - (d) indien hy en sy gade gelyktydig te sterwe sou kom moet sy kinders 'n addisionele inkomste van R40 000 per jaar ontvang beskerm teen inflasie vir 'n tydperk van 20 jaar;
  - (e) sy dogter moet 'n kontantbedrag van R60 000 erf;
  - (f) die res van sy bates moet gelykop tussen sy twee seuns verdeel word.
- (3) Testatrise se posisie

Mevrou Nel is al die afgelope agt jaar werksaam as 'n risikokonsultant by 'n handelsbank. Sy verdien 'n jaarlikse inkomste van R110 000. Haar marginale belastingkoers is 30 persent en haar gemiddelde belastingkoers is 24 persent. Sy is R1 254 aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens ten opsigte van die afgelope jaar se inkomstebelastingaanslag verskuldig.

Sy is ook lid van 'n voorsorgfonds wat ses maande se salaris by dood en ongeskiktheid uitbetaal.

Haar bates en laste is soos volg:

Bates		Laste	
Motorvoertuig	R80 000	Bruikhuur	R60 000
Skilderye	R60 000	Lening	R30 000
Trouwing	R55 000		
Effektetrustbelegging	R10 000		
Persoonlike besittings	R14 000		

Aandele: Sanlam Lewensversekering Beperk - 300 aandele @ R7 elk

Versekering: Sy besit 'n lewensversekeringspolis met 'n basiese dekkingsvoordeel by afsterwe van R75 000 (kontantwaarde R4 000) ingevolge waarvan haar gade as begunstigde aangewys is.

Testamentêre wense

Haar testamentêre wense kan kortliks soos volg opgesom word:

- (a) alle laste moet betaal word;
- (b) haar dogter moet 'n kontantbedrag van R50 000 erf;
- (c) haar twee seuns moet elkeen 'n kontantbedrag van R40 000 erf;
- (d) die restant van haar bates moet aan haar gade toegeken word.



'n Uiteensetting van die geïdentifiseerde model, wat hier as 'n prakties doeltreffende boedelontledingsmodel beskou kan word, met spesifieke verwysing na en bespreking van die verskillende onderafdelings daarvan aan die hand van praktiese werksblaaie sal vervolgens verskaf word.

Die inligtingsblad van die voorgestelde ontledingsmodel behoort myns insiens minstens die volgende elemente te bevat:<sup>36</sup>

- (a) 'n inleiding waarin die doel met die ontleding sowel as die doelwitte met die boedelbeplanning wat onderneem word uiteengesit word;
- (b) 'n indeks waarin die verskillende bylaes tot die ontleding gelys word en waaruit die erflater 'n holistiese blik op die verskillende fasette van die ontleding kan verkry;
- (c) kommentaar ten opsigte van die verskillende probleemareas waarin die strategiese gaping (vanuit 'n beplanningsoogpunt beskou) uitgewys word; en
- (d) aanbevelings om die gaping te oorbrug met die uitwysing van die voor- en nadele daaraan verbonde.

---

<sup>36</sup> Sien ook Dawson se mening hieroor: Dawson *Estate Planning Guide* 70 – 71.

Prakties kan die inligtingsblad van die beoogde boedelontledingsmodel soos volg voorgestel word:

<b>VOORGESTELDE BOEDELONTLEDINGSMODEL</b>	
<b>INLIGTINGSBLAD</b>	
1	<p>Inleiding</p> <p>Hierdie boedelontleding is gebaseer op die inligting verskaf deur meneer en mevrou Nel. Die primêre doel met hierdie boedelontleding is eerstens om vas te stel wat die uitwerking van meneer Nel en sy gade se afsterwe op hul onderskeie boedels sal wees met inagneming van hul testamentêre wense. Vervolgens sal daar ook oorweging geskenk word aan verdere moontlike stappe wat gedoen kan word om die volgende doelwitte te bereik:<sup>37</sup></p> <p>(a) om te poog om gevolg te verleen aan meneer Nel en sy gade se wense ten aansien van hul onderskeie boedels in soverre dit prakties moontlik en wenslik sou wees, nadat die probleemareas ten opsigte van die praktiese uitvoerbaarheid van hul testamentêre wense aandag geniet het en nuwe asook alternatiewe voorstelle bygewerk is;</p> <p>(b) om te poog om die waarde van hul boedelbates vas te pen, enige toename in waarde ofte wel groei ten aansien van boedelbates (in soverre prakties moontlik) te beperk of om selfs van hul boedelbates te verminder (indien wenslik) en sodoende boedelbelasting, kapitaalwinsbelasting en ook ander relevante heffings en belastings te beperk en moontlik ook besparings in hierdie verband teweeg te bring;</p>

<sup>37</sup> Sien Dawson *Estate Planning Guide* 1 – 2. Dawson omskryf die doelwitte van boedelbeplanning soos volg: “to ensure adequate provision for the needs of the planner and his dependants during his lifetime; to ensure provision for, and orderly distribution of assets to, the dependants and chosen heirs of the planner, in accordance with his wishes, the requirements of law and the capacity of his estate, in the event of his death; to plan the reduction of or make provision for such liabilities as will exist in the estate of the planner at the time of his death, or will arise therefrom”. Let egter daarop dat Dawson na die erflater as *planner* verwys. Sien ook Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 24 – 25; Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 1-4 tot 1-10.



- (c) om die boedelplan sodanig te struktureer dat dit koste-effektief, doeltreffend en buigsaam is;
- (d) om boedelbates teen 'n gedwonge verkoop te beskerm deur die vrystelling van genoegsame likiede fondse vir die betaling van boedelskuld en vir doeleindes van die vereffening van al die boedeluitgawes ten aansien van die beredderingsproses ten einde die boedel af te sluit;
- (e) om genoegsame kapitaal en inkomste vir die versorging van die afhanklikes beskikbaar te stel maar om dit ook toepaslik vir daardie doel te beskerm;
- (f) om te poog om die pariteitsbeginsel toe te pas en enige wrywing as gevolg van ongelyke vererwing teen te werk; en
- (g) om enige sakebelange op 'n doeltreffende wyse te beskerm tot voordeel van die afhanklikes of om dit in ooreenstemming met die boedelplan te kanaliseer na die beplande bestemming.

2 Datum waarop beplanning gedoen word: 30 September 2004

3 Bylaes tot die beplanning

Indeks van die bylaes tot hierdie ontleding:

- A Persoonlike besonderhede en testamentêre wense
- B Testateur se bates en laste
- C Testateur eerssterwende: boedeluitgawes, belastings en ander eise
- D Testateur eerssterwende: likiditeitstoets
- E Testatrise se bates en laste
- F Testatrise eerssterwende: boedeluitgawes, belastings en ander eise
- G Testatrise eerssterwende: likiditeitstoets

- H Voorsiening vir die versorging van die gesin na afhandeling van die eers-sterwende gade se boedel
- I Langslewende gade se afsterwe: boedeluitgawes, belastings en ander eise
- J Langslewende gade se afsterwe: likiditeitstoets
- K Gelyktydige afsterwe van beide gades: boedeluitgawes, belastings en ander eise
- L Gelyktydige afsterwe van beide gades: likiditeitstoets
- M Voorsiening vir die versorging van die minderjarige afhanklikes na afhandeling van beide gades se boedels in die geval van hul gelyktydige afsterwe
- N Testamentêre wense van die testateur en die testatrise in die geval van gesinsuitwissing
- O Gesinsuitwissing: boedeluitgawes, belastings en ander eise
- P Gesinsuitwissing: likiditeitstoets
- Q Kommentaar oor die praktiese uitvoerbaarheid van die testamentêre wense van die testateur en die testatrise

#### 4 Kommentaar ten opsigte van probleemareas

Die probleemareas sal met behulp van die ontleding uitgewys word en toepaslike kommentaar sal in verband daarmee verskaf word. Die strategiese gaping (indien enige) met die oog op die boedelbeplanning wat onderneem word sal aan die erflater uitgewys word.

#### 5 Aanbevelings met uitwysing van die voor- en nadele daaraan verbonde

Hierdie boedelontleding sal afgesluit word met toepaslike aanbevelings met die oog daarop om die strategiese gaping (indien enige) te oorbrug. Die voor- en nadele van die aanbevelings sal ook uitgewys word. Na aanleiding van hierdie ontleding behoort die beplanner in 'n posisie te wees om die erflater behulpsaam te wees om 'n toepaslike en betroubare boedelplan op te stel. Aangesien enige boedelbeplanning 'n voortdurende proses is, moet die erflater egter toesien dat hierdie boedelplan voortdurend (minstens jaarliks) hersien word.



### 5.2.1 Persoonlike inligting en gegewens van die testateur en die testatrise

Die relevante persoonlike inligting en gegewens van die erflater en sy gade behoort bondig in 'n opsomming saamgevat te word. Vir doeleindes van die ontledingsproses is die huweliksgoederebedeling waaraan die betrokke partye se huwelik onderhewig is van wesenlike belang.<sup>38</sup> Die persoonlike inligting en gegewens kom later gedurende die beplanningsproses weer ter sprake wanneer toepaslike boedelbeplanningstegnieke en -instrumente oorweeg word en sekere waardes bereken moet word.<sup>39</sup> In hierdie verband is die ouderdom van die betrokkenes byvoorbeeld van belang om die waardes van sekere beperkte regte soos vruggebruik te bepaal ten einde die impak daarvan vir boedelbelastingdoeleindes te bepaal.<sup>40</sup>

---

<sup>38</sup> Dit beïnvloed trouens die formaat van die ontledingsmodel in 'n groot mate. Sien *infra* 5.3.

<sup>39</sup> Sien *infra* hfst 6.

<sup>40</sup> *Ibid.*

Prakties kan hierdie bylaag so voorgestel word:

<b>BYLAAG A</b>	
<b>PERSOONLIKE BESONDERHEDE</b>	
<hr/>	
Familienaam	: Nel
Volle name van testateur	: Daan
Identiteitsnommer	: 580704 4094 081
Volle name van testatrise	: Rina
Identiteitsnommer	: 600628 0016 007
Nooiensvan (testatrise)	: Van Staden
Huweliksgoederebedeling	Getroud buite gemeenskap van goedere kragtens notariële voorhuwelikse kontrak
Kind een	
Volle name	: Hendrik
Identiteitsnommer	: 890131 4067 002
Geslag	: Manlik
Kind twee	
Volle name	: Jan
Identiteitsnommer	: 870228 4078 004
Geslag	: Manlik
Kind drie	
Volle name	: Riana
Identiteitsnommer	: 850930 0017 006
Geslag	: Vroulik



[Dit sou vir die beplanner nuttig wees om aanvullende vertroulike notas oor die feitlike en persoonlike omstandighede asook karaktereenskappe van die erflater, sy gade en gesin gedurende die beplanningsproses te maak ten einde hierdie inligting ook in ag te neem vir doeleindes van die aanbevelings aan die erflater en sy gade om die strategiese gaping (indien enige) te oorbrug.<sup>41</sup>]

### 5.2.2 Opsomming van die testateur en die testatrise se testamentêre wense

Bobbert<sup>42</sup> beklemtoon die belangrikheid van die erflater se testamentêre wense en behoeftes. Hy voer aan dat dit die primêre uitgangspunt van enige moontlike beplanning vorm.<sup>43</sup> Voorts word die uitvoerbaarheid van die erflater se testamentêre wense immers deur die ontledingsproses getoets ten einde die boedelbeplanningsproses te fasiliteer. Die erflater moet per slot van sake sy wense uiteindelik in 'n meerdere of mindere mate aanpas sodat die ideale boedelplan wat sy behoeftes doeltreffend aanspreek geformuleer en prakties geïmplementeer kan word.

---

<sup>41</sup> Van der Westhuizen *The Right Tool makes all the Difference* 2 – 7.

<sup>42</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 7.

<sup>43</sup> *Ibid.*

Prakties kan die relevante testamentêre wense (vir doeleindes van die illustratiewe voorbeeld) vir ontledings- en beplanningsdoeleindes kortlik so opgesom word:

### **OPSOMMING VAN HUIDIGE TESTAMENTÊRE WENSE**

---

#### **Aanstellings**

Eksekuteur(s):

Die langsewende gade en die senior vennoot van die prokureursfirma GSR ingelyf of die firma se opvolger in titel.

Trustee(s):

Die langsewende gade en die senior vennoot van die prokureursfirma GSR ingelyf of die firma se opvolger in titel.

Voog(de) (indien die gades gelyktydig te sterwe sou kom):

Meneer Jacobus Nel, broer van die testateur.

#### **Testateur eerssterwende**

Bemakings aan gade:

Die residensiële woning, meublement, effektetrustbelegging, vruggebruik van die strandwoning vir 20 jaar en aandele. Hierbenewens ook 'n verdere voorsiening van addisionele inkomste van R60 000 per jaar, beskerm teen inflasie vir 'n tydperk van 20 jaar ter versorging van die gesin.



Bemakings aan ander:

Kontantlegaat van R60 000 aan sy dogter en restantbemaking aan sy seuns.

Versoek ten aansien van laste:

Alle laste moet betaal word.

**Testarise eerssterwende**

Bemakings aan gade:

Die restant van haar boedel.

Bemakings aan ander:

Kontantlegaat aan kinders: R50 000 aan haar dogter en R40 000 aan elke seun.

Versoek ten aansien van laste:

Alle laste moet betaal word.

**Gelyktydige afsterwe van die gades**

Bemakings:

Die testateur en testarise se onderskeie boedels word aan 'n testamentêre trust oorgedra vir die versorging van hul kinders. Hul kinders moet 'n addisionele inkomste ten bedrae van R40 000 per jaar ontvang, beskerm teen inflasie vir 'n tydperk van 20 jaar.

**Gesinsuitwissing**

Bemakings:

Die partye het nog nie vir hierdie gebeurtenis beplan nie. Die erflater en sy gade is tans aangewese op die reëls van die intestate erfopvolgingsreg in die geval van gesinsuitwissing.

Toepaslike aanbevelings behoort aan die erflater en sy gade gemaak te word.

**Sakebelange**

Geen

**Enige ander spesiale bepalings van belang**

Geen

### 5.2.3 Opgawe van die testateur se bates en laste

Ten einde die boedelontleding en proefberedding volgens hierdie model te inisieer, word gedetailleerde besonderhede van die testateur se bates en laste uiteraard benodig.<sup>44</sup> Dit is ook van belang om vir doeleindes van die berekening van die eksekuteur se loon sowel as vir die berekening van boedelbelasting te onderskei tussen die billike markwaarde en die boedelbelastingwaarde van bates.<sup>45</sup>

<sup>44</sup> Van der Westhuizen *The Right Tool makes all the Difference* 3 en 5.

<sup>45</sup> Die rede vir die onderskeid is kortliks dat alhoewel die eksekuteursloon bereken word op die totale markwaarde van die boedelbates, sekere bates addisioneel vir boedelbelastingdoeleindes geag word bates te wees vir doeleindes van die beredderingsproses. Sien reg 8(1)(a) en (b) uitgevaardig kragtens die bepalings van art 51(1)(b) van die Boedelwet 66 van 1965 saamgelees met die bepalings van art 4(c) van die Boedelbelastingwet 45 van 1955. Sien ook die bepalings van art 3(3) van die Boedelbelastingwet 45 van 1955.



Sekere bates soos lewensversekeringspolisse ingevolge waarvan die erflater gedurende sy lewe 'n begunstigde aangewys het (om die polisvoordele by die erflater se dood te ontvang) word nie in berekening gebring by die bepaling van die eksekuteursloon nie.

Prakties kan hierdie opgawe so voorgestel word:

<b>BYLAAG B</b>		
<b>TESTATEUR SE BATES EN LASTE</b>		
BATES	MARKWAARDE	BOEDELBELASTING WAARDE
<b>LEWENSVERSEKERING</b>		
Versekering wat 'n boedelbate uitmaak	R60 000	R60 000
Versekering wat slegs 'n geagte bate uitmaak <sup>46</sup>		R150 000
Uittree-annuïteitsvoordele (enkelbedrag) <sup>47</sup>		geen
Verbandversekering		R500 000
Kredietversekering		R120 000
Groepsdekking		geen
Voorsorgfondsdekking		R180 000

<sup>46</sup> Art 3(3)(a) van die Boedelbelastingwet 45 van 1955.

<sup>47</sup> Sien die woordsomsyrywing van "uittredingannuïteitsfonds" soos vervat in art 1 van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962.

ONROERENDE BATES		
Plaaseiendom <sup>48</sup>	geen	geen
Residensiële woning – Takboklaan 9	R380 000	R380 000
Strandwoning – Nemostraat 18	R260 000	R260 000
BOERDERY BATES		
geen		
PERSOONLIKE BATES		
Veelvuldige persoonlike besittings	R10 000	R10 000
ROERENDE BATES		
Motorvoertuig - Toyota Camry	R120 000	R120 000
Meublement	R190 000	R190 000
Boot – Peaceful Dove	R60 000	R60 000
SAKEBELANGE		
geen		
LIKIEDE BATES		
Effektetrusts – Flexi buitelandse fonds aandele	R20 000	R20 000
300 Sanlam aandele @ R7 elk		
300 Ou Mutual aandele @ R11 elk	R2 100	R2 100
(Nota – demutualiseringsaandele van Sanlam en Ou Mutual lewens-versekeraars)	R3 300	R3 300

<sup>48</sup> Ten opsigte van landbougrond moet daar 'n onderskeid getref word tussen die billike markwaarde en die sogenaamde Landbankwaarde (die oppervlakwaarde – grond plus verbeterings in ooreenstemming met die voorskrifte van die Landbankwet 13 van 1944 soos gewysig deur die Wysigingswet op die Landbank 21 van 1998 – plus die billike markwaarde van enige mineraalregte) vir doeleindes van die berekening van eksekuteursloon en boedelbelasting. Vir doeleindes van die bepaling van eksekuteursloon word die billike markwaarde van die plaaseiendom gebruik. Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) het egter 'n toegewing gemaak tot die effek dat die Landbankwaarde (normaalweg ook laer as die billike markwaarde) gebruik kan word vir doeleindes van die berekening van boedelbelasting. Dit sou egter in effek beteken dat die basiskoste vir doeleindes van die berekening van kapitaalwinstbelasting dan laer sal wees en dit kan daartoe lei dat meer kapitaalwinstbelasting ten aansien van die plaaseiendom betaalbaar sou wees. Die koers ten aansien van kapitaalwinstbelasting sal maar opgeweeg moet word teen die koers waarteen boedelbelasting betaalbaar sou wees ten einde 'n weldeurdatge besluit in hierdie verband te neem. Sien ook *supra* vn 45.



TOTALE	R1 105 400	R2 055 400
LASTE		
Verbande – Residensiële woning	R300 000	R300 000
Strandwoning	R220 000	R220 000
Bruikhuur – Wesbank finansiering	R100 000	R100 000
Huurkoop – Morkels (ten aansien van Meubels)	R65 000	R65 000
Lening – Eerste Nasionale Bank	R20 000	R20 000
TOTALE	R705 000	R705 000

## Opmerkings:

1. Die waardes van die erflater se bates en laste is deur homself verskaf.
2. Die waardes van die eiendomme is uit die waardasies van Seeff Eiendomsagente geneem.
3. Die bates en laste van enige beslote korporasie, maatskappy of trust is nie by hierdie opgawe ingesluit nie.
4. Die waardes van die erflater se versekering is deur sy finansiële adviseur verskaf.

#### 5.2.4 Testateur eerssterwende: boedeluitgawes, belastings en ander eise

Volgens Dawson<sup>49</sup> is die dood van die boedeleienaar die uiterste toets van die boedelplan. Ten einde voldoende finansiële voorsiening vir hierdie gebeurtenis te tref, behoort berekeninge ten aansien van die volgende gedoen te word:<sup>50</sup>

- (a) boedeluitgawes;
- (b) boedelbelasting;
- (c) kapitaalwinsbelasting;
- (d) enige vorderingsreg ingevolge die aanwasbedeling (indien toepaslik);
- (e) enige eis van die langsewende gade; en
- (f) enige ander eis wat teen die boedel ingestel is.

Hierdie berekeninge behoort sodanig gestruktureer te word ten einde 'n proefberedding van die boedel van die erflater te konstateer. Myns insiens is so 'n proefberedding onontbeerlik vir die ontledingsproses ten einde te verseker dat die boedelplan wel prakties uitvoerbaar sou wees. Hierdie berekeninge moet ook later in die ontledingsproses herhaal word om 'n proefberedding van die boedel van die erflater se gade te bewerkstellig indien sy die eerssterwende sou wees.<sup>51</sup>

---

<sup>49</sup> Dawson *Estate Planning Guide* 37. Dawson maak die volgende uitlating: "A properly executed plan will ensure that the dependants and heirs of the planner survive their bereavement in a condition that remains materially similar to that enjoyed prior to his death".

<sup>50</sup> 'n Behoorlike voorafkennis van die impak van die boedelberedderingsproses is dus onontbeerlik vir hierdie gedeelte van die boedelbeplanningsproses. Sien *supra* 3.2.3.3 en 3.3.3.

<sup>51</sup> Sien *infra* 5.2.7.



Prakties kan dit so voorgestel word:

<b>BYLAAG C</b>		
<b>TESTATEUR EERSSTERWENDE: BOEDELUITGAWES, BELASTINGS</b>		
<b>EN ANDER EISE</b>		
BOEDELUITGAWES		R85 058
Eksekuteursloon @ 3,5% plus 14% belasting op toegevoegde waarde daarop	R44 105	
Oordragkoste (uitgesluit hereregte en belasting op toegevoegde waarde aangesien oordrag deur vererwing geskied)	R11 886	
Meestersgelde	R600	
Ander diverse uitgawes	R8 467	
Begrafniskoste (by benadering)	R20 000	
<b>BOEDELBELASTING BY TESTATEUR SE AFSTERWE</b>		
Bruto bates vir boedelbelasting	R2 055 400	
Minus: Laste (eise teen die boedel)	R705 000	
Boedeluitgawes	R85 058	
Kapitaalwinsbelasting	R2 850	
Netto boedelbates	R1 262 492	

<b>VOEG BY INDIEN PARTYE BINNE GEMEENSKAP VAN GOEDERE GETROUD SOU WEES</b>		
Netto boedelbates van gemeenskaplike boedel		
Minus:	nie van	nie van
Totale versekering van testateur en enkelbedrag van	toepassing nie	toepassing
Uittree-annuïteitsvoordele		nie
Resultaat:		
Gesamentlike netto boedel	nie van	nie van
Helfte belang van gade (gesamentlike netto boedel gedeel deur twee)	toepassing nie	toepassing nie
Plus:		
Totale versekering van testateur en enkelbedrag van		
Uittree-annuïteitsvoordele		
Somtotaal:		
Totale netto batewaarde van testateur se aandeel in gemeenskaplike boedel vir boedelbelasting-doeleindes.		
<hr/>		
Netto boedelbates		R1 262 492
Minus toevallings aan gade - artikel 4(q) <sup>52</sup>		R2 510 451
• Polisse begunstig aan gade	R150 000	
• Bemaking aan gade	R595 870	
• Uittree-annuïteitsvoordele	geen	
• Gekapitaliseerde waarde van R60 000 jaarlikse inkomste <sup>53</sup>	R1 013 852	
• Eis van langsliewende gade (testateur het inkomste		

<sup>52</sup> Boedelbelastingwet 45 van 1955.

<sup>53</sup> Sien die berekening *infra* in Bylaag H.



voorsien)	geen	
• Aanwasvordering ten gunste van testatrise	R517 665	
• Vruggebruik van strandhuis vir 20 jaar	R233 064	
Netto boedel na aftrekkings kragtens artikel 4(q)		geen
Korting (Artikel 4 A)		R1500000
Belasbare boedel		R0
BOEDELBELASTING @ 20%		R0
<b>BEREKENINGE</b>		
<b>KAPITAALWINSBELASTING<sup>54</sup></b>		
<b>(Strandwoning)</b>		
Waarde van bate op datum van dood	R260 000	
Minus basiskoste	R180 000	
Kapitale wins	R80 000	
Uitsluiting by dood	R50 000	
Netto kapitale wins	R30 000	
Insluitingskoers: $R30\ 000 \times 25\% = R7\ 500$		
Aangesien Nel se marginale belastingkoers 38 persent is, word kapitaalwinsbelasting soos volg bereken: $R7\ 500 \times 38\% = R2\ 850$ .		

<sup>54</sup> Sien die Agtste Bylae tot die Inkomstebelastingwet 58 van 1962. Daarvolgens word die dood van 'n erflater beskou as 'n gebeurtenis wat kapitaalwinsbelasting meebring. Vir doeleindes van hierdie berekening word daar geag dat 'n persoon die dag voor sy dood sy bates teen markwaarde aan sy boedel vervreem het. Indien die opbrengs van die bates (die markwaarde van bates soos op die datum van die dood van die erflater) meer is as die basiskoste (die waarde van die bates soos op 1 Oktober 2001 plus verdere kapitale uitgawes na hierdie datum aangegaan), dan sal kapitaalwinsbelasting betaalbaar wees. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die volgende vrystellings ten aansien van kapitaalwinsbelasting geld: enige voordeel wat die gade toeval, die opbrengs van lewensversekeringspolis (met inagneming van sekere vereistes), voordele betaalbaar uit pensioenfondse en sekere ander tipes bates. Sien ook Swanepoel "Estate Planning" 2002 *Extra Cover* 3 – 4.

<b>VORDERINGSREG TEEN BOEDEL KRAGTENS AANWASBEDELING<sup>55</sup></b>		
<b>BATES</b>	<b>TESTATEUR</b>	<b>TESTATRISE</b>
	<b>EERSSTERWENDE</b>	<b>LANGSLEWENDE</b>
<b>Versekering:</b>		
nie gesedeer	R 60 000 (Opbrengs)	R0 <sup>56</sup>
gesedeer (as sekuriteit)	geen	
verband	R500 000 (Opbrengs)	
krediet	R120 000 (Opbrengs)	
ander	R150 000 (Opbrengs)	R4 000 <sup>57</sup>
<b>Onroerende bates:</b>		
Plaaseiendomme	geen	
residensiële woning	R380 000 (Opbrengs)	
strandwoning	R260 000 (Opbrengs)	
ander	geen	
<b>Boerdery bates:</b>		
	geen	
<b>Roerende bates:</b>		
motorvoertuig	R120 000	R 80 000
boot	R60 000	
meubels	R190 000	R60 000

<sup>55</sup> Sien Dawson *Estate Planning Guide* 82.

<sup>56</sup> Die afkoopwaarde van die gade se polis. Sien Skinner *Sanlam Mini-handleiding (Verkoopleiding en Ontwikkeling)* B10. Sien egter ook Herbst "Lewenspoliswaarde by Aanwasberekening" 2004 *De Rebus* 28 – 29.

<sup>57</sup> *Ibid.*



## Persoonlike bates:

besittings	R10 000	R14 000
ander		R55 000

## Likiede bates:

effektetrusts	R20 000	R10 000
aandele	R5 490	R2 160

HUIDIGE TOTALE BATES	R1 875 490	R225 160
----------------------	------------	----------

Minus: laste	R705 000	R90 000
--------------	----------	---------

bates uitgesluit:	geen	
-------------------	------	--

erfenisse uitgesluit:	geen	
-----------------------	------	--

skenkings uitgesluit:	geen	
-----------------------	------	--

## AANGEPASTE

AANVANGSWAARDES	R0	R0
-----------------	----	----

(om aanvangswaarde by die huidige waarde van geld aan te pas, moet die aanvangswaardes met die faktor teenoor die jaartal wanneer die aanwasbedeling van toepassing geword het vermenigvuldig word)

Netto aanwas	R1 170 490 (A)	R135 160 (B)
--------------	----------------	--------------

(indien negatief – neem as nul)

Verskil in netto aanwas	R1 035 330 gedeel deur twee
-------------------------	-----------------------------

(A-B gedeel deur twee of B-A gedeel deur twee)

Totale Aanwasvordering (ten gunste van testatrise)	R517 665
--	----------

VRUGGEBRUIK TEN GUNSTE VAN GADE<sup>58</sup>

Strandwoning R260 000 X 12% = R31 200

Vrou is 43 jaar oud en vruggebruik is vir 20 jaar<sup>59</sup>

Dus: R31 200 x 7,47 = R233 064

### 5.2.5 Testateur eerssterwende: likiditeitstoets

Soos reeds vermeld,<sup>60</sup> is likiditeit een van die belangrike oorwegings indien 'n beredderaar oorweging daaraan skenk om betrokke te raak by die bereddering van 'n buite boedel. Abrie, Graham en Van der Linde<sup>61</sup> meld die volgende oor likiditeit:

"Liquidity is even more important upon death, because the estate owner can no longer protect his estate himself and heirs only receive estate assets, not the liabilities as well. This means that the executor first has to use the assets to pay off the liabilities, such as mortgage bonds, and it is only the residue that can be paid out to beneficiaries. If an estate does not have enough cash to clear its debts, the executor is obliged to sell assets in order to obtain the necessary cash. Also note that when

<sup>58</sup> Dawson *Estate Planning Guide* 81 – 82.

<sup>59</sup> Volgens die aktuariële tabelle is die berekende faktor in hierdie geval 7,47.

<sup>60</sup> Sien *supra* hfst 4.

<sup>61</sup> Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 22 – 23.



someone dies, his assets are usually frozen until the estate has been wound up, and dependants therefore do not have cash for their daily needs until the assets are unfrozen... Expert advice from an advisor can overcome the liquidity problem at the planning stage.”

Hulle voer ook aan dat die behoefte aan likiditeit al groter word weens die voortdurende daling in die koopkrag van die monetêre eenheid.

Daar is verskeie metodes waarvolgens voldoende likiditeit verseker kan word.<sup>62</sup> Lewensversekering is waarskynlik (naas beskikbare kontant in 'n beleggingsinstrument) die belangrikste produk wat hierdie behoefte kan aanspreek, mits die versekerde natuurlik versekerbaar sou wees.

Prakties kan hierdie berekening so voorgestel word:

<b>BYLAAG D</b>		
<b>TESTATEUR EERSSTERWENDE: LIKIDITEITSTOETS</b>		
<b>KONTANT BENODIG OM TESTATEUR SE BOEDEL AF TE HANDEL</b>		
KONTANT BENODIG		R2 390 920
Laste	R705 000	
Uitstaande inkomstebelasting	R6 495	
Boedeluitgawes	R85 058	
Boedelbelasting	geen	
Kapitaalwinsbelasting	R2 850	
Vorderingsreg kragtens aanwasbedeling	R517 665	
Eis van afhanklike gade	Geen	
Onderhoudseis van afhanklikes	geen	

<sup>62</sup> *Ibid.* Sien ook Dawson *Estate Planning Guide* 40 en 88; Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 210 – 211.

Inkomstevoorsiening aan gade (R60 000 vir 20 jaar)	R1 013 852	
Kontantlegat - dogter	R60 000	
Ander	Geen	
<b>KONTANT BESIKBAAR</b>		<b>R705 400</b>
Versekering in boedel	R60 000	
Verbandversekering	R500 000	
Kredietversekering	R120 000	
Effektetrusts	R20 000	
Aandele	R5 400	
<b>KONTANTTEKORT</b>		<b>R1 685 520</b>

### 5.2.6 Opgawe van die testatrise se bates en laste

Die belang van hierdie besonderhede is reeds uitgewys.<sup>63</sup> Prakties kan die opgawe so voorgestel word:

<b>BYLAAG E</b>		
<b>TESTATRISIE SE BATES EN LASTE</b>		
<b>BATES</b>	<b>MARKWAARDE</b>	<b>BOEDELBELASTING WAARDE</b>
<b>LEWENSVERSEKERING</b>		
Versekering wat 'n boedelbate uitmaak	geen	geen
Versekering wat slegs 'n geagte bate uitmaak <sup>64</sup>		R75 000
Uittree-annuïteitsvoordele (enkelbedrag)		geen
Verbandversekering		geen
Kredietversekering		R60 000

<sup>63</sup> Sien *supra* 5.1 en 5.2.3.

<sup>64</sup> Art 3(3)(a) van die Boedelbelastingwet 45 van 1955.



Groepsdekking		geen
Voorsorgfondsdekking		R55 000
ONROERENDE BATES	geen	geen
BOERDERY BATES	geen	geen
PESOOONLIKE BATES		
Veelvuldige persoonlike besittings	R14 000	R14 000
ROERENDE BATES		
Motorvoertuig – Volkswagen Polo Playa	R80 000	R80 000
Trouwing	R55 000	R55 000
Skilderye	R60 000	R60 000
SAKEBELANGE	geen	geen
LIKIEDE BATES		
Effektetrusts – Geldmarkfonds	R10 000	R10 000
Aandele – 300 Sanlam aandele @ R7 elk (Nota – demutualiseringsaandele van Sanlam Lewensversekeraar)	R2 100	R2 100
TOTALE	R221 100	R411 100
LASTE		
Bruikhuur – Wesbank finansiering	R60 000	R60 000
Lening – Eerste Nasionale Bank	R30 000	R30 000
Ander	geen	geen
TOTALE	R90 000	R90 000

Opmerkings:

1. Die waardes van die testatrise se bates en laste is deur haarself verskaf.
2. Die waardes van die eiendomme is uit die waardasies van Seeff Eiendomsagente geneem.
3. Die bates en laste van enige beslote korporasie, maatskappy of trust is nie by hierdie opgawe ingesluit nie.
4. Die waardes van die testatrise se versekering is deur haar finansiële adviseur verskaf.

### 5.2.7 Testatrise eerssterwende: boedeluitgawes, belastings en ander eise

Soos vermeld,<sup>65</sup> behoort berekeninge ten aansien van die volgende gedoen te word ten einde voldoende finansiële voorsiening vir hierdie gebeurtenis te tref:<sup>66</sup>

- (a) boedeluitgawes;
- (b) boedelbelasting;
- (c) kapitaalwinsbelasting;
- (d) enige vorderingsreg ingevolge die aanwasbedeling (indien toepaslik);
- (e) enige eis van die langlewende gade; en
- (f) enige ander eis wat teen die boedel ingestel is.

---

<sup>65</sup> Sien *supra* 5.2.4.

<sup>66</sup> 'n Behoorlike voorafkennis van die impak van die boedelberedderingsproses is dus onontbeerlik vir hierdie gedeelte van die boedelbeplanningsproses. Sien *supra* 3.2.3.3 en 3.3.3.



Daar is reeds uitgewys dat hierdie voorgestelde berekeninge belangrik is vir die boedelplan en die berekeninge behoort sodanig gestruktureer te word ten einde 'n proefberedding van die boedel van die erflater te konstateer.<sup>67</sup> Myns insiens is so 'n proefberedding ook hier onontbeerlik vir die ontledingsproses ten einde te verseker dat die boedelplan wel prakties uitvoerbaar sou wees. Hierdie berekeninge moet ook later in die ontledingsproses herhaal word om 'n proefberedding van die boedels van die erflater en sy gade te bewerkstellig in die geval waar die gades gelyktydig te sterwe sou kom.<sup>68</sup>

Prakties kan dit so voorgestel word:

<b>BYLAAG F</b>		
<b>TESTATRISE EERSSTERWENDE: BOEDELUITGAWES, BELASTINGS</b>		
<b>EN ANDER EISE</b>		
BOEDELUITGAWES		R33 888
Eksekuteursloon @ 3,5% plus 14% belasting op toegevoegde waarde daarop	R8 821	
Oordragkoste (uitgesluit hereregte & belasting op toegevoegde waarde aangesien oordrag deur vererwing geskied)	geen	
Meestersgelde	R600	
Ander diverse uitgawes	R4 467	
Begrafniskoste (by benadering)	R20 000	

<sup>67</sup> Sien *supra* 5.2.4.

<sup>68</sup> Sien *supra* 3.2.3.3.

<b>BOEDELBELASTING BY TESTATRISE SE AFSTERWE</b>		
Bruto bates vir boedelbelasting	R411 100	
Minus: Laste (eise teen die boedel)	R90 000	
Boedeluitgawes	R33 888	
Netto boedelbates	R287 212	
<b>VOEG BY INDIEN PARTYE BINNE GEMEENSKAP VAN GOEDERE GETROUD SOU WEES</b>		
Netto boedelbates van gemeenskaplike boedel	nie van	nie van
Minus:	toepassing nie	toepassing
Totale versekering van testateur en enkelbedrag van Uittree- annuïteitsvoordele		nie
Resultaat:		
Gesamentlike netto boedel		
Helpte belang van gade (gesamentlike netto boedel gedeel deur twee)		
Plus:		
Totale versekering van testateur en enkelbedrag van Uittree- annuïteitsvoordele		
Somtotaal:		
Totale netto batewaarde van testateur se aandeel in gemeenskaplike boedel vir boedelbelasting-doeleindes.		
Netto boedelbates		R287 212
Minus toevallings aan gade - artikel 4(q)		R157 269
• Polisse begunstig aan gade	R75 000	
• Bemaking aan gade	R82 269	



• Uittree-annuïteitsvoordele	geen	
• Vorderingsreg kragtens aanwasbedeling	geen	
• Eis as langslewende gade	geen	
Netto boedel na toepassing van artikel 4(q)		R129 943
Korting (Artikel 4 A)		R1500000
Belasbare boedel		R0
BOEDELBELASING @ 20%		R0

### 5.2.8 Testatrise eerssterwende: likiditeitstoets

Die belangrikheid van voldoende likiditeit<sup>69</sup> is reeds ten opsigte van die boedelberedderingsproses sowel as die boedelbeplanningsproses uitgewys.<sup>70</sup>

Soos vermeld, is lewensversekering waarskynlik (naas beskikbare kontant in 'n beleggingsinstrument) die belangrikste produk wat hierdie behoefte kan aanspreek, mits die versekerde natuurlik versekerbaar sou wees.

<sup>69</sup> Sien *supra* hfst 4.

<sup>70</sup> Sien Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 22 – 23; Dawson *Estate Planning Guide* 40 en 88; Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 210 – 211.

Prakties kan hierdie berekening so voorgestel word:

<b>BYLAAG G</b>		
<b>TESTATRISE EERSSTERWENDE: LIKIDITEITSTOETS</b>		
<b>KONTANT BENODIG OM TESTATRISE SE BOEDEL AF TE HANDEL</b>		
KONTANT BENODIG		R255 142
Laste	R90 000	
Uitstaande inkomstebelasting	R1 254	
Boedeluitgawes	R33 888	
Boedelbelasting	geen	
Kapitaalwinsbelasting	geen	
Vorderingsreg kragtens aanwasbedeling	geen	
Eis van afhanklike gade	geen	
Onderhoudseis van afhanklikes	geen	
Kontantlegate	R130 000	
Ander	geen	
KONTANT BESIKBAAR		R72 100
Versekering in boedel	geen	
Kredietversekering	R60 000	
Effektetrusts	R10 000	
Aandele	R2 100	
KONTANTTEKORT		R183 042



### 5.2.9 Voorsiening vir die versorging van die gesin na afhandeling van die eerssterwende gade se boedel

Voldoende finansiële voorsiening vir die versorging van die gesin na afhandeling van die eerssterwende gade se boedel is een van die doelwitte wat met 'n boedelbeplanning nagestreef word. Die berekening van die omvang van hierdie behoefte word juis gedoen met die oog daarop om te kontroleer of bestaande finansiële voorsienings vir hierdie doel voldoende sou wees al dan nie.

Prakties kan dit so voorgestel word:

<b>BYLAAG H</b>
<b>VOORSIENING VIR DIE VERSORGING VAN DIE GESIN NA AFHANDELING VAN DIE EERSSTERWENDE GADE SE BOEDEL</b>
<b>TESTATEUR EERSSTERWENDE</b>
<u>Aanname:</u>
<ul style="list-style-type: none"><li>- Dat die rentekoers waarteen paaiemente belê kan word 10% per jaar beloop</li><li>- Dat die groeikoers van die paaiemente volgens die afhanklike se behoefte 8% per jaar beloop</li></ul>

BENODIG		R1013 852
Inkomste benodig per jaar	R60 000	
Termyn van versorging = 20 jaar		
Gekapitaliseerde waarde benodig <sup>71</sup>	R1 013 852	

Vir doeleindes van hierdie berekening sal die resultantekoers<sup>72</sup> bereken moet word.<sup>73</sup>

$\begin{aligned} \text{Resultantekoers} &= \frac{\text{Rentekoers minus groeikoers van paaiemente}}{1 + \text{groeikoers van paaiement (in desimale)}} \\ &= \frac{10.0 - 8.0}{1.08} \\ &= 1.85\% \end{aligned}$
--

Daar word in Bylaag D 'n volledige berekening gedoen ten einde te kontroleer of die testateur en testatrise se onderskeie bestaande finansiële voorsienings voldoende is om in hierdie behoefte te voorsien.

<sup>71</sup> Die berekening van die huidige gekapitaliseerde waarde van toenemende vooruitbetaalbare jaarlikse paaiemente ten aansien van die geïdentifiseerde behoefte kan soos volg gedoen word (bereken met 'n Sharp EL-733A finansiële sakrekenaar): Aktiveer die BGN-funksie (aangesien die paaiemente jaarliks vooruitbetaalbaar moet wees) en voer die volgende inligting in: R60 000 (- aktiveer die minus sleutel aangesien hierdie die waarde verteenwoordig wat jaarliks betaalbaar is) as PMT (paaiement), 20 as n (termyn), 1,85 as i (resultantekoers om voorsiening te maak vir die netto opbrengs- sien ook vn 70), bereken dan die huidige gekapitaliseerde waarde deur die sleutels COMP PV te gebruik. Skinner *Sanlam Mini-handleiding (Verkoopleiding en Ontwikkeling)* C6 – C11.

<sup>72</sup> Die resultantekoers is die koers waarteen toenemende vooruitbetaalde jaarliks herhalende paaiemente moet toeneem om te voldoen aan die behoefte (aan 'n toenemende vooruitbetaalbare jaarlikse inkomste) van 'n persoon nadat die verlangde groeikoers van die paaiemente (as inkomste vir hierdie persoon) teen die rentekoers waarteen hierdie paaiemente belê kan word, verdiskonteer is en dit in 'n persentasie uitgedruk is. Die resultantekoers word bepaal deurdat die verlangde groeikoers van paaiemente (volgens die persoon se behoefte) afgetrek word van die rentekoers waarteen paaiemente belê kan word en die resultaat hiervan gedeel word deur die resultaat van die berekening een plus die groeikoers van die paaiemente (in desimale uitgedruk) en die antwoord hierop dan in 'n persentasie uitgedruk word. Sien Skinner *Sanlam Mini-handleiding (Verkoopleiding en Ontwikkeling)* C6 – C11.

<sup>73</sup> *Ibid.*



<b>TESTATRISE EERSSTERWENDE</b>		
<u>Aannames:</u> - Dat die rentekoers waarteen paaiemente belê kan word 10% per jaar behoel - Dat die groeikoers van die paaiemente volgens die afhanklike se behoefte 8% per jaar behoel		
BENODIG		R0
Inkomste benodig per jaar (Testateur het nie 'n behoefte aan 'n addisionele inkomste indien sy gade die eerssterwende sou wees nie)	geen	
Termyn van versorging (lewensverwagting van testateur)	nie van toepassing	
Gekapitaliseerde waarde benodig	nie	geen

Indien hier wel 'n behoefte aan die verskaffing van 'n jaarlikse inkomste geïdentifiseer is, dan sal die resultantekoers vir doeleindes van hierdie berekening ook bereken moet word:<sup>74</sup>

$\begin{aligned} \text{Resultantekoers} &= \frac{\text{Rentekoers minus groeikoers van paaiemente}}{1 + \text{groeikoers van paaiement (in desimale)}} \\ &= \frac{10.0 - 8.0}{1.08} \\ &= 1.85\% \end{aligned}$
--

<sup>74</sup> Sien vn 71 – 72.

Daar word in Bylaag G 'n volledige berekening gedoen ten einde te kontroleer of die testateur en testatriese se onderskeie bestaande finansiële voorsienings voldoende is om in hierdie behoefte te voorsien.

#### 5.2.10 Boedeluitgawes, belastings en ander eise in die geval van die afsterwe van die langsewende gade

Ek is verder die mening toegedaan dat dit vir beplanningsdoeleindes ook van belang sou wees om die implikasies van die langsewende gade se dood in ag te neem. Daar kan dan in besonder 'n sinvolle beplanning gedoen word ten einde voldoende voorsiening te tref vir die versorging van die kinders van die testateur en die testatriese ten aansien van hierdie gebeurtenis.



Prakties kan dit so voorgestel word:

<b>BYLAAG I</b>		
<b>LANGSLEWENDE GADE SE AFSTERWE: BOEDELUITGAWES, BELASTINGS EN</b>		
<b>ANDER EISE</b>		
BY TESTATEUR (AS LANGSLEWENDE) SE AFSTERWE		
Netto boedel van die testateur as langsewende <sup>75</sup>	R1 419 761	
Geprojekteerde waarde van netto boedel na 10 jaar <sup>76</sup>	R3 682 494	
Minus – korting (artikel 4A)	R1 500 000	
Geprojekteerde belasbare boedel	R2 182 494	
BOEDELBELASTING @ 20%	R436 498	

<sup>75</sup> Die testateur se netto boedelbates soos bepaal *supra* in Bylaag C word vir doeleindes van hierdie berekening bygetel by die somtotaal van die bemakings wat die testatrise aan hom nagelaat het soos meer volledig uiteengesit *supra* in Bylaag F. Aangesien die waarde van die netto boedelbates gebruik word, veronderstel dit dat alle boedeluitgawes en eise reeds teen hierdie waarde verdiskonteer is.

<sup>76</sup> Die berekening van die geprojekteerde waarde kan soos volg gedoen word (bereken met 'n Sharp EL-733A finansiële sakrekenaar): sorg dat die BGN-funksie nie geaktiveer is nie en voer die volgende inligting in:

R1 419 761 as PV (huidige waarde van die boedelbates),

10 as n (termyn van projeksie),

10 as i (groeikoers van die boedelbates),

bereken dan die geprojekteerde waarde van die boedelbates deur die sleutels COMP FV te gebruik.

BY TESTATRISE (AS LANGSLEWENDE) SE AFSTERWE		
Netto boedel van die testatrise as langlewende <sup>77</sup>	R2 797 663	
Geprojekteerde waarde van netto boedel na 10 jaar <sup>78</sup>	R7 256 417	
Minus - korting (artikel 4A)	R1 500 000	
Geprojekteerde belasbare boedel	R5 756 417	
BOEDELBELASTING @ 20%	R1 151 283	

### 5.2.11 Likiditeitstoets in die geval van die afsterwe van die langlewende gade

Die kwessie van likiditeit is alreeds breedvoerig bespreek.<sup>79</sup> Dit is ook van belang vir enige voorgenome beplanning om die toets ten aansien van hierdie gebeurtenis te doen.

<sup>77</sup> Die testatrise se netto boedelbates soos bepaal *supra* in Bylaag F word vir doeleindes van hierdie berekening bygetel by die somtotaal van die bemakings wat die testateur aan haar nagelaat het soos meer volledig uiteengesit *supra* in Bylaag C. Aangesien die waarde van die netto boedelbates gebruik word, veronderstel dit dat alle boedeluitgawes en eise reeds teen hierdie waarde verdiskonteer is.

<sup>78</sup> Die berekening van die geprojekteerde waarde kan soos volg gedoen word (bereken met 'n Sharp EL-733A finansiële sakrekenaar): sorg dat die BGN funksie nie geaktiveer is nie en voer die volgende inligting in:

R2 797 663 as PV (huidige waarde van die boedelbates),

10 as n (termyn van projeksie),

10 as i (groeikoers van die boedelbates),

bereken dan die geprojekteerde waarde van die boedelbates deur die sleutels COMP FV te gebruik.

<sup>79</sup> Sien *supra* 5.2.5.



Prakties kan dit so voorgestel word:

<b>BYLAAG J</b>		
<b>LANGSLEWENDE GADE SE AFSTERWE : LIKIDITEITSTOETS</b>		
<b>KONTANT BENODIG OM DIE TESTATRISE AS LANGSLEWENDE GADE SE BOEDEL</b>		
<b>AF TE HANDEL</b>		
Aannames:		
1. Dat alle laste by die dood van die eerssterwende gade afgelos is.		
2. Dat die testateur die eerssterwende gade was.		
3. Dat die testatrise nog 10 jaar sal lewe na die testateur se dood.		
4. Dat gemiddelde groeikoers van boedelbates vir die 10 jaar termyn 10% per jaar beloop.		
5. Dat alle boedeluitgawes met 10% per jaar gedurende hierdie tydperk toeneem.		
KONTANT BENODIG		R1 847 928
Laste (geag R0)	geen	
Uitstaande inkomstebelasting (geag R 0)	geen	
Geprojekteerde boedeluitgawes <sup>80</sup>	R359 459	
Geprojekteerde boedelbelasting <sup>81</sup>	R1 151 283	
Kapitaalwinstbelasting (geag R0)	geen	
Onderhoudseis van afhanklikes (geag R0)	geen	
Geprojekteerde waarde van kontantlegate	R337 186	
Ander	geen	

<sup>80</sup> Eksekuteursloon word in hierdie geval bereken ten aansien van die markwaarde van die geakkumuleerde boedel van die testatrise volgens die bedrae aangetoon *supra* in Bylaag C en F. Die ander boedeluitgawes is ook *pro rata* aangepas en die totale bedrae ten aansien van alle boedeluitgawes is geprojekteer op die veronderstelling dat daar 'n toename van 10 persent per jaar is gedurende hierdie beplanningstydperk van 10 jaar. Dieselfde formule vir hierdie projeksie van die boedeluitgawes word gebruik as dié *supra* in vn 76 verduidelik.

<sup>81</sup> Sien die berekening soos uiteengesit in Bylaag I.

KONTANT BESIKKBAAR		R287 265
Lewensversekering van testatrise (sterftevoordele)	R190 000	
Kontant in handelsbank	geen	
Geprojekteerde waarde van die effeketrusts <sup>82</sup>	R77 812	
Geprojekteerde waarde van die aandele <sup>83</sup>	R19 453	
KONTANTTEKORT		R1 560 663

**LANGSLEWENDE GADE SE AFSTERWE : LIKIDITEITSTOETS**

**KONTANT BENODIG OM DIE TESTATEUR AS LANGSLEWENDE GADE SE BOEDEL AF  
TE HANDEL**

Aannames:

1. Dat alle laste by die dood van die eerssterwende gade afgelos is.
2. Dat die testatrise die eerssterwende gade was.
3. Dat die testateur nog 10 jaar sal lewe na die testatrise se dood.
4. Dat die gemiddelde groeikoers van die boedelbates vir die 10 jaar termyn 10% per jaar beloop.
5. Dat alle boedeluitgawes met 10% per jaar gedurende hierdie tydperk toeneem.

<sup>82</sup> Gebruik dieselfde formule as dié *supra* in vn 76 verduidelik.

<sup>83</sup> *Ibid.*



KONTANT BENODIG		R839 387
Laste (geag R0)	geen	
Uitstaande inkomstebelasting (geag R 0)	geen	
Geprojekteerde boedeluitgawes <sup>84</sup>	R247 265	
Geprojekteerde boedelbelasting <sup>85</sup>	R436 498	
Kapitaalwinstbelasting (geag R0)	geen	
Onderhoudseis van afhanklikes (geag R0)	geen	
Geprojekteerde waarde van kontantlegat <sup>86</sup>	R155 624	
Ander	geen	
KONTANT BESIKBAAR		R287 265
Lewensversekering van testatrise (sterftevoordele)	R190 000	
Kontant in handelsbank	geen	
Geprojekteerde waarde van die effektetrusts <sup>87</sup>	R77 812	
Geprojekteerde waarde van die aandele <sup>88</sup>	R19 453	
KONTANTTEKORT		R552 122

<sup>84</sup> Eksekuteurloon word in hierdie geval bereken ten aansien van die markwaarde van die geakkumuleerde boedel van die testatrise volgens die bedrae aangetoon *supra* in Bylaag C en F. Die ander boedeluitgawes is ook *pro rata* aangepas en die totale bedrae ten aansien van alle boedeluitgawes is geprojekteer op die veronderstelling dat daar 'n toename van 10 persent per jaar gedurende hierdie beplanningstydperk van 10 jaar is. Dieselfde formule vir hierdie projeksie van die boedeluitgawes word gebruik as dié *supra* in vn 76 verduidelik.

<sup>85</sup> Sien die berekening soos uiteengesit *supra* in Bylaag I.

<sup>86</sup> Dieselfde formule word vir hierdie berekening gebruik as dié geïdentifiseer *supra* in vn 76.

<sup>87</sup> Dieselfde formule word vir hierdie berekening gebruik as dié geïdentifiseer *supra* in vn 76.

<sup>88</sup> *Ibid.*

### 5.2.12 Boedeluitgawes, belastings en ander eise in die geval van die gelyktydige afsterwe van beide gades

Dit is myns insiens ook van belang om die implikasies van hierdie moontlike toekomstige gebeurtenis in ag te neem vir doeleindes van enige voorgenome beplanning. Ook in hierdie geval speel sekere van die reëls wat ten aansien van die boedelberedderingsproses geld 'n rol.

Prakties kan dit so voorgestel word:

<b>BYLAAG K</b>		
<b>GELYKTYDIGE AFSTERWE VAN BEIDE GADES:</b>		
<b>BOEDELUITGAWES, BELASTINGS EN EISE</b>		
BOEDELBELASTING		R0
Huidige netto boedel van testateur <sup>89</sup>	R1 262 492	
Minus korting artikel 4A <sup>90</sup>	R1 500 000	
Belasbare boedel	R0	
BOEDELBELASTING @ 20%	R0	
KAPITAALWINSBELASTING	R2 850	

<sup>89</sup> Aangesien die waarde van die netto boedelbates gebruik word, veronderstel dit dat alle boedeluitgawes en eise reeds teen hierdie waarde verdiskonteer is.

<sup>90</sup> Boedelbelastingwet 45 van 1955.



Huidige netto boedel van testatrise <sup>91</sup>	R287 212	
Minus korting artikel 4A <sup>92</sup>	R1 500 000	
Belasbare boedel	R0	
BOEDELBELASTING @ 20%	R0	
KAPITAALWINSBELASTING	R0	

### 5.2.13 Likiditeitstoets in die geval van die gelyktydige afsterwe van beide gades

Die kwessie van likiditeit is hierbo reeds breedvoerig bespreek.<sup>93</sup> Dit is ook van belang vir enige voorgenome beplanning om sekere berekeninge ten aansien van hierdie gebeurtenis te doen.

<sup>91</sup> Aangesien die waarde van die netto boedelbates gebruik word, veronderstel dit dat alle boedeluitgawes en eise reeds teen hierdie waarde verdiskonteer is.

<sup>92</sup> Boedelbelastingwet 45 van 1955.

<sup>93</sup> Sien *supra* 5.2.5.

Prakties kan dit so voorgestel word:

<b>BYLAAG L</b>		
<b>GELYKTYDIGE AFSTERWE VAN BEIDE GADES: LIKIDITEITSTOETS</b>		
<b>KONTANT BENODIG OM BOEDELS AF TE HANDEL BY GELYKTYDIGE AFSTERWE VAN BEIDE GADES</b>		
KONTANT BENODIG (TESTATEUR)		R1 535 304
Laste	R705 000	
Uitstaande inkomstebelasting	R6 495	
Boedeluitgawes	R85 058	
Boedelbelasting	geen	
Kapitaalwinstbelasting	R2 850	
Vorderingsreg kragtens aanwasbedeling	geen	
Eis van afhanklike gade	geen	
Onderhoudseis	geen	
Inkomstevoorsiening vir kinders <sup>94</sup>	R675 901	
Kontant legate	R60 000	
Ander	geen	
KONTANT BESIKBAAR		R1 035 400
Versekering testateur: beskikbaar	R1 010 000	
Kontant in handelsbank	geen	
Effektetrusts	R20 000	
Aandele	R5 400	

<sup>94</sup> Sien die berekening *infra* in Bylaag M.



KONTANTTEKORT		R499 904
KONTANT BENODIG (TESTATRISE)		R255 142
Laste	R90 000	
Uitstaande inkomstebelasting	R1 254	
Boedeluitgawes	R33 888	
Boedelbelasting	geen	
Kapitaalwinstbelasting	geen	
Vorderingsreg kragtens aanwasbedeling	geen	
Eis van afhanklike gade	geen	
Onderhoudseis	geen	
Kontantlegate	R130 000	
Ander	geen	
KONTANT BESIKKBAAR		R202 100
Versekering testatrise: beskikbaar	R190 000	
Kontant in handelsbank	geen	
Effektetrusts	R10 000	
Aandele	R2 100	
KONTANTTEKORT		R53 042

5.2.14 Voorsiening vir die versorging van die minderjarige afhanklikes na afhandeling van beide gades se boedels in die geval van hul gelyktydige afsterwe

Dit is ook van belang om te beplan vir hierdie moontlike gebeurtenis. Daar is reeds uitgewys dat die versorging van die gesin een van die belangrike doelwitte is wat nagestreef word met 'n boedelbeplanning.<sup>95</sup>

Prakties kan die toepaslike berekeninge so voorgestel word:

<b>BYLAAG M</b>		
<b>VERSORGING VAN MINDERJARIGE AFHANKLIKES INDIEN DIE GADES GELYKTYDIG TE STERWE SOU KOM</b>		
<u>Aannames:</u>		
<ul style="list-style-type: none"> <li>- Dat die rentekoers waarteen paaiemente belê kan word 10% per jaar beloop</li> <li>- Dat die groeikoers van die paaiemente volgens die afhanklike se behoefte 8% per jaar beloop</li> </ul>		
BENODIG		R 675 901
Inkomste benodig per jaar	R40 000	
Termyn van versorging (lewensverwagting van man) 20 jaar		
Gekapitaliseerde waarde benodig <sup>96</sup>	R675 901	

<sup>95</sup> Sien *supra* 5.2.9.

<sup>96</sup> Dieselfde formule word vir hierdie berekening gebruik as dié geïdentifiseer *supra* in vn 71 – 72.



Vir doeleindes van hierdie berekening moet die resultantekoers bereken word:<sup>97</sup>

Resultantekoers	=	<u>Rentekoers minus groeikoers van paaimente</u>
		1 + groeikoers van paaiement (in desimale)
	=	<u>10.0 – 8.0</u>
		1.08
	=	1.85%

Daar word in Bylaag L 'n volledige berekening gedoen ten einde te kontroleer of die testateur en testatrise se onderskeie bestaande finansiële voorsienings voldoende is om in hierdie behoefte te voorsien.

#### 5.2.15 Testamentêre wense van die testateur en die testatrise in die geval van gesinsuitwissing

Erflaters laat dikwels na om vir hierdie moontlike gebeurtenis te beplan. Indien erflaters nie vir hierdie gebeurtenis beplan nie sal hul boedels in so 'n geval vererf volgens die reëls van die intestate erfopvolgingsreg.<sup>98</sup>

Myns insiens behoort daar tog vir hierdie gebeurtenis beplan te word. Die boedelbeplanner behoort dus die erfflater se instruksies vir sodanige gebeurlikheid aan te vra en die boedelplan moet, indien nodig, dienooreenkomstig aangevul word.

<sup>97</sup> Sien *supra* vn 71 – 72.

<sup>98</sup> Ingevolge die Wet op Intestate Erfopvolging 81 van 1987.

Prakties kan dit so voorgestel word:

**BYLAAG N**

---

**TESTAMENTÊRE WENSE VAN DIE TESTATEUR:**

In die geval van gesinsuitwissing moet al sy boedelbates gelykop tussen die broer en suster verdeel word.

**TESTAMENTÊRE WENSE VAN DIE TESTATRICE:**

In die geval van gesinsuitwissing moet al haar boedelbates aan haar vader oorgedra word.

5.2.16 Gesinsuitwissing: boedeluitgawes, belastings en ander eise

Berekeninge soortgelyk aan dié ten aansien van die geval waar die gades gelyktydig te sterwe sou kom behoort ten aansien van hierdie gebeurtenis gedoen te word.

Vanuit die oogpunt van beplanning beskou, is dit van belang om daarop te let dat die meganisme om boedelbelasting te beperk, geskep in artikel 4(q),<sup>99</sup> nie in so 'n geval aanwending sal kan vind nie. Die korting kragtens die bepaling van artikel 4A<sup>100</sup> is egter steeds beskikbaar.

---

<sup>99</sup> Boedelbelastingwet 45 van 1955.

<sup>100</sup> Boedelbelastingwet 45 van 1955.



Prakties kan die berekeninge so voorgestel word:

<b>BYLAAG O</b>		
<b>GESINSUITWISSING : BOEDELUITGAWES, BELASTINGS EN EISE</b>		
BOEDELBELASTING		R0
Huidige netto boedel van testateur <sup>101</sup>	R1 262 492	
Minus korting artikel 4A <sup>102</sup>	R1 500 000	
Belasbare boedel	R0	
BOEDELBELASTING @ 20%	R0	
KAPITAALWINSBELASTING	R2 850	
Huidige netto boedel van testatriese <sup>103</sup>	R287 212	
Minus korting artikel 4A <sup>104</sup>	R1 500 000	
Belasbare boedel	R0	
BOEDELBELASTING @ 20%	R0	
KAPITAALWINSBELASTING	R0	

### 5.2.17 Gesinsuitwissing: likiditeitstoets

Die likiditeitsposisie van die boedels van die erflater en sy gade is ook van belang indien die gades seker wil maak dat daar aan hulle testamentêre wense gevolg verleen word. Berekeninge soortgelyk aan dié ten aansien van die geval waar die gades gelyktydig te sterwe sou kom, behoort gedoen te word.

<sup>101</sup> Aangesien die waarde van die netto boedelbates gebruik word, veronderstel dit dat alle boedeluitgawes en eise reeds teen hierdie waarde verdiskonteer is.

<sup>102</sup> Boedelbelastingwet 45 van 1955.

<sup>103</sup> Aangesien die waarde van die netto boedelbates gebruik word, veronderstel dit dat alle boedeluitgawes en eise reeds teen hierdie waarde verdiskonteer is.

<sup>104</sup> Boedelbelastingwet 45 van 1955.

Prakties kan dit so voorgestel word:

<b>BYLAAG P</b>		
<b>GESINSUITWISSING: LIKIDITEITSTOETS</b>		
<b>KONTANT BENODIG OM BOEDELS AF TE HANDEL BY GESINSUITWISSING</b>		
TESTATEUR		
KONTANT BENODIG		R799 403
Laste	R705 000	
Uitstaande inkomstebelasting	R6 495	
Boedeluitgawes	R85 058	
Boedelbelasting	geen	
Kapitaalwinstbelasting	R2 850	
Vorderingsreg kragtens aanwasbedeling	geen	
Eis van afhanklike gade	geen	
Onderhoudseis	geen	
Kontant legate	geen	
Ander	geen	
KONTANT BESIKKBAAR		R1 035 400
Versekering testateur: beskikbaar	R1 010 000	
Kontant in handelsbank	geen	
Effektetrusts	R20 000	
Aandele	R5 400	
KONTANTOORSKOT		R235 997
TESTATRISE		
KONTANT BENODIG		R125 142
Laste	R90 000	
Uitstaande inkomstebelasting	R1 254	



Boedeluitgawes	R33 888	
Boedelbelasting	geen	
Kapitaalwinstbelasting	geen	
Vorderingsreg kragtens aanwasbedeling	geen	
Eis van afhanklike gade	geen	
Onderhoudseis	geen	
Kontantlegate	R130 000	
Ander	geen	
<b>KONTANT BESIKKBAAR</b>		<b>R202 100</b>
Versekering testatrise: beskikbaar	R190 000	
Kontant in handelsbank	geen	
Effektetrusts	R10 000	
Aandele	R2 100	
<b>KONTANTOORSKOT</b>		<b>R76 958</b>

#### 5.2.18 Kommentaar oor die praktiese uitvoerbaarheid van die testamentêre wense van die testateur en die testatrise

Indien die boedelbeplanner, benewens die ander probleemareas wat die ontledingsmodel spesifiek uitwys, sou opmerk dat sekere van die erflater se testamentêre wense nie prakties uitvoerbaar sou wees nie, moet dit saam met die verslag wat die boedelontleding vergesel aan die erflater uitgewys word.<sup>105</sup>

<sup>105</sup> Sien in hierdie verband ook die kommentaar wat spesifiek *infra* in 5.2.19 genoem word.

### 5.2.19 Kommentaar ten opsigte van probleemareas

Dit blyk uit die ontleding van die illustratiewe voorbeeld dat daar aandag aan die volgende probleemareas geskenk sal moet word:

#### (1) Testateur eerssterwende

##### (a) Boedelbelasting en kapitaalwinsbelasting

Alhoewel daar nie 'n boedelbelastingimplikasie by hierdie gebeurtenis ter sprake sou wees nie, word die boedel-belastingimplikasie deur die testateur se huidige testamentêre wense bloot uitgestel tot by die dood van die langsliewende gade.<sup>106</sup> Die implikasie van kapitaalwinsbelasting het tans nie 'n noemenswaardige impak op die testateur se boedel nie.

##### (b) Likiditeit

Die proefberedding van meneer Nel se boedel wys 'n kontanttekort van nagenoeg R1 685 520. Hierdie fondse word benodig om onder andere boedeluitgawes te vereffen en die beredderingsproses ten aansien van die boedel te finaliseer.<sup>107</sup> Indien hierdie tekort nie deur 'n toepaslike beplanning en sekere finansiële voorsienings aangevul kan word nie sal die eflater se boedel nie vererf soos beplan nie.

---

<sup>106</sup> Sien *supra* Bylaag K.

<sup>107</sup> Sien *supra* Bylaag D.



Die eksekuteur sal in sodanige geval moontlik 'n gedeeltelike uitverkoop van die boedelbates as metode van likwidasie moet oorweeg.<sup>108</sup>

(c) Testatrise se aanwasvordering teen die testateur se boedel

Die kontanttekort in die erflater se boedel kan gedeeltelik toegeskryf word aan die erflater se wense om die inkomste-behoefte van sy gade aan te spreek. Buiten hierdie beplande finansiële voorsiening, kan sy gade egter ook 'n aanwasvordering teen sy boedel instel ten aansien waarvan daar ook voldoende finansiële voorsiening getref behoort te word ten einde 'n kontanttekort in die boedel te vermy.

Indien die erflater vir doeleindes van hierdie aanwasvordering genoegsame kontant in die boedel beskikbaar stel, behoort die kontant wat aldus beskikbaar gestel word ook in ag geneem te word met die bepaling van die inkomstebehoefte van sy gade by sy dood.<sup>109</sup> Indien dit nie in ag geneem word nie sou dit daartoe lei dat die erflater voorsiening tref vir die beskikbaarstelling van meer kontant as wat werklik benodig word kragtens die inkomstebehoefte van sy gade.

---

<sup>108</sup> Sien *supra* 3.2.3.2.

<sup>109</sup> Die testateur kan gevolglik die finansiële voorsiening vir die verskaffing van inkomste aan sy gade buiten die kontant wat ingevolge die aanwasvordering aan sy gade bemaak word dienooreenkomstig verminder.

Prakties kan die testateur dus testamentêr aandui dat die testatrise se aanwasvordering in kontant aan haar betaal moet word en die ander kontant wat beskikbaar gestel word ten einde sy gade se inkomstebehoefte aan te spreek dienooreenkomstig die omvang van die aanwasvordering verminder.<sup>110</sup> Hierdie benadering sou noodwendig daartoe lei dat die kontanttekort in die testateur se boedel sal verminder.

(d) Onvoldoende finansiële voorsiening vir die versorging van die gesin

Die ontledingsmodel wys ook 'n tekort uit ten aansien van die finansiële voorsiening vir die versorging van die gesin na die afhandeling van die eerssterwende gade se boedel (indien die testateur die eerssterwende gade sou wees).<sup>111</sup> Die samestelling van die gesin en in besonder die ouderdomme van die kinders moet in hierdie verband in gedagte gehou word. Finansiële berekening behoort gedoen te word ten einde die behoefte van die gesin te bepaal met inagneming van bestaande finansiële voorsienings en daar behoort ten aansien van enige finansiële tekorte 'n behoorlike beplanning te geskied (met die oog op die beskikbaarstelling van voldoende kontant).

---

<sup>110</sup> Indien die testateur nie die voordeel kragtens die testatrise se aanwasvordering spesifiek so testamentêr aan haar bemaak nie kan die testatrise uiteraard benewens bestaande testamentêre bevoordelings aan haar ook 'n toepaslike eis gebaseer op hierdie vorderingsreg teen die boedel instel.

<sup>111</sup> Sien *supra* Bylaag H.



(2) Testatrise eerssterwende

(a) Likiditeit

Die proefbereddering van mevrou Nel dui op 'n kontanttekort van nagenoeg R183 042. Hierdie fondse word benodig om die beredderingsproses af te handel.<sup>112</sup> Indien hierdie tekort nie deur 'n toepaslike beplanning en sekere finansiële voorsienings aangevul sou word nie, sal die erflater se boedel nie vererf volgens sy wense nie. Die eksekuteur sal in sodanige geval moontlik 'n gedeeltelike uitverkoping as gepaste metode van likwidasië moet oorweeg ten einde voldoende kontant te bekom om die tekort uit die weg te ruim en die beredderingsproses af te handel.<sup>113</sup>

(b) Legaatbemakings

Die ontledingsmodel dui aan dat daar tans nie genoegsame voorsiening is om die kontantlegate uit te betaal nie.<sup>114</sup> Ten einde aan die testamentêre wense in hierdie opsig te voldoen, sal daar genoegsame kontant vir hierdie doel beskikbaar gestel moet word.

---

<sup>112</sup> Sien *supra* Bylaag G.

<sup>113</sup> Sien *supra* 3.2.3.2.

<sup>114</sup> Sien *supra* Bylaag D en G.

(3) Langslewende gade se afsterwe

(a) Boedelbelasting en likiditeit

Boedelbelasting by die afsterwe van die langslewende gade blyk volgens die ontleding 'n realiteit te wees.<sup>115</sup> Dit blyk ook dat daar 'n kontanttekort by die afhandeling van die langslewende gade se boedel sou wees.<sup>116</sup> Onvoldoende finansiële voorsiening in hierdie opsig sal noodwendig ook daartoe lei dat die boedel nie volgens die testamentêre wens sal kan vererf nie.

(4) Gelyktydige afsterwe van die gades

(a) Likiditeit

Dit blyk ook dat daar 'n kontanttekort met die afhandeling van die gades se afsonderlike boedels sou ontstaan in die geval van die gelyktydige afsterwe van die gades.<sup>117</sup>

Ten einde gevolg te verleen aan die testamentêre wense van die testateur en die testatrise ten aansien van hierdie gebeurtenis sal daar voldoende finansiële voorsiening getref moet word om hierdie kontanttekort aan te suiwer.

---

<sup>115</sup> Sien *supra* Bylaag I.

<sup>116</sup> Sien *supra* Bylaag J.

<sup>117</sup> Sien *supra* Bylaag L.



(b) Onvoldoende finansiële voorsiening vir die versorging van minderjarige afhanklikes indien die gades gelyktydig te sterwe kom

Die ontledingsmodel wys ook 'n tekort uit ten aansien van die versorging van die minderjarige afhanklikes indien hierdie gebeurtenis sou intree.<sup>118</sup> In die lig hiervan is daar dus nie voldoende kontant beskikbaar vir hierdie doel nie en behoort die testateur en testatrise oorweging te skenk aan die aansuiwering van hul bestaande finansiële voorsienings ten einde voldoende kontant vir hierdie doel beskikbaar te stel. Daar moet ook ondersoek ingestel word na die toepaslike strukturering van die verlangde trust om voldoende beskerming van die geld teweeg te bring vir die versorging van die minderjariges.

(5) Gesinsuitwissing

(a) Likiditeit

Dit blyk ten aansien van hierdie gebeurtenis dat daar 'n kontantoverskoot sou ontstaan met die afhandeling van die gades se afsonderlike boedels.<sup>119</sup> Die testateur en testatrise behoort dus verdere oorweging te skenk aan die verlangde aanwending van die beskikbare fondse indien hierdie gebeurtenis sou intree en hul testamente daarvolgens aan te suiwer.

5.2.20 Aanbevelings met die uitwysing van die voor- en nadele daarvan

Dit sal meer sinvol wees om die voorgestelde aanbevelings ten aansien van die illustratiewe voorbeeld aan die einde van hoofstuk ses in te sluit nadat die

---

<sup>118</sup> Sien *supra* Bylaag L en M.

<sup>119</sup> Sien *supra* Bylaag P.

toepaslike boedelbeplanningstegnieke en –instrumente oorweeg is. Die voor- en nadele van die voorgestelde aanbevelings sal ook daar bespreek word.<sup>120</sup>

### **5.3 Variasies op die ontledingstema**

#### **5.3.1 Die rol van die huweliksgoederebedeling**

Soos vermeld, is die erflater en sy gade se huweliksgoederebedeling van deurslaggewende belang wanneer hul onderskeie boedels aan die hand van die voorgestelde model ontleed word.<sup>121</sup> Trouens, die formaat van die boedelontledingsmodel verskil na gelang van die huweliksgoederebedeling wat op die betrokke partye se huwelik van toepassing is.

#### **5.3.2 Huwelike binne gemeenskap van goedere**

Indien die partye binne gemeenskap van goedere getroud is, word slegs een gesamentlike boedel vir doeleindes van die ontleding onderwerp aan die proefberedderingsfase.<sup>122</sup>

Gevolgtik sal bylaag B, C, E en F van die voorgestelde ontledingsmodel gekombineer word. Voorts sal die berekeninge vervat in bylaag C, D, F, G, K, L, O en P ten aansien van die hele gemeenskaplike boedel gedoen word maar afsonderlik beskou word uit die oogpunt van elke gade as moontlike eerssterwende (in die alternatief).<sup>123</sup> Die berekeninge ten opsigte van bylaag K en L sal dus ook ten aansien van die gemeenskaplike boedel gedoen word.

---

<sup>120</sup> Sien *infra* hfst 6.

<sup>121</sup> Sien *supra* 5.2.1.

<sup>122</sup> Sien ook Dawson *Estate Planning Guide* 87 – 88.

<sup>123</sup> Die ontleding moet gedoen word tav beide scenario's, naamlik waar die testateur die eerssterwende gade sou wees en ook waar die testatrise die eerssterwende gade sou wees.



### 5.3.3 Huwelike buite gemeenskap van goedere met uitsluiting van die aanwasbedeling

Indien die partye buite gemeenskap van goedere getroud was met uitsluiting van die aanwasbedeling kan die ontledingsmodel soos voorgestel aangewend word maar sal die berekeningsgedeelte ten aansien van enige aanwasvordering uiteraard bloot weggelaat kan word. In sodanige gevalle behoort daar egter verdere aandag aan voldoende voorsiening vir die versorging van die langsewende gade en kinders geskenk te word.

Daar sal ook besondere aandag aan moontlike onderhoudseise<sup>124</sup> teen die boedel asook aan enige eise van die langsewende gade geskenk moet word.<sup>125</sup>

## 5.4 Herwaarderingsreël ten aansien van die ontledingsproses

Daar is ook reeds uitgewys dat enige voorgenome boedelbeplanning 'n voortdurende proses<sup>126</sup> is en dat veranderinge in die eksterne en interne omgewings met verloop van tyd 'n gegewe is.<sup>127</sup> Die ontledingsproses behoort

---

<sup>124</sup> Sien die bepalings van die Onderhoudswet 99 van 1998 saamgelees met die bepalings van art 32 tot 33 van die Boedelwet 66 van 1965. Die toets in hierdie verband blyk tweeledig te wees. Die blyk dat die behoeftes van die betrokke kinders eerstens bepaal moet word en dat dit dan vervolgens opgeweeg moet word teen die betaalvermoë van die betrokke boedel. Die eksekuteur kan besluit of daar genoegsame bewyse aan hom voorgelê is om die eis geheel of gedeeltelik te erken, alternatiewelik of die eis verwerp moet word. In laasgenoemde geval sal die eis maar deur 'n toepaslike regsaksie teen die boedel hanteer moet word.

<sup>125</sup> Sien die bepalings van die Wet op Onderhoud van Langsewende Gades 27 van 1990. Normaalweg tref die erflater testamentêr voldoende voorsiening vir die versorging van die langsewende gade.

<sup>126</sup> Sien *supra* 2.4.

<sup>127</sup> Sien *supra* 2.4.1 en 2.4.2.

dus herhaal te word totdat alle probleemareas met die beoogde boedelbeplanning aangespreek is. Selfs die finale boedelplan behoort as 'n kontrolemaatreeël minstens weer aan die hand van hierdie boedelontledingsmodel getoets te word. Verdere toekomstige wysigings en byvoegings tot die boedelplan behoort by elke geleentheid weer aan die hand van die voorgestelde boedelontledingsmodel getoets te word.<sup>128</sup>

### **5.5 Kontrolelys van die boedelbeplanner**

Die professionele boedelbeplanner behoort egter ook in hierdie opsig vir homself 'n kontrolelys saam te stel en die lys deurentyd op te dateer na gelang veranderings in die eksterne en interne omgewings sou intree.<sup>129</sup> Sodanige veranderings wat van tyd tot tyd intree, behoort as 'n uitdaging en 'n verdere geleentheid vir die beplanner om sy dienste aan die erflater te bemark, beskou te word.

### **5.6 Samevatting**

Die doel met die voorgestelde boedelontledingsmodel is nie om 'n model te identifiseer wat universeel ten opsigte van alle erflaters se boedels rigied toegepas kan word nie. Soos vermeld, is hierdie ontledingsmodel gefokus op die ontleding van boedels van erflaters wat hulle in die nis van 'n gemiddelde salaristrekker bevind.<sup>130</sup>

---

<sup>128</sup> Sien *supra* 2.4.8.

<sup>129</sup> Sien *supra* 2.4.1 en 2.4.2.

<sup>130</sup> Sien *supra* hfst 1.



Daar word in die geïdentifiseerde ontledingsmodel gefokus op boedelbeplanning met die oog op die intrede van die dood van die erflater. Alhoewel die erflater se dood 'n gegewe is, is dit egter onseker wanneer die dood sal intree. Gevolglik is dit sinvol om die beplanning te onderneem ten aansien van verskillende tydstippe wanneer die dood moontlik kan intree en voldoende finansiële voorsiening te maak vir hierdie verskillende scenario's.

Ten einde na behore te beplan vir enige van hierdie moontlike scenario's wat sou kon ontstaan, is dit van belang om die boedelontledingsmodel ook in hierdie opsig uit te brei. Die ideale boedelontledingsmodel behoort dus voorsiening te maak vir meer potensiële gebeurtenisse as bloot die afsterwe van die erflater as eerssterwende gade.<sup>131</sup> Daar kan dus na behore beplan word vir die verskillende scenario's wat moontlik kan realiseer.

Die geïdentifiseerde boedelontledingsmodel behoort 'n nuttige riglyn en hulpmiddel vir boedelbeplanners te bied. Dit kan minstens vir die boedelbeplanner wat beoog om boedelplanning sy professionele te maak 'n vertrekpunt en struktuur verleen ten aansien van 'n baie belangrike gedeelte van die boedelbeplanningsproses. Hierdie model behoort ook as 'n vertrekpunt te kan dien vir die ontleding van boedels van erflaters wat hulle in 'n ander nis bevind. Die boedelbeplanner sal egter dan verdere meganismes ten aansien van die ontledingsmodel moet inbou om voorsiening te maak vir verwante en

---

<sup>131</sup> Sien die verskillende scenario's soos meer volledig uiteengesit *supra* in 5.2.

addisionele toetse, onder andere ten aansien van ander relevante aspekte soos byvoorbeeld sakebelange van die erflater.<sup>132</sup>

Nadat die erflater se boedel aan die hand van hierdie voorgestelde model ontleed is, kan die probleemareas geïdentifiseer word. Hierna kan die beplanner in oorleg met die erflater voortgaan om oplossings te probeer vind om sodoende die strategiese gaping te oorbrug.<sup>133</sup>

---

<sup>132</sup> Die aard en omvang van die addisionele bywerkings tot die ontledingsmodel sal uiteraard afhang van die nis waarin die betrokke erflater hom bevind.

<sup>133</sup> Die volgende fase in die boedelbeplanningsproses is die sesde fase, nl oorbrugging van die strategiese gaping deur beskikbare boedelbeplanningstegnieke en –instrumente. Sien *infra* hfst 6.



## HOOFSTUK 6

### 6 DIE IDENTIFISERING VAN BOEDELBEPLANNINGSTEGNIEKE EN -INSTRUMENTE

#### 6.1 Inleiding

Die vooropgestelde doelwitte met enige boedelbeplanning moet deurentyd gedurende die beplanningsproses aandag geniet.<sup>1</sup>

Hierbenewens is die aard en omvang van die betrokke boedelbates, die groeipotensiaal van die boedelbates en die likiditeitsposisie van 'n boedel ook faktore wat die beplanningsproses noodwendig beïnvloed.<sup>2</sup>

In die boedelbeplanningsomgewing is daar reeds sekere tegnieke en instrumente beskikbaar wat die beplanner kan benut om die erflater

---

<sup>1</sup> Sien *supra* 5.2. Huxham & Haupt *Notes on South African Income Tax* 566. Huxham & Haupt som die hoofogmerke met boedelbeplanning soos volg op: "(1) Reducing or minimising the potential estate duty liability. (2) Reducing or minimising any potential 'capital gains tax' liability. (3) Creating liquidity for the payment of the anticipated estate duty and capital gains tax liabilities. (4) Ensuring smooth and efficient administration of the estate. (5) Economy. (6) Not adversely affecting the position of the benefactor. (7) Not adversely affecting the position of the beneficiaries. (8) Not limiting future economic growth of the assets involved." Die volgende oogmerke kan waarskynlik by hierdie lys gevoeg word: om die praktiese uitvoerbaarheid van bestaande testamentêre wense van die erflater te probeer verseker; om die probleme wat ongelyke vererwing teweeg kan bring uit die weg te ruim; en om die testament sodanig aan te pas om uitvoering te probeer verleen aan die testamentêre wense van die erflater insluitende die implementering van nuwe en alternatiewe voorstelle. Sien ook Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 1-4 tot 1-10.

<sup>2</sup> Botha, Geach, Goodall & Rossini *South African Financial Planning Handbook 2004* 605. Sien ook Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning 2* – 14. Hierdie skrywers identifiseer oa die volgende belangrike aspekte wat in ag geneem behoort te word by 'n beoogde boedelbeplanning: regsomgewing, belastingomgewing, ekonomiese omgewing. Ander praktiese aspekte van belang waarna hierdie skrywers verwys, is oa bystand en ondersteuning, beskerming en probleemvrye bereddering van die boedel, beheer en buigsamheid, likiditeit en kontinuïteit.

behulpsaam te wees om optimale voordeel uit die beplanningsproses te trek.<sup>3</sup> Davis en Urquhart<sup>4</sup> maak die volgende opmerking ten opsigte van boedelbeplanningstegnieke en -instrumente:

“What have been called the tools of estate planning are briefly the legal arrangements, contracts and entities which can be used in the estate planning process to achieve the objectives ... These tools may be used in any combination, depending upon the circumstances, and it is often the creative use of these tools which will produce a simple and effective estate plan in even the most complicated circumstances.”

Troost<sup>5</sup> identifiseer die volgende boedelbeplanningsinstrumente:

- (a) testamente;
- (b) skenkings;

---

<sup>3</sup> Sien *infra* 6.2 en 6.3.

<sup>4</sup> Davis & Urquhart *South African Estate Planning* 1-3 en 6-2. Vgl ook die voortgesette publikasie wat hierdie werk vervang het, nl Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 1-3 en 9-3. Hierdie skrywers maak die volgende opmerkings oor boedelbeplanningstegnieke en -instrumente: "...considerations of tax and estate duty are important but not all there are to the field. To the extent that tax savings increase the amount of property for disposal, tax planning is fully compatible with estate planning, but as this book makes clear, the techniques which are the very stuff of estate planning are all designed to implement the wishes of the client."

<sup>5</sup> Troost *Boedelbeplanning: Module van die Instituut van Lewens- en Pensioenadviseurs* 1.9. Vgl ook Botha, Geach, Goodall & Rossini *South African Financial Planning Handbook 2004* 611 – 617.



- (c) versekering;
- (d) voorhuwelikse kontrakte;
- (e) trusts;
- (f) maatskappye; en
- (g) beslote korporasies.

Hy voer ook aan dat sommige van hierdie instrumente, of 'n kombinasie daarvan, oplossings vir probleme tydens die boedelbeplanningsproses kan bied.<sup>6</sup>

Swart, Graham, Van der Westhuizen en Abrie<sup>7</sup> onderskei tussen primêre en sekondêre beplanningsinstrumente. Hulle voer aan dat 'n boedelbeplanning primêr geskied by wyse van die opstel van 'n regsgeldige testament.<sup>8</sup>

---

<sup>6</sup> Troost *Boedelbeplanning: Module van die Instituut van Lewens- en Pensioenadviseurs* 1.10. Vgl ook Botha, Geach, Goodall & Rossini *South African Financial Planning Handbook 2004* 611 – 617.

<sup>7</sup> Swart, Graham, Van der Westhuizen & Abrie *Die Beplanning en Bereddering van Boedels* 240 – 263. Sien ook Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 9.

<sup>8</sup> Swart, Graham, Van der Westhuizen & Abrie *Die Beplanning en Bereddering van Boedels* 233. Sien ook Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 9.

Hulle beskou lewensversekering, *inter vivos* trusts, skenkingsaktes en beherende maatskappye as sekondêre en aanvullende beplanningsinstrumente.<sup>9</sup> Volgens hulle kan die strategie van boedelbeplanning soos volg ingedeel word:<sup>10</sup>

- (a) meganismes om groei in boedelbates te beperk;
- (b) primêre boedelbeplanningsinstrumente;<sup>11</sup> en
- (c) sekondêre boedelbeplanningsinstrumente.<sup>12</sup>

Dit is myns insiens belangrik om vir doeleindes van die identifisering van boedelbeplanningstegnieke en -instrumente (binne die afgebakende gebied van hierdie studie) tussen testamentêre en *inter vivos* meganismes te onderskei.

---

<sup>9</sup> Swart, Graham, Van der Westhuizen & Abrie *Die Beplanning en Bereddering van Boedels* 233. Sien ook Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 2 – 14 en 31 – 128.

<sup>10</sup> Swart, Graham, Van der Westhuizen & Abrie *Die Beplanning en Bereddering van Boedels* 241 – 263. Sien ook Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 2 – 14.

<sup>11</sup> Swart, Graham, Van der Westhuizen & Abrie *Die Beplanning en Bereddering van Boedels* 241 – 263. Vlg hierdie skrywers sluit primêre beplanningsinstrumente geldige testamente, bemakings aan die langslewende gade, boedelsamesmelting, testamentêre vruggebruik en *fideicommissum* in. Sien ook Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 9.

<sup>12</sup> Swart, Graham, Van der Westhuizen & Abrie *Die Beplanning en Bereddering van Boedels* 241 – 263. Vlg hierdie skrywers sluit sekondêre beplanningsinstrumente verskillende soorte lewensversekering, skenkingsaktes, leningsooreenkomste, maatskappye, *inter vivos* trusts en beslote korporasies in. Sien ook Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 9.



## **6.2 Meganismes om boedelgroei, boedeluitgawes en potensiële belastingaanspreeklikheid te beperk: boedelbeplanningstegnieke en -instrumente**

Dit wil voorkom asof die meeste boedelbeplanningstegnieke daarop ingestel is om boedelgroei<sup>13</sup> te beperk of om boedelbates selfs te verminder (indien moontlik) binne die raamwerk van die erflater se testamentêre wense en die realiteit van sy praktiese omstandighede.<sup>14</sup>

Ander meganismes is weer daarop ingestel om voldoende kontant vir doeleindes van die afhandeling van die beredderingsproses en die versorging van die erflater se gesin by sy dood beskikbaar te stel.<sup>15</sup>

Daar word vir doeleindes van hierdie hoofstuk gefokus op die verskillende meganismes (testamentêr sowel as *inter vivos*) wat vir doeleindes van boedelbeplanning beskikbaar is.

---

<sup>13</sup> Swart, Graham, Van der Westhuizen & Abrie *Die Beplanning en Bereddering van Boedels* 241. Hierdie skrywers lys die volgende bronne waaruit 'n boedel kan groei: na-belaste inkomste, kapitaalwins, erflatings ontvang en waardevermeerdering agv van inflasie. Sien ook Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 194 – 199. Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 11-3 tot 11-15.

<sup>14</sup> Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 11-3 tot 11-15.

<sup>15</sup> Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 22 – 23. Lewensversekeringsprodukte is sodanig gestruktureer dat dit die ideale metode daarstel om vir hierdie scenario voorsiening te maak.

## 6.2.1 Testamentêre meganismes

Daar bestaan verskeie testamentêre meganismes<sup>16</sup> om vermelde boedelbeplanningsdoelwitte<sup>17</sup> te bereik.<sup>18</sup> Hierdie beskikbare meganismes is relatief goedkoop en geskik vir erflaters vir wie die kontinuïteitsbehoefte nie van sodanige belang sou wees dat bykomende koste aangegaan hoef te word nie.<sup>19</sup> Die belangrikste meganismes word vervolgens bespreek.

### 6.2.1.1 Artikel 4A korting

Artikel 4A van die Boedebelastingwet<sup>20</sup> stel R1 500 000 se batewaarde van 'n bestorwe boedel vry van boedelbelasting. Hierdie meganisme behoort testamentêr oordeelkundig benut te word.<sup>21</sup> Davis, Beneke en Jooste verduidelik die werking van hierdie meganisme aan die hand van die volgende voorbeeld:<sup>22</sup>

"Where a couple has, in aggregate, net assets of more than R3,0m, one should ensure that during their lifetime each party's estate is worth at least R1,5m."<sup>23</sup>

<sup>16</sup> Pettitt *The Will Draftman's Handbook* 12. Pettitt meld die volgende oor testamentêre beplanning: "In the planning of a will, due weight must always be given to taxation considerations, but these should never be decisive... In the planning of a will for such a client, the first responsibility of his professional adviser is to give effect to the client's wishes in making the best possible provision for these beneficiaries". Sien ook Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 9 en 31 – 78.

<sup>17</sup> Sien *supra* vn 1.

<sup>18</sup> Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 3-3 tot 3-8.

<sup>19</sup> Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 20 – 21.

<sup>20</sup> Wet 45 van 1955.

<sup>21</sup> Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 9-3 tot 9-4.

<sup>22</sup> Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 9-4.

<sup>23</sup> Die gades kan gedurende hulle leeftyd oor en weer skenkings aan mekaar maak ten einde hulle boedelbates sodanig te struktureer.



In this way, irrespective of which spouse dies first, the couple may potentially ensure that in aggregate they pass assets worth R3,0m to their heirs without paying duty thereon."

Indien die een gade oor omvangryke boedelbates beskik, sou dit egter nie voldoende wees om bloot R1 500 000 se boedelbates aan sy gade te bemaak nie ten einde te verseker dat die gade met die kleiner boedel minstens boedelbates ten bedrae van R1 500 000 nalaat.<sup>24</sup>

Indien die gade met die kleiner boedel voor die gade met die groter boedel te sterwe sou kom, sou die voordeel van die benutting van hierdie meganisme geneutraliseer word.<sup>25</sup>

Hierdie meganisme kan ook in kombinasie met ander meganismes aangewend word ten einde die doelwitte met 'n beoogde beplanning te bereik.

---

<sup>24</sup> Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 9-4.

<sup>25</sup> *Ibid.*

### 6.2.1.2 Bemakings aan gade

Ingevolge die bepalings van artikel 4(q) van die Boedelbelastingwet<sup>26</sup> kan die waarde van alle regte en bates wat aan die langsewende gade testamentêr bemaak word vir doeleindes van die berekening van boedelbelasting afgetrek word.<sup>27</sup>

Indien die langsewende gade dus as die enigste erfgenaam aangewys word, sal geen boedelbelasting by die erflater se dood betaalbaar wees nie.<sup>28</sup>

Die dilemma is egter dat die probleem van boedelbelasting deur hierdie meganisme bloot tot by die afsterwe van die langsewende gade uitgestel word aangesien die waarde van die bemaking in die langsewende gade se boedel tot die datum van die dood van die langsewende gade akkumuleer.<sup>29</sup>

---

<sup>26</sup> Wet 45 van 1955.

<sup>27</sup> Let egter ook op die voorbehoudsbepalings vervat in art 4(q)(i) en (ii) van die Boedelbelastingwet 45 van 1955: "(i) die korting wat kragtens die bepalings van hierdie paragraaf toegelaat mag word, verminder moet word met soveel van 'n bedrag as wat die langsewende gade ingevolge die testament van die oorledene verplig word om aan enige ander persoon of trust te vervreem;" en "(ii) geen korting kragtens die bepalings van hierdie paragraaf toegelaat word nie ten opsigte van enige eiendom wat toeval aan 'n trust wat tot voordeel van die langsewende gade deur die oorledene gestig is, indien die trustee van bedoelde trust 'n diskresie het om bedoelde eiendom of enige inkomste daaruit aan iemand anders as die langsewende gade toe te wys." Sien ook Troost "Drafting Errors in Wills: Part 1" 2003 *Insurance and Tax* 18 2 26 – 27.

<sup>28</sup> Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 9-16.

<sup>29</sup> Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat die langsewende gade nie weer sal hertrou en die boedelbates dan weer aan die langsewende gade ten aansien van die latere huwelik bemaak word as enigste erfgenaam nie.



Davis, Beneke en Jooste beskryf die kwessie soos volg:<sup>30</sup>

"If nothing else, by leaving most of his property to a surviving spouse, a testator is potentially delaying the payment of estate duty until the death of that spouse (bear in mind that at least R1,5m in property must pass to other heirs on the death of the first dying in order to utilise the R1,5m abatement ..."

Die vergunning wat artikel 4(q) skep (in die vorm van aftrekkings), kan egter ook doeltreffend benut word indien dit oordeelkundig en in kombinasie met ander beskikbare meganismes aangewend word.

By die beoordeling van die impak van die bepalings van artikel 4(q) is dit in besonder ook van belang om op die bepalings van artikel 4(m) van dieselfde wet te let.<sup>31</sup> Ingevolge die bepalings van hierdie artikel word daar verhoed dat enige toepaslike kortings ten gunste van die langlewende gade by meerdere geleenthede gedupliseer word.<sup>32</sup>

---

<sup>30</sup> Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 9-16.

<sup>31</sup> Boedelbelastingwet 45 van 1955.

<sup>32</sup> Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 12-6.

Davis, Beneke en Jooste verduidelik die kwessie soos volg:<sup>33</sup>

"In terms of section 4(m) of the Estate Duty Act, if spouse A dies, having enjoyed a usufruct over certain property, and that usufruct was created by spouse A's predeceased spouse B, there will be no deduction of the usufruct in spouse A's estate in terms of section 4(m) if the usufruct was an allowable deduction under section 4(q) of the Act in spouse B's estate."

Artikel 4(m) bevat die volgende bepalings:

"4. Netto waarde van 'n boedel.-Die netto waarde van 'n boedel word bepaal deur die volgende kortings op die totale waarde van alle eiendom wat ooreenkomstig artikel 3 daarby ingesluit is, te doen, dit wil sê-

...

(m) die waarde van 'n vruggebruik of ander soortgelyke belang in eiendom en van enige reg op 'n jaargeld waarmee goed beswaar is, wat as eiendom van die oorledene kragtens artikel 3(2)(a)<sup>34</sup> ingesluit is, indien bedoelde belang of reg deur 'n vooroorlede gade van die oorledene geskep is en –

---

<sup>33</sup> *Ibid.*

<sup>34</sup> Art 3(2)(a) van die Boedelbelastingwet 45 van 1955 handel oor die vraag wat 'n boedel behels en bepaal: "(2) Eiendom beteken enige reg op goed, hetsy roerend of onroerend, liggaamlik of onliggaamlik, en ook – (a) enige fidusiêre reg, vruggebruik of ander dergelyke reg op eiendom (met inbegrip van 'n reg op 'n jaargeld waarmee goed beswaar is) wat die oorledene onmiddellik voor sy dood besit het; ..."



- (i) die eiendom waaroor die oorledene daardie belang of reg het deel van die boedel van die vooroorlede gade uitgemaak het; en
- (ii) geen korting ten opsigte van die waarde van daardie belang of reg by die bepaling van die netto waarde van die boedel van die vooroorlede gade kragtens die bepaling van paragraaf (q)<sup>35</sup> van hierdie artikel toelaatbaar was nie.”

Enige lewensversekeringspolis wat aan die langlewende gade volgens die *stipulatio alteri* – konstruksie begunstig is, asook enige enkelbedraguitbetalings ingevolge uittree-annuïteitsvoordele, sal ook vir boedelbelastingdoeleindes ingevolge die bepaling van artikel 4(q) aftrekbaar wees.<sup>36</sup>

---

<sup>35</sup> Sien ook *supra* 6.2.1.1.

<sup>36</sup> Boedelbelastingwet 45 van 1955.

### 6.2.1.3 *Donatio mortis causa*

'n Skenking word omskryf as 'n gratis oormaking van eiendom of 'n gratis afstanddoening van 'n reg.<sup>37</sup> Ingevolge die bepalings van die Inkomstebelastingwet<sup>38</sup> is skenkingsbelasting op sodanige handeling betaalbaarder.<sup>39</sup> Daar bestaan enkele uitsonderings hierop.<sup>40</sup>

'n *Donatio mortis causa* kan beskou word as 'n skenking wat gemaak word en wat onderhewig aan die intrede van die skenker se dood gestel word. Sodanige skenking is nie aan skenkingsbelasting onderhewig nie.<sup>41</sup> Davis, Beneke en Jooste omskryf 'n *donatio mortis causa* soos volg:<sup>42</sup>

"A *donatio mortis causa* is a donation made in contemplation of death and requires, for validity, to be executed with the formalities required for a will. It vests only on the donor's death and may be revoked by the donor at any time before the donor's death even if it has been delivered to the donee."

Indien meneer Nel dus met 'n ander persoon sou ooreenkom dat, indien hy tydens 'n beoogde safari te sterwe sou kom die ander persoon sy motorvoertuig kan verkry en die ooreenkoms op skrif

<sup>37</sup> Art 54 tot 56 van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962. Ingevolge die bepalings van art 58 van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 konstateer die beskikking van eiendom vir onvoldoende vergoeding 'n skenking vir doeleindes van skenkingsbelastingsverpligtinge.

<sup>38</sup> Wet 58 van 1962.

<sup>39</sup> Dit is dus 'n belasting wat op die oordrag van bates gehef word.

<sup>40</sup> Vrystellings van skenkingsbelasting word in art 56 van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 gelys.

<sup>41</sup> Art 56 van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962.

<sup>42</sup> Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 9-5.



gestel en volgens testamentsformaliteite verly word, sou sodanige ooreenkoms 'n *donatio mortis causa* daarstel. Aangesien die bate wat so geskenk word steeds ingevolge die bepalings van artikel 3(3)(b) van die Boedelbelastingwet<sup>43</sup> in ag geneem sal word by die berekening van boedelbelasting, is die aanwendingsmoontlikhede van hierdie meganisme as 'n beplanningsinstrument beperk. Die waarde van die bate wat aldus geskenk word, sal waarskynlik nie vir doeleindes van die berekening van die eksekuteursloon in ag geneem word nie.

#### 6.2.1.4 Vruggebruik

'n Vruggebruik is 'n instelling wat die reg insluit om die betrokke bate en die inkomste daaruit op so 'n wyse te benut en te gebruik dat die bate in wese behoue bly terwyl die blote eiendomsreg van die betrokke bate aan iemand anders toekom.<sup>44</sup> 'n Vruggebruik kan tussen lewendes of in 'n testament geskep word.<sup>45</sup>

---

<sup>43</sup> Wet 45 van 1955.

<sup>44</sup> De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 155; Corbett, Hofmeyr & Kahn *Law of Succession in South Africa* 366 en Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 12(10). Sien ook *Smith v Smith* 1913 CPD 869 en *Wehr v Estate Wehr* 1922 CPD 411.

<sup>45</sup> De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 155.

Die aanwendingsmoontlikhede van hierdie instelling is redelik omvangryk. Corbett, Hofmeyr en Kahn<sup>46</sup> meld in hierdie verband:

“A usufruct may be constituted over all kinds of property, movable as well as immovable, which are not *extra commercium* and are not readily consumed by use.”

Hierdie instelling word dikwels doeltreffend ten gunste van die langsewende gade gebruik ten einde boedelbelastingimplikasies tot die minimum te beperk, soos vervolgens aangetoon word.<sup>47</sup>

Die waarde van 'n vruggebruik word vir doeleindes van boedelbelasting op die volgende wyse bereken: die betrokke batewaarde<sup>48</sup> vermenigvuldig met twaalf persent<sup>49</sup> vermenigvuldig met die toepaslike faktor.<sup>50</sup>

---

<sup>46</sup> Corbett, Hofmeyr & Kahn *Law of Succession in South Africa* 367.

<sup>47</sup> 'n Vruggebruik kan selfs in kombinasie met ander meganismes soos dié geskep in art 4(q) van die Boedelbelastingwet 45 van 1955 gebruik word.

<sup>48</sup> Die markwaarde van die bate.

<sup>49</sup> Hierdie persentasie word gebruik ten einde die batewaarde te kapitaliseer vir belastingdoeleindes.

<sup>50</sup> Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 2-54. Die faktor word aktuarieel bereken: indien die vruggebruik lewenslank verleen word, word die faktor bepaal volgens die lewensverwachting van die vruggebruiker; indien die vruggebruik ten opsigte van 'n termyn verleen word, word die faktor tov die betrokke termyn met inagneming van die ouderdom van die vruggebruiker op sy volgende verjaarsdag bepaal.



Voorbeeld

'n Man (wat op sy volgende verjaarsdag 41 jaar oud word) verkry 'n lewenslange vruggebruik van 'n woonstelblok met 'n markwaarde van R2 000 000.

Berekening

$$R2\ 000\ 000 \times 12\% = R240\ 000$$

$$R\ 240\ 000 \times 8,01[\text{faktor}] = R1\ 922\ 400$$

Die waarde van die vruggebruik in hierdie voorbeeld is dus R1 922 400.

Dit is vir boedelbeplanningsdoeleindes nuttig om te onderskei tussen die volgende:<sup>51</sup>

- (a) vruggebruike geskep deur 'n vooroorlede gade; en
- (b) vruggebruike wat nie deur 'n vooroorlede gade geskep is nie.

---

<sup>51</sup> Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 2-22 tot 2-23.

Daar is reeds na die rede vir hierdie onderskeid<sup>52</sup> verwys, naamlik die belangrike aftrekking wat vir boedelbelastingdoeleindes deur artikel 4(m)<sup>53</sup> ten aansien van vruggebruike geskep deur 'n vooroorlede gade verleen word, mits geen korting ten opsigte van die waarde van daardie belang of reg by die bepaling van die netto waarde van die boedel van die vooroorlede gade kragtens die bepalings van artikel 4(q) toelaatbaar was nie.<sup>54</sup>

#### 6.2.1.5 *Fideicommissum*

'n *Fideicommissum* kan omskryf word as 'n regsfiguur ingevolge waarvan 'n persoon<sup>55</sup> 'n sekere bevoordeling aan 'n ander bepaalde begunstigde<sup>56</sup> laat toekom onderhewig aan die bepaling dat die betrokke bevoordeling na die verstryking van 'n sekere termyn of by die vervulling van 'n bepaalde voorwaarde aan 'n verdere begunstigde<sup>57</sup> oorgedra moet word.<sup>58</sup>

---

<sup>52</sup> Sien die bespreking van art 4(q) en (m) van die Boedelbelastingwet 45 van 1955 *supra* 6.2.1.2.

<sup>53</sup> Boedelbelastingwet 45 van 1955.

<sup>54</sup> Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 2-22 tot 2-23.

<sup>55</sup> Ook bekend as die *fideicommittens*.

<sup>56</sup> Ook bekend as die *fiduciarius*.

<sup>57</sup> Ook bekend as die *fideicommissarius*.

<sup>58</sup> De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 139. Sien ook Corbett, Hofmeyr & Kahn *Law of Succession in South Africa* 260 – 263. Sien ook *Estate Watkins-Pitchford v CIR* 1955 2 SA 437 (A) 447.



Corbett, Hofmeyr en Kahn<sup>59</sup> omskryf 'n *fideicommissum* wat testamentêr geskep is soos volg:

"A testamentary fideicommissum is a disposition of property by will to a beneficiary (known as the 'fiduciary') subject to a provision requiring the fiduciary, either absolutely or upon the fulfilment of a condition, to pass on the property, either wholly or in part, to another beneficiary (known as the 'fideicommissary')."

De Waal en Schoeman-Malan<sup>60</sup> identifiseer die volgende vereistes ten einde 'n geldige *fideicommissum* op te rig:

- (a) die bedoeling van die testateur om 'n *fideicommissum* te skep, moet duidelik uit die testament na vore kom;
- (b) die testateur moet 'n effektiewe oorgang ten gunste van 'n *fideicommissarius* by die vervulling van die fideikommissêre voorwaarde bewerkstellig;
- (c) daar moet 'n duidelike aanduiding in die testament van die fideikommissêre bates, die *fiduciarius* en die *fideicommissarius* wees; en
- (d) die fideikommissêre voorwaarde moet 'n geldige voorwaarde wees.

---

<sup>59</sup> Corbett, Hofmeyr & Kahn *Law of Succession in South Africa* 260.

<sup>60</sup> De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 140 – 141.

Alhoewel daar gemeenregtelik geen beperking bestaan het in verband met die aantal opeenvolgende *fideicommissarii* waarvoor 'n testateur in die testament voorsiening kon maak nie is die posisie drasties deur wetgewing gewysig.<sup>61</sup> Ingevolge die bepalings van die Wet op die Opheffing of Wysiging van Beperkinge op Onroerende Goed<sup>62</sup> word 'n *fideicommissum* ten opsigte van onroerende goed tot twee opeenvolgende *fideicommissarii* beperk.<sup>63</sup>

Indien 'n testateur ten opsigte van 'n *fideicommissum* 'n vervreemdingsbevoegdheid aan 'n *fiduciarius* verleen, staan die regsfiguur as 'n *fideicommissum residui* bekend.<sup>64</sup>

Die waarde van 'n bemaking onderhewig aan 'n *fideicommissum* word vir boedelbelastingdoeleindes op dieselfde wyse as dié van 'n vruggebruik bereken.<sup>65</sup>

---

<sup>61</sup> De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 144.

<sup>62</sup> Wet 94 van 1965.

<sup>63</sup> De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 144. Sien ook art 6 van die Wet op die Opheffing of Wysiging van Beperkinge op Onroerende Goed 94 van 1965.

<sup>64</sup> De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 152. Sien ook *Cronje v Kruger* 1985 2 SA 812 (A) 824.

<sup>65</sup> Maw gekapitaliseer teen 12% vir die lewensduur van die persoon wat die gebruik van die eiendom geniet, vermenigvuldig met die toepaslike faktor. Sien ook art 62 van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962. Sien ook Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 2-54.



Alhoewel 'n *fideicommissum* as 'n beplanningsmeganisme nie prakties doeltreffend is nie,<sup>66</sup> is dit egter 'n meganisme waardeur die erflater 'n bepaalde boedelbate in die familie kan behou.

#### 6.2.1.6 Jaargelde

'n Jaargeld kan as 'n herhalende jaarlikse betaling beskou word en is 'n nuttige boedelbeplanningsinstrument. Miller<sup>67</sup> omskryf 'n jaargeld soos volg:

"An annuity is a periodical payment made during the lifetime of some person or persons or during some other defined period. The word 'annuity' means literally an annual payment but is more often payable by instalments, eg quarterly, halfyearly or monthly."

Olivier en Van den Berg<sup>68</sup> omskryf 'n jaargeld wat uit 'n lewensversekeringsproduk voortspruit as 'n kontrak waarkragtens 'n lewensversekeraar onderneem om 'n vasgestelde betaling jaarliks of meer dikwels op 'n herhalende basis in ruil vir 'n bepaalde eenmalige premie of periodieke premies te bewerkstellig.<sup>69</sup>

---

<sup>66</sup> Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 134 – 135. Sien egter ook Swanepoel *Oor Stigting, Trust, Fideicommissum, Modus en Beding ten behoewe van 'n Derde* 3 ev.

<sup>67</sup> Miller *Corporate and Personal Financial Planning* 2003 A299.

<sup>68</sup> Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 209.

<sup>69</sup> Sien ook Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 2-35.

Vanuit 'n beplanningsoogpunt beskou, is dit van belang om te bepaal of 'n jaargeld 'n bate in die erflater se boedel uitmaak al dan nie ten einde die omvang van enige boedelbelastingaanspreeklikheid te bepaal. In hierdie opsig moet daar van die bepalings van artikel 3(2) van die Boedelbelastingwet kennis geneem word:<sup>70</sup>

**"3. Wat 'n boedel behels.**-(1) By die toepassing van hierdie Wet bestaan die boedel van 'n persoon uit al die eiendom van daardie persoon op die datum van sy dood ...

(2) 'Eiendom' beteken enige reg op goed, hetsy roerend of onroerend, liggaamlik of onliggaamlik, en ook-

(a) enige fidusiêre reg, vruggebruik of ander derglike reg op eiendom (met inbegrip van 'n reg op 'n jaargeld waarmee goed beswaar is) wat die oorledene onmiddellik voor sy dood besit het;

(b) enige reg op 'n jaargeld (behalwe 'n reg op 'n jaargeld waarmee enige goed beswaar is) wat die oorledene onmiddellik voor sy dood besit het en wat by die dood van die oorledene aan iemand anders toegeval het..."

---

<sup>70</sup> Wet 45 van 1955. Sien ook Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 2-35 tot 2-37.



Die waarde van 'n reg op 'n jaargeld word op dieselfde wyse as dié van 'n vruggebruik, *fideicommissum* of ander soortgelyke reg bereken, behalwe dat die jaarlikse waarde in effek die jaarlikse bedrag van die jaargeld is.<sup>71</sup>

Vanuit 'n inkomstebelastingoogpunt beskou (ook vir beplanningsdoeleindes), is dit van belang om kennis te neem van die bepaling van artikel 10A van die Inkomstebelastingwet.<sup>72</sup> Daarvolgens word 'n jaargeld omskryf as 'n bedrag wat betaalbaar is by wyse van 'n jaargeld ingevolge 'n jaargeldkontrak asook enige bedrag wat betaalbaar is as gevolg van die omsetting of beëindiging van enige jaargeldkontrak. Hierdie artikel omskryf 'n jaargeldkontrak as:

“'n Ooreenkoms gesluit deur 'n versekeraar en 'n koper waarkragtens

- die versekeraar onderneem om aan die koper (of sy eggenoot of langsewende eggenoot) 'n jaargeld of jaargelde te betaal tot die dood van die jaargeldtrekker of die verstryking van 'n bepaalde termyn;
- die koper onderneem om aan die versekeraar 'n enkelbedragvergoeding te betaal; en

---

<sup>71</sup> Huxham & Haupt *Notes on South African Income Tax* 541.

<sup>72</sup> Inkomstebelastingwet 58 van 1962.

- geen bedrae deur die versekeraar betaalbaar sal wees  
nie behalwe by wyse van 'n jaargeld.

Uitsluitend enige jaargeld wat ingevolge die reëls van 'n pensioenfonds, voorsorgfonds of 'n uittredingsannuïteits-fonds betaalbaar is.”

Hierdie artikel omskryf 'n koper as:

- “'n natuurlike persoon en ook daardie persoon se bestorwe of insolvente boedel; of
- 'n kurator bonis van, of 'n trust opgerig alleenlik vir die voordeel van 'n natuurlike persoon waar die Hoë Hof daardie persoon as geestelik versteurd en onbevoeg verklaar het om sy eie belange te behartig.”

Die kapitaalelement van sodanige jaargeld word kragtens hierdie wetsbepaling van belasting vrygestel.<sup>73</sup> Die kapitaalelement word soos volg bereken:  $Y = \frac{A}{B} \times C$ .<sup>74</sup>

'n Erflater kan hierdie instrument gebruik deur byvoorbeeld 'n bepaalde bate aan 'n testamentêre begunstigde te bemaak, onderhewig daaraan dat die testamentêre begunstigde 'n jaargeld moet aankoop by die erflater se dood ten einde sodoende 'n gereelde inkomste aan die erflater se afhanklikes te bied.

<sup>73</sup> Art 10A van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962.

<sup>74</sup> Die kapitaalelement word deur Y voorgestel. A = die enkelbedrag wat die versekerde betaal het om die annuïteit te koop. B = die totale verwagte winste uit alle annuïteite ingevolge die kontrak. C = die bedrag van die annuïteit.



### 6.2.1.7 Boedelsamesmelting

Boedelsamesmelting is reeds in hoofstuk drie van hierdie studie bespreek.<sup>75</sup> Boedelsamesmelting (*massing*) word dikwels in Suid-Afrika in gesamentlike of wederkerige testamente van egpare getroud binne gemeenskap van goedere aangetref.<sup>76</sup> Boedelsamesmelting word ook statutêr gereguleer ingevolge die bepalinge van artikel 37 van die Boedelwet.<sup>77</sup> Soos vermeld, is die oogmerk met boedelsamesmelting dat verskillende erflaters gesamentlik hul boedels geheel of gedeeltelik saamsmelt in een gekonsolideerde ekonomiese eenheid vir doeleindes van testamentêre beskikking.<sup>78</sup> Ten einde boedelsamesmelting suksesvol prakties te implementeer, moet daar minstens aan die volgende vereistes voldoen word:<sup>79</sup>

- (a) daar moet 'n beperkte reg soos 'n vruggebruik of *fideicommissum* aan of ten gunste van die langlewende ten opsigte van enige van die bates in die saamgesmelte boedel toegeken word,<sup>80</sup> en

---

<sup>75</sup> Sien *supra* 3.2.3.2. Sien ook Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 12(10)(1) tot 12-16.

<sup>76</sup> Corbett, Hofmeyr & Kahn *Law of Succession in South Africa* 436.

<sup>77</sup> Wet 66 van 1965.

<sup>78</sup> Corbett, Hofmeyr & Kahn *Law of Succession in South Africa* 437. Sien ook Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 12-10(2). Sien ook *Rosenberg v Dry's Executors* 1911 AD 679 en *Receiver of Revenue v CH Hancke* 1915 AD 64.

<sup>79</sup> Corbett, Hofmeyr & Kahn *Law of Succession in South Africa* 436 – 437.

<sup>80</sup> In hierdie verband behoort daar gekontroleer te word dat die waarde wat die langlewende party prysgee nie meer beloop as die waarde van die voordeel wat hy uit die testament verkry nie, anders sal skenkingsbelasting daarop gehef word.

- (b) die langsewende moet die voordeel ingevolge die testament by die dood van die eerssterwende of op enige stadium na die dood van die eerssterwende adieer.

Die voordeel van boedelsamesmelting, vanuit 'n beplanningsoogpunt beskou, is juis daarin geleë dat die meeste van die bates van albei testateurs by die dood van die eerssterwende van die betrokke testateurs op die begunstigdes oorgaan. Hierdie meganisme kan ook in kombinasie met die aftrekking geskep deur artikel 4(q) van die Boedelbelastingwet<sup>81</sup> benut word om groeibates uit die langsewende gade se boedel te verwyder om sodoende boedelgroei vas te pen.

#### 6.2.1.8 Trust *mortis causa*

Die kompleksiteit van die trust as regsfiguur is te omvangryk om volledig binne die konteks van hierdie studie aangespreek te word.<sup>82</sup> Daar word vir doeleindes hiervan volstaan met enkele opmerkings oor die trust as 'n regsfiguur met die fokus op die rol daarvan as 'n boedelbeplanningsinstrument.

'n Testateur sal in die algemeen van die trustfiguur gebruik maak indien hy 'n bepaalde bevoordeelde (trustbegunstigde) wil bevoordeel maar die eiendomsreg en/of beheer van die bates aan ander persone (trustees) wil oorlaat.<sup>83</sup>

---

<sup>81</sup> Wet 45 van 1955.

<sup>82</sup> Cameron, De Waal, Wunsch, Solomon & Kahn *Honoré's South African Law of Trusts* 5 – 12. Hierdie werk kan vir 'n meer volledige bespreking van trusts geraadpleeg word.

<sup>83</sup> De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 158.



Cameron, De Waal, Wunsh, Solomon en Kahn<sup>84</sup> definieer 'n trust soos volg:

"A trust is a legal institution in which a person, the trustee, subject to public supervision, holds or administers property separately from his or her own, for the benefit of another person or persons or for the furtherance of a charitable or other purpose."

Ingevolge die Wet op die Beheer oor Trustgoed<sup>85</sup> word daar soos volg na 'n trust verwys:

"...die reëling waardeur een persoon se goed uit hoofde van 'n trustdokument-

(a) aan iemand anders, die trustee, in die geheel of gedeeltelik in eiendom oorgemaak of nagelaat word om ooreenkomstig die voorskrifte van die trustdokument geadministreer te word of oor beskik te word tot voordeel van die persoon of klas van persone in die trustdokument aangewys of ter bereiking van die doel in die trustdokument omskryf,<sup>86</sup> of

---

<sup>84</sup> Cameron, De Waal, Wunsh, Solomon & Kahn *Honore's South African Law of Trusts* 1.

<sup>85</sup> Wet 57 van 1988.

<sup>86</sup> Sien ook De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 160. Hierdie skrywers meld dat hierdie omskrywing betrekking het op die tipiese geval waar die trustee eienaar word van die trustbates ten behoeve van die trustbevoordeelde of 'n onpersoonlike trustdoel. In so 'n geval is die trustee dus nie eienaar in sy eie belang nie maar wel in die belang van die trustbevoordeelde. Die trustbevoordeelde het dus net 'n persoonlike reg teenoor die trustee.

- (b) aan die bevoorreedes in die trustdokument aangewys in eiendom oorgemaak of nagelaat word, welke goed ingevolge die trustdokument onder die beheer gestel word van iemand anders, die trustee, om ooreenkomstig die voorskrifte van die trustdokument gadministreer te word of oor beskik te word tot voordeel van die persoon of klas van persone in die trustdokument aangewys of ter bereiking van die doel in die trustdokument omskryf...<sup>87</sup>

Cameron, De Waal, Wunsch, Solomon en Kahn<sup>88</sup> omskryf die *essentialia* van 'n geldige trust soos volg:<sup>89</sup>

"For a valid trust to be created (a) the founder must intend to create one ...(b) the founder's intention must be expressed in a

---

<sup>87</sup> Sien ook De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 160. Hierdie skrywers meld dat hierdie omskrywing betrekking het op die sogenaamde "bewindtrust" ingevolge waarvan die trustbevoorreedde egter eienaar van die trustbates word. In so 'n geval neem die trustee bloot die beheer en administrasie van die trustbates waar. Sien ook *Commissioner, SARS v Dyefin Textiles (Pty) Ltd* 2002 4 SA 606 (N) en *Conze v Masterbond Participation Trust Managers (Pty) Ltd* 1996 3 SA 786 (K).

<sup>88</sup> Cameron, De Waal, Wunsch, Solomon & Kahn *Honore's South African Law of Trusts* 117.

<sup>89</sup> *Ibid.*



mode appropriate to create an obligation ...(c) the property subject to the trust must be defined with reasonable certainty ... (d) the trust object, which may either be personal or impersonal, must be defined with reasonable certainty ... and (e) the trust object must be lawful..."

'n Trust *mortis causa* is 'n trust wat testamentêr deur die erflater opgerig word en tree eers in werking by die afsterwe van die erflater.<sup>90</sup> Corbett, Hofmeyr en Kahn<sup>91</sup> verskaf die volgende omskrywing van so 'n trust:

"At common law a testamentary trust is constituted when a testator bequeaths property to a person (the trustee or administrator) upon terms which require such person to assume control of the property and administer it for the benefit of another person or other persons appointed by the will or for an impersonal object or purpose."

---

<sup>90</sup> Corbett, Hofmeyr & Kahn *Law of Succession in South Africa* 394. Sien ook *Ex parte Executors Estate Kemp* 1940 WLD 26 op 32 en *Administrators, Estate Richards v Nichol* 1996 (4) SA 253 (C) op 258 D – G.

<sup>91</sup> Corbett, Hofmeyr & Kahn *Law of Succession in South Africa* 388.

Die trust word deur een of meer trustees beheer en geadministreer.<sup>92</sup> Trustees tree op uit hoofde van 'n magtiging van die meester van die Hoë Hof ingevolge die bepalings van artikel 6 van die Wet op die Beheer oor Trustgoed<sup>93</sup>. Alhoewel daar met verloop van tyd talle onsekerhede ontstaan het ten aansien van die regte, bevoegdhede en verpligtinge van trustees, het die Wet op die Beheer oor Trustgoed<sup>94</sup> uitvoerige reëlins daargestel in verband met die regsposisie van trustees en baie van die onsekerhede daardeur uit die weg geruim.<sup>95</sup> Nadat die meester die trustees skriftelik gemagtig het om as trustees van die trust op te tree, neem die trustees beheer oor die trustbates en eers op daardie stadium kan die trustee begin optree en die trust aan die handelverkeer begin deelneem.<sup>96</sup>

---

<sup>92</sup> Cameron, De Waal, Wunsh, Solomon & Kahn *Honoré's South African Law of Trusts* 179 – 212.

<sup>93</sup> Wet 57 van 1988.

<sup>94</sup> *Ibid.*

<sup>95</sup> De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 163.

<sup>96</sup> Cameron, De Waal, Wunsh, Solomon & Kahn *Honoré's South African Law of Trusts* 270 – 294. Sien ook *Simplex (Pty) Ltd v Van der Merwe* 1996 1 SA 111 (W) en *Van der Merwe v Van der Merwe* 2000 2 SA 519 (K).



Vanuit 'n beplanningsoogpunt sou dit raadsaam wees dat die regte, bevoegdhede en verpligtinge wat aan die trustees toegeken word, pertinent in die trustakte omskryf word. Dit is dus belangrik om die trustakte so te bewoord dat die trustees oor voldoende magte en bevoegdhede beskik om die trust tot voordeel van die begunstigdes te kan beheer en bestuur.<sup>97</sup>

Soos reeds vermeld, word die trust dikwels ten behoeve van bepaalde persone opgerig. Gevolglik sal die trustakte dan vir die aanwysing van kapitaal- en inkomstebegunstigdes voorsiening maak.<sup>98</sup> Die kapitaalbegunstigdes is die persone wat eventueel die trustbates by ontbinding van die trust verkry.<sup>99</sup> Die wyse, metode en kwantifisering van die voordeel wat by ontbinding van die trust aan hierdie persone toekom, word in die trustakte omskryf of aan die diskresie van die trustees oorgelaat (indien die trustakte sodanige diskresie aan die trustees toeken). Die inkomste-begunstigdes is die persone wat ingevolge die bepalinge van die trustakte aangewys word om enige inkomste uit die trust te ontvang.<sup>100</sup>

---

<sup>97</sup> *Ex parte National Board of Executors (East London) Ltd* 1978 3 SA 445 (OK) en *Administrators, Estate Richards v Nichol* 1999 1 SA 551 (HHA).

<sup>98</sup> Cameron, De Waal, Wunsh, Solomon & Kahn *Honorè's South African Law of Trusts* 553 – 617.

<sup>99</sup> Cameron, De Waal, Wunsh, Solomon & Kahn *Honorè's South African Law of Trusts* 580 – 605.

<sup>100</sup> Cameron, De Waal, Wunsh, Solomon & Kahn *Honorè's South African Law of Trusts* 607 – 617.

Ook in hierdie verband sal die verdelingsratio óf in die trustakte uiteengesit word óf aan die diskresie van die trustees oorgelaat word (indien die trustakte sodanige diskresie aan die trustees toeken). Indien die trust inkomste sou opgaan en nie uitbetalings aan die inkomstebegunstigdes bewerkstellig nie, sal die trust belas word op die inkomste volgens die Suid-Afrikaanse Inkomstediens se neergelegde skaal en tarief wat op trusts van toepassing is.<sup>101</sup> Indien die trust egter net as geleibuis sou dien om inkomste na 'n inkomstebegunstigde te kanaliseer, sal sodanige inkomstebegunstigde, ooreenkomstig sy marginale belastingkoers belas word.<sup>102</sup>

Indien die erflater 'n trust sou stig waarkragtens hy nog beheer oor die trustbates behou, sal sodanige trustbates ingevolge die bepaling van artikel 3(3)(d) van die Boedelbelastingwet<sup>103</sup> belas word asof dit steeds deel van sy boedel uitmaak.

---

<sup>101</sup> Sien die bepalinge van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962. Hierdie belastingkale en tariewe word jaarliks met die afkondiging van die begroting deur die Minister van Finansies hersien of bekragtig.

<sup>102</sup> Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 182. Hierdie skrywers meld die volgende oor die geleibuisbeginsel: "Section 25B stipulates which persons are taxable on trust income. There is also, however, an income tax principle that determines that the income that flows through a trust retains its nature and identity. The trust is no more than the conduit through which the income flows."

<sup>103</sup> Wet 45 van 1955



#### 6.2.1.8.1 Bemakings aan 'n testamêre trust met vruggebruik aan gade

Bemakings deur die erflater aan 'n testamentêre trust in kombinasie met die skepping van 'n vruggebruik ten gunste van die langsewende gade (wat 'n aftrekking in terme van die bepalinge van artikel 4(q) en 4(m) van die Boedelbelastingwet<sup>104</sup> daarstel) skep 'n metode waarvolgens boedelbelasting bespaar kan word.<sup>105</sup> Die bates wat aan die betrokke testamentêre trust bemaak word, geniet boonop beskerming teen enige skuldeisers van die langsewende gade.<sup>106</sup>

Deur snelgroeiende bates of bates met 'n groeipotensiaal aan so 'n trust by die erflater se dood te bemaak, word daar verseker dat daardie bates aan 'n entiteit oorgedra word wat nie boedelbelastingpligtig is nie.<sup>107</sup> Daar moet egter in gedagte gehou word dat die bates wat aan so 'n trust oorgedra word wel in aanmerking mag kom vir kapitaalwinstbelasting.

---

<sup>104</sup> Wet 45 van 1955.

<sup>105</sup> Troost *Boedelbeplanning: Module van die Instituut van Lewens- en Pensioenadviseurs* 6.26 tot 6.27.

<sup>106</sup> Die bate val dus nie in die boedel van die langsewende gade nie maar word 'n trustbate onder beheer van die trustee.

<sup>107</sup> Huxham & Haupt *Notes on South African Income Tax* 571. Vlg Huxham & Haupt is 'n trust nie 'n lewende persoon nie en dit sal gevolglik nooit 'n boedelbelastingprobleem kan ontwikkel nie.

Alhoewel kapitaalwinsbelasting gehef sou word, behoort hierdie implikasie vanweë die berekeningsmetode daarvan (na gelang die omvang van die kapitale wins) minder te wees as enige moontlike boedelbelasting met inagneming van die berekeningsmetode daarvan.<sup>108</sup>

Bates met 'n groeipotensiaal kan ook tot 'n maksimumbedrag gelykstaande aan die bedrag van die korting geskep in artikel 4A van die Boedelbelastingwet<sup>109</sup> aan 'n testamentêre trust bemaak word, onderhewig aan 'n vruggebruik ten gunste van die erflater se gade. Die erflater kan ook in die testament bepaal dat hierdie vruggebruik by die langsliewende gade se dood aan die partye se kinders vir byvoorbeeld 'n tydperk van twee jaar moet oorgaan.<sup>110</sup> Na verstryking van die tydperk van twee jaar verval die vruggebruik en verkry die trustees van die testamentêre trust volle eiendomsreg van die betrokke bates. Indien enige van die kinders gedurende die twee jaar periode sterf, dan sal die betrokke bates se waarde egter in dié se boedel gewaardeer word.<sup>111</sup>

---

<sup>108</sup> Sien die bepalinge van die Agste Bylae tot die Inkomstebelastingwet 58 van 1962.

<sup>109</sup> Wet 45 van 1955.

<sup>110</sup> Die doel met die beperking van hierdie verdere oordrag van die vruggebruik tgv die kinders van die partye vir 'n tydperk van twee jaar is bloot aangesien die waarde van die vruggebruik dan by die langsliewende gade se dood vir boedelbelastingdoeleindes slegs vir 'n tydperk van twee jaar bereken sou word en nie tov die lewensverwagting van die kinders nie. Sien Troost *Boedelbeplanning: Module van die Instituut van Lewens- en Pensioenadviseurs* 6.26 tot 6.27.

<sup>111</sup> Die betrokke bates sal in so 'n geval gewaardeer word teen die jaarlikse waarde daarvan gekapitaliseer teen 12 persent tov 'n tydperk van 50 jaar (aangesien die bate dan aan 'n trust toeval).



Daar kan egter voorsiening gemaak word vir sodanige gebeurtenis deur die uitname van 'n afnemende lewensverskeringspolis op die lewens van die kinders ten opsigte van die betrokke periode sodat daar in sodanige geval voldoende kontant deur die lewensversekeringspolis beskikbaar gestel word om die addisionele boedelbelasting te betaal.<sup>112</sup>

#### 6.2.1.8.2 Bemakings aan 'n testamentêre trust onderhewig aan die skepping van 'n leningsrekening ten gunste van die langlewende gade

Die erflater kan sekere bates aan 'n testamentêre trust bemaak onderhewig aan 'n voorwaarde dat 'n leningsrekening ten gunste van die langlewende gade geskep moet word ten opsigte van 'n bedrag gelykstaande aan die waarde van die bates aldus bemaak. Die leningsrekening wat ten gunste van die langlewende geskep word, sal kwalifiseer as 'n aftrekking ingevolge artikel 4(q) van die Boedelbelastingwet<sup>113</sup> by die dood van die eerssterwende gade.

---

<sup>112</sup> Afnemende termyn lewensversekering is 'n relatiewe goedkoop vorm van lewensdekking wat aangekoop kan word om die verlangde voordele gedurende die betrokke termyn te bied.

<sup>113</sup> Wet 45 van 1955.

Enige terugbetaling van die leningsrekeningskuld deur die trust aan die langsewende gade sal neerkom op 'n delging van die kapitaal en dus nie belastingimplikasies vir die langsewende gade teweegbring nie.<sup>114</sup>

Indien die langsewende gade nie die bedrae aldus ontvang opgebruik nie sal dit uiteraard weer in dié se boedel akkumuleer en toekomstige boedelbelastingimplikasies teweegbring.

#### 6.2.1.8.3 Boedelsamesmelting met 'n bemaking aan 'n testamentêre trust

Daar is reeds aandag geskenk aan boedelsamesmelting as 'n boedelbeplanningstegniek.<sup>115</sup> Die bemaking van die saamgevoegde boedel aan 'n testamentêre trust hou onder andere die volgende voordele in:<sup>116</sup>

- (a) Die erflater verseker daardeur dat die saamgevoegde boedelbates (veral die onroerende bates) vir die partye se kinders bewaar en beskerm word.
- (b) Dit verskaf gemoedsrus indien die langsewende gade nie oor die vermoë sou beskik om bates oordeelkundig te kan bestuur nie en dalk nog boonop sou hertrou.

---

<sup>114</sup> Indien die langsewende gade egter onder hierdie omstandighede die trust sou kwytsteld van enige terugbetaling tov die leningsrekening, sou kapitaalwinstbelasting waarskynlik tav die kwytstelding gehef word. Sien ook La Grange "CGT and Loan Accounts" 2003 *Insurance and Tax* 18 2 16 – 17.

<sup>115</sup> Sien *supra* 3.2.3.2.

<sup>116</sup> Sien ook Troost *Boedelbeplanning: Module van die Instituut van Lewens- en Pensioenadviseurs* 6.28 tot 6.31.



- (c) Boedelsamesmelting kan ook boedelbelasting by die dood van die langlewende gade verminder.
- (d) Die langlewende gade kan ook as 'n trustee van die testamentêre trust aangestel word en daardeur 'n mate van kontrole en seggenskap oor die betrokke boedelbates behou, afhange van die bepalings van die testamentêre trustdokument.

Indien hierdie meganisme wel aangewend word, moet die testament minstens ook 'n toepaslike klousule bevat wat in effek die aanspreeklikheid vir skenkingsbelasting sou uitskakel.<sup>117</sup>

Dit is ook vir die beplanner belangrik om te verseker dat daar 'n aanbeveling aan die erflater gemaak word om voldoende finansiële voorsiening te tref om enige verbande by die afsterwe van die eerssterwende gade af te los ten einde te verseker dat die boedelsamesmelting suksesvol geïmplementeer kan word en die onroerende bates as 'n eenheid na die testamentêre trust oorgedra kan word. Daar moet egter weer eens met die impak van kapitaalwinsbelasting rekening gehou word.<sup>118</sup>

---

<sup>117</sup> Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 153. Sien ook die Spesiale Inkomstebelastingsaak *ITC 1387* op 125.

<sup>118</sup> Neem die bepalings van die Agtste Bylae tot die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 in ag.

In besonder behoort die implikasies van kapitaalwinsbelasting opgeweeg te word teen die implikasies van boedelbelasting asook die ander voordele wat hierdie meganisme bied.

### 6.2.2 *Inter vivos* meganismes

Hierdie meganismes is daarop ingestel om gedurende die erflater se lewe die nodige in werking te stel om sy boedel binne die raamwerk van bestaande wetgewing en sy wense so te reël en te reguleer dat boedelgroei sover moontlik beperk kan word. Hierdie tegnieke en instrumente behoort ook voorsiening te maak vir die beskikbaarstelling van voldoende kontant ten einde die kontinuïteit en instandhouding van boedelbates vir die erfgename te verseker.<sup>119</sup>

Die erflater kan uiteraard ook reeds gedurende sy lewe sekere handeling verrig om sy boedelplan meer vaartbelyn te maak vir die gevolge wat sal intree in die geval van sy dood. Die beskikbare opsies wat gedurende die boedelbeplanningsproses geïdentifiseer is, behoort ook met die goedkeuring van die erflater prakties deur die boedelbeplanner geïmplementeer te word terwyl die erflater nog lewe.

---

<sup>119</sup> Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 22 – 23.



### 6.2.2.1 *Inter vivos* trust

Dieselfde wat ten aansien van 'n trust *mortis causa* hierbo vermeld is, is ook van toepassing op 'n trust wat tussen lewendes geskep word (*inter vivos* trust).<sup>120</sup>

'n *Inter vivos* trust kan óf as 'n besigheidsinstrument<sup>121</sup> óf as 'n boedelbeplanningsinstrument deur 'n erflater benut word.

Vir boedelbeplanningsdoeleindes sou 'n diskresionêre trust met meerdere trustees waarskynlik 'n gepaste opsie wees ten einde nie binne die kader van die bepalings van artikel 3(3)(d) van die Boedelbelastingwet<sup>122</sup> te val nie.<sup>123</sup> Die trustees sal in die geval van 'n diskresionêre trust oor die diskresie beskik om inkomste toepaslik toe te deel en om die trust te beëindig wanneer dit toepaslik sou wees in ooreenstemming met die bepalings van die trustakte.

---

<sup>120</sup> Sien die bespreking in *supra* 6.2.1.8. Sien ook De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 158.

<sup>121</sup> *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A).

<sup>122</sup> Wet 45 van 1955.

<sup>123</sup> Dit is ook van belang om te let op die volgende aspekte: Indien die erflater as trustee nog beheer oor die trustbates behou het kan die bepalings van art 3(3)(d) van die Boedelbelastingwet 45 van 1955 tot gevolg hê dat sy boedel belas word asof dit bates in sy eie boedel was. Indien die trust as 'n diskresionêre trust gestruktureer word, berus beheer by die trustees wat die bates tot voordeel van die begunstigdes (inkomste- en kapitaalbegunstigdes) administreer ingevolge en ooreenkomstig trustbepalings. Die trust is ook nie 'n regs persoon nie en kan sodanig gestruktureer word dat eiendomsreg setel in die trustees in hul ampshoedanigheid as trustees. Dit strek egter nie tot hul eie voordeel nie maar tot die voordeel van die kapitaalbegunstigdes. Dit is ook vanuit 'n belastingoogpunt van belang dat die trust so gestruktureer word dat die begunstigdes geen gevestigde regte op trustbates verkry nie sodat hulle oor geen reg beskik wat 'n bate in hul boedels kan vorm nie.

Met die implementering van kapitaalwinsbelasting het die voordele wat 'n *inter vivos* trust bied beperk geraak maar 'n trust bied steeds vanuit 'n beplanningsoogpunt bepaalde voordele vir die erflater ten spyte van die belastingimplikasies.<sup>124</sup> Die erflater sal egter maar die voor- en nadele verbonde aan die benutting van 'n trust behoorlik en deurdag moet oorweeg met inagneming van sy besondere omstandighede ten einde te bepaal of hierdie regsfiguur as 'n geskikte boedelbeplanningsinstrument tot sy voordeel aangewend kan word al dan nie.

Indien 'n erflater wel van 'n *inter vivos* trust as 'n boedelbeplanningsinstrument gebruik wil maak, behoort die trustakte deur 'n professionele deskundige opgestel te word met inagneming van die relevante belasting- en verwante implikasies vanuit 'n beplanningsoogpunt beskou.

#### 6.2.2.2 Die opsie om bates na 'n *inter vivos* trust oor te dra

Ingevolge wetgewing<sup>125</sup> kan trustbates uit die volgende bestaan:

“...roerende goed of onroerende goed, en ook enige voorwaardelike reg op goed, wat deur 'n trustee ooreenkomstig die voorskrifte van 'n trustdokument geadministreer of oor beskik moet word.”

---

<sup>124</sup> Sien ook Troost “Drafting Errors in Wills: Part 1” 2003 *Insurance and Tax* 18 2 26 – 27.

<sup>125</sup> Art 1 van die Wet op die Beheer oor Trustgoed 57 van 1988.



Die oogmerk met die oordrag van sekere boedelbates van die erflater na 'n trust is hoofsaaklik om die toename in waarde van die betrokke boedelbates buite die erflater se boedel te laat plaasvind. Sodoende word die betrokke boedelbates se waarde in die boedel van die erflater vasgepen op die datum van die oordrag daarvan na die trust.<sup>126</sup> Die toename in waarde ten aansien van hierdie bates vind plaas terwyl die bates aan die trust behoort.

By die oorweging van die wenslikheid vir die oordrag van bates vanaf die erflater se boedel na 'n *inter vivos* trust (op 'n bepaalde wyse) vanuit 'n boedelbeplanningsoogpunt (met inagneming van die samestelling van die bates) moet minstens die volgende faktore in ag geneem word:<sup>127</sup>

- (a) die koste verbonde aan die oprigting van die trust vir hierdie doel;
- (b) die groeipotensiaal van die geïdentifiseerde bates (wat vir oordrag oorweeg word);
- (c) die impak van kapitaalwinsbelasting;
- (d) die behoefte aan beskerming van die geïdentifiseerde bates (wat vir oordrag oorweeg word) teen skuldeisers;

---

<sup>126</sup> Sien egter Joffe "Donations Tax Issues: Two Recent Cases" 2003 *Insurance and Tax* 18 4 3 – 7.

<sup>127</sup> Sien ook Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* hfst 20.

- (e) die koste verbonde aan die oordrag opgeweeg teen die besparing van boedelbelasting vanweë die vaspen van die batewaarde asook met inagneming van die ander voordele wat die oordrag aan die erflater sou bied; en
- (f) die aard en omvang van die bates (wat vir oordrag oorweeg word).

### 6.2.2.3 Lewensversekering

Vir die gemiddelde salaristrekker is lewensversekering 'n relatief goedkoop en doeltreffende meganisme om beplanningsdoelwitte soos boedelinstandhouding en likiditeit te vergemaklik.<sup>128</sup>

Lewensversekeringsprodukte moet egter oordeelkundig benut word aangesien hierdie tipe produkte ook betaalbare boedelbelasting kan verhoog.<sup>129</sup> Lewensversekeraars bied tans 'n verskeidenheid veelsydige produkte aan wat as nuttige (soms selfs noodsaaklike) meganismes en hulpmiddels kan dien vir doeleindes van enige boedelbeplanning wat onderneem word.<sup>130</sup>

---

<sup>128</sup> Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 12 – 13, 94, 202 – 210. Sien ook Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 22 – 23 en Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 15-3 tot 15-13.

<sup>129</sup> Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 202.

<sup>130</sup> Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 15-3 tot 15-13. Die Lewensversekeringsbedryf word oa gereguleer deur die *Financial Services Board* ([www.fsb.co.za](http://www.fsb.co.za)) en die *Life Offices Association* ([www.loa.co.za](http://www.loa.co.za)).



Lewensversekerings-produkte kan byvoorbeeld aangewend word om onder andere die volgende aspekte tydens die beplanningsproses aan te spreek:<sup>131</sup>

- (a) om voldoende kontant beskikbaar te stel om 'n likiditeitstekort aan te vul;
- (b) om voldoende fondse vir die versorging van die gesin by die dood van die eerssterwende gade beskikbaar te stel;
- (c) om fondse vir kontantlegaatbemaakings beskikbaar te stel;
- (d) om fondse beskikbaar te stel by die dood van die eerssterwende gade om laste en verpligtinge soos byvoorbeeld verbande, oortrokke bankrekeningfasiliteite, uitstaande bedrae verskuldig kragtens die Wet op Kredietooreenkomste,<sup>132</sup> administratiewe onkoste en uitgawes inherent aan die beredderingsproses na te kom;
- (e) om fondse beskikbaar te stel om die oorkoop van die erflater se sakebelange deur sy vennote te finansier wat daartoe kan bydra om die beredderingsproses te bespoedig;
- (f) om inkomste aan afhanklikes vir 'n sekere periode na gelang van die behoefte te voorsien; en

---

<sup>131</sup> Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 210 – 211. Sien ook Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 15-3 tot 15-13.

<sup>132</sup> Wet 75 van 1980.

- (g) om die erflater se verpligtinge kragtens enige borgstelling in die geval van sy dood te befonds.

#### 6.2.2.4 Die gebruik van lenings om die waarde van boedelbates vas te pen

Die erflater kan geld aan afhanklikes of erfgename leen om die verdere groei van boedelbates te vertraag met die bedrag wat uitgeleen is. Die struktuur van hierdie meganisme kan soos volg voorgestel word:<sup>133</sup>

- (a) Die erflater leen 'n enkelbedrag aan 'n afhanklike of 'n erfgenaam vir 'n spesifieke tydperk.
- (b) Die partye kan ooreenkom dat die geld op aanvraag terugbetaalbaar sal wees en dat rente gehef sal word teen 'n koers soos deur die partye van tyd tot tyd bepaal.<sup>134</sup>
- (c) Die persoon wat die geld leen, belê dit in 'n uitkeerpolis by 'n lewensversekeraar. Hierdie polis kan weer aan die uitlener

<sup>133</sup> Troost *Boedelbeplanning: Module van die Instituut van Lewens- en Pensioenadviseurs* hfst 6. Vgl ook Botha, Geach, Goodall & Rossini *South African Financial Planning Handbook 2004* 615 – 616.

<sup>134</sup> Hierdie meganisme sal egter net doeltreffend wees indien die opbrengs van die uitkeerpolis meer sou wees as die rentekoers waarop die partye sou ooreenkom. Indien die partye op 'n rentekoers sou ooreenkom wat minder is as die heersende rentekoers wat deur handelsbanke betaal word, kan die verskil in die rentekoers dalk as 'n skenking deur die SAID beskou word. Sien ook die bepaling van art 55(1) van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 met inagneming van *Balliol Investment Co v Jacobs* 1946 TPD 269. Sien egter Van Dorsten "Interest-free Loans and Donations Tax" 1985 *The Taxpayer* 34 202 – 208. Hy meld die volgende: "Under the common law interest is not payable unless there was an express agreement to that effect. This means that in the absence of an agreement to charge interest the taxpayer has no right to interest and, consequently, the act of charging little or no interest cannot then amount to a waiver, renunciation or disposal of a right." Daar is egter omstandighede waaronder dit wel as 'n skenking beskou kan word. Sien *Joss v CIR SATC* volume 41.



gesedeer word as kollaterale sekuriteit ten opsigte van die lening.

- (d) Aan die einde van die termyn wanneer die polis uitkeer, betaal die lener die oorspronklike leningsbedrag plus ooreengekome laer rente terug aan die uitlener en behou die balans ten opsigte van die nabelaste opbrengs. Die groei ten aansien van die geld (wat uitgeleen is) het deur middel van die implementering van hierdie meganisme grootliks in die boedel van die lener plaasgevind en nie in die boedel van die erflater nie. Die waarde van die leningsbedrag en laer rentekoers is dus in die boedel van die erflater gedurende die polistermyn vasgepen.

Ten einde hierdie meganisme effektief te implementeer, behoort een van die voorwaardes van die leningsooreenkoms voorsiening te maak dat die leningsbedrag terugbetaalbaar is sodra die uitkeerpolis se termyn verstryk of by die afsterwe van die lener, welke tydstip ook al eerste plaasvind. Die erflater kan voorts oorweeg om 'n bepaling in sy testament te voeg waarvolgens die leningsbedrag of enige balans soos op die datum van die uitlener se dood aan die lener bemaak word.

Dit sou verhoed dat die polis voortydig afgekoop word (met moontlike verliese) bloot om die lening terug te betaal indien die uitlener gedurende die polisterym te sterwe sou kom.

#### 6.2.2.5 Verminder potensiële belastingaanspreeklikheid deur skenkings in kombinasie met 'n kooptransaksie te benut

Hierdie meganisme kan byvoorbeeld gebruik word om 'n boedelbater (met 'n groeipotensiaal) gedurende die erflater se lewe aan 'n erfgenaam te verkoop ten einde boedelgroeit vas te pen.<sup>135</sup> Die partye kan dan ooreenkom dat die koopprys jaarliks terug-betaalbaar sal wees teen 'n maksimum bedrag gelyk aan die bedrag wat jaarliks ingevolge die bepalinge van die Inkomstebelastingwet<sup>136</sup> vry van skenkingsbelasting geskenk kan word.

Die erflater kon voor die inwerkingtreding van kapitaalwinstbelasting jaarliks die betrokke erfgenaam van terugbetaling kwytsteld (beperk tot die maksimum bedrag wat jaarliks belastingvry geskenk kan word).<sup>137</sup> Sedert kapitaalwinstbelasting in werking getree het word so 'n kwytsteking (hoewel vry van skenkingsbelasting) egter as kapitaalwinst geag.<sup>138</sup>

---

<sup>135</sup> Troost *Boedelbeplanning: Module van die Instituut van Lewens- en Pensioenadviseurs* hfst 6. Vgl ook Botha, Geach, Goodall & Rossini *South African Financial Planning Handbook 2004* 611 – 617.

<sup>136</sup> Wet 58 van 1962.

<sup>137</sup> Die verpligtingsbedrag word dus jaarliks aan die betrokke geskenk.

<sup>138</sup> Par 12(5) van die Agtste Bylae tot die Inkomstebelastingwet 58 van 1962. Sien ook La Grange "CGT and Loan Accounts" 2003 *Insurance and Tax* 18 2 16 – 17.



Indien die koopprys egter jaarliks aan die erflater in *currency* betaal word<sup>139</sup> en die erflater daarna onafhanklik daarvan die maksimum bedrag wat jaarliks belastingvry geskenk kan word aan die erfgenaam as 'n skenking oorbetaal, sou hierdie implikasie van kapitaalwinsbelasting waarskynlik verhoed kon word.<sup>140</sup> Die erflater kan ook in sy testament bepaal dat enige uitstaande balans wat by sy dood nog deur die betrokke aan hom verskuldig mag wees aan die betrokke bemaak word.

#### 6.2.2.6 Verminder potensiële belastingaanspreeklikheid deur skenkings in kombinasie met 'n *inter vivos* trust te benut

Vir doeleindes van hierdie meganisme moet 'n *inter vivos* trust opgerig word of kan 'n korrek gestruktureerde bestaande trust ook benut word. Die erflater skenk 'n bedrag (gelykstaande aan die maksimumbedrag wat jaarliks vry van skenkingsbelasting geskenk kan word) aan die trust.<sup>141</sup> Die trustees neem namens die trust 'n delgingsfondspolis<sup>142</sup> uit met 'n jaarpremie gelykstaande aan die skenkingsbedrag en wend die jaarliks skenkings wat van die erflater ontvang word aan ter befondsing van die jaarpremies.<sup>143</sup>

<sup>139</sup> Verkieslik 'n bedrag wat jaarliks effens meer beloop as die maksimum bedrag wat jaarliks vry van skenkingsbelasting geskenk kan word.

<sup>140</sup> Sien ook La Grange "CGT and Loan Accounts" 2003 *Insurance and Tax* 18 2 16 – 17.

<sup>141</sup> Troost *Boedelbeplanning: Module van die Instituut van Lewens- en Pensioenadviseurs* hfst 5. Vgl ook Botha, Geach, Goodall & Rossini *South African Financial Planning Handbook 2004* 577 – 591.

<sup>142</sup> Ingevolge die bepalings van art 1 van die Langtermynverskeringswet 52 van 1998 word 'n delgingsfondspolis omskryf onder die opskrif van 'n "amortisasiepolis."

<sup>143</sup> Troost *Boedelbeplanning: Module van die Instituut van Lewens- en Pensioenadviseurs* hfst 5.

Wanneer die delgingsfondspolis se termyn verstryk, kies die trustees 'n voortsettingsopsie ten aansien van die produk waarvolgens nabelaste kontantbonusse jaarliks aan die trust betaalbaar is. Die trust gebruik weer hierdie nabelaste bonusse om geld aan die erflater te leen, welke lenings aan die trust by die dood van die erflater terugbetaalbaar is.

Die voordele verbonde aan hierdie meganisme is die volgende:

- (a) die erflater se boedel word jaarliks met die skenkingsbedrag verminder;
- (b) aangesien die lenings 'n las vir die boedel is, verminder dit die waarde van die belasbare boedel;
- (c) die groeiende delgingsfonds bevoordeel die trust en word nie deel van die erflater se boedel nie;
- (d) die lenings deur die trust aan die erflater sal lenings wees wat met nabelaste geld befonds word;<sup>144</sup>
- (e) enige begunstigde ingevolge die bepalings van die trustakte kan ook 'n nabelaste inkomste uit die trust ontvang onderhewig aan die bepalings van artikel 25B van die Inkomstebelastingwet;<sup>145</sup>  
en

---

<sup>144</sup> Indien die lening rentevry sou wees, kan dit moontlik aanleiding gee tot die toepassing van die bepalings van art 7 van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 maar dit skep nie 'n boedelbelastingprobleem nie.

<sup>145</sup> Wet 58 van 1962.



(f) die erflater kan boonop sy belasbare inkomste verminder gedurende die twee jaar voor sy beplande aftrede deur sy uitgawes met lenings uit die trust aan te vul. Sodoende sal die erflater se belastingkoers verminder kan word. Die laer belastingkoerse sal ook van toepassing wees op enige enkelbedrae wat die erflater by sy aftrede uit sy pensioenfondse sou ontvang.<sup>146</sup>

#### 6.2.2.7 Skenkings

Daar is reeds verduidelik wat 'n skenking behels.<sup>147</sup> Hierdie meganisme kan hoofsaaklik benut word om bates met 'n groeipotensiaal reeds gedurende sy lewe uit die erflater se boedel te verplaas na die boedel van die erfgenaam vir wie die bate eventueel volgens die wense van die erflater bestem is.<sup>148</sup> Aangesien skenkingsbelasting tans teen dieselfde koers as boedelbelasting gehef word, is die aanwendingsmoontlikhede van hierdie meganisme redelik beperk.<sup>149</sup>

<sup>146</sup> Slegs 'n sekere gedeelte van hierdie enkelbedrae sal ingevolge die bepalings van die Tweede Bylae tot die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 vrygestel wees van inkomstebelasting. Sien die bepalings vervat in par 1 formules A en B. Die gedeelte van hierdie voordele wat nie van belasting vrygestel is nie sal tot 'n sekere maksimum bedrag teen die erflater se gemiddelde belastingkoers belasbaar wees. Indien hierdie gedeelte die bedoelde maksimum bedrag oorskry, sal die oorskrydingsbedrag teen die erflater se marginale belastingkoers belas word.

<sup>147</sup> Sien *supra* 6.2.1.3. Sien ook Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 2-50 tot 2-50(1).

<sup>148</sup> Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 9-5 tot 9-9.

<sup>149</sup> Dawson *Estate Planning Guide* 64. Sien ook Huxham & Haupt *Notes on South African Income Tax* hfst 24.

Sekere skenkings is egter ingevolge die bepalings van die Inkomstebelastingwet<sup>150</sup> vrygestel van skenkingsbelasting waarvan die belangrikste (vanuit 'n beplanningsoogpunt binne die konteks van hierdie studie beskou) die volgende is:

- (a) Die eerste R30 000 van alle bedrae wat deur 'n natuurlike persoon in enige belastingjaar geskenk word, is vrygestel van skenkingsbelasting.
- (b) Skenkings aan 'n gade ingevolge 'n geregistreerde voor- of nahuwelikse kontrak of 'n notariële kontrak aangegaan ingevolge die bepalings van artikel 21 van die Wet op Huweliksgoedere is vrygestel van skenkingsbelasting.<sup>151</sup>
- (c) Skenkings tussen gades (gedurende die duur van die huwelik) is vrygestel van skenkingsbelasting.
- (d) Skenkings ingevolge 'n *donatio mortis causa*<sup>152</sup> is vrygestel van skenkingsbelasting.
- (e) Skenkings ingevolge waarvan die begunstigde geen voordeel voor die dood van die skenker ontvang nie is vrygestel van skenkingsbelasting.

---

<sup>150</sup> Wet 58 van 1962.

<sup>151</sup> Wet 88 van 1984.

<sup>152</sup> Sien *supra* 6.2.1.3.



Die beplanner moet egter versigtig wees dat 'n skenking nie voorgestel word deur middel van die kwytskelding van 'n betalingsverpligting in gevalle waar daar 'n debiteur en krediteur verhouding bestaan nie aangesien sodanige kwytskelding kapitaalwinsbelasting teweeg sou bring.<sup>153</sup>

Boedelbeplanners gebruik egter hierdie meganisme (met inagneming van die vrystellings) in kombinasie met ander instrumente, meganismes en tegnieke soos reeds vroeër vermeld.<sup>154</sup>

#### 6.2.2.8 Voorhuwelikse kontrakte

Ingevolge die bepaling van artikel 56(1)(a) van die Inkomstebelastingwet<sup>155</sup> is skenkingsbelasting nie betaalbaar ten opsigte van 'n skenking aan 'n gade kragtens 'n geregistreerde voor- of nahuwelikse kontrak of 'n notariële kontrak aangegaan ingevolge die bepaling van artikel 21 van die Wet op Huweliksgoedere<sup>156</sup> nie.<sup>157</sup>

---

<sup>153</sup> Sien *supra* vn 138.

<sup>154</sup> Sien *supra* 6.2.2.4 en 6.2.2.5. Sien ook Troost *Boedelbeplanning: Module van die Instituut van Lewens- en Pensioenadviseurs* 6.4; Botha, Geach, Goodall & Rossini *South African Financial Planning Handbook 2004* 531 – 532; Vgl ook Botha, Geach, Goodall & Rossini *South African Financial Planning Handbook 2004* 613 – 614.

<sup>155</sup> Wet 58 van 1962.

<sup>156</sup> Wet 88 van 1984.

<sup>157</sup> Sien ook Huxham & Haupt *Notes on South African Income Tax* 535 – 538; Swart, Graham, Van der Westhuizen & Abrie *Die Beplanning en Bereddering van Boedels* 268; Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 208 – 209.

Ingevolge die bepalings van artikel 3(3)(a)(i) van die Boedelbelastingwet<sup>158</sup> word so 'n skenking ook nie vir boedelbelastingdoeleindes in ag geneem nie. Daar kan selfs van 'n lewensversekeringsproduk gebruik gemaak word om die skenking te fasiliteer.<sup>159</sup>

#### 6.2.2.9 Verkoop van boedelbates

Die doel met hierdie meganisme is hoofsaaklik om boedelgroei vas te pen.<sup>160</sup> Aangesien boedelbates nie vir 'n bedrag minder as die billike markwaarde daarvan verkoop kan word sonder om skenkingsbelastingimplikasies teweeg te bring nie is die aanwendingsmoontlikhede van hierdie meganisme redelik beperk.<sup>161</sup> Soos reeds vermeld, kan hierdie meganisme egter doeltreffend in kombinasie met skenkings benut word.<sup>162</sup>

#### 6.2.2.10 Maatskappye en beslote korporasies

Vir doeleindes van die onderhawige studie sal hierdie instrumente slegs kortliks bespreek word.<sup>163</sup>

<sup>158</sup> Wet 45 van 1955.

<sup>159</sup> Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 15-4 tot 15-5.

<sup>160</sup> Dawson *Estate Planning Guide* 65.

<sup>161</sup> *Ibid.* Sien ook die bepalings van art 54 – 56 van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962.

<sup>162</sup> Sien *supra* 6.2.2.4, 6.2.2.5 en 6.2.2.6.

<sup>163</sup> Soos vermeld, word die studie egter beperk tot boedelbeplanning tov 'n erflater wat hom in die nis van 'n gemiddelde salaristrekker bevind. Sien *supra* hfst 1.



Indien 'n erflater aandeelhouding in 'n maatskappy of ledebelang in 'n beslote korporasie besit, vorm sodanige aandeelhouding of ledebelang, na gelang die geval, 'n bate in sy boedel. Vanuit 'n boedelbelastingoogpunt beskou, sou die ideaal wees om hierdie aandeelhouding of ledebelang vanuit die erflater se boedel te verplaas en oor te dra na 'n entiteit wat nie boedelbelastingpligtig is nie terwyl die erflater steeds in 'n sekere mate beheer daaroor behou.

'n Verdere voordeel van so 'n oordrag van bates is dat die toekomstige groei in die waarde van die aandele in so 'n geval buite die erflater se boedel plaasvind.<sup>164</sup>

'n Maatskappy is egter 'n meer dinamiese instrument as 'n beslote korporasie vir hierdie doel aangesien die aandele van 'n maatskappy wat deel van 'n erflater se boedelbates uitmaak aan 'n *inter vivos* trust oorgedra kan word terwyl dit nie die geval by 'n beslote korporasie is nie.<sup>165</sup>

---

<sup>164</sup> Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 13-3 tot 13-4.

<sup>165</sup> Kragtens die bepalings van art 29 van die Wet op Beslote Korporasies 69 van 1984 is dit 'n vereiste dat lede van 'n beslote korporasie natuurlike persone moet wees en mag geen regspersoon of trustee van 'n *inter vivos* trust 'n ledebelang daarin hou nie.

Die oordrag van die aandele vind normaalweg plaas deur die skepping van 'n leningsrekening<sup>166</sup> of deur middel van 'n verkoopstransaksie.<sup>167</sup> Uiteraard kan aandele ook aan sekere testamentêre begunstigdes (wat die erflater in ieder geval testamentêr wil bevoordeel) deur middel van 'n toepaslike ooreenkoms oorgedra word sodat die toename daarvan in waarde vervolgens buite die erflater se boedel plaasvind.<sup>168</sup>

Die struktuur en aandeelhouding verskil gewoonlik van maatskappy tot maatskappy en behoort beoordeel te word met inagneming van die persoonlike omstandighede en behoeftes van elke erflater.<sup>169</sup> In die meeste gevalle sal die oordrag so gestruktureer word dat die erflater genoegsame aandeelhouding behou sodat hy steeds in effektiewe beheer van die maatskappy sou wees na die oordrag.<sup>170</sup>

---

<sup>166</sup> In *CSAR v Woulidge* [1999] 4 All SA 519 (C) (62 SATC 1) is daar beslis dat in die geval waar 'n persoon aandele teen markwaarde aan 'n trust verkoop dmv die skepping van 'n rentevrye lening, die verkope van die aandele aan die trust nie 'n skenking, oormaking of ander vrywillige beskikking daarstel nie. Die hof het ook beslis dat die nie-heffing van rente op die lening aan die trust 'n sg vrygewige beskikking daarstel. Sien ook Huxham & Haupt *Notes on South African Income Tax* 585. Hierdie skrywers is in hfst 27 die mening toegedaan dat 'n vrygewige beskikking egter nie 'n skenking is nie en dat skenkingsbelasting in sodanige geval nie betaalbaar sal wees nie. Sodanige verkoopstransaksie sou volgens hierdie skrywers egter wel tot die toepassing van art 7(3), (4), (5), (6), (7) en (8) van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 aanleiding gee (na gelang van die besondere omstandighede).

<sup>167</sup> Dawson *Estate Planning Guide* 66.

<sup>168</sup> *Ibid.*

<sup>169</sup> *Ibid.*

<sup>170</sup> Let egter ook op die bepalinge van art 199 van die Maatskappywet 61 van 1973.



### 6.3 Relevante wetgewing: kontrolefunksies

Daar is reeds aangetoon dat 'n behoorlike kennis van die Boedelwet,<sup>171</sup> Boedelbelastingwet,<sup>172</sup> Wet op Testamente,<sup>173</sup> Wet op Intestate Erfopvolging,<sup>174</sup> Wet op die Beheer oor Trustgoed<sup>175</sup> en die Inkomstebelastingwet<sup>176</sup> vir die professionele boedelbeplanner van wesenlike belang is.<sup>177</sup> Vanweë die multidissiplinêre aard van die vakdissipline boedelbeplanning is dit ook van belang vir doeleindes van die boedelbeplanningsproses dat kennis van die bepalinge van verskeie ander wette geneem word.<sup>178</sup> Sommige relevante bepalinge van hierdie wette is reeds bespreek.<sup>179</sup> Vervolgens sal 'n aantal aspekte uit die belangrikste van hierdie wette beklemtoon word ten einde die boedelbeplanner daarop te wys dat sekere kontroles ten aansien van hierdie wette gedoen moet word.

---

<sup>171</sup> Wet 66 van 1965.

<sup>172</sup> Wet 45 van 1955.

<sup>173</sup> Wet 7 van 1953.

<sup>174</sup> Wet 81 van 1987.

<sup>175</sup> Wet 57 van 1988.

<sup>176</sup> Wet 58 van 1962.

<sup>177</sup> Sien *supra* hoofstukke 2 en 3.

<sup>178</sup> Sien *supra* hfst 2.

<sup>179</sup> *Ibid.*

### 6.3.1 Die Inkomstebelastingwet 58 van 1962

Dit is belangrik om enige boedelbeplanningsvoordele kragtens die implementering van enige van die beskikbare meganismes te verdiskonteer teen enige moontlike nadeel wat dit ten opsigte van potensiële inkomstebelastingaanspreeklikheid teweeg mag bring (na gelang die betrokke erflater se besondere omstandighede). Uit die talle bepalings van hierdie wet wat 'n impak op enige boedelbeplanning mag hê, word die aandag slegs op die volgende belangrike punte gevestig:

(a) Persoonlike inkomstebelastingverpligtinge van die erflater

Uitstaande persoonlike inkomstebelastingverpligtinge van die erflater by sy dood (ten opsigte van daardie belastingjaar sowel as uitstaande bedrae verskuldig kragtens vorige uitstaande belastingaanslae) moet deur die eksekuteur van sy boedel vereffen word.<sup>180</sup>

(b) Die belasbaarheid van die inkomste van 'n trust

Die trustfiguur as 'n instrument vir boedelbeplanning is reeds bespreek.<sup>181</sup>

---

<sup>180</sup> Sien die bepalings van art 1, 7 en 10 van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962.

<sup>181</sup> Sien *supra* 6.2.1.8 en 6.2.2.1.



'n Trust word ingevolge die bepalings van artikel 1 van die Inkomstebelastingwet<sup>182</sup> by die omskrywing van 'n "persoon" ingesluit. 'n Trust word op sy inkomste belas tensy sodanige inkomste ingevolge die bepalings van artikel 25B of artikel 7 van die Inkomstebelastingwet<sup>183</sup> toegedig word aan iemand anders (byvoorbeeld 'n trustbegunstigde).<sup>184</sup> Die Inkomstebelastingwet<sup>185</sup> bevat 'n spesifieke skaal waarvolgens die inkomste wat 'n trust toeval (en nie in 'n gegewe belastingjaar aan die begunstigdes kragtens die geleibuisbeginsel uitbetaal word nie),<sup>186</sup> belas word.<sup>187</sup>

---

<sup>182</sup> Wet 58 van 1962.

<sup>183</sup> *Ibid.*

<sup>184</sup> Huxham & Haupt *Notes on South African Income Tax* 582 – 584.

<sup>185</sup> Wet 58 van 1962.

<sup>186</sup> *Trustees of the Hall Trust Fund v CIR* (1931 WLD).

<sup>187</sup> 'n Trust word tans teen 'n vaste koers van 40 % op belasbare inkomste belas en is nie geregtig op 'n primêre korting nie. Hierbenewens word 50 % van enige kapitaalwins wat die trust maak by sy bruto inkomste ingesluit vanaf 1 Oktober 2001, tensy die wins toeskryfbaar is aan iemand anders. Daar is uitsonderings soos bv 'n spesiale trust wat kragtens dieselfde belastingtabel as individue belas word en ten aansien waarvan slegs 25 % van 'n kapitaalwins by die inkomste van 'n spesiale trust ingesluit word. Sien ook Huxham & Haupt *Notes on South African Income Tax* 582 – 583 en 594 – 595.

Huxham en Haupt<sup>188</sup> verskaf die volgende nuttige opsomming van artikel 25B:

“25B(1) Any income received by or accrued to or in favour of any person in his capacity as a trustee of a trust during any year of assessment shall, subject to the provisions of section 7 to the extent that it has been derived for the immediate or future benefit of an ascertained beneficiary who has a vested right to such income during such year be deemed to be income accrued to the beneficiary otherwise be deemed to be the income of the trust fund.

25B(2) Where the beneficiary has acquired a vested right in consequence of the exercise by the trustee of a discretion vested in him by the trust deed such income is deemed to be derived for the benefit of such beneficiary.

---

<sup>188</sup> Huxham & Haupt *Notes on South African Income Tax* 583 – 584.



- 25B(2A) Accumulated income distributed by a foreign trust to a South African resident who was a beneficiary in the previous year when the trust received the income shall be included in the income of the South African resident if it has not already been subject to tax in South Africa.
- 25B(3) Any deduction or allowance which may be made under the Act in calculating the taxable income and which relates to the income which has accrued to a beneficiary or to the trust fund, is deemed to be a deduction which is permitted in the hands of the person who is deemed to have derived the income, to the extent to which the income is deemed to accrue to the beneficiary or to the trust fund.
- 25B(4) Any deduction or allowance allocated to the beneficiary shall be limited to the income accruing to the beneficiary from that trust in the year of assessment.

- 25B(5) The excess of expenditure over income in s 25B(4) shall be deducted by the trust in that year but limited to the taxable income of the trust before the deduction of such expenditure. Where the trust is not subject to tax in South Africa, the excess expenditure is carried forward and treated as a deduction or allowance which the beneficiary may claim in the next year from the income he gets from that trust.
- 25B(6) If the trust cannot absorb the full deduction or allowance disallowed to the beneficiary (see s 25B(4) and (5) above) the excess may be granted as a deduction or allowance to the beneficiary in the next year of assessment subject to the same limitation as in s 25B(4).
- 25B(7) The provisions of s 25B(4) - (6) do not apply in respect of any income deemed to have accrued to any beneficiary in terms of s 25B(1) where the beneficiary is not subject to tax in South Africa on such income."



Huxham en Haupt<sup>189</sup> verduidelik die toepaslike bepalinge van artikel 7 soos volg:

**"Section 7(3)**

This section deems income to be received by a parent if –

- it has been received by or accrued to a *minor child* of that parent (or has been spent on his maintenance, or education, or for his benefit, or has been invested for him)
- and it was so received because of a donation, settlement, interest-free loan, or similar gratuitous disposition made by that parent (see below).

**Section 7(5)**

This section basically applies if someone has made a donation, settlement, interest-free loan, or similar gratuitous disposition to a trust.

---

<sup>189</sup> Huxham & Haupt *Notes on South African Income Tax* 585 - 586.

The income arising out of such a gratuitous disposition is taxed in the hands of the person who made the disposition (if the income is retained in the trust due to a stipulation in the trust deed which states that the income shall not be distributed until the happening of some event). If income is able to be retained in the trust, some stipulation must have provided for this.

**Section 7(6)**

If any deed of donation, settlement or other disposition contains any stipulation that the right to receive any income thereby conferred may, under powers retained by the person by whom that right is conferred, be revoked or conferred upon another, so much of any income as in consequence of the donation, settlement or other disposition is received by or accrues to or in favour of the person on whom that right is conferred, shall be deemed to be the income of the person by whom it is conferred, so long as he retains those powers.



### **Section 7(7)**

This section only applies to investment income (rental, interest, royalties, or similar income). Again a donation, settlement, or other similar disposition is necessary. Basically, the donor is taxed on the investment income if he cedes it to someone else but retains the underlying property, or if he gives the underlying property to someone else but retains the right to regain the property in the future.

### **Section 7(8)**

Where a non-resident receives income by reason of *or* in consequence of any donation, settlement or other disposition made by a South African resident, the South African resident is taxed on *that* income (i.e. the income attributable to the donation, settlement, or similar disposition).

This provision does not apply to income received by controlled foreign companies. (*Note:* A trust is not a controlled foreign company.) It does also not apply to donations, etc. to a foreign entity of a public character.

This sub-section is not limited to trusts. A donation to any entity as a result of which a non-resident receives income is subject to the sub-section.

### **Section 7(9)**

If an asset is sold at less than market value the shortfall is deemed to be a donation for the purpose of section 7. This subsection was introduced in December 2000 and seems superfluous, as a sale at less than market value is a "similar disposition" in any event.

### **Section 7(10)**

A South African resident who makes a donation, settlement, or disposition as contemplated in section 7 has to disclose this fact to the Commissioner in writing when submitting his tax return for the year when the donation, etc. was made."

Die bepalings van artikel 25B is onderhewig gestel aan die bepalings van artikel 7.<sup>190</sup> Indien die bepalings van artikel 7 aanwending vind, geniet dit dus voorrang bo die bepalings van artikel 25B.

Die boedelbeplanner moet dus deeglik van die bepalings van artikel 25B en artikel 7 van hierdie wet kennis neem.<sup>191</sup>

---

<sup>190</sup> Huxham & Haupt *Notes on South African Income Tax* 585 – 586.

<sup>191</sup> Sien ook die bespreking hiervan in Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 6-3 tot 6-40.



(c) Die belasbaarheid van inkomste wat bestorwe boedels toeval Ingevolge artikel 1 van die Inkomstebelastingwet<sup>192</sup> word 'n bestorwe boedel ook ingesluit by die omskrywing van 'n "persoon" soos verteenwoordig deur die eksekuteur. Artikel 25 van die wet bevat belangrike bepalings met betrekking tot inkomste wat ontvang is deur die eksekuteur van 'n bestorwe boedel waarvan die boedelbeplanner kennis moet neem.<sup>193</sup> Huxham en Haupt<sup>194</sup> verskaf die volgende opsomming van die bepalings van artikel 25:

"s25(1) Any income received by or accruing to the executor which would have been income in the hands of the deceased shall, if such income has been derived for the immediate or future benefit of any ascertained heir or legatee, be deemed to be income of such heir or legatee, and, if not, be deemed to be income of the deceased estate.

---

<sup>192</sup> Wet 58 van 1962.

<sup>193</sup> Huxham & Haupt *Notes on South African Income Tax* 344.

<sup>194</sup> Huxham & Haupt *Notes on South African Income Tax* 585 – 586.

s25(2) Any deduction or allowance which relates to any income which is deemed to be income of an heir or legatee in terms of s25(1), shall be deemed to be a deduction or allowance of such heir or legatee.

s25(3) A liability for tax shall not arise in both the heir's hands and the estate in respect of the same amount of income, i.e. the possibility of double taxation is prevented."

(d) Algemene belastingvermydingsmaatreëls

Huxham en Haupt<sup>195</sup> omskryf die vermyding van belasting soos volg:

"...an attempt to minimise a tax liability using legal means, *i.e.* to regulate your affairs in such a way that you pay the minimum tax rather than the maximum".

Dit is trouens ook wat die boedelbeplanner vir die erflater binne die raamwerk van die wense van die erflater probeer nastreef. Artikel 103(1) van die Inkomstebelastingwet<sup>196</sup> bevat egter 'n algemene belastingvermydingsmaatreël waarvan die boedelbeplanner deeglik kennis moet neem.

---

<sup>195</sup> Huxham & Haupt *Notes on South African Income Tax* 344 – 345.

<sup>196</sup> Wet 58 van 1962.



Die artikel bepaal die volgende:

**“103. Transaksies, handeling of skemas om aanspreeklikheid vir belasting te vermy of uit te stel of bedrag van belasting te verminder.**-(1) Wanneer die

kommissaris oortuig is dat 'n transaksie, handeling of skema (ongeach of dit voor of na die inwerkingtreding van hierdie Wet aangegaan, verrig of uitgevoer is, en met inbegrip van 'n transaksie, handeling of skema waarby die vervreemding van eiendom betrokke is) -

- (a) aangegaan, verrig of uitgevoer is wat die uitwerking het om aanspreeklikheid vir die betaling van 'n belasting of heffing opgelê deur hierdie Wet of 'n vorige Inkomstebelastingwet te vermy of uit te stel of om die bedrag daarvan te verminder; en
- (b) met inagneming van die omstandighede waaronder die transaksie, handeling of skema aangegaan, verrig of uitgevoer was –
  - (i) aangegaan, verrig of uitgevoer was -
  - (aa) in die geval van 'n transaksie, handeling of skema in die konteks van besigheid, op 'n wyse wat nie normaalweg vir *bona fide*

- sakedoeleindes, behalwe die verkryging van 'n belastingvoordeel, gebruik sou word nie; en
- (bb) in die geval van enige ander transaksie, handeling of skema, synde 'n transaksie, handeling of skema wat nie binne die bepalings van item (aa) val nie, deur middele of op 'n wyse wat nie normaalweg by die aangaan, verrigting of uitvoering van 'n transaksie, handeling of skema van die aard van die onderhawige transaksie, handeling of skema aangewend sou word nie; of
- (ii) regte of verpligtinge geskep het wat nie normaalweg tussen persone wat by 'n transaksie, handeling of skema van die aard van die onderhawige transaksie, handeling of skema, die uiterste voorwaardes beding, gskep sou word nie, en
- (c) aangegaan, verrig of uitgevoer was uitsluitlik of hoofsaaklik vir die doeleindes van die verkryging van 'n belastingvoordeel,



stel die Kommissaris die belastingpligtigheid ten opsigte van enige belasting of heffing deur hierdie Wet opgelê, asook die bedrag daarvan, vas asof die transaksie, handeling of skema nie aangegaan, verrig of uitgevoer is nie, of op so 'n wyse vas as wat hy in die omstandighede van die geval gepas ag vir die voorkoming of beperking van sodanige vermyding, uitstel of vermindering.”

Benewens hierdie algemene teenvermydingsbepaling is daar nog verskeie ander spesifieke teenvermydingsbepalings waarvan die boedelbeplanner ook kennis behoort te neem.<sup>197</sup>

(e) Die heffing van skenkingsbelasting

Huxham en Haupt<sup>198</sup> omskryf skenkingsbelasting as 'n belasting wat op die netto oordrag van bates gehef word. Die heffing van hierdie vorm van belasting word deur die bepalings van artikels 54 tot 64 van die Inkomstebelastingwet<sup>199</sup> gereguleer.<sup>200</sup>

---

<sup>197</sup> Sien ook die bepalings van art 1, 7(1) – (8), 8A en E, 9, 9D en E, 23B en F, 24J, 31 en 103(5) van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962.

<sup>198</sup> Huxham & Haupt *Notes on South African Income Tax* 533.

<sup>199</sup> Wet 58 van 1962.

<sup>200</sup> Sien ook Joffe "Donations Tax Issues: Two Recent Cases" 2003 *Insurance and Tax* 18 4 3 – 7.

Vanuit 'n boedelbeplanningsoogpunt is dit ook van belang om te let op die vrystellings van skenkingsbelasting soos uiteengesit in die bepalings van artikel 56 van die wet.

(f) Belastingimplikasies ten aansien van jaargelde

Hierdie kwessie is reeds hierbo bespreek.<sup>201</sup> Die boedelbeplanner moet homself dus vergewis van die bepalings van artikel 10A van die Inkomstebelastingwet<sup>202</sup> en die vereistes waaraan voldoen moet word sodat die voordeel van die kapitaalelement vrystelling kan geld.

(g) Belastingimplikasies ten aansien van enkelbedrae wat die erflater by sy aftrede toeval

Die boedelbeplanner behoort kennis te neem van die bepalings van artikel 1 saamgelees met die bepalings van paragraaf 1 van die Tweede Bylae tot die Inkomstebelastingwet<sup>203</sup> waarin formule A en B vervat is. Die erflater se aanspreeklikheid vir inkomstebelasting ten aansien van enkelbedrae en ander voordele wat hom uit hoofde van 'n aftreefonds toeval, word hiervolgens bepaal. Ten aansien van diensbeëindiging van die erflater behoort daar gelet te word op die bepalings van artikel 7A(4A) en artikel 10(1)(x) van die wet.<sup>204</sup>

---

<sup>201</sup> Sien *supra* 6.2.1.6.

<sup>202</sup> Wet 58 van 1962.

<sup>203</sup> *Ibid.*

<sup>204</sup> Sien ook die bespreking van hierdie artikels in Huxham & Haupt *Notes on South African Income Tax* 467 ev en 566 ev.



(h) Die impak van kapitaalwinsbelasting

Die boedelbeplanner moet kennis neem van die bepalinge van paragraaf 2 van die Agtste Bylae tot die Inkomstebelastingwet<sup>205</sup> waarin die implikasies van kapitaalwinsbelasting uiteengesit word. Dit is ook belangrik om enige metode, tegniek of instrument wat aangewend word ten einde boedelbelasting te verminder of te bespaar eers aan die hand van die bepalinge ten aansien van die heffing van kapitaalwinsbelasting te toets alvorens dit sonder meer aangewend word.<sup>206</sup>

6.3.2 Die Boedelbelastingwet 45 van 1955

Ingevolge die bepalinge van die Boedelbelastingwet<sup>207</sup> wat op 1 April 1955 in werking getree het, is boedelbelasting betaalbaar ten opsigte van die boedel van elke persoon (erflater) wat te sterwe kom en op die datum van sy dood in Suid-Afrika woonagtig was.<sup>208</sup>

---

<sup>205</sup> Wet 58 van 1962.

<sup>206</sup> Kapitaalwinsbelasting is deur die Wysigingswet op Belastingwette 5 van 2001 in die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 ingevoeg. Sien ook die bespreking van kapitaalwinsbelasting in Huxham & Haupt *Notes on South African Income Tax* hfst 30. Sien ook *supra* vn 134.

<sup>207</sup> Wet 45 van 1955.

<sup>208</sup> Sien ook die bespreking hiervan in Huxham & Haupt *Notes on South African Income Tax* hfst 25.

Artikel 3 van hierdie wet omskryf presies wat 'n boedel behels en dit bevat ook bepalinge ingevolge waarvan sekere bates geag word bates van die bestorwe boedel vir boedelbelastingdoeleindes te wees.<sup>209</sup> Artikel 4 is 'n belangrike artikel vir doeleindes van boedelbeplanning aangesien hierdie artikel besonderhede van alle aftrekkings vir doeleindes van boedelbelasting bevat.<sup>210</sup> Die bepalinge van artikel 5 van die wet is ook van belang ten aansien van die waardasie van boedelbates en beperkte regte vir doeleindes van boedelbelasting.<sup>211</sup>

### 6.3.3 Die Boedelwet 66 van 1965

Die relevansie van die bepalinge van hierdie wet is reeds in hoofstuk 3 bespreek. Soos vermeld, is dit vir die boedelbeplanner van belang om oor 'n deeglike kennis van die boedelberedderingsproses te beskik ten einde enige boedelbeplanning sinvol te kan benader.<sup>212</sup>

### 6.3.4 Die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984

Hierdie wet het op 1 November 1984 in werking getree en kennis van die bepalinge van hierdie wet is van wesenlike belang aangesien die huweliksgoederebedeling van die betrokke partye een van die primêre vertrekpunte vir enige boedelbeplanning is.

---

<sup>209</sup> Sien ook Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 2-12 tot 2-18.

<sup>210</sup> Sien ook Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 2-19 tot 2-24.

<sup>211</sup> Sien ook Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 2-30 tot 2-43.

<sup>212</sup> Sien *supra* hoofstukke 3 en 5.



Dit beïnvloed trouens die formaat van die ontledingsmodel ingevolge waarvan 'n proefberedding gedoen word om 'n voorgestelde boedelplan te toets.<sup>213</sup>

#### 6.3.5 Die Wet op Testamente 7 van 1953

Een van die hoofkategorieë ingevolge waarvan 'n boedelbeplanning onderneem kan word, is testamentêre meganismes. Die boedelbeplanner moet dus oor 'n deeglike kennis van die bepalinge van hierdie wet beskik. Die wet bevat belangrike bepalinge oor (onder andere) die formaliteite waaraan 'n dokument moet voldoen ten einde as 'n regsgeldige testament beskou te word.<sup>214</sup> Dit is uiteraard belangrik dat die testament as die instrument waarkragtens die boedelplan prakties in werking gestel word nie later vanweë tegniese redes ongeldig verklaar word nie.<sup>215</sup> Dit is ook van belang om daarop te let dat ingevolge die bepalinge van artikel 2(3) van hierdie wet<sup>216</sup> die bevoegdheid aan die hof verleen word om 'n vormgebreklike testament te kondoneer indien daar aan sekere vereistes voldoen word.

---

<sup>213</sup> Sien *supra* 5.3. Sien ook die bespreking hiervan in Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 10-3 tot 10-10.

<sup>214</sup> Sien art 1, 2, 3 en 4 van die Wet op Testamente 7 van 1953.

<sup>215</sup> Sien die bespreking hiervan *supra* hfst 4.

<sup>216</sup> Wet op Testamente 7 van 1953.

De Waal en Schoeman-Malan<sup>217</sup> omskryf hierdie vereistes soos volg:

- “ (a) daar moet ’n dokument wees (skrif word dus vereis),
- (b) wat opgestel of verly is (deur ’n persoon wat sedert die opstel of verlyding daarvan gesterf het),
- (c) met die bedoeling dat die dokument sy testament moet wees.”

### 6.3.6 Die Wet op Intestate Erfopvolging 81 van 1987

Hierdie wet reguleer die situasie waar die erflater sonder ’n regsgeldige testament te sterwe sou kom.<sup>218</sup> Daar kan na hierdie reëls as ’n boedelplan deur regswerking verwys word.<sup>219</sup> Dit is vir die boedelbeplanner belangrik om veral te let op die bepalings van hierdie wet wat die regte van die langsewende gade uiteensit in die geval waar die eerssterwende gade intestaat gesterf het.<sup>220</sup>

### 6.3.7 Die Wet op die Opheffing of Wysiging van Beperkinge op Onroerende Goed 94 van 1965

Dit is vir die boedelbeplanner belangrik om kennis te neem van die

---

<sup>217</sup> De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 64.

<sup>218</sup> Dit bevat dus die reëls van die intestate erfreg.

<sup>219</sup> Sien ook *supra* 2.1.

<sup>220</sup> Sien in hierdie verband die bepalings van art 1 van die Wet op Intestate Erfopvolging 81 van 1987.



bepalings van dié wet in soverre dit magtiging aan 'n hof verleen om sekere van die beperkings op onroerende goed onder sekere omstandighede op te hef. Ingevolge die bepalinge van die wet word 'n *fideicommissum* ten opsigte van onroerende goed tot twee opeenvolgende *fideicommissarii* beperk.<sup>221</sup>

#### 6.3.8 Die Wet op die Onderverdeling van Landbougrond 70 van 1970

Hierdie wet is deur die Wet op die Herroeping van die Wet op die Onderverdeling van Landbougrond<sup>222</sup> herroep maar laasgenoemde wet het egter nog nie in werking getree nie. Ingevolge die bepalinge van die Wet op die Onderverdeling van Landbougrond word die onderverdeling van landbougrond verbied. Hierdie wet omskryf landbougrond as enige grond uitgesluit grond geleë in die gebied van 'n munisipale raad of soortgelyke owerheid.

Kragtens die nuwe grondwetlike bedeling is daar munisipaliteite regoor die hele Suid-Afrikaanse grondgebied ingestel en gevolglik is daar nie meer sprake van grond wat buite munisipale jurisdiksie val

---

<sup>221</sup> Sien die bepalinge van art 6 van die Wet op die Opheffing of Wysiging van Beperkinge op Onroerende Goed 94 van 1965. Sien ook die bespreking hiervan in De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 144; Davis, Beneke & Jooste *Estate Planning* 12-3 tot 12-7.

<sup>222</sup> Wet 64 van 1998.

nie. In *Kotzé v Minister van Landbou*<sup>223</sup> het hierdie kwessie aandag geniet. Die hof het bevind dat die Wet op die Onderverdeling van Landbougrond steeds geld en dat landbougrond alle grond behels uitgesluit grond geleë binne die jurisdiksie van plaaslike owerhede op die laatste stadium waarop sodanige owerhede bestaan het voor die inwerkingtreding van die nuwe grondwetlike bedeling.<sup>224</sup>

Dit is vir die boedelbeplanner belangrik om daarop te let dat die wet die fisiese sowel as ideële verdeling van landbougrond beperk.<sup>225</sup> Ingevolge die bepalinge van hierdie wet kan die bemaking van 'n gedeelte van landbougrond lei tot die gevolg dat die grond in geheel verkoop moet word by vererwing vanweë die juridiese ondeelbaarheid daarvan.<sup>226</sup>

Ingevolge die bepalinge van artikel 3 van die wet word onder andere die volgende verbied:<sup>227</sup>

- (a) onderverdeling van landbougrond; en
- (b) oordrag van eiendomsreg in landbougrond in onverdeelde aandele.

---

<sup>223</sup> 2003 (1) SA 445 (T).

<sup>224</sup> Sien ook Kelly "More about the New Land Bank Act" 2004 *Juta's Business Law* 11 3 183 – 188 tov die Landbank se uitvoerende magte en optredes ten einde dit vir beplanningsdoeleindes in gedagte te hou. Vgl ook *First National Bank of South Africa Ltd v Land and Agricultural Bank of South Africa and Others* 2000 (3) SA 626 (CC).

<sup>225</sup> Abrie, Graham, Schoeman-Malan & Van der Spuy *Bestorwe Boedels* 5.

<sup>226</sup> Abrie, Graham, Schoeman-Malan & Van der Spuy *Bestorwe Boedels* 131.

<sup>227</sup> Abrie, Graham, Schoeman-Malan & Van der Spuy *Bestorwe Boedels* 131 – 132.



Abrie, Graham, Schoeman-Malan en Van der Spuy<sup>228</sup> toon aan dat dit vir die boedelbeplanner en -beredderaar belangrik is om daarvan kennis te neem dat indien landbougrond kragtens 'n testament (of selfs ingevolge die intestate erfreg) aan meerdere erfgename toekom, enige van die volgende metodes van likwidasie (tydens die bereddering van die boedel) gevolg kan word:<sup>229</sup>

- (a) Die grond kan wel onderverdeel of in onverdeelde aandele aan die testamentêre begunstigdes oorgedra word indien die Minister daartoe toestem.
- (b) Die opsie van 'n herverdelingsooreenkoms is ook vir die testamentêre begunstigdes beskikbaar waarvolgens hulle kan ooreenkom dat die grond aan slegs een van hulle oorgedra word.
- (c) Die testamentêre begunstigdes kan 'n privaat maatskappy of beslote korporasie of selfs 'n *inter vivos* trust laat oprig ten einde die grond aan die betrokke regspersoon of trusteees (na gelang die geval) te transporteer.
- (d) Die opsie om die grond ingevolge die bepalings van artikel 5(1) van die wet te verkoop en die opbrengs onder die betrokke testamentêre begunstigdes te verdeel.

---

<sup>228</sup> Abrie, Graham, Schoeman-Malan & Van der Spuy *Bestorwe Boedels* 132 ev.

<sup>229</sup> Abrie, Graham, Schoeman-Malan & Van der Spuy *Bestorwe Boedels* 132.

### 6.3.9 Die Wet op die Beheer oor Trustgoed 57 van 1988

De Waal en Schoeman-Malan<sup>230</sup> toon tereg aan dat daar met die aanname van dié wet 'n belangrike stap in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse trustreg plaasgevind het. Die wet omskryf die trustfiguur<sup>231</sup> en reguleer belangrike aspekte van die trustreg.<sup>232</sup> Die wet reguleer ook die proses waarvolgens 'n trustdokument by die meester van die Hoë Hof ingedien word<sup>233</sup> en verleen aan die meester sekere regsbevoegdhe,<sup>234</sup> onder andere om die trust te registreer en trustees te magtig om aldus namens die trust te handel.<sup>235</sup>

Die boedelbeplanner moet hom dus vergewis van die proses wat gevolg moet word ten einde 'n toepaslike trust op te rig as 'n boedelbeplanningsinstrument. Dit is ook belangrik om te let op die bevoegdhe van die trustees met die oog op toekomstige transaksies tussen die erflater en die trust ten aansien van die moontlike oordrag van bates met 'n groeipotensiaal aan die trust ten einde die waarde van die boedel vir boedelbelastingdoeleindes vas te pen.

---

<sup>230</sup> De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 159.

<sup>231</sup> Sien *supra* 6.2.1.8.

<sup>232</sup> Die wet bevat oa uitvoerige reëlings tav die regsposisie van die trustee. Sien ook die bespreking hiervan in De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 163 – 172.

<sup>233</sup> Art 4 van die Wet op die Beheer oor Trustgoed 57 van 1988.

<sup>234</sup> Art 3 van die Wet op die Beheer oor Trustgoed 57 van 1988.

<sup>235</sup> Art 6 van die Wet op die Beheer oor Trustgoed 57 van 1988.



6.3.10 Die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangersdienste 37 van 2002

Dié wet reël onder andere die lewering van sekere finansiële advies- en tussengangersdienste aan kliënte.

Die term "advies" word ingevolge die wet soos volg gedefinieer:<sup>236</sup>

"...enige aanbeveling, voorligting of voorstel van 'n finansiële aard by wyse van enige middel of medium aan 'n kliënt of groep kliënte verskaf –

- (a) ten opsigte van die koop van enige finansiële produk;  
of
- (b) ten opsigte van die belegging in enige finansiële produk; of
- (c) oor die aangaan van enige ander transaksie, met inbegrip van 'n lening of sessie, gerig op die oploop van enige aanspreeklikheid of die verkryging van enige reg of voordeel ten opsigte van enige finansiële produk; of
- (d) oor die wysiging van enige beding of voorwaarde van toepassing op 'n finansiële produk, oor die vervanging

---

<sup>236</sup> Art 1 van die Wet op op Finansiële Advies- en Tussengangersdienste 37 van 2002.

(e) van enige sodanige produk, of oor die beëindiging van enige aankoop van of belegging in enige sodanige produk,

en ongeag of sodanige advies -

(i) verskaf word in die loop van of bykomstig tot die finansiële beplanning in verband met die sake van die kliënt of nie; of

(ii) tot gevolg het dat enige sodanige koop, belegging, transaksie, wysiging, vervanging of beëindiging, na gelang die geval, bewerkstellig word of nie..."

Die term "tussengangersdiens" word soos volg in die wet omskryf:

"...enige ander handeling as die verskaffing van advies, verrig deur 'n persoon vir of namens 'n kliënt of produkvoorsiener -

(a) waarvan die gevolg is dat 'n kliënt enige transaksie ten opsigte van 'n finansiële produk met 'n produkvoorsiener kan aangaan, aanbied om dit aan te gaan of dit aangaan; of

(b) met die oog daarop om -

(i) 'n finansiële produk gekoop deur 'n kliënt van 'n produkvoorsiener of waarin die kliënt belê het, te koop,



te verkoop of andersins daarin te handel (hetsy op 'n diskresionêre of nie-diskresionêre basis), te bestuur, te administreer, in veilige bewaring te hou, in stand te hou of te diens;

- (ii) premies of ander gelde betaalbaar deur die kliënt aan 'n produkvoorsiener ten opsigte van 'n finansiële produk in te vorder of daarvoor rekeningpligtigheid te aanvaar; of
- (iii) die eise van 'n kliënt teen 'n produkvoorsiener te ontvang, in te dien of te prosesseeer..."

Ingevolge die bepalings van hierdie wet moet finansiële adviseurs en tussengangers gelisensieerd wees ten einde in hierdie professie te kan funksioneer en kliënte van toepaslike advies te bedien.<sup>237</sup>

Soos vermeld,<sup>238</sup> speel die finansiële adviseur 'n belangrike rol by die boedelbeplanningsproses. Finansiële beplanning maak 'n integrale deel van boedelbeplanning uit en finansiële produkte word dikwels aangewend om sekere finansiële leemtes ten aansien van 'n

---

<sup>237</sup> Sien die bepalings van art 7 – 19 van die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangersdienste 37 van 2002.

<sup>238</sup> Sien *supra* 2.3.3.3.

boedelplan te vul. Indien die boedelbeplanner self die rol van 'n finansiële adviseur of 'n aldus bedoelde tussenganger sou vervul, is dit belangrik dat hy kennis neem van die voorskrifte van die wet wat nougeset nagekom moet word ten aansien van die advies en tussengangersdienste wat aan die erflater gelewer word.

#### 6.3.11 Die Wet op Pensioenfondse 24 van 1956

Die bepalings van arikel 37 van hierdie wet is veral vir die boedelbeplanner van belang aangesien dit die situasie ten aansien van 'n lid (erflater) van 'n aftreefonds se sterftevoordele reguleer waar die lid te sterwe sou kom.

Ingevolge die bepalings van artikel 37C van die wet moet die trustees van die betrokke aftreefonds 'n sekere neergelegde prosedure volg om te bepaal watter persone almal in ag geneem moet word vir doeleindes van die verdeling en toekenning van die sterftevoordele ingevolge die lid se lidmaatskap van die fonds. Hierbenewens is daar ook sekere ander relevante bepalings waarvan die boedelbeplanner kennis moet neem.<sup>239</sup>

---

<sup>239</sup> Sien bv ook die bepalings van art 37A en B van die Wet op Pensioenfondse 24 van 1956. Sien ook Henckert "Retirement Annuities: Protection at Insolvency" 1993 *Insurance and Tax* 8 4 22 – 25; Dawson "Retirement Annuities: Protection on Insolvency" 1994 *Insurance and Tax* 9 3 6 – 9 en Dawson "Retirement Annuities: Protection on Insolvency Revisited 1995 *Insurance and Tax* 10 3 3 – 6.



### 6.3.12 Die Wet op Egskeiding 70 van 1979

Die boedelbeplanner behoort ook kennis te neem van die effek van 'n vorige egskeidingsbevel ten aansien van 'n betrokke erflater asook die impak van verpligtinge wat daarvolgens vir die erflater geskep is wanneer 'n boedelplan vir hom saamgestel word.

Artikel 3 van hierdie wet magtig die hof om 'n huwelik deur 'n egskeidingsbevel te ontbind. Artikel 7 van die wet magtig die hof om met die uitvaardiging van 'n egskeidingsbevel ook 'n bevel met betrekking tot die verdeling van die bates van die partye of die betaling van onderhoud deur een van die partye aan die ander te verleen.

Vanuit 'n beplanningsoogpunt moet daar in gedagte gehou word dat die erflater voldoende finansiële voorsiening ten aansien van agterstallige onderhoudsbedrae asook toekomstige onderhoudsverpligtinge behoort te tref.

Hierbenewens kan 'n egskeidingsbevel ook impakteer op 'n erflater se pensioenvoordele wat normaalweg bestem is vir die versorging van sy gesin by sy afsterwe. Artikel 7(7) van die wet ag die gedeelte van die erflater se pensioenvoordele wat as

"pensioenbelang"<sup>240</sup> gedefinieer word as 'n bate in sy boedel vir doeleindes van die verdeling van die partye se boedelbates by egskeiding. Artikel 7(8) van die wet verleen aan die hof 'n diskresie om 'n toekenning van die erflater se pensioenbelang aan die ander gade te maak en om selfs die betrokke fonds te gelas om 'n aantekening in daardie opsig in die fonds se rekords te maak. Hierdie artikel skep dus 'n uitsondering op die verbod op die oordrag van pensioenvoordele soos in die bepalings van artikel 37A van die Wet op Pensioenfondse vervat.<sup>241</sup>

#### 6.3.13 Die Maatskappywet 61 van 1973

Indien daar oorweging geskenk word aan die aanwending van 'n maatskappy as 'n boedelbeplanningsinstrument, is dit vir die boedelbeplanner belangrik om van sekere van die bepalings van dié wet kennis te neem.<sup>242</sup> Kennis van die bepalings ten aansien van die verskillende tipes maatskappye, die samestelling daarvan asook die verskillende soorte aandele is uiteraard vir beplannings-doeleindes van

---

<sup>240</sup> Sien die woordskrywing van die term "pensioenbelang", soos vervat in art 1 van die Wet op Egskeiding 70 van 1979, wat 'n bepaalde berekening van die belang ooreenkomstig 'n bepaalde formule (na gelang die tipe fonds ter sprake) daarstel.

<sup>241</sup> Wet 24 van 1956.

<sup>242</sup> Sien *supra* 6.2.2.10.



belang.<sup>243</sup> Dit is ook vir die boedelbeplanner belangrik om kennis te neem van die uitsonderings op die verbod op maatskappye om geldelike bystand vir die koop van aandele van die maatskappy te verleen.<sup>244</sup> Vanuit 'n beplanningsoogpunt beskou, is dit ook belangrik om daarop te let dat 'n *inter vivos* trust wel aandeelhouding in 'n maatskappy kan besit.<sup>245</sup>

#### 6.3.14 Die Wet op Beslote Korporasies 69 van 1984

Die beslote korporasie as 'n ondernemingsvorm het eers met die inwerkingtreding van hierdie wet op 1 Januarie 1985 tot stand gekom het.

Die struktuur van 'n beslote korporasie verskil in wesenlike opsigte van die struktuur van 'n maatskappy. Voorts is die aanwendingsmoontlikhede van hierdie ondernemingsvorm as 'n boedelbeplanningsinstrument redelik beperk.<sup>246</sup>

### 6.4 Kontrolelyns

'n Kontrolelyns waarvolgens die verskillende fases van die boedelbeplanningsproses asook die implikasies van toepaslike wette

---

<sup>243</sup> Sien die bepalings van art 19 – 31 van die Maatskappywet 61 van 1973.

<sup>244</sup> Sien die bepalings van art 38 van die Maatskappywet 61 van 1973.

<sup>245</sup> Sien ook La Grange "Trusts and Section 3(3)(a)(iA) of the Estate Duty Act" 2003 *Insurance and Tax* 18 1 16 – 18 en Joffe "Trust-owned policies and section 3(3)(a)(ii) of the Estate Duty Act" 2003 *Insurance and Tax* 18 2 13 – 15.

<sup>246</sup> Sien *supra* 6.2.2.10.

afgemerk kan word, behoort vir die professionele boedelbeplanner 'n bykomende nuttige praktiese hulpmiddel te wees. So 'n kontrolelys kan byvoorbeeld ook spesifieke verwysings bevat na moontlike toepaslike wetgewing en ander faktore wat geneig is om met verloop van tyd te verander.<sup>247</sup> Kernick<sup>248</sup> het 'n nuttige *progress sheet* saamgestel ten aansien van die stappe wat gedurende die boedelberedderingsproses gevolg word, waarby die boedelbeplanner ook baat kan vind.

Barker<sup>249</sup> het eweneens 'n sogenaamde *check-list* ten aansien van testamentêre boedelbeplanning geïdentifiseer wat as vertrekpunt kan dien vir 'n meer omvattende kontrolelys ten einde te verseker dat sekere noodsaaklike stappe in die proses nie per abuis oor die hoof gesien word nie.

Daar sal in die volgende hoofstuk aandag geskenk word aan die struktuur van die ideale boedelbeplanningsmodel aan die hand waarvan 'n boedelbeplanner sy eie kontrolelys kan saamstel.<sup>250</sup>

---

<sup>247</sup> Sien die bespreking in hierdie studie van die eerste fase van die boedelbeplanningsproses *supra* 2.4.1. Sien ook *supra* 5.5.

<sup>248</sup> Kernick *Administration of Estates & Drafting of Wills* ix.

<sup>249</sup> Barker *The Drafting of Wills* 25 – 26.

<sup>250</sup> Sien *infra* hfst 7 die voorgestelde boedelbeplanningsmodel aan die hand waarvan die boedelbeplanner 'n toepaslike kontrolelys kan saamstel.



## 6.5 Aanbevelings met uitwysing van die voor- en nadele daarvan

Daar is reeds verwys na die belangrikheid van aanbevelings deur die boedelbeplanner waarin die voor- en nadele daarvan uiteengesit behoort te word.<sup>251</sup> Met inagneming van die inhoud van hierdie hoofstuk kan daar nou aandag geskenk word aan toepaslike aanbevelings ten aansien van die illustratiewe voorbeeld vervat in hoofstuk vyf hierbo.

### 6.5.1 Aanbevelings

Na aanleiding van die probleemareas wat ten aansien van die illustratiewe voorbeeld uitgewys is (met inagneming van die meganismes wat in hierdie hoofstuk geïdentifiseer is), word die volgende aanbevelings aan die hand gedoen:<sup>252</sup>

#### 6.5.1.1 Testateur eerssterwende

- (a) oorweeg die gebruik van sekere beperkte regte<sup>253</sup> in kombinasie met die aftrekking kragtens die bepaling van artikel 4(q) en die korting kragtens artikel 4A van die Boedelbelastingwet<sup>254</sup> ten einde boedelgroei ten aansien van die langlewende te beperk;
- (b) oorweeg die wenslikheid van die realisering van sekere boedelbates<sup>255</sup> of die oornome van sekere laste;<sup>256</sup>

---

<sup>251</sup> Sien *supra* 5.1 en 5.2.

<sup>252</sup> Sien *supra* 5.2.20.

<sup>253</sup> Soos bv vruggebruik.

<sup>254</sup> Wet 45 van 1955.

<sup>255</sup> Sien *supra* 3.2.3.2. Hier kom die belangrikheid van kennis van die metodes van likwidasie tav die boedelberedderingsproses dus weer na vore.

<sup>256</sup> *Ibid.*

- (c) oorweeg die uitname van 'n lewensversekeringspolis met sterftevoordele ten einde die likiditeitstekort aan te suiwer;
- (d) poog om kontant beskikbaar te stel ten einde die testatrise se aanwasvordering daardeur aan te spreek en terselfdertyd haar daardeur in 'n posisie te plaas om die fondse inkomstegewend te belê ter versorging van die gesin<sup>257</sup> (weer eens kan lewensversekering oorweeg word as 'n metode om voldoende kontant beskikbaar te stel); en
- (e) oorweeg die voorkoming van ongelyke vererwing deur die beskikbaarstelling van kontant deur toepaslike lewensversekering of die moontlike oornome van laste deur sekere erfregtelike begunstigdes of die gebruik van beperkte regte (soos vruggebruik).

---

<sup>257</sup> Die volgende metodes kan oorweeg word ten einde voorsiening te tref vir die versorging van die gesin en die beskerming van onervare erfregtelike begunstigdes: (a) lewensversekeringspolis om kapitaal by die dood van die erflater beskikbaar te stel; (b) 'n uittree-annuiteit ten einde inkomste na die dood van die erflater aan die gesin te voorsien; (c) die skepping van beperkte regte soos bv 'n annuiteit of vruggebruik; (d) die oprigting van 'n toepaslike trust ter bewaring van die erfenisse van sekere van die erfregtelike begunstigdes.



#### 6.5.1.2 Testatrise eerssterwende

- (a) oorweeg die wenslikheid van die realisering van sekere boedelbates,<sup>258</sup> die oornome van sekere laste<sup>259</sup> of die uitname van 'n lewensversekeringspolis met sterftevoordele ten einde die likiditeitstekort aan te suiwer; en
- (b) oorweeg die beskikbaarstelling van voldoende kontant ten einde gevolg te verleen aan die wense om kontantlegate aan die kinders te bemaak (weer eens kan lewensversekering oorweeg word as 'n metode om voldoende kontant beskikbaar te stel).

#### 6.5.1.3 Langslewende gade se afsterwe

Oorweeg die wenslikheid van die realisering van sekere boedelbates,<sup>260</sup> die oornome van sekere laste<sup>261</sup> of die uitneem van 'n lewensversekeringspolis met sterftevoordele ten einde voorsiening te maak vir die boedelbelastingverpligtinge asook om die likiditeitstekort aan te suiwer.

---

<sup>258</sup> Sien *supra* 3.2.3.2. Hier kom die belangrikheid van kennis van die metodes van likwidasië tav die boedelberedderingsproses dus weer na vore.

<sup>259</sup> *Ibid.*

<sup>260</sup> Sien *supra* 3.2.3.2. Weer eens kan die belangrikheid van kennis van die metodes van likwidasië tav die boedelberedderingsproses beklemtoon word.

<sup>261</sup> *Ibid.*

#### 6.5.1.4 Gelyktydige afsterwe van beide gades

(a) oorweeg die wenslikheid van die realisering van sekere boedelbates,<sup>262</sup> die oornome van sekere laste<sup>263</sup> of die uitneem van 'n lewensversekeringspolis met sterftevoordele ten einde die likiditeitstekort aan te suiwer; en

(b) oorweeg ook die voorstelle vervat in voetnoot 255 hierbo.

#### 6.5.1.5 Gesinsuitwissing

Oorweeg die aanwysing van testamentêre begunstigdes indien hierdie gebeurtenis sou intree. Oorweeg ook die toepaslike aanwending van die kontantoverskote wat waarskynlik sal ontstaan met die afhandeling van die gades se afsonderlike boedels.

#### 6.5.2 Die voordele

Hierdie aanbevelings kan die volgende voordele aan die erflater bied:<sup>264</sup>

(a) Beperkte regte wat ten gunste van die langsliewende gade geskep word, sal as 'n aftrekking in terme van die bepaling van artikel 4 van die Boedelbelastingwet<sup>265</sup> vir boedelbelastingdoeleindes in ag geneem word.

---

<sup>262</sup> *Ibid.*

<sup>263</sup> *Ibid.*

<sup>264</sup> Sien *supra* 2.4.6 en 5.2.18.

<sup>265</sup> Wet 45 van 1955.



- (b) Oortollige boedelbates (indien enige) wat nie kragtens die testamentêre wense van die testateur vir 'n begunstigde bestem is nie kan ter aansuiwering van enige tekort in kontant omgeskakel word.
- (c) Laste wat deur die langsewende oorgeneem kan word (mits haar inkomste voldoende sou wees om aan die verpligtinge kragtens die laste gereeld gestand te doen), sal die behoefte aan kontant verminder.
- (d) Die testamentêre aanduiding dat die langsewende gade se aanwasvordering in kontant aan haar uitbetaal moet word, sou waarskynlik haar behoefte aan 'n addisionele inkomste verlaag mits daar voldoende kontant daarvoor beskikbaar gestel word.
- (e) Lewensversekering is 'n relatief goedkoop metode om kontant vir doeleindes van die versorging van die gesin, vir delging van laste asook vir die finalisering van die beredderingsproses beskikbaar te stel. Ongelyke vererwing kan ook teengewerk word deur 'n aanvulling van die erfenisse van die begunstigdes wat buite verhouding minder as sekere van die ander begunstigdes sou ontvang.
- (f) Indien die korting wat ingevolge die bepalings van artikel 4A van die Boedelbelastingwet beskikbaar is hoofsaaklik aangewend sou word om boedelbates aan 'n testamentêre trust ten behoeve

van die erflater se gade en afhanklikes te bemaak, sal hierdie bates nie solank dit aan die trust behoort enige latere boedelbelastingimplikasies teweegbring nie. Hierdie bates sal ook deur die trustees vir die trustbegunstigdes beskerm en bewaar word.

### 6.5.3 Die moontlike nadele

Daar moet egter ook rekening gehou word met die moontlike nadele wat hierdie aanbevelings vir die erflater mag inhou ten einde dit op te weeg teen die voordele binne die raamwerk van die testateur se testamentêre wense. In hierdie geval behoort die erflater se aandag op die volgende moontlike nadele gevestig te word:<sup>266</sup>

- (a) Beperkte regte sal weer 'n bate in die langsliewende gade se boedel vir boedelbelastingdoeleindes wees. Daar bestaan egter tegnieke om die waarde van sekere beperkte regte vir hierdie doel tot die minimum te beperk.
- (b) Die situasie ten aansien van boedelbates mag sodanig wees dat daar nie genoegsame oortollige boedelbates mag wees om die kontanttekort aan te suiwer nie. Daar behoort ook in gedagte gehou te word dat bates wat aldus verkoop word normaalweg 'n prys van heelwat laer as markwaarde behaal.

---

<sup>266</sup> Sien *supra* 2.4.6, 2.4.7 en 5.2.18.



- (c) Indien die betrokke krediteure nie bereid is om by die dood van die eerssterwende gade toestemming te verleen dat die langsliewende gade die betrokke laste oorneem nie, sal hulle noodwendig eise teen die boedel van die eerssterwende gade instel. 'n Verdere moontlike nadeel is dat die inkomste van die langsliewende gade moontlik nie voldoende mag wees om aan die verpligtinge wat die laste meebring te voldoen nie.
- (d) Lewensversekering sou slegs 'n beskikbare opsie wees om kontanttekorte by die dood van die erflater aan te suiwer indien die erflater wel versekerbaar sou wees. Hierbenewens bring lewensversekering 'n addisionele boedelbelasting-implikasie teweeg. Die boedelbeplanner moet hierdie implikasie ook verdiskonteer in die voorgestelde bedrag ten aansien waarvan lewensversekering oorweeg word.

## **6.6 Samevatting**

Dit het duidelik uit hierdie hoofstuk na vore gekom dat daar verskeie boedelbeplanningsmetodes, -tegnieke en -instrumente bestaan wat benut kan word om 'n erflater se boedel effektief en prakties doeltreffend te beplan vir doeleindes van die intrede van sy dood.

Na aanleiding van die profiel van die erflater (insluitende sy testamentêre wense), die samestelling van sy boedelbates en die aard en omvang van sy laste behoort die beplanner in oorleg met die erflater te bepaal in watter van die volgende kategorieë die erflater geplaas kan word:

- (a) boedelbeplanning deur middel van testamentêre meganismes;<sup>267</sup> of
- (b) boedelbeplanning deur middel van *inter vivos* meganismes;<sup>268</sup> of
- (c) boedelbeplanning deur middel van 'n kombinasie van testamentêre en *inter vivos* meganismes.

Die professionele boedelbeplanner behoort egter uit die talle beskikbare meganismes (waarvan net die belangrikes hierin vermeld is) wat benut kan word, slegs te fokus op daardie meganismes wat ten aansien van die betrokke erflater toepaslik en doeltreffend sou wees. Die effek van die verskillende meganismes wat aangewend word, moet ook ten aansien van die boedelplan in geheel oorweeg word.<sup>269</sup>

---

<sup>267</sup> Sien *supra* 6.2.1.

<sup>268</sup> Sien *supra* 6.2.2.

<sup>269</sup> Sien die voorgestelde boedelbeplanningsmodel *infra* in hfst 7.



Indien enige van die beskikbare meganismes bloot lukraak geïmplementeer word, kan dit lei tot 'n toename in die boedeluitgawes en boedelbelasting wat weer tot nadeel van die erflater en die begunstigdes sou strek.

Die beskikbare boedelbeplanningsmetodes, -tegnieke en -instrumente kan as die gereedskap beskou word waarmee die strategiese gaping (soos deur die boedelontledingsmodel uitgewys word) gedurende die boedelbeplanningsproses met omsigtigheid oorbrug kan word.<sup>270</sup>

Talle boedelbeplanningsmetodes, -tegnieke en -instrumente is beskikbaar wat (indien oordeelkundig aangewend word) onder andere die volgende voordele vir die erflater kan inhou:

- (a) die vermindering van potensiële boedeluitgawes en belasting-aanspreeklikheid;
- (b) die fasilitering van die praktiese uitvoering van die erflater se testamentêre wense met die insluiting van alternatiewe voorstelle;
- (c) die skepping van likiditeit vir die doeltreffende bereddering van die boedel;

---

<sup>270</sup> Die resultaat van enige van die boedelbeplanningsmetodes, -tegnieke en -instrumente wat aangewend word, moet egter ook vir praktiese doeltreffendheid binne die raamwerk van die testateur se testamentêre wense getoets word.

- (d) die beskikbaarstelling van kontant vir die versorging van die afhanklikes;
- (e) die beskerming van boedelbates teen 'n gedwonge verkoping as metode van likwidasie;
- (f) die beskerming van die voordele wat minderjarige of selfs onervare testamentêre begunstigdes toekom;
- (g) die teenwerking van ongelyke vererwing; en
- (h) die bevordering van 'n spoedige en doeltreffende (toekomstige) boedelberedderingsproses.

Ten spyte van hierdie hulpmiddels is dit egter vir die boedelbeplanner belangrik om ook die menslike faktor by boedelbeplanning in gedagte te hou. Olivier en Van den Berg<sup>271</sup> verskaf 'n nuttige uiteensetting hiervan waaruit dit duidelik blyk dat erflaters mense is met hul eie voorafopgestelde idees en dat hul persoonlike besonderhede en omstandighede so verskillend is dat elke erflater inderdaad uniek is.<sup>272</sup>

Boedelbeplannings sal dus van erflater tot erflater verskil. Die boedelbeplanner sal dus sy oordeel ten aansien van elke individuele erflater aan die hand van die uitgekristaliseerde riglyne moet uitoefen.

---

<sup>271</sup> Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* hfst 2.

<sup>272</sup> Sien ook Van der Westhuizen se mening hieroor in Van der Westhuizen *The Right Tool makes all the Difference* 2.



## HOOFSTUK 7

### 7 BOEDELBEPLANNING: DIE VOORGESTELDE MODEL

#### 7.1 Inleiding

Soos vermeld, is daar al by meerdere geleenthede gepoog om die ideale boedelbeplanningsmodel te identifiseer.<sup>1</sup> Die dilemma is egter dat skrywers deurgaans gepoog het om al die multidissiplinêre kenmerke van boedelbeplanning in een enkele model saam te vat ten einde sodanige model universeel toe te pas. Myns insiens is hierdie vakgebied te omvangryk om 'n model te identifiseer wat ten aansien van alle persone universeel toegepas kan word.

As vertrekpunt behoort daar onderskei te word tussen persone in die verskillende nisse.<sup>2</sup> Die erflater behoort in die bepaalde nis waarin hy val geplaas te word vir doeleindes van die beoogde boedelbeplanning. Die ideaal sou wees om 'n afsonderlike model vir elke nis te identifiseer ten einde die toepaslike model doeltreffend te benut.

---

<sup>1</sup> Sien *supra* hfst 1.

<sup>2</sup> 'n Persoon wat homself in die nis van die gemiddelde salaristrekker bevind se boedelplan behoort op ander aspekte te fokus as bv 'n persoon wat homself binne die nis van 'n professionele entrepreneur en sakeman sou bevind.

Daar is reeds vermeld dat daar vir doeleindes van hierdie studie gefokus word op beplanning ten aansien van die intrede van die dood van 'n erflater wat hom binne die nis van 'n gemiddelde salaristrekker bevind.<sup>3</sup> Daar moet ook nie uit die oog verloor word dat hierdie 'n voortdurende proses is wat van tyd tot tyd hersien behoort te word nie.<sup>4</sup>

Olivier<sup>5</sup> voer aan dat dit prakties sou wees om 'n boedeleienaar se sake aan die hand van 'n model vir boedelbeplanning te ontleed. Hy beskou dus 'n ontledingsmodel as 'n integrale deel van 'n toepaslike boedelbeplanningsmodel en bespreek dan sy voorgestelde model aan die hand van sekere praktiese voorbeelde.

Swart, Graham, Van der Westhuizen en Abrie<sup>6</sup> vermeld dat 'n behoorlike boedelbeplanning noodwendig die identifikasie en ontleding van sekere basiese parameters vereis. Hulle meld ook dat daar aandag aan al hierdie parameters geskenk moet word ten einde 'n boedel behoorlik te kan beplan.<sup>7</sup>

---

<sup>3</sup> Sien *supra* hfst 1.

<sup>4</sup> Sien *supra* 2.4. Die nis waarin 'n bepaalde erflater homself tydens die boedelbeplanningsproses bevind, mag selfs met verloop van tyd verander.

<sup>5</sup> Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 15.

<sup>6</sup> Swart, Graham, Van der Westhuizen & Abrie *Die Beplanning en Bereddering van Boedels* 231. Sien ook Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 2 – 29.

<sup>7</sup> *Ibid.*



Na gelang van die besondere behoefte van die erflater sal daar uiteraard groter gewig aan sekere parameters verleen word.<sup>8</sup>

Dawson<sup>9</sup> is die mening toegedaan dat 'n goeie boedelplan minstens die volgende elemente moet bevat:

- (a) 'n inleiding;<sup>10</sup>
- (b) die uitwysing van probleemareas;<sup>11</sup>
- (c) 'n toepaslike ondersoek met die oog op alternatiewe beskikbare opsies;<sup>12</sup> en
- (d) die effek van aanbevelings.<sup>13</sup>

---

<sup>8</sup> *Ibid.*

<sup>9</sup> Dawson *Estate Planning Guide* 70 - 71.

<sup>10</sup> Dawson *Estate Planning Guide* 70 - 71. Vlg Dawson behoort hierdie gedeelte 'n opsomming van die erflater se persoonlike detail en huidige testamentêre wense te bevat.

<sup>11</sup> Dawson *Estate Planning Guide* 70 - 71. Vlg Dawson behoort hierdie gedeelte die impak en effek van bestaande voorsienings (of die gebrek daaraan) te analiseer en die probleemareas uit te wys. Dit impliseer dus die aanwending van 'n ontledingsmodel.

<sup>12</sup> Dawson *Estate Planning Guide* 70 - 71. Vlg Dawson behoort die boedelplan ook voorsiening vir alternatiewe opsies (soos deur die erflater of beplanner voorgestel) te maak. Hierdie gedeelte behoort dan afgesluit te word met toepaslike aanbevelings tav die beste beskikbare opsies en die uitwysing van die voor- en nadele van elke alternatiewe opsie.

<sup>13</sup> Dawson *Estate Planning Guide* 70 - 71. Vlg Dawson behoort die voordele van die aanbevelings indien moontlik gekwantifiseer te word. Hy meld in hierdie verband: "Some of these will be intangible such as the security given to a surviving spouse, but others such as estate duty savings will be capable of being calculated. It will be necessary to do a 'before and after' comparison.... The result should be a clear and integrated plan, illustrating the benefits, monetary or otherwise, of the proposed courses of action, and which gives clear direction as to the specific actions to be taken to put it into effect".

Met inagneming van vorige pogings om 'n boedelbeplanningsmodel te identifiseer, word aan die hand gedoen dat 'n doeltreffende boedelbeplanningsmodel minstens oor die volgende kenmerke behoort te beskik:

- (a) Dit behoort gefokus te wees op die hoofogmerke van die beoogde boedelbeplanning.<sup>14</sup>
- (b) Dit moet buigsaam wees om tred te hou met veranderinge in die eksterne en interne omgewings asook ten aansien van veranderinge in die behoeftes en wense van die erflater.<sup>15</sup>
- (c) Die formaat van die boedelontledingsmodel<sup>16</sup> moet voorsiening maak vir kontrolemeganismes ten aansien van verskeie moontlike gebeurtenisse om die praktiese uitvoerbaarheid en doeltreffendheid van die boedelplan te toets.<sup>17</sup>

---

<sup>14</sup> Sien *supra* 6.1 vn 1.

<sup>15</sup> Sien *supra* 2.4.1, 2.4.2 en 2.4.3.

<sup>16</sup> Dit behoort as 'n integrale deel van die boedelbeplanningsmodel beskou te word.

<sup>17</sup> Dit sou bv nie sinvol wees om vir 'n erflater 'n boedelplan te ontwerp waarin daar bloot beplan word tav die geval waar hy die eerssterwende sou wees en sy gade dan skielik voor hom te sterwe sou kom nie. Sien Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 188. Olivier & Van den Berg voer aan dat dit standaardpraktyk is om in 'n gesamentlike testament van die testateur en die testatrise voorsiening te maak vir die gelyktydige dood of afsterwe kort na mekaar. Sien ook die geïdentifiseerde boedelontledingsmodel *supra* hfst 5. Ten einde te verseker dat die boedelberedderingsproses glad verloop (synde ook een van die hoofogmerke met 'n beoogde boedelbeplanning), behoort die boedelbeplanner ook kennis oor die implikasies van hierdie proses te verwerf. Sien *supra* hfst 3.



- (d) Dit behoort die kernprobleemareas en strategiese gaping uit te wys.<sup>18</sup>
- (e) Dit behoort voorsiening te maak vir oplossings in die formaat van aanbevelings met 'n uiteensetting van die voor- en nadele van die betrokke aanbevelings. Die hoofmerk hiermee behoort te wees om die strategiese gaping deur die aanwending van toepaslike beskikbare boedelbeplanningsmetodes, -tegnieke en -instrumente te oorbrug.<sup>19</sup>
- (f) Dit moet ook 'n praktiese model wees met 'n vermaningsnota aan die erflater om die boedelplan gereeld te laat hersien.

## **7.2 Die voorgestelde boedelbeplanningsmodel**

Daar word aan die hand gedoen dat die volgende voorstelling waarskynlik 'n doeltreffende (prakties gerigte) boedelbeplanningsmodel sal uitmaak binne die afgebakende konteks van hierdie studie. Daar is ook gepoog om hierdie model so te struktureer dat dit as 'n byna tydlose riglyn benut kan word. Uiteraard sal die boedelbeplanner van tyd tot tyd enige veranderinge in die eksterne en interne omgewings moet bywerk en dienoreenkomstig sekere aanpassings in die boedelontledingsmodel moet aanbring om die model prakties en doeltreffend te benut.


Skematies kan hierdie boedelbeplanningsmodel soos volg voorgestel word:

---

<sup>18</sup> Sien *supra* 2.4.5 en hfst 5.

<sup>19</sup> Sien *supra* 2.4.6 en hfst 5.

## DIE VOORGESTELDE BOEDELBEPLANNINGSMODEL





### 7.2.1 Bespreking van die voorgestelde model vir boedelbeplanning

Die hoofmerke van enige beoogde boedelbeplanning is die sentrale tema en dit sluit die doelwitte in wat die meeste erflaters nastreef.<sup>20</sup> Die besondere behoeftes, doelstellings en testamentêre wense van 'n bepaalde erflater mag 'n variasie op hierdie oogmerke teweegbring.<sup>21</sup> Die resultaat van fase een tot drie van die boedelbeplanningsproses behoort met inagneming van hierdie hoofmerke geïntegreer te word en daarna op 'n gestruktureerde wyse gekontroleer te word.<sup>22</sup> Hierdie integrasieproses vereis minstens 'n ontmoeting tussen die boedelbeplanner en die erflater gevolg deur 'n behoorlike gesprek met al die partye wat by die proses betrek gaan word.<sup>23</sup>

#### (1) Fase een

Die vertrekpunt vir die boedelbeplanner sou noodwendig wees om voldoende voorafkennis van die vakdissipline boedelbeplanning te verwerf.<sup>24</sup>

---

<sup>20</sup> Sien *supra* 6.1 vn 1.

<sup>21</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 7. Sien ook *supra* 2.4.3.

<sup>22</sup> Sien *supra* 2.4.1, 2.4.2, 2.4.3 en hfst 5.

<sup>23</sup> Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 17.

<sup>24</sup> Sien *supra* 2.4.1.

Gewapen met die kennis en vaardighede vereis volgens die eksterne waarderingfase,<sup>25</sup> betree die boedelbeplanner die volgende twee fases<sup>26</sup> in dieselfde omgewing.<sup>27</sup> Soos vermeld, sou 'n persoonlike gesprek die ideaal wees.

## (2) Fase twee

Die boedelbeplanner behoort vervolgens voort te gaan om die erflater se profiel te bepaal (met inagneming van die erflater se persoonlike gegewens en omstandighede).<sup>28</sup> Die erflater behoort dan in die toepaslike nis geplaas te word volgens sy profiel soos kragtens die interne waardasiefase bepaal.<sup>29</sup>

## (3) Fase drie

Bobbert<sup>30</sup> toon aan dat die erflater se behoeftes, doelstellings en testamentêre wense die primêre uitgangspunt van enige beplanning vorm.

Hierdie behoeftes, doelstellings en testamentêre wense is normaalweg met die vermelde hoofogmerke met enige voorgenome boedelbeplanning versoenbaar. In die geval van enige konflik behoort die

---

<sup>25</sup> Dit sou nuttig wees vir die professionele boedelbeplanner om 'n kontrolelys (wat van tyd tot tyd opgedateer behoort te word) saam te stel ten einde tred te probeer hou met wysigings in die eksterne omgewing.

<sup>26</sup> Sien *supra* 2.4.2 en 2.4.3.

<sup>27</sup> Alhoewel dit twee verskillende fases is, bly dit in die omgewing van die erflater, sy gade en gesin.

<sup>28</sup> Hierdie fase word dus geïnisieer deur 'n aanvanklike inligtingskonsultasie waartydens die boedelbeplanner feitelike inligting van die erflater, sy gesin en hul eienskappe inwin.

<sup>29</sup> Sien *supra* 2.4.2 en hfst 5.

<sup>30</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 7.



erflater se behoeftes, doelstellings en testamentêre wense voorrang te geniet in soverre dit haalbaar en prakties uitvoerbaar is.<sup>31</sup>

(4) Fase vier

Die volgende stap in die proses is die kontrolering van die bestaande boedelplan van die erflater en sy gade met behulp van 'n proefberedding van hul boedels.<sup>32</sup> Aangesien dit nie moontlik is om te bepaal watter van die gades die eerssterwende sou wees nie en of hulle dalk gelyktydig of kort na mekaar te sterwe sou kom nie, behoort die boedelplan getoets te word ten aansien van elkeen van hierdie moontlike scenario's.<sup>33</sup>

Die ontledingsmodel is gestruktureer om die probleemareas ten aansien van die verskillende scenario's waarvoor die boedelplan voorsiening maak, uit te wys.<sup>34</sup>

<sup>31</sup> *Ibid.* Sien ook Abrie, Graham, Schoeman & Van der Spuy *Estates – Planning and Administration* 139: "A person who intends planning must know what he wishes to achieve before he can plan effectively. In the case of comprehensive estate planning it means that a planner must take the following factors into account in order to plan effectively: a) planning objectives; b) the legal and economic framework within which the planning will be done; and c) practical considerations." Sien ook die publikasie wat hierdie werk vervang het: Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 2 – 29.

<sup>32</sup> Vir doeleindes van die voorgestelde proefberedding kan die ontledingsmodel vervat in hfst 5 benut word. Hierdie ontledingsmodel is so ontwerp om die proses uiteengesit in fases drie tot vyf saam te voeg.

<sup>33</sup> Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 188. Hierdie skrywers is die mening toegedaan dat dit standaardpraktyk is om vir hierdie moontlike scenario's in 'n gesamentlike testament van die partye voorsiening te maak. Gevolglik behoort die kontrolefunksie ook vir hierdie scenario's voorsiening te maak.

<sup>34</sup> Ten einde die voorgestelde boedelontledingsmodel na behore te benut, sal die boedelbeplanner 'n behoorlike kennis van die boedelbereddingsproses moet verwerf. Sien *supra* hfst 3.

(5) Fase vyf

Die resultate van die boedelontleding behoort die probleemareas ten aansien van die bestaande boedelplan te identifiseer.<sup>35</sup> Die boedelbeplanner moet hierdie probleemareas analiseer met die oog daarop om 'n sinvolle oplossing vir die probleme te vind. Prakties beskou, sal die boedelbeplanner 'n verslag saamstel waarin die probleemareas uitgewys word en toepaslike kommentaar daaroor gelewer word (binne die raamwerk van relevante wetgewing met inagneming van die erflater se behoeftes, doelstellings en testamentêre wense).<sup>36</sup>

(6) Fase ses

Die volgende belangrike stap in die boedelbeplanningsproses is die identifisering van beskikbare en toepaslike boedelbeplanningsmetodes, tegnieke en –instrumente. Dit veronderstel 'n verdere persoonlike ontmoeting en gesprek met die erflater en sy gade.<sup>37</sup>

Die erflater sal immers verwag dat die boedelbeplanner alternatiewe opsies aan hom sal uitwys met 'n uiteensetting van die praktiese implikasies daarvan.<sup>38</sup> Dit is belangrik dat die voordele sowel as

---

<sup>35</sup> Sien *supra* 2.4.4, 2.4.5 asook hfst 3 en 5.

<sup>36</sup> Sien die formaat van die voorgestelde boedelontledingsmodel soos uiteengesit in hfst 5.

<sup>37</sup> Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 8 – 9 en 16 – 29.

<sup>38</sup> Die koste-implikasies van die voorstelle is ook relevant. Sien Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 20.



die nadele van moontlike oplossings aan die erflater uitgewys word.<sup>39</sup> Die erflater moet dan die finale besluit met betrekking tot die implementering al dan nie van sekere van die voorstelle neem. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die impak van hierdie beskikbare meganismes ook holisties ten aansien van die boedelplan beskou behoort te word.<sup>40</sup> Soos reeds vermeld, kan hierdie meganismes in twee kategorieë geplaas word, naamlik:<sup>41</sup>

- (a) *inter vivos* meganismes; en
- (b) testamentêre meganismes.<sup>42</sup>

Alvorens enige van die geïdentifiseerde meganismes geïmplementeer word, behoort daar oorgegaan te word tot die volgende fase waarkragtens die erflater en sy gade se boedelplan geformuleer sal word en aan sekere kontroles onderwerp sal word.

Die strategiese gaping wat die ontledingsmodel uitgewys het, word dus gedurende hierdie fase deur die identifisering van beskikbare en toepaslike metodes, tegnieke en instrumente oorbrug.

---

<sup>39</sup> Dawson *Estate Planning Guide* 70 – 71.

<sup>40</sup> Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 2 – 29.

<sup>41</sup> Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 9; Dawson *Estate Planning Guide* 64 – 71. Sien ook *supra* 6.2 ev.

<sup>42</sup> In die nis van die gemiddelde salaristrekker sal die testamentêre meganismes dikwels meer toepaslik wees.

(7) Fase sewe

Die resultate van die vorige fases word nou georden deur die samevoeging daarvan en die opstel van 'n toepaslike boedelplan vir die erflater en sy gade. Daar sal deurgaans gepoog word om die geïdentifiseerde strategiese gaping (met inagneming van die erflater en sy gade se behoeftes, doelstellings en testamentêre wense) deur die aanwending van toepaslike metodes, tegnieke en instrumente te oorbrug.<sup>43</sup> Nadat die boedelplan gedokumenteer is, moet die proses uiteengesit in fase vier weer uitgevoer word.<sup>44</sup>

(8) Kontrole

Die enigste wyse waarop die opgestelde boedelplan na behore vir doetreffendheid en praktiese uitvoerbaarheid getoets kan word, is om die boedelplan te onderwerp aan 'n proefberedding van die boedel ten aansien van verskillende moontlike scenario's.<sup>45</sup> Vir hierdie doel kan dieselfde boedelontledingsmodel wat gedurende die vierde fase benut is, aangewend word. Hierdie kontrole sal vir die boedelbeplanner 'n aanduiding verskaf of daar steeds probleemareas bestaan al dan nie.

---

<sup>43</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 18.

<sup>44</sup> Sien *supra* hfst 5.

<sup>45</sup> *Ibid.*



(9) Moontlike herhaling van die proses vervat in fases vyf tot sewe Nadat die boedelplan aan die hand van die boedelontledingsmodel getoets is, moet die resultate daarvan oorweeg word. Hierdie fase kan as die eerste herwaarderingsgeleentheid beskou word.<sup>46</sup> Indien dit uit hierdie resultate blyk dat daar steeds probleemareas bestaan wat aandag moet geniet, moet die boedelbeplanner die proses uiteengesit in fases vyf, ses en sewe herhaal. Die eindresultaat wat fase sewe oplewer, moet altyd deur die boedelontledingsmodel getoets word totdat alle probleemareas na behore (minstens tot bevrediging van die erflater en sy gade) aangespreek is.

(10) Implementering van die boedelplan

Die volgende stap is die eindresultaat waarna daar deurgaans gestreef is. Die finale aanpassings kan aan die erflater en sy gade se boedelplan aangebring word. Dit sou raadsaam wees om hierdie finale boedelplan te dokumenteer. Die boedelbeplanner moet nou met die praktiese implementering van die boedelplan voortgaan. In die geval waar daar van testamentêre meganismes gebruik gemaak word, sal dit uiteraard die opstel van die toepaslike testamente insluit.<sup>47</sup>

---

<sup>46</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 19.

<sup>47</sup> Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 9 en 130 – 143.

In die geval waar daar ook van *inter vivos* meganismes gebruik gemaak word, sal hierdie proses ook die opstel van ander toepaslike dokumentasie insluit ten einde gestalte aan die volledige boedelplan te verleen.<sup>48</sup> Hierdie fase omvat ook die behoorlike ondertekening van die betrokke dokumentasie en die voldoening aan die nodige formaliteitsvereistes ten einde regswerking aan die finale boedelplan te verleen.

(11) Gereelde herwaardering en hersiening

Die boedelbeplanner moet vervolgens die erflater versoek om hom te kontak sodra daar enige verandering ten aansien van die interne waarderingfsfase sou intree.<sup>49</sup> Alhoewel daar waarskynlik nie van regsweë 'n verpligting op die boedelbeplanner sou rus om die erflater na implementering van die boedeplan in kennis te stel van enige veranderinge in die eksterne waarderingsfase nie, sou dit vir die professionele boedelbeplanner van nut wees om byvoorbeeld minstens jaarliks die erflater te kontak met die oog daarop om die boedelplan te hersien.

---

<sup>48</sup> *Ibid.*

<sup>49</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 19.



### 7.3 Samevatting

Dit is belangrik om gedurende die boedelbeplanningsproses deurentyd in gedagte te hou dat geïdentifiseerde boedelbeplanningstegnieke en instrumente nie in isolasie beskou en geïmplementeer behoort te word nie. Die beplanner behoort egter ook die holistiese impak daarvan op die finale boedelplan te oorweeg. Ten einde die toepaslike kontroles doeltreffend te doen, is dit belangrik om die boedelbeplanningsproses aan die hand van 'n toepaslike gestruktureerde model te benader.<sup>50</sup>

Die voorgestelde boedelbeplanningsmodel kombineer die resultaat van al die fases van die boedelbeplanningsproses en verskaf 'n bondige uiteensetting van die proses wat gevolg moet word. Hierdie model is egter gestruktureer vir die boedelbeplanning van 'n erflater wat homself binne die nis van die gemiddelde salaristrekker bevind. Dit kan egter waarskynlik ook as vertrekpunt benut word vir 'n erflater wat homself binne 'n ander nis bevind. Dit is egter belangrik om daarop te let dat hierdie model in sodanige geval verder uitgebrei behoort te word.<sup>51</sup>

---

<sup>50</sup> Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 24 – 25.

<sup>51</sup> In die geval van 'n erflater wat oor sakebelange beskik, sou daar bv addisionele kontrolemeganismes in die ontledingsmodel ingebou behoort te word. Selfs die rol van lewensversekering figureer dan meer prominent met inagneming van gunstige belastingvoordele waarby die erflater kan baat.

Indien hierdie boedelbeplanningsmodel korrek benut word, behoort die resultaat die ordening van 'n betrokke erflater se boedelsake te bewerkstellig ten einde die benutting van sy bates vir hom en sy gesin binne die raamwerk van die bepaalde voorafopgestelde doel te verseker.<sup>52</sup> Dit behoort ook daartoe by te dra om die meeste van die hoofmerke van die beoogde boedelbeplanning te verwesenlik.<sup>53</sup>

Casner<sup>54</sup> maak die volgende insiggewende opmerking oor die waarde wat 'n toepaslike boedelbeplanning vir die erflater kan inhou:

"...estate planning is the devolution of wealth for the preservation of wealth."

Ten slotte blyk dit duidelik uit veranderinge in die eksterne omgewing die afgelope dekade dat die boedelbeplanningsproses in Suid-Afrika 'n dinamiese proses is. Dit sou vir enige boedelbeplanner fataal wees om die proses in 'n ander lig te beskou.<sup>55</sup>

---

<sup>52</sup> Sien ook Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 222.

<sup>53</sup> *Ibid.* Derhalwe sou 'n behoorlike voorafkennis van die boedelberedderingsproses ook vir die beplanner onontbeerlik wees. Sien *supra* hfst 3; Wiechers & Vorster *Administration of Estates* 1-1.

<sup>54</sup> Casner *Estate Planning* 3.

<sup>55</sup> Sien Van der Westhuizen *The Right Tool makes all the Difference* 2 – 7.



## HOOFSTUK 8

### 8 BEOORDELING EN SAMEVATTENDE OPMERKINGS

#### 8.1 Historiese oorsig en teoretiese grondslag

Ten einde die vakdissipline boedelbeplanning in perspektief te plaas, is dit van belang om te poog om die basis waaruit die vakdissipline ontwikkel het na te speur.<sup>1</sup> Daar is gevind dat die metode van erfopvolging 'n integrale deel vorm van enige boedelbeplanning wat onderneem word.<sup>2</sup> Enige beoogde beplanning moet gevolglik binne die raamwerk hiervan gedoen word. Dit het ook duidelik uit hierdie studie na vore gekom dat boedelbeplanning wel teoreties gefundeer kan word. Daarvolgens is dit 'n multidissiplinêre vakgebied wat uiteraard hierdie ondersoek bemoeilik.<sup>3</sup>

Die Romeinsregtelike stelsel van universele erfopvolging wat ook in die Romeins-Hollandse reg geresipieer is, vorm tans nie meer deel van die Suid-Afrikaanse erfreg nie.<sup>4</sup> Die Suid-Afrikaanse erfreg is egter met verloop van tyd in 'n groot mate deur die Engelse erfreg beïnvloed.<sup>5</sup>

---

<sup>1</sup> Sien *supra* hfst 1 en 2. Sien ook Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 3; Van der Westhuizen *The Right Tool makes all the Difference* 1.3; Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 1 – 2 in besonder vn 2.

<sup>2</sup> Sien *supra* 2.1. Dit is immers binne die raamwerk van die reëls van die testate en intestate erfreg waarkragtens die erflater se boedel vererf en die beoogde beplanning gedoen word met die oog op die dood van die erflater (met inagneming van die impak daarvan op sy boedel). Sien ook Casner *Estate Planning* 9 – 10. Casner beskou bv die geval waar 'n erflater sonder 'n testament te sterwe kom as boedelbeplanning deur regswerking ingevolge die reëls van die intestate erfreg.

<sup>3</sup> Sien *supra* 2.2.4. Sien ook Van der Westhuizen *The Right Tool makes all the Difference* 2 – 7.

<sup>4</sup> Sien *supra* 2.1.1 en 2.1.2. Sien ook Van Zyl *Universele Opvolging* 8 – 41.

<sup>5</sup> Van Zyl *Universele Opvolging* 55 – 68 ev.

Die ooreenkomste en verskille ten opsigte van die metode van erfopvolging volgens die Romeinse, Romeins- Hollandse en Engelse reg (welke stelsels histories in 'n mindere of meerdere mate 'n bepaalde invloed op die huidige posisie volgens die Suid-Afrikaanse reg gehad het) dui daarop dat daar in Suid-Afrika 'n unieke stel reëls tot stand gekom het wat tans geld.<sup>6</sup>

Daar bestaan ook 'n behoefte en aanknopingspunte om boedelbeplanning verder as 'n selfstandige vakdissipline uit te bou.<sup>7</sup> Vanweë die komplekse aard van hierdie vakgebied word daar normaalweg verskeie deskundiges by die proses betrek. Wanneer die proses ontleed word, kom dit duidelik na vore dat daar verskillende rolspelers in die boedelbeplanningsproses figureer.<sup>8</sup> Hierdie proses bestaan uit verskeie fases en dit is boonop 'n voortdurende proses.

## **8.2 Die boedelberedderingsproses: 'n regsvergelijkende oorsig**

Kennis van die boedelberedderingsproses is onontbeerlik vir die voornemende boedelbeplanner.<sup>9</sup>

---

<sup>6</sup> Sien *supra* 2.1.4. Sien ook Van Zyl *Universele Opvolging* 8 – 68.

<sup>7</sup> Sien *supra* 2.2 ev. Sien ook Farr *An Estate Planner's Handbook* 13 – 14; Van der Westhuizen *The Right Tool makes all the Difference* 2 – 7.

<sup>8</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 5 - 10.

<sup>9</sup> Sien *supra* hfst 3, 5 en 6.



Een van die geïdentifiseerde hoofmerke van 'n beoogde boedelbeplanning is noodwendig die gladde verloop van die boedelberedderingsproses ten einde die boedel so spoedig doenlik af te handel.<sup>10</sup> Dit het ook duidelik uit die hoofstuk waarin 'n doeltreffende boedelontledingsmodel geïdentifiseer is na vore gekom dat kennis van die praktiese implikasies van die beredderingsproses noodsaaklik is om die ontleding van 'n boedelplan doeltreffend te doen.<sup>11</sup>

Vanweë die bepaalde invloed wat die Engelse stelsel in hierdie verband op die Suid-Afrikaanse stelsel gehad het, is 'n regsvergelende studie gedoen met spesifieke uitwysing van die verskille en ooreenkomste tussen die toepaslike stelsels volgens die Engelse en die Suid-Afrikaanse reg om verdere waarde tot hierdie studie toe te voeg.<sup>12</sup> Verder bied 'n ontleding van die Engelse reg betreffende die boedelberedderingsproses aan die Suid-Afrikaanse boedelbeplanner 'n waardevolle insig in 'n stelsel wat die Suid-Afrikaanse reg op hierdie punt histories sterk beïnvloed het. Die resultate van hierdie vergelyking sal die boedelbeplanner help om 'n behoorlike boedelontleding te doen waarin daar onder andere gefokus word op die geïdentifiseerde aspekte van die beredderingsproses wat vir beplanningsdoeleindes van belang is.

---

<sup>10</sup> Sien *supra* hfst 6 vn 1.

<sup>11</sup> Sien *supra* hfst 3 en 5.

<sup>12</sup> Sien *supra* hfst 3. Sien ook De Waal & Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 10; Van Zyl *Universele Opvolging* hfst 10.

Na aanleiding van hierdie regsvergelende oorsig is die volgende raakpunte met die boedelberedderingsproses vir doeleindes van die boedelbeplanningsproses geïdentifiseer:

- (a) die belang daarvan om die regte persoon as eksekuteur aan te stel om die boedel te beredder (inaggenome die bevoegdhe van 'n eksekuteur en presies wat sy verpligtinge behels);
- (b) die wyse waarop die boedelplan gestruktureer behoort te word ten einde die beredderingsproses so glad as moontlik te laat verloop en so gou as moontlik af te handel (dit impliseer ook die beperking van potensiële uitgawes tot die minimum);
- (c) die verdiskontering van die impak van boedeluitlegawes, belastings, eise teen die boedel en laste van die boedel gedurende die beredderingsproses op die boedelplan;
- (d) die identifisering van die mees geskikte en gepaste metode van likwidasië vir 'n betrokke erflater alreeds gedurende die boedelbeplanningsproses ten einde die boedelplan met die oog daarop op te stel en aan te pas; en
- (e) die impak en effek van die tydsverloop verbonde aan die beredderingsproses op boedelbates (met inagneming van die aard en omvang van boedelbates soos byvoorbeeld sakebelange of besighede van die erflater).



Abrie, Graham, Schoeman-Malan en Van der Spuy<sup>13</sup> maak die volgende opmerking ten aansien van hul werke wat opgedeel is in drie volumes ten aansien van boedelbereddering, insolvente boedels asook boedel- en finansiële beplanning:

“So is dit byvoorbeeld nie moontlik om ’n boedel te beplan sonder ’n deeglike kennis van die gevolge van beplanningsmaatreëls op die beredderingsproses nie. Beredderingsprobleme kan weer met goeie beplanning voorkom word.”

Kennis van sowel die boedelbeplannings- as boedelberedderingsproses is dus onontbeerlik vir die boedelbeplanner.

### **8.3 Die boedelbeplanningsproses**

Daar is aangetoon dat die boedelbeplanningsproses uit verskillende fases bestaan, naamlik:<sup>14</sup>

- (a) fase een: eksterne waardering;
- (b) fase twee: interne waardering;
- (c) fase drie: behoeftes, doelstellings en wense van die erflater;
- (d) fase vier: ontledingsmodel;
- (e) fase vyf: identifisering van probleemareas;

---

<sup>13</sup> Abrie, Graham, Schoeman-Malan & Van der Spuy *Bestorwe Boedels* par 3 van voorwoord.

<sup>14</sup> Sien *supra* 2.4. Sien Bobbert “Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning” 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 17 – 20; Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* hfst 1; Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 2 - 29; Dawson *Estate Planning Guide* hfst 3.

- (f) fase ses: oorbrugging van gaping deur implementering van boedelbeplanningsmetodes, -tegnieke en -instrumente;
- (g) fase sewe: boedelplan; en
- (h) herbeoordeling van die boedelplan met behulp van die voorgestelde ontledingsmodel (’n herhaling van die proses vervat in fases vyf tot sewe).

Dit is belangrik dat hierdie proses op ’n gestruktureerde wyse georden en benader word. Aangesien hierdie ’n multidissiplinêre vakgebied is, sou dit riskant wees om hierdie proses nie minstens aan die hand van ’n model aan te durf nie.<sup>15</sup> Die proses van strategiese boedelbeplanning word dus in verskillende fases verdeel.<sup>16</sup> Dawson<sup>17</sup> beskryf die boedelbeplanningsproses treffend deur soos volg daarna te verwys:

“Estate planning is ... like a journey of exploration, where the traveller has a map with certain salient points clearly marked, but the territory to be traversed is strange and mysterious, the means of transportation unclear and the final destination speculative. As with the intrepid explorer, informed assumptions are the order of

---

<sup>15</sup> Van der Westhuizen *The Right Tool makes all the Difference* 2 – 7; Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 15 – 24.

<sup>16</sup> Bobbert “Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning” 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 14.

<sup>17</sup> Dawson *Estate Planning Guide* 1 – 3.



the day for the estate planner: assumptions as to the longevity of the subject, the order of death of his family, the durability of current legislation, the performance of the economy and specific sectors thereof, and many others, are the shifting sands that must be negotiated before an estate plan can take form."<sup>18</sup>

#### **8.4 Die geïdentifiseerde boedelontledingsmodel**

Daar is aangetoon dat 'n proefberedding aan die hand van 'n toepaslike en betroubare boedelontledingsmodel 'n onontbeerlike kontrolefunksie vir die proses is.<sup>19</sup> Ten einde die ontledingsmodel optimaal te benut, moet die boedelbeplanner oor voldoende kennis van die boedelbereddingsproses beskik.<sup>20</sup> Aangesien dit onseker is watter gade die eersterwende sou wees of die moontlikheid bestaan dat beide gades gelyktydig of kort na mekaar te sterwe kan kom, is dit belangrik om die ontledingsmodel so te struktureer dat die verlangde kontrole ten aansien van meerdere scenario's uitgevoer kan word.<sup>21</sup>

Dit het ook hieruit na vore gekom dat die geïdentifiseerde ontledingsmodel by meerdere geleenthede gedurende die beplannings-

---

<sup>18</sup> Dawson *Estate Planning Guide* 1.

<sup>19</sup> Sien *supra* 5.1.

<sup>20</sup> Dit sluit ook aan by een van die hoofmerke met boedelbeplanning naamlik die gladde verloop van die bereddingsproses en spoedige afhandeling van die boedel. Sien Huxham & Haupt *Notes on South African Income Tax* 566; Dawson *Estate Planning Guide* 64.

<sup>21</sup> Sien *supra* hfst 5. Sien ook Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 188.

proses aanwending behoort te vind.<sup>22</sup> Daar behoort minstens vir die volgende scenario's in die ontledingsmodel voorsiening gemaak te word:<sup>23</sup>

- (a) testateur eerssterwende;
- (b) testatrise eerssterwende;
- (c) langslewende gade se afsterwe;
- (d) gelyktydige afsterwe van beide gades; en
- (e) gesinsuitwissing.

### **8.5 Boedelbeplanningsmetodes, -tegnieke en -instrumente**

Daar bestaan tans verskeie boedelbeplanningsmetodes, -tegnieke en instrumente wat aangewend kan word om die strategiese gaping (wat die boedelontledingsmodel uitgewys het) te oorbrug.<sup>24</sup>

Hierdie meganismes kan in twee hoofkategorieë verdeel word, naamlik *inter vivos* en testamentêre meganismes.<sup>25</sup>

- (1) *Inter vivos* meganismes
  - (a) *inter vivos* trust;
  - (b) lewensversekering;

---

<sup>22</sup> Sien *supra* 7.2.

<sup>23</sup> Sien *supra* hfst 5.

<sup>24</sup> Sien *supra* hfst 6.

<sup>25</sup> Sien *supra* 6.2. Sien ook Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 9; Dawson *Estate Planning Guide* hfst 3; Troost *Boedelbeplanning: Module van die Instituut van Lewens- en Pensioenadviseurs* hfst 6; Botha, Geach, Goodall & Rossini *South African Financial Planning Handbook 2004* hfst 10; Van der Westhuizen *The Right Tool makes all the Difference* 6; Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* hfst 25.



- (c) annuïteit;
  - (d) vruggebruik;
  - (e) lening;
  - (f) verkoop van groeibates;
  - (g) skenking;
  - (h) voorhuwelikse kontrak; en
  - (i) maatskappy en beslote korporasie.
- (2) Testamentêre meganismes
- (a) *mortis causa* trust;
  - (b) artikel 4A korting;
  - (c) bemakings aan langslewende gade;
  - (d) *donatio mortis causa*;
  - (e) vruggebruik;
  - (f) *fideicommissum*;
  - (g) annuïteit; en
  - (h) boedelsamesmelting.

Hierdie meganismes kan egter nie lukraak ten aansien van enige boedelplan geïmplementeer word nie. Die impak van elkeen van hierdie meganismes behoort eers aan die hand van bestaande relevante en toepaslike reëls en wetgewing getoets te word, waarna die totale impak van al die meganismes en die koste verbonde aan die implementering

daarvan holisties beskou behoort te word.<sup>26</sup> 'n Kontrolelys ten aansien van hierdie wetgewing sou 'n nuttige hulpmiddel vir die boedelbeplanner wees.<sup>27</sup>

## **8.6 Die voorgestelde boedelbeplanningsmodel**

Die hoofdoel met hierdie studie was om 'n doeltreffende boedelbeplanningsmodel binne die konteks wat afgebaken is te identifiseer.<sup>28</sup> Die resultate van die navorsing wat ten aansien van elkeen van die hoofstukke bekom is, het daartoe bygedra dat die verlangde model geïdentifiseer kon word.<sup>29</sup>

Daar word aan die hand gedoen dat hierdie model ook as basis behoort te kan dien vir die boedelbeplanning van 'n erflater wat homself in 'n ander nis bevind as ten aansien waarvan hierdie studie onderneem is.

## **8.7 Buigsaamheid van die voorgestelde boedelbeplanningsmodel**

Daar is reeds uitgewys dat veranderinge in die eksterne en interne omgewing met verloop van tyd 'n gegewe realiteit is.<sup>30</sup> Sodanige

---

<sup>26</sup> Sien *supra* 6.2. Sien ook Abrie, Graham & Van der Linde *Estate- and Financial Planning* 2 – 29.

<sup>27</sup> Sien *supra* 6.4. Sien ook Kernick *Administration of Estates and Drafting of Wills* ix; Barker *The Drafting of Wills* 25 – 26.

<sup>28</sup> Sien *supra* hfst 1 en 7.

<sup>29</sup> Sien *supra* 7.2.

<sup>30</sup> Sien *supra* 2.4.8 en 7.2.



veranderinge sou noodwendig verskillende boedels op verskillende wyses beïnvloed. Die impak hiervan moet dus van tyd tot tyd gekontroleer word.<sup>31</sup> Die geïdentifiseerde boedelontledingsmodel behoort die ideale instrument vir hierdie doel te wees.<sup>32</sup> Drastiese veranderinge in hierdie omgewing mag moontlik noodsaak dat die boedelbeplanner sekere veranderinge en aanpassings aan die boedelontledingsmodel aanbring ten einde die kontrole steeds doeltreffend te doen.<sup>33</sup>

## **8.8 Slotopmerkings en gevolgtrekking**

### 8.8.1 Opmerkings oor boedelbeplanning

Boedelbeplanning is 'n komplekse dissipline en kan beskou word as 'n selfstandige maar multidissiplinêre vertakking van die reg.<sup>34</sup>

Daar bestaan nog heelwat ruimte waarbinne hierdie vakdissipline verder kan ontwikkel.<sup>35</sup> Vir doeleindes van hierdie studie kan boedelbeplanning binne die trefwydte van die volgende vakdissiplines geplaas word:<sup>36</sup>

- (a) die testate en intestate erfopvolgingsreg;
- (b) boedelbereddering;

---

<sup>31</sup> *Ibid.*

<sup>32</sup> Sien *supra* hfst 5.

<sup>33</sup> Sien *supra* 2.4.1, 2.4.8, hfst 3 en 5 asook die skematiese voorstelling van die voorgestelde boedelbeplanningsmodel in 7.2.

<sup>34</sup> Sien *supra* 2.2.4.

<sup>35</sup> Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 3 – 4.

<sup>36</sup> Sien *supra* 2.2.

- (c) die trustreg;
- (d) die belastingreg;
- (e) die persone- en familiereg;
- (f) die kontraktereg;
- (g) die versekeringsreg (veral lewensversekering);
- (h) die handelsreg;
- (i) die maatskappyereg; en
- (j) die finansiële en strategiese beplanningsreg.

Boedelbeplanning is ook 'n dinamiese vakdissipline vol uitdagings vir die boedelbeplanner en die erflater.<sup>37</sup>

Dit het ook duidelik uit hierdie studie na vore gekom dat die boedelbeplanner onder andere oor 'n behoorlike en weldeurdagte kennis van die volgende moet beskik:<sup>38</sup>

- (a) die metodologiese eise van beplanning;
- (b) die metode van erfopvolging en die reëls van die Suid-Afrikaanse erfreg;
- (c) die proses van strategiese en finansiële beplanning;
- (d) die finansiële posisie van die betrokke erflater;

---

<sup>37</sup> Van der Westhuizen *The Right Tool makes all the Difference* 2 – 6. Sien ook Troost *Boedelbeplanning: Module van die Instituut van Lewens- en Pensioenadviseurs* hfst 1 en 6; Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* hfst 25.

<sup>38</sup> Sien *supra* 2.4.



- (e) die behoeftes, wense en doelstellings van die betrokke erflater;
- (f) die verskillende huweliksgoederebedelings;
- (g) die rol en funksie van beskikbare boedelbeplanningsmetodes, - tegnieke en -instrumente;
- (h) die rol en funksie van verskillende soorte beleggings;
- (i) die implikasies van toepaslike belasting- en ander relevante wetgewing;
- (j) die rol en funksie van korttermyn- en langtermynversekering;
- (k) rekeningkundige beginsels en die wyse waarop finansiële state ontleed word; en
- (l) die boedelberedderingsproses.

Vanweë die kompleksiteit van boedelbeplanning sou dit raadsaam wees indien die boedelbeplanner wat nog nie minstens oor voldoende kennis ten aansien van die voormelde beskik nie reëlins sal tref dat die boedelbeplanningsproses deur 'n span deskundiges (ten aansien van elkeen van die vermelde terreine) onderneem word.<sup>39</sup>

Besondere praktiese vaardighede en tegnieke, insluitende 'n goeie kennis van menseverhoudinge en gedragspatrone, behoort 'n bykomende voordeel aan die boedelbeplanner in die mark te verleen.<sup>40</sup>

---

<sup>39</sup> Sien *supra* 2.3. Sien ook Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 5 – 10; Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 11 – 12.

<sup>40</sup> Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* hfst 2.

### 8.8.2 Opmerkings oor die voorgestelde boedelontledingsmodel

Die voorgestelde boedelontledingsmodel behoort so gestruktureer te word dat voldoende kontroles beskikbaar gestel word vir die proefberedding van die erflater se boedel ten aansien van meerdere moontlike scenario's.<sup>41</sup> Hierdie ontledingsmodel bied die voordeel dat dit die belangrikste probleemareas ten aansien van 'n toepaslike proefberedding identifiseer en die strategiese gaping ten aansien van die beplanningsproses uitwys. Die erflater word dus deur hierdie meganismes die geleentheid gebied om hierdie probleme en die gaping te oorkom.

### 8.8.3 Opmerkings oor die voorgestelde boedelbeplanningsmodel

Die voorgestelde boedelbeplanningsmodel behoort 'n nuttige riglyn vir die boedelbeplanner te wees wat beoog om te spesialiseer in boedelbeplannings ten aansien van erflaters wat hulle binne die nis van die gemiddelde salaristrekker bevind.<sup>42</sup>

Die boedelbeplanner behoort minstens die proses te volg wat in die verskillende fases ten aansien van die model uiteengesit word.<sup>43</sup> Hierdie model hou onder andere die volgende voordele vir die boedelbeplanner in:<sup>44</sup>

- (a) dit orden die boedelbeplanningsproses op 'n gestruktureerde wyse;

---

<sup>41</sup> Sien *supra* hfst 5.

<sup>42</sup> Sien *supra* vn 27.

<sup>43</sup> Sien *supra* hfst 7.

<sup>44</sup> *Ibid.*



- (b) dit verskaf 'n byna onontbeerlike verwysingsraamwerk vir die boedelbeplanner waarbinne die beplanning gedoen behoort te word;
- (c) dit vergemaklik die identifisering van die minimum kontroles wat ten aansien van die proses toegepas behoort te word;
- (d) dit kan as 'n sogenaamde padkaart beskou word wat die mees toepaslike roete aan die boedelbeplanner aantoon;
- (e) dit verskaf buigsaamheid aan die boedelplan deur voorsiening te maak vir sekere toepaslike kontroles ten aansien van die moontlike intrede van meerdere onsekere scenario's; en
- (f) die basis en struktuur van die model kan as byna tydloos getipeer word (die boedelbeplanner moet egter deurgaans die model met verwysing na veranderinge in die eksterne en interne omgewings aanpas).

#### 8.8.4 Opmerkings oor die implementering van die finale boedelplan

Dawson<sup>45</sup> toon aan dat dit wenslik is om die finale boedelplan op skrif te stel. Die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangersdienste<sup>46</sup> vereis dat gelisensieerde finansiële adviseurs rekord hou van kliënte ten aansien waarvan finansiële beplannings (wat deel van boedelbeplanning vorm)

---

<sup>45</sup> Dawson *Estate Planning Guide* 70 – 71.

<sup>46</sup> Wet 37 van 2002.

gedoen word. Dit sou ook vir die boedelbeplanner voordelig wees om die boedelplan op skrif te stel ten einde homself te beskerm teen latere moontlike bewerings van nalatige optrede indien die erfregtelike begunstigdes ontevrede met die uitkoms van die boedelplan sou wees na gelang van die feite en omstandighede van 'n bepaalde geval. Die proses eindig egter nie met die opskrifstelling van die finale boedelplan nie. Hierdie boedelplan moet dan nog prakties geïmplementeer word.<sup>47</sup>

In die geval waar daar slegs van testamentêre meganismes<sup>48</sup> gebruik gemaak word, veronderstel dit die opstel van 'n behoorlik beplande testament. Dit omvat ook die nakoming van alle formaliteitsvereistes waaraan voldoen moet word ten einde regswerking aan die testament te kan verleen sodra die erflater te sterwe kom.<sup>49</sup>

In die geval waar *inter vivos* meganismes<sup>50</sup> gebruik word, sluit die implementeringsfase 'n behoorlik beplande testament en toepaslike dokumentasie in. Ook in hierdie verband moet die boedelbeplanner toesien dat daar aan al die toepaslike formaliteitsvereistes ten aansien van elke bepaalde dokument voldoen word.

---

<sup>47</sup> Sien *supra* 7.2.

<sup>48</sup> Sien *supra* 6.2.1. Sien ook Troost *Boedelbeplanning: Module van die Instituut van Lewens- en Pensioenadviseurs* hfst 4 en 6.

<sup>49</sup> Sien die bepalings van die Wet op Testamente 7 van 1953.

<sup>50</sup> Sien *supra* 6.2.2. Sien ook Troost *Boedelbeplanning: Module van die Instituut van Lewens- en Pensioenadviseurs* hfst 5 en 6.



Die boedelbeplanner moet ten slotte ook daarop let dat dit noodsaaklik sou wees om hierdie proses te herhaal sodra 'n herbeoordeling van 'n boedelplan gedoen is en die resultaat daarvan 'n aanpassing in die dokumentasie ten aansien van die plan vereis.<sup>51</sup>

#### 8.8.5 Gevolgtrekking

In aansluiting by Dawson<sup>52</sup> se treffende benadering tot die boedelbeplanningsproses word aan die hand gedoen dat hierdie proses (vanuit die oogpunt van die boedelbeplanner beskou) ook vergelyk kan word met 'n fotograaf wat saam met die erflater die reis na 'n onbekende bestemming beplan.<sup>53</sup> Hierdie fotograaf beskik egter oor sekere hulpmiddels waardeur daar (in 'n beperke mate) insae in bepaalde scenario's in die toekoms verkry kan word.<sup>54</sup> Die fotograaf neem dan verskeie stilfoto's van hierdie bepaalde scenario's en toon dit aan die erflater.<sup>55</sup> Die erflater besluit dan of hy deur oordeelkundige beplanning die toneel gaan aanpas deur die gebruikmaking van verdere hulpmiddels wat die fotograaf aan hom uitwys ten einde 'n meer bevredigende resultaat te verkry waarby sy gade, gesin en erfregtelike bevoorreedes ook vermoënsregtelike baat kan vind.<sup>56</sup>

---

<sup>51</sup> Sien *supra* 7.2.

<sup>52</sup> Sien Dawson *Estate Planning Guide* 1 – 3.

<sup>53</sup> Sien *supra* 2.4.

<sup>54</sup> Sien die voorgestelde boedelontledingsmodel *supra* hfst 5.

<sup>55</sup> Die persoonlike konsultasie wat die boedelbeplanner met die erflater voer ten einde die resolute van die erflater se boedelontleding met hom te bespreek. Sien *supra* 7.2.

<sup>56</sup> Die oorbruggingsfase deur gebruikmaking van die beskikbare boedelbeplanningsmetodes, -tegnieke en -instrumente. Sien *supra* 7.2. Sien ook Bobbert "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 18 – 20.

## **BRONNELYS**

### **Bibliografie**

- Abrie W, Graham C R, Schoeman-Malan M C, Van der Spuy P de W, van Schalkwyk L N en Gerrryts H F *Bestorwe Boedels* 5e uitgawe ProPlus Pretoria 2003.
- Abrie W, Graham C R, Schoeman M C en Van der Spuy P de W *Estates – Planning and Administration* 3e uitgawe ProPlus Pretoria 1993.
- Abrie W, Graham C R, Schoeman M C, Swart J N, Van Gass C, Van der Spuy P de W, Van der Westhuizen P J G en Van Dyk W J *Boedels – Beplanning en Bereddering* ProPlus Pretoria 1989.
- Abrie W, Graham C R, Van der Linde A, Hatting W, Potgieter J en Van der Spuy P de W *Estate- & Financial Planning* 5e uitgawe ProPlus Pretoria 2004.
- Barker H *The Drafting of Wills* Juta Kaapstad 1993.
- Bobbert M C J "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 1.
- Borkowski A *Textbook on Succession* 2e uitgawe Oxford University Press Oxford 2002.
- Botha M, Geach W, Goodall B en Rossini L *The South African Financial Planning Handbook 2004* LexisNexis Butterworths Durban 2003.
- Bouwer A P J *Die Beredderingsproses van Bestorwe Boedels* 2e uitgawe JP van der Walt en Seun Pretoria 1978.



- Cameron E, De Waal M J, Wunsh B, Solomon P en Kahn E *Honoré's South African Law of Trusts* 5e uitgawe Juta Kaapstad 2002.
- Casner A J *Estate Planning* 3e uitgawe Brown & Co Boston 1961.
- Chatterton D A *Cavendish Practice Notes - Wills* 3e uitgawe Cavendish Publishing England 1996.
- Clark J B *Theobald on Wills* 16e uitgawe Stevens & Sons London 2001.
- Cooke W A *Estate and Succession Duties* 4e uitgawe Juta Kaapstad 1950.
- Corbett MM, Hofmeyr G en Kahn E *The Law of Succession in South Africa* Juta Kaapstad 2001.
- Davis D M, Beneke C en Jooste R D *Estate Planning* LexisNexis Butterworths Durban 2003.
- Davis D M en Urquhart G A *South African Estate Planning* Butterworths Durban 1986.
- Dawson F J *Estate Planning Guide* Butterworths Durban 1996.
- Dawson F J "Retirement Annuities: Protection on Insolvency" 1994 *Insurance and Tax* 9 3 6.
- Dawson F J "Retirement Annuities: Protection on Insolvency Revisited" 1995 *Insurance and Tax* 10 3 3.
- De Kock M, King R, Odendaal H, Victor B en Whitehead R *The Momentum Law and Estate Planning Easyguide 2002/2003* Butterworths Durban 2002.

- De Villiers A B *Die Romeinse Erfreg* Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars Stellenbosch 1957.
- De Villiers S W L, Henning J J, Gardiner S J, Van Wyk T en Swart G S *Consulta 4: Trusts en Boedelbeplanning* 1ste uitgawe Lex Patria Pretoria 1980.
- De Waal M J en Schoeman-Malan M C *Inleiding tot die Erfreg* 3e uitgawe Juta Kaapstad 2003.
- Farr J F *An Estate Planner's Handbook* 3e uitgawe Brown & Co Boston 1969.
- Finch J, Hayes L, Mason J, Masson J en Wallis L *Wills, Inheritance, and Families* Clarendon Press Oxford 1996.
- Geach W D *Handbook for Executors, Trustees and Curators* Juta Kaapstad 1993.
- Henckert H "Retirement Annuities: Protection at Insolvency" 1993 *Insurance and Tax* 8 4 22.
- Herbst W "Lewenspoliswaarde by Aanwasberekening" 2004 *De Rebus* 28.
- Huxham K en Haupt P *Notes on South African Income Tax 2004* 23ste uitgawe H & H Publikasies Roggebaai 2004.
- Joffe H "Trust-owned Policies and Section 3(3)(a)(ii) of the Estate Duty Act" 2003 *Insurance and Tax* 18 2 13.
- Joffe H "Donations Tax Issues: Two Recent Cases" 2003 *Insurance and Tax* 18 4 3.



Jordaan J H *Boedel- en Finansiële Beplanning, 'n Praktiese Gids* (in medewerking met Troost E en Boonzaaier W A) Ou Mutual publikasie Kaapstad 1985.

Jordaan J H *Saamboerdery en Erfopvolging in die Landbou* Promedia-Publikasies Pretoria 1982.

Kelly M "More about the New Land Bank Act" 2004 *Juta's Business Law* 113 183.

Kaser M *Das Römische Privatrecht* 1ste uitgawe CH Beck'sche Verlagsbuchhandlung München 1971.

Ker B S *Wills, Probate and Administration A Manual of the Law* Sweet & Maxwell London 1959.

Kernick L A *Administration of Estates and Drafting of Wills* 3e uitgawe Juta Kaapstad 1988.

Kerridge R *Parry and Clark: The Law of Succession* (bygestaan deur Brierley A H R) 11e uitgawe Sweet & Maxwell London 2002.

Koontz H en O'Donnell C *Management – Assistance and Contingency Analysis of Managerial Functions* 2e uitgawe McGraw-Hill 1976.

La Grange L "CGT and Loan Accounts" 2003 *Insurance and Tax* 18 2 16.

La Grange L "Trusts and Section 3(3)(a)(iA) of the Estate Duty Act" 2003 *Insurance and Tax* 18 1 16.

- Meyerowitz D *Meyerowitz on the Law and Practice of Administration of Estates and Estate Duty* The Taxpayer CC Kaapstad 2001.
- Meyerowitz D "Estate and tax planning" 1965 *The Taxpayer* 14 1.
- Miller G *The Machinery of Succession* 2e uitgawe Dartmouth Aldershot England 1996.
- Miller R J *Corporate and Personal Financial Planning 2003 (formerly Tax Advantages of Life Assurance)* opgedateer deur Botha M Lexnexis Butterworths Durban 2003.
- Olivier P A en Van den Berg GPJ *Praktiese Boedelbeplanning* 1ste uitgawe Juta Kaapstad 1991.
- Oosthuizen W "The Makings of a 'Fit and Proper' Industry" 2004 *FPI Blue Chip Journal* 8 70.
- Pinkerton J C *The Drafting of Wills with Precedents* Butterworths Durban 1971.
- Pettitt D M *The Will Draftsman's Handbook* 4e uitgawe Longman Professional London 1985.
- Pitlo R W H *De Ontwikkeling der Executeele* Proefskrif Gouda Mulder Leiden 1941.
- Schulz F *Classical Roman Law* Clarendon Press Oxford 1954.
- Skinner J *Sanlam Mini-Handleiding (Verkoopsopleiding en Ontwikkeling)* opgedateer deur Fürstenburg H Sanlam Interne Publikasie Bellville 2002.



- Stuart LA en Olivier PA *Testamente en Boedelbeplanning – 'n Kortbegrip*  
Excelsior Drukkers Pretoria 1980.
- Swanepoel H L *Oor Stigting, Trust, Fideicommissum, Modus en Beding ten  
Behoeve van 'n Derde* Pro Rege-pers Potchefstroom 1961.
- Swanepoel M "Estate Planning" 2002 *Extra Cover* 3.
- Swart J N, Graham C R, Van der Westhuizen P J G, Abrie W *Die  
Beplanning en Beredding van Boedels* Butterworths Durban 1985.
- Thierauf R J, Geeding D W en Klekamp R C *Management Principles and  
Practices: A Contingency and Questionnaire Approach* John Wiley &  
Sons New York 1978.
- Troost E *Boedelbeplanning: Module van die Instituut van Lewens- en  
Pensioenadviseurs* 1e druk ILPA Publikasie Johannesburg 1991.
- Troost E "Drafting Errors in Wills: Part 1" 2003 *Insurance and Tax* 18 2  
25.
- Uys D *The Secrets of Making your Will* College Tutorial Press Kaapstad  
1988.
- Van der Merwe N J en Rowland C J *Die Suid-Afrikaanse Erfreg* 6e uitgawe  
JP van der Walt en Seun Pretoria 1990.
- Van der Burght G R, *Pitlo Het Nederlands Burgerlijk Wetboek Deel 5  
Erfrecht* 9e druk Gouda Quint 1997.
- Van der Westhuizen W M *Erfopvolging by Versterf in Suid-Afrika* Proefskrif  
Universiteit van Stellenbosch 1947.

Van der Westhuizen W M *The Right Tool makes all the Difference - FPI Estate Planning Seminar* Butterworths Kaapstad 2002.

Van Dorsten J L "Interest-free Loans and Donations Tax" 1985 *The Taxpayer* 34 203.

Van Zyl F J *Universele Opvolging in die Suid-Afrikaanse Erfreg* Proefskrif Universiteit van Stellenbosch 1981.

Vickery B G *Law and Accounts of Executors, Administrators and Trustees* 19e uitgawe Donnington Press London 1975.

Watson A *The Law of Succession in the Later Roman Republic* Clarendon Press Oxford 1971.

Wiechers N J en Vorster I *Administration of Estates* Butterworths Durban 2001.

### **Webruimtes**

<a href="http://www.fpi.co.za">www.fpi.co.za</a>	36, 51
<a href="http://www.fsb.co.za">www.fsb.co.za</a>	267
<a href="http://www.inseta.org.za">www.inseta.org.za</a>	51
<a href="http://www.loa.co.za">www.loa.co.za</a>	267



**Vonnislys****Vonnislys ingevolge die Engelse reg**

Allan v Gott (1872) L.R. Ch.App. 439	95
Barker v Parker (1786) 1 T.R. 287, 295	77
Cradock v Piper (1850) 1 Mac. G. 664	85
Elliot v Dearsly (1881) 16 Ch.D. 322	19
Evans v Tyler (1849) 2 Rob. 128	66
Ex parte Garland (1804) 10 Ves 110; 32 ER 786	77
Greville v Browne (1859) 7 H.L.C. 689	19
Harvell v Foster [1954] 2 All ER 736, CA	92
In the Goods of Galbraith [1951] P. 422	66
In the Goods of Haynes (1842) 3 Curt. 75	66
Kirkman v Booth (1848) 11 Beav 273; 50 ER 821	76,77
Long and Feaver v Symes and Hannam (1932) 3 Hagg Ecc 771; 162 ER 1339	67
Mosely v Rendell (1871) LR 6QB 338	77
Re Barraclough [1967] P. 11	68
Re Bosworth (1889) 58 L.J. Ch. 432	96
Re Hayes's WT [1971] 2 All ER 341	91
Re Herwin [1953] Ch 701	71

Re Horgan [1971] P 50	66
Re King's WT [1964] Ch 542	90
Re Spencer Cooper [1908] 1 Ch. 130	95
Re Sunnicks (1987) 137 N.L.J. 721	68
Re Tankard [1941] 3 All ER 458	79
Roberts v Walker (1830) 1 R. & My. 752	95
<b>Vonnislys ingevolge die Suid-Afrikaanse reg</b>	
Administrators, Estate Richards v Nichol 1996 (4) SA 253 (C)	254
Administrators, Estate Richards v Nichol 1999 1 SA 551 (HHA)	256
Balliol Investment Co v Jacobs 1946 TPD 269	269
CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust 1992 4 SA 39 (A)	264
Commissioner, SARS v Dyefin Textiles (Pty) Ltd 2002 4 SA 606 (N)	253
Commissioner, SARS v Executor, Frith's Estate 2001 2 SA 261 (HHA) 270	99
Conze v Masterbond Participation Trust Managers (Pty) Ltd 1996 3 SA 786 (K)	253
Cradock's Estate v Cradock and Others 1951 3 SA 51 (N)	104
Cronje v Kruger 1985 2 SA 812 (A) 824	245
CSAR v Wouldidge [1999] 4 All SA 519 (C) (62 SATC 1)	279



Estate Watkins-Pitchford v CIR 1955 2 SA 437 (A) 447	243
Ex parte Executors Estate Kemp 1940 WLD 26	254
Ex parte National Board of Executors (East London) Ltd 1978 3 SA 445 (OK)	256
Ex parte Puppli 1975 3 SA 461 (D)	99
First National Bank of South Africa Ltd v Land and Agricultural Bank of South Africa and Others 2000 (3) SA 626 (CC)	301
Greenberg v Estate Greenberg 1955 3 SA 361 (A)	99
Hees NO v Southern Life Association Ltd [2000] 1 All SA 327 (W)	143
Hiddingh v De Villiers, Denysen and Others (1887) 5 SC 298	104
Joss v CIR SATC volume 41	269
Klerck NO v Registrar of Deeds 1950 1 SA 626 (T) 631	111
Kotze v Minister of the Supreme Court 2001 2 SA 445 (T)	301
Moseneke v Master of the Supreme Court 2001 2 SA 18 CC)	97,98
Oxenham v Oxenham's Executor 1945 WLD 57	115
Pretorius en Andere v McCallum 2002 (2) SA 423 (K)	159
Receiver of Revenue v CH Hancke 1915 AD 64	250
Rosenberg v Dry's Executors 1911 AD 679	250
Segal v Segal 1976 2 SA 531 (K)	99
Simplex (Pty) Ltd v Van der Merwe 1996 1 SA 111 (W)	255
Smith v Smith 1913 CPD 869	240

Theron v Master of the High Court [2001] 3 All SA 507 (NK)	142
Trustees of the Hall Trust Fund v CIR 1931 (WLD)	282
Van der Merwe v Van der Merwe 2000 2 SA 519 (K)	255
Wehr v Estate Wehr 1922 CPD 411	240
Wolmarans v Du Plessis 1991 3 SA 703 (T)	143
Wood v Estate Thompson and Another 1949 1 SA 607 (D) 614	120

## **WETGEWING**

### **Wetgewing ingevolge die Engelse reg**

Wills Act 1837	63
Land Transfer Act 1897	64
Administration of Estates Act 1925	23,63-65,67,69,72-74, 78,80,82-85,89,93,95
Law of Property Act 1925	64,93
Trustee Act 1925	64
Law Reform (Miscellaneous Provisions) Act 1934	64,73
Married Women's Act 1949	64
Intestates' Estates Act 1952	63
Trustee Investments Act 1961	76
Matrimonial Causes Act 1965	63
Family Provision Act 1966	63
Family Law Reform Act 1969	63-64



Administration of Justice Act 1970	23,63-64
Matrimonial Proceedings and Property Act 1970	64
Taxes Management Act 1970	64
Finance Act 1975	64
Inheritance (Provision for Family and Dependants) Act 1975	64,81
Administration of Justice Act 1977	63
Supreme Court Act 1981	64,66
Inheritance Tax Act 1984	64,79
Administration of Insolvent Estates of Deceased Persons Order 1986	64
Insolvency Act 1986	64,87
Family Reform Act 1987	63
Law Reform (Succession) Act 1995	63,64
Trusts of Land and Appointment of Trustess Act 1996	63-64,69,75
Trustee Act 2000	64,74-77,86
<b>Wetgewing ingevolge die Suid-Afrikaanse reg</b>	
Ordonnansie 64 van 1829	28
Ordonnansie 104 van 1833	28
Die Landbankwet 18 van 1912	234

Die Boedelwet 24 van 1913	28
Die Insolventiewet 32 van 1916	28
Die Swart Administrasie Wet 38 van 1927	97-98,123
Die Insolvensiewet 24 van 1936	28,97,112
Die Registrasie van Aktes Wet 47 van 1937	97
Die Landbankwet 13 van 1944	181
Die Wet op Testamente 7 van 1953	97,100,138-142, 147-149,280,298, 353
Die Boedelbelastingwet 45 van 1955	34,97,120,134, 179-180,185,191, 207-208,213-214, 233,235-238, 240-241,243,247, 251,257-260,264, 277,280,296,312,315
Die Wet op Pensioenfondse 24 van 1956	307,309
Die Inkomstebelastingwet 58 van 1962	55,97,152,180, 186,239,245,248-249, 257,259,262,271, 273,274-277,280-296



Die Boedelwet 66 van 1965	8,35,96,100-103, 105,110,112,117, 120,123,134,179, 224,250,280,297
Die Wet op die Opheffing of Wysiging van Beperkinge op Onroerende Goed 94 van 1965	97,245,299
Die Wet op die Onderverdeling van Lanbougrond 70 van 1970	300
Die Maatskappywet 61 van 1973	279,309-310
Die Wet op Egskeiding 70 van 1979	34,308-309
Die Wet op Kredietooreenkomse 75 van 1980	268
Die Wet op Beslote Korporasies 69 van 1984	278,310
Die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984	97,275-276,297
Die Wet op Intestate Erfopvolging 81 van 1987	97-98,135-136 156,212,280,299
Die Wet op die Beheer oor Trustgoed 57 Van 1988	97,252,255, 265,280,303
Die Wet op Onderhoud van Langlewende Gades 27 van 1990	97,224
Die Mineraalwet 50 van 1991	97
Die Wet op Ontwikkelingsfasilitering 67 van 1995	97

Die Wet op Grondhervorming (Huurarbeiders) 3 van 1996	97
Die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg 62 van 1997	97
Die Wysigingswet op Grondherstel- en Grondhervormingswette 63 van 1997	97
Die Wet op die Voorkoming van Onwettige Uitsetting en Onregmatige Besetting van Grond 19 van 1998	97
Die Landbankwet 21 van 1998	180
Die Langtermynversekeringswet 52 van 1998	97,135,272
Die Wet op die Herroeping van die Wet op die Onderverdeling van Landbougrond 64 van 1998	97,300
Die Onderhoudswet 99 van 1998	224
Die Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike 120 van 1998	97
Die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangersdienste Wet 37 van 2002	4,50-51,304-306, 352